

**'N ONDERSOEK NA ENKELE ASPEKTE VAN DIE
REGSPOSISIE VAN DIE ONDERWYSER IN 'N
STAATSONDERSTEUNDE SKOOL**

deur

CHRISTIAAN FREDERIK STEINMANN

*Voorgelê ter vervulling van 'n deel van
die vereistes vir die graad*

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die

Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria,

PRETORIA

DESEMBER 1993

DANKBETUIGING

Graag wil ek my dank teenoor die volgende persone betuig:

- *My promotor.*

- *My huisgesin, vir hulle opoffering en geduld.*

- *Al my kollegas.*

- *Al my vriende.*

- *My familie.*

- *Elkeen wat my gehelp het met die studie.*

SOLI DEO GLORIA

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

1.	Inleiding, oriëntering, probleemstelling en verwysingsraamwerk vir die navorsing.	
1.1	Aktualiteit van die onderwerp.	1
1.1.1	Inleiding.	1
1.1.2	Faktore wat meebring dat onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole kennis van sekere juridiese reël- lings behoort te hê.	3
1.2	Probleemstelling.	6
1.3	Navorsingsdoel.	8
1.4	Metode van navorsing.	9
1.5	Ordering van hoofstukke.	11
1.6	Begripspresisering.	12
1.7	Samevatting.	22

HOOFSTUK 2

2.	Historiese oorsig oor die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole: 'n Suid-Afrikaanse perspektief.	
2.1	Inleiding.	23
2.2	Die rol van die Staat as onderwysvoorsiener.	24
2.3	Ouerbetrokkenheid.	30
2.4	Belangrikste faktore wat tot die Onderwysvernuwingstrategie aanleiding gegee het.	35
2.4.1	Ekonomiese groeikoers.	38

II

2.4.2	Leerdergetalle.	39
2.4.3	Bevolkingsverspreiding.	39
2.4.4	Onderwysfinansiering.	41
2.5	Kritiek op die onderwysstelsel.	42
2.6	Addisionele modelle vir die voorsiening van skoolonderwys en groter bestuursoutonomie vir onderwysinrigtings.	45
2.6.1	Aanbevelings van die Onderwysvernuwingstrategie-dokument met betrekking tot die addisionele modelle vir die voorsiening van skoolonderwys.	47
2.7	Aankondiging dat alle skole staatsondersteunde (Model C-) skole word.	48
2.7.1	Ministeriële verklaring.	48
2.7.2	Die essensies van die Minister se mediaverklaring ten opsigte van staatsondersteunde (Model C-) skole.	49
2.8	Samevatting.	51

HOOFSTUK 3

3.	Die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole in die Departement Onderwys en Kultuur (Volksraad).	
3.1	Inleiding.	53
3.2	Die regsposisie van die individuele onderwyser in verband met sy burgerlike en politieke regte.	55
3.3	Die regsposisie van die onderwyser in verband met aanstellings en diensvoorwaardes.	57

III

3.3.1	Regulasies betreffende aanstellings van onderwysers in diens by departementele inrigtings.	57
3.3.2	Die dienskontrak van onderwysers in diens by departementele inrigtings.	59
3.4	Die regsposisie van die onderwyser as gesagsdraer verbonde aan 'n gewone openbare skool.	71
3.5	Regsbeginsels van besondere belang rakende die gesagsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool.	73
3.5.1	<i>In loco parentis.</i>	73
3.5.2	Kwasi-judisiële bevoegdheid.	76
3.5.2.1	Die onderwyser en die toepassing van die beginsels van natuurlike geregtigheid.	77
3.6	Die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool in terme van sy sorgsaamheidsplig.	80
3.6.1	Die sorgsaamheidsplig en die gesagsterrein van die onderwyser.	80
3.6.2	Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser in die klaskamer.	81
3.6.2.1	Die onderwyser teenwoordig in die klaskamer.	82
3.6.2.2	Die onderwyser verlaat die klaskamer.	83
3.6.3	Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser ten opsigte van 'n bepaalde vak of vakgebiede.	84
3.6.3.1	Die liggaamlike opvoedingsklas (gimnastiek).	85
3.6.4	Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser ten opsigte van die speelterrein.	87
3.6.4.1	Hoekom ondersoek die hof die kennis van die onderwyser ten opsigte van die kind?	89

3.6.5	Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser ten opsigte van toesig oor sport.	92
3.6.5.1	Sport- en kultuurbeleid in gewone openbare skole.	94
3.6.6	Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser ten opsigte van toesig oor leerlinge tydens uitstappies, toere en ander bedrywighede (insluitende vervoer).	97
3.6.7	Samevatting.	101
3.7	Die regsposisie van die onderwyser in terme van middellike aanspreeklikheid van sy werkgewer.	102
3.8	Ouer- en onderwyserregte en samewerking.	105
3.9	Die regsposisie van die onderwyser in verband met stakings en sloerstakings.	108
3.9.1	Enkele verloffmaatreëls van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.	111
3.9.1.1	Afwesigheid van diens wat as verloff aangeteken word.	111
3.9.1.2	Afwesigheid van diens wat nie as verloff aangeteken word nie.	113
3.9.2	Die regsposisie van die onderwyser wat by die Federale Onderwysersraad geregistreer is.	115
3.10	Die regsposisie van die onderwysers verbonde aan gewone openbare skole in terme van ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag.	116
3.10.1	Ondersoeke na onbekwaamheid deur die onderwysdepartement van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.	117
3.10.2	Optrede deur die onderwysdepartement teen onbekwame onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.	120

3.10.3	Die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool in terme van wangedrag.	121
3.10.4	Formele aanklag van wangedrag teen onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.	125
3.10.5	Prosedures vir aantekening van appèl deur onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.	126
3.10.6	Optrede teen onderwysers verbonde aan gewone openbare skole wat aan wangedrag skuldig bevind is.	128
3.10.7	Voorlegging van verslae van ondersoek aan die Federale Onderwysersraad.	129
3.10.8	Skorsing van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.	129
3.10.9	Verskuilde tugmaatreëls teen onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.	131
3.11	Die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool met betrekking tot kriminele oortredings.	133
3.11.1	Dissiplinêre optrede teen onderwysers verbonde aan gewone openbare skole op grond van kriminele oortredings.	133
3.12	Samevatting.	135

HOOFSTUK 4

4.	Die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool onder die jurisdiksie van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad).	
4.1	Inleiding.	138

4.2	Die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole: sy burgerlike en politieke regte.	141
4.2.1	Statutêre bronne en die politieke regte van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.	142
4.2.2	Die Professionele Gedragskode vir onderwysers van die Federale Onderwysersraad en onderwysers se politieke regte.	145
4.2.3	Burgerlike regte van die onderwyser verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	150
4.2.3.1	Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool en sy burgerlike regte in 'n polities-gepolariseerde gemeenskap.	151
4.2.4	Inspraak, raadpleging en bedinging van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	152
4.3	Arbeidsverhoudinge: Die verhouding tussen die bestuursliggaam en 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.	153
4.3.1	Voornemens van die owerheid met betrekking tot verhoudinge tussen die Staat en sy werknemers.	155
4.3.2	Beperkinge op die Staat as werkgewer.	157
4.4	Stakings en sloerstakings deur onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	158
4.5	Bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.	161
4.5.1	Die funksies en bevoegdhede van bestuursliggame.	162
4.5.1.1	Die funksies en bevoegdhede van bestuursliggame ten aansien van diensvoorwaardes van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	165

VII

4.5.1.2	Die bestuursliggame en die diensstate van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	166
4.5.1.3	Aanstellings en bevordering van onderwysers en die rol van bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.	168
4.5.1.4	Diensbeëindiging van onderwysers by staatsondersteunde (Model C-) skole en die rol wat bestuursliggame speel.	172
4.5.1.5	Die evaluering, bevordering en prestasieerkenning van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole en die bevoegdheid van bestuursliggame.	174
4.5.1.6	Personeelopleiding en die funksies van bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.	175
4.5.1.7	Verlofmaatreëls van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole en die regte van bestuursliggame.	176
4.5.1.8	Professionele status van onderwysers in diens van bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.	178
4.5.1.9	Juridiese status van onderwysers in diens van bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.	180
4.6	Die regte en pligte van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole ten opsigte van die sport- en kultuurbeleid van die skool.	183
4.7	Ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	186
4.8	Aanspreeklikheid van die staatsondersteunde (Model C-) skool as gevolg van die handelinge van onderwysers verbonde aan die skool.	188
4.8.1	Middellike aanspreeklikheid.	190

VIII

4.8.1.1	Wie is die werkgewer van onderwysers verbonde aan staats- ondersteunde (Model C-) skole?	193
4.8.2	Besondere gevalle van die toepassing van middellike aanspreek- likheid soos van toepassing op onderwysers verbonde aan staats- ondersteunde (Model C-) skole.	196
4.8.2.1	Aanspreeklikheid op grond van 'n huisbesoek aan ouers.	197
4.8.2.2	'n Personeellid wat 'n ander persoon toelaat om hom by te staan.	197
4.8.2.3	Bestuur van skoolvoertuie en afwyk van roete met of sonder toestemming.	198
4.8.2.4	Laster.	199
4.8.2.5	Aanspreeklikheid van die skool (verteenwoordigde) vir dade deur verteenwoordiger.	200
4.8.2.6	Oplaaai van passasiers (leerlinge) deur 'n onderwyser.	201
4.8.2.7	Gebruik van skoolfasiliteite deur leerlinge en buitestandere.	201
4.8.2.8	Aanspreeklikheid as gevolg van nalatige beheer oor gevaar- like voorwerpe.	202
4.9	Regshulp tot die beskikking van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.	203
4.10	Onderwyseraanspreeklikheid vir leerlingveiligheid.	204
4.10.1	'n Handeling as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.	208
4.10.2	Onregmatigheid as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.	210
4.10.2.1	Die rol van regverdigingsgronde.	212
4.10.3	Skuld as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.	216

IX

4.10.3.1	Opset as 'n vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid.	217
4.10.3.2	Nalatigheid as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser en die toets daarvoor.	218
4.10.3.3	Faktore wat die toets vir nalatigheid van die onderwyser beïnvloed.	219
4.10.4	Oorsaaklikheid as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.	222
4.10.5	Skade as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.	222
4.11	Medewerkende skuld aan die kant van die kind.	226
4.12	Wie word by staatsondersteunde (Model C-) skole vir die onregmatige en skuldige optrede van die onderwyser aanspreeklik gehou?	226
4.13	Voorsorgmaatreëls teen aanspreeklikheid.	227
4.13.1	Vrywaringsvorms en skadeloosstelling.	227
4.13.2	Aanspreeklikheidsversekering vir onderwysers.	228
4.11	Samevatting.	229

HOOFSTUK 5

5.	'n Vergelyking van die regsposisie van onderwysers in gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole.	
5.1	Inleiding.	233
5.2	Die posisie van belangrike vennote en rolspelers en die invloed daarvan op die regsposisie van die onderwyser.	234
5.2.1	Die Staat.	234
5.2.1.1	Die gewone openbare skool.	234
5.2.1.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	235

5.2.2	Die skool.	237
5.2.2.1	Die gewone openbare skool.	237
5.2.2.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	238
5.2.3	Die ouergemeenskap.	240
5.2.3.1	Die gewone openbare skool.	240
5.2.3.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	242
5.2.4	Samevatting in tabelvorm.	245
5.3	Ander indikatore van die onderwyser se regsposisie.	247
5.3.1	Inleiding.	247
5.3.2	Burgerlike en politieke regte.	247
5.3.2.1	Die gewone openbare skool.	247
5.3.2.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	248
5.3.3	Diensvoorwaardes.	249
5.3.3.1	Die gewone openbare skool.	249
5.3.3.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	249
5.3.4	Die gesag van die onderwyser.	251
5.3.4.1	Die gewone openbare skool.	251
5.3.4.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	252
5.3.5	Sorgsaamheidsplig, aanspreeklikheid en middellike aanspreeklikheid.	253
5.3.5.1	Die gewone openbare skool.	253
5.3.5.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	254
5.3.6	Bepalings met betrekking tot wangedrag en onbekwaamheid.	255
5.3.6.1	Die gewone openbare skool.	255
5.3.6.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	256
5.3.7	Professionele registrasie.	256
5.3.7.1	Die gewone openbare skool.	256

5.3.8.2	Die staatsondersteunde (Model C-) skool.	258
5.3.9	Samevatting van paragraaf 5.3 in tabelvorm.	259
5.3.10	Samevatting.	264

HOOFSTUK 6

6.	Oorsig, bevindings, gevolgtrekking en aanbevelings.	
6.1	Oorsig van die studie.	266
6.2	Bevindings.	268
6.2.1	Bevindings insake die werkgewer/werknemer- verhouding van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	268
6.2.2	Bevindings insake wangedrag en dissiplinebepalings van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	269
6.2.3	Bevindings insake aanspreeklikheid van die werkgewer/werknemer (middellike aanspreeklikheid).	270
6.2.4	Bevindings insake die burgerlike en politieke regte van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.	271
6.2.5	Bevindings insake arbeidsverhoudinge.	271
6.2.6	Bevindings insake stakings en sloerstakings deur onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.	272
6.2.7	Bevindings insake die sport- en kultuurbeleid van staatsondersteunde (Model C-) skole.	273
6.2.8	Bevindings insake juridiese bepalinge wat op die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool betrekking het.	273
6.3	Gevolgtrekking.	274
6.4	Aanbevelings.	275

6.5	Slot.	278
-----	-------	-----

BIBLIOGRAFIE.

VERKLARING DEUR TAALVERSORGER.

FIGURE.

Figuur 3.1	Die harmoniëringsfunksie van die reg.	53
Figuur 4.1	Voorstelling van die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.	232

TABELLE.

Tabel 5.1	'n Vergelyking van die rol en funksies van enkele rolspelers en vennote in die onderwys en die invloed daarvan op die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole.	245
Tabel 5.2	'n Vergelyking van die regsposisie van onderwysers in gewone openbare skole en staatsondersteunde (Model C-) skole aan die hand van enkele indikatore.	259

OPSOMMING

'N ONDERSOEK NA ENKELE ASPEKTE VAN DIE REGSPOSISIE VAN DIE
ONDERWYSER IN 'N STAATSONDERSTEUNDE SKOOL

KANDIDAAT: CHRISTIAAN FREDERIK STEINMANN

PROMOTOR: PROF. J.L. BECKMANN

DEPARTEMENT: ONDERWYSBESTUUR EN FUNDAMENTELE
OPVOEDKUNDE

GRAAD: PHILOSOPHIAE DOCTOR

Op alle lewensterreine, insluitende die onderwys, is juridiese reëlings onontbeerlik vir goeie orde, harmonie, regmatigheid en doeltreffendheid. Daar bestaan 'n groot aantal juridiese bepalings oor die onderwysprofessie asook die onderwyser se professionele status en werk. Hy vervul sy rol binne die konteks van 'n gekompliseerde onderwysstelsel en die skool wat op sigself 'n groot organisasie is.

Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool onder die jurisdiksie van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad se status vind beslag in 'n veelheid van juridiese verhoudings met ander onderwysvennote. Derhalwe is dit noodsaaklik dat onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole kennis sal dra van juridiese reëlings wat verband hou met die volgende:

XIV

- * Die staatsondersteunde (Model C-) skool as organisasie.

- * Die juridiese verhoudings tussen die onderwyser en ander onderwysvennote.

- * Die regte, pligte, bevoegdhede, verantwoordelikhede, take en aanspreeklikheid van die onderwyser.

Onderwysers se diensvoorwaardes en die Professionele Gedragskode vir onderwysers van die FOR vereis uitdruklik ten opsigte van bepaalde aangeleenthede dat hulle kennis moet dra van alle wette en ander juridiese reëlings wat op hul betrekking het.

Deur die omskakeling van sowat 95% van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad se gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole in 1992 het 'n nuwe vennoot naamlik die bestuursliggaam ('n ander liggaam as die vroeëre bestuursraad) die onderwysbedeling betree. Met hierdie grootskaalse omskakeling vind 'n nuwe ontwikkeling plaas en verander die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool ingrypend in vergelyking met onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

Die doel van hierdie studie is om:

- belangrike faktore wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole en die gevolglike verandering in die regsposisie van die onderwyser verbonde aan hierdie tipe van skole, te identifiseer en beskryf;

- te fokus op die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole en belangrike aspekte daarvan te beskryf;
- die regsposisie van die onderwyser aan Model C-skole aan die hand van bepaalde indikatore te identifiseer en te beskryf;
- die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en Model C-skole naas mekaar te stel en te vergelyk om ooreenkomste en verskille aan te toon sodat daar groter duidelikheid oor laasgenoemde se spesifieke posisie verkry kan word, en
- aanbevelings te maak na aanleiding van die bevindings om te probeer verseker dat die onderwyser voldoende riglyne het om korrek en veilig te kan optree en om onderwysers teen onregmatige optrede te beskerm.

SUMMARY

AN INVESTIGATION INTO SOME ASPECTS OF THE LEGAL POSITION OF THE
TEACHER IN A STATE-AIDED SCHOOL

CANDIDATE: CHRISTIAAN FREDERIK STEINMANN

PROMOTER: PROF. J.L. BECKMANN

DEPARTMENT: EDUCATIONAL MANAGEMENT AND FUNDAMENTAL
PEDAGOGICS

DEGREE: PHILOSOPHIAE DOCTOR

In order to accomplish good order, harmony, justice and efficiency in all walks of life, including education, juridical arrangements are of the utmost importance. A large number of juridical provisions exist regarding the teaching profession as well as the professional status and work of the teacher. He performs his role within the context of a complicated education system and the school which in itself is an enormous organisation.

The status of a teacher on the staff of a state-aided (Model C) school under the jurisdiction of the Department of Education and Culture, Administration: House of Assembly is embraced in the multitude of juridical relationships with other partners in education. Therefore it is essential that teachers on the staff of state-aided (Model C) schools be aware of juridical arrangements related to the following:

XVII

- * The state-aided (Model C) school as an organisation.

- * The juridical relationships between the teacher and other educational partners.

- * The rights, duties, powers, responsibilities, tasks and liability of the teacher.

The conditions of service of teachers and the Professional Code of Conduct for teachers of the Teachers' Federal Council categorically demand that teachers must, with regard to certain aspects, be knowledgeable of all the laws and other juridical arrangements which have a bearing on them.

With the change-over in 1992 of at least 95% of the ordinary public schools of the Department of Education and Culture, Administration: House of Assembly to state-aided (Model C) schools, a new partner, namely the governing body (different to the previous management council) entered the education scene. When this extensive change-over took place, a new development was introduced which radically changed the legal position of the teacher on the staff of a state-aided (Model C) school in comparison with teachers on the staff of ordinary public schools.

The objective of this study is to:

- identify and describe important factors that resulted in the instigation of state-aided (Model C) schools and the resultant change in the legal position of teachers in this type of schools;

XVIII

- to focus on the legal position of teachers in ordinary public schools, and to describe important aspects thereof;
- to identify and describe the legal position of teachers in Model C schools in the light of certain indicators;
- to compare the legal positions of teachers in ordinary public schools and of teachers in Model C schools to indicate similarities and differences in order to obtain greater clarity regarding the specific position of the latter group, and
- to make recommendations in the light of the findings, in order to try and ensure that the teacher has sufficient guidelines to act correctly and safely, and to protect teachers against irregular actions.

HOOFSTUK 1

1. Inleiding, oriëntering, probleemstelling en verwysingsraamwerk vir die navorsing.

1.1 Aktualiteit van die onderwerp.

1.1.1 Inleiding.

Deur die omskakeling van sowat 95% (Stone, 1993) van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad se gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole op 1 Augustus 1992, het talle faktore na vore getree wat dit vir die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool noodsaaklik maak om kennis te hê van die besondere juridiese reëlings wat op hierdie spesifieke vorm van onderwysvoorsiening betrekking het. 'n Nuwe vennoot naamlik die bestuursliggaam het ook nou die onderwysbedeling betree en die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool het ingrypend verander in vergelyking met onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

Volgens Davies (1993) en Buckland (1993) word staatsondersteunde (Model C-) skole gesien as deel van 'n stelsel wat gekom het om te bly. Dr. Ken Paine (1993: 1), die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in die Transvaal, bevestig hierdie stelling deur te sê dat staatsondersteunde (Model C-) skole reeds goed gevestig is en dat skole feitlik sonder uitsondering deeglik daarin

geslaag het om by die nuwe omstandighede aan te pas, en sal bly voortbestaan in 'n nuwe onderwysstelsel. Volgens klousule 247(4) van die Wetsontwerp op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika moet "die verantwoordelike regering" fondse op 'n billike grondslag aan onder andere staatsondersteunde primêre en sekondêre skole voorsien. Daar kan dus met 'n hoë mate van sekerheid aanvaar word dat staatsondersteunde skole (nie noodwendig onder dieselfde naam nie) sal bly voortbestaan en dat die ondersoek ook toekomsrelevansie het.

Staatsondersteunde skole bestaan in die volgende departemente (Pampallis, 1993: 1 - 8):

- Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes;

- Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Verteenwoordigers;

- Departement van Onderwys en Opleiding.

Vir die doeleindes van hierdie studie word gefokus op die regsposisie van die onderwyser verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad as 'n model van onderwysvoorsiening, aangesien die meeste staatsondersteunde skole in dié departement voorkom.

1.1.2 Faktore wat meebring dat onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole kennis van sekere juridiese reëlings behoort te hê.

Die onderwys word beskou as 'n professie want dit voldoen aan die vereistes wat vir 'n professie gestel word (Bondesio, 1983: 30). Nogtans is die onderwysprofessie 'n unieke professie omdat formele onderwys binne die konteks van die onderwysstelsel plaasvind en alle onderwysers nie die mate van professionele vryheid geniet wat deur praktisyns in sommige sogenoemde "vrye professies" ervaar word nie. Daar bestaan onderwysersverenigings wat erken word deur die verskillende onderwysdepartemente. In die geval van Blanke onderwys het onderwysers deur die Federale Onderwysersraad (FOR) as professionele liggaam medebeheer oor sake soos opleiding, toelating tot die professie en die professionele gedrag van lede. Hierdie erkenning wat die onderwys as professie geniet, bring ook mee dat onderwysers net soos lede van ander erkende professies, kennis behoort te dra van die regsbeginsels waaraan elke handeling in die onderwys onderhewig is. Talle professies gee reeds in opleidingskursusse aandag aan relevante juridiese aangeleenthede. Vakke soos kerkreg, geneeskundige reg en welsynsreg is byvoorbeeld erkende studieterreine in Suid-Afrika (Oosthuizen, 1987: 174 - 181).

Dit is van uiterste belang dat onderwysers kennis neem van die beginsel dat hulle met diensaanvaarding in 'n onderwyspos hulself bereid verklaar om die

diensvoorwaardes wat aan die betrokke pos gekoppel is, na te kom en te aanvaar. Diensvoorwaardes figureer op twee vlakke: die nakom van wette, regulasies en beleid en die aanvaarding van diensvoordele, ook as 'n bepaalde diensvoorwaarde persoonlik as nadelig beleef word. Dit blyk dat onderwysers in tugsake of hofgedinge betrokke raak omdat hulle nie wette en regulasies nakom nie of soms voorregte ontbeer of ongelukkig voel oor bepaalde moontlike nadele bloot omdat hulle nie bewus is van bepaalde diensvoorwaardes nie. Omdat onderwysers hulle dagtaak moet verrig in 'n samelewing wat by die dag meer gekompliseerd raak en waarin diensvoordele al belangriker word, is dit noodsaaklik dat elke onderwyser 'n deeglike studie maak van diensvoorwaardes soos dit vervat is in wette en regulasies, handleidings, personeeladministrasiemaatreëls, omsendbriewe en omsendminute. Volgens Prinsloo & Beckmann (1987: 119) word daar ook van regsweë van die onderwyser verwag dat hy vertrouwd moet wees met die regsvoorskrifte wat op sy vak van toepassing is. Versuim hy om dit te doen, en sy versuim is die oorsaak van skade, kan hy regtens daarvoor verwyt en aanspreeklik gehou word. Dit is verder noodsaaklik dat elke onderwyser aktief betrokke sal wees by die georganiseerde professie om sodoende op die hoogte te bly en indien nodig ook moontlike veranderings te bewerkstellig ten opsigte van wette, regulasies en diensvoorwaardes (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 8).

Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool word as 'n onderwysvennoot erken. Ten einde op doeltreffende en harmonieuse wyse met die ander te kan saamwerk, behoort die onderwyser vertrouwd te wees met juridiese reëlings en van die verskillende onderwysvennote se bevoegdheidsterreine, verantwoordelikhede, pligte en regte.

In die formele onderwys is orde en harmonie noodsaaklik ter wille van doeltreffende onderwys (Van Wyk, 1987: 11). Weens 'n vervlegte verhoudingsnetwerk tussen die verskeie belanghebbendes by die opvoedende onderwys, is die harmonieuse afweeg van die onderlinge belange noodsaaklik. Dit is dan juis die funksie van die reg binne die onderwys om 'n funksioneringsgebied vir elke belanghebbende party (byvoorbeeld ouers, onderwysers en leerlinge) te skep. Onderwysreg het dus ten doel om die regte en belange van die onderskeie partye in ewewigtige balans te bewaar. Hierdie regverdigde balans skep gevolglik vir elke belanghebbende party 'n geborgde ruimte vir funksionele en vrye deelname aan die opvoedende onderwys (Van der Westhuizen & Oosthuizen, 1989: 748).

Die onderwysstelsel is gekompliseerd en moet behoorlik bestuur word. Staatsondersteunde (Model C-) skole is groot organisasies en dit maak skoolbestuur noodsaaklik. Onderwys- en skoolbestuur berus op 'n juridiese grondslag. Die meeste onderwysers is op een of ander wyse by skoolbestuur betrokke en elke onderwyser is ook bestuurder van 'n klaskamer en groepe

leerlinge. Alle onderwysers behoort derhalwe vertrouwd te wees met juridiese reëlings wat verband hou met hulle regte, pligte en verantwoordelikhede.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat elke onderwyser kennis moet dra van die juridiese reëlings wat sy eie regsposisie binne die totale skoolopset bepaal.

1.2 Probleemstelling.

Met die grootskaalse implementering van staatsondersteunde (Model C-) skole vind 'n nuwe ontwikkeling plaas (South African Teachers' Association, 1992: 1). 'n Nuwe vennoot naamlik die bestuursliggaam het ook nou die onderwysbedeling betree en die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool het ingrypend verander in vergelyking met onderwysers verbonde aan gewone openbare skole (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3). As gekyk word na sake soos die verhouding tussen die onderwyser en sy werkgewer, tug, wangedrag, ontslag en die moontlike aantasting van die regte van 'n onderwyser, sowel as na die moontlikheid van foutiewe optrede ingevolge gevestigde en nuwe arbeidsverhoudingsreëlings of ooreenkomstig die reëls van natuurlike geregtigheid, word beseft dat byvoorbeeld bestuursliggame hulle taak met groot omsigtigheid sal moet hanteer (Dekker & Lemmer, 1993: 231 - 233). Dat foute wel aan die kant van bestuursliggame voorkom blyk uit die volgende:

- bestuursliggame wat die professionele terrein van die onderwyser betree (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 5).
- weiering van verlof van onderwysers deur die voorsitter van die bestuursliggaam (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3).

Daar is dus 'n dringende behoefte aan navorsing om te bepaal hoe die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool van die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool verskil sodat die onderwyser regtens korrek kan optree en daar korrek teenoor hom opgetree kan word.

Indien die onderwyser byvoorbeeld in die uitvoering van sy professionele pligte sou faal met betrekking tot sy verantwoordelikheid om leerlinge te beveilig (Spackman, 1991: 9) en sodoende skade of persoonsnadeel aan een van hulle berokken, dien vrae soos die volgende beantwoord te word:

- Wie of watter instansie gaan regtens aanspreeklik wees vir die skade/verlies of persoonsnadeel?
- Op watter grond word hierdie aanspreeklikheid gebaseer?
- Is die beskerming wat die reg aan onderwysers verleen, voldoende?

- Is die onderwyser na behore toegerus met middele om sy pligte behoorlik te kan uitvoer?

- Is die onderwyser ten volle bewus van die omvang van sy pligte ten einde die veiligheid van die leerlinge te waarborg; asook die gevolge in die geval van versuim?

Die probleem wat dan hierdie studie onderlê is om die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool in vergelyking met die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool, te bepaal, en daaruit aanbevelings te maak om sodoende riglyne te verskaf sodat die onderwyser in die uitvoering van sy pligte reg hanteer word en sodat die onderwyser binne hierdie konteks regtens korrek kan optree.

1.3 Navorsingsdoel.

Na aanleiding van die bogenoemde probleemstelling is die doel met hierdie studie om:

- belangrike faktore wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole en die gevolglike verandering in die regsposisie van die onderwyser verbonde aan hierdie tipe van skole, te identifiseer en beskryf;

- te fokus op die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole en belangrike aspekte daarvan te beskryf;
- die regsposisie van die onderwyser aan Model C-skole aan die hand van bepaalde indikatore te identifiseer en te beskryf;
- die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en Mode C-skole naas mekaar te stel en te vergelyk om ooreenkomste en verskille aan te toon sodat daar groter duidelikheid oor laasgenoemde se spesifieke posisie verkry kan word, en
- aanbevelings te maak na aanleiding van die bevindings om te probeer verseker dat die onderwyser voldoende riglyne het om korrek en veilig te kan optree en om onderwysers teen onregmatige optrede te beskerm.

1.4 Metode van navorsing.

Onderwysreg is 'n relatief nuwe navorsingsterrein in die Opvoedkunde (Dekker, *et al*, 1993: 223) en daar bestaan min toepaslike literatuur wat spesifiek van toepassing is op die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.

Die volgende navorsingsmetodes is gebruik:

- 'n Literatuurstudie oor die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole deur 'n identifisering en volledige beskrywing van indikatore om die regsposisie van die onderskeie onderwysers aan te toon. Daar is gepoog om 'n toereikende beskrywing van relevante juridiese beginsels en bepalinge (onderwys- en ander wette, departementele reëlins, regulasies, die Professionele Gedragskode, gemene reg en kontrakreg) te verskaf. Gerapporteerde hofsake is benut om as ondersteunende getuieis aangewend te word. In die onderhawige studie is sover moontlik rekening gehou met nuwe ontwikkeling en moontlikhede in die onderwys byvoorbeeld 'n Wet op Arbeidsverhoudinge vir die onderwys.
- 'n Vergelyking van enkele aspekte van die regsposisies van onderwysers verbonde aan gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole is onderneem om belangrike verskille en ooreenkomste in hul regsposisie uit te wys.
- Persoonlike onderhoude is gevoer met kundiges soos advokaat J.G. Prinsloo, Adjunkdirekteur: Federale Onderwysersraad, mnr. C.M. Roos, Adjunkdirekteurgeneraal aan die Hoofkantoor van die Departement van Nasionale Opvoeding en mnr. J.C. Klopper, Adjunkdirekteur: Transvaalse Onderwysersvereniging.

1.5 Ordening van hoofstukke.

Hoofstuk een is inleidend en oriënterend van aard.

Hoofstuk twee behels 'n literatuurstudie ten opsigte van die historiese aanloop tot die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole in 'n Suid-Afrikaanse perspektief.

Hoofstuk drie behels 'n identifisering en beskrywing van indikatore om die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole te bepaal.

Hoofstuk vier behels 'n identifisering en beskrywing van indikatore om die veranderde regsposisie van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole te bepaal. Ten einde eenheidsperspektiewe te behou, is daar besluit om hoofstukke drie en vier nie in kleiner eenhede te verdeel nie.

In hoofstuk vyf word 'n vergelyking getref aan die hand van enkele indikatore om die verskille en ooreenkomste in die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole aan te toon ten einde groter duidelikheid oor laasgenoemdes se posisie te bring.

In hoofstuk ses word 'n oorsig oor die studie gebied, word die bevindings van die studie saamgevat, gevolgtrekkings gemaak en bepaalde riglyne aangedui en aanbevelings gemaak na aanleiding van die studie.

1.6 Begripspresisering.

Omdat die volgende begrippe van groot belang is in hierdie studie word dit in hierdie afdeling gepresiseer.

1. Aanspreeklikheid

'n Persoon is regtens aanspreeklik indien die een of ander verskuldigde prestasie, wat onder andere uit 'n kontrak of delik kan ontstaan, deur die reg teen hom afgedwing kan word (Oosthuizen & Bondesio, 1988: 31). Binne die grense van 'n dader se aanspreeklikheid val die gevolge wat hom toegereken kan word (Van Rensburg, 1972: 2).

2. Bestuursliggaam

Dit is die liggaam geskep kragtens artikel 31(1) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), en waarby die bestuur, beheer en uitvoerende mag in 'n staatsondersteunde skool berus.

3. Betrokkenheid

Betrokkenheid beteken om by 'n saak betrek te wees, dit wil sê om algemene en besondere verpligtinge, take en verantwoordelikhede ten opsigte daarvan te hê. Sodra meer as een party by dieselfde saak betrokke is, beteken dit dat die verpligtinge gesamentlik deur al die betrokkenes nagekom moet word (Van Schalkwyk, 1990: 36).

4. Delik

Dit is 'n onregmatige, opsetlike of nalatige handeling waardeur aan 'n derde persoon skade berokken word (Oosthuizen, *et al*, 1988: 27). 'n Delik is 'n handeling van 'n persoon wat op onregmatige en skuldige wyse nadeel aan 'n ander veroorsaak (Neethling, Potgieter & Visser, 1989: 2).

5. Diensvoorwaardes

Dit verwys na die voorwaardes waaronder die werknemer en werkgever se regte en verpligtinge in 'n verbintenis (kontrak of diensverhouding) onderworpe is (Oosthuizen, 1992: 37).

6. Die reg

Regsreëls orden die samelewing van mense deur die kompetensies van persone op juridiese gebied vas te stel en, in samehang daarmee, deur die regte en verpligtinge van die lede van die gemeenskap te orden. Dit bepaal in hoofsaak wie bevoeg is om aan die regsverkeer deel te neem en hoe aan die regsverkeer deelgeneem kan word; dit roep die regte en verpligtinge van elke lid van die gemeenskap in die lewe en bepaal wat die inhoud van daardie regte en verpligtinge is; dit baken die regte en verpligtinge van die een persoon teenoor die regte en verpligtinge van ander persone af en bring die regte en verpligtinge van verskillende persone met mekaar in harmonie, en dit reël die gevolge van natuurlike gebeurtenisse, menslike handeling en heersende toestande vir sover daardie gebeurtenisse, handeling en toestande 'n invloed uitoefen op die kompetensies, regte en verpligtinge van lede van die regsgemeenskap (Van Zyl & Van der Vyver, 1982: 1 - 2).

7. Formele status

Die formele status van die onderwyser is dié status of posisie wat formeel deur sy opleiding en kwalifikasies en die onderwyspos wat hy beklee bepaal word. Uit hoofde van sy formele status het die

onderwyser bepaalde regte en pligte met betrekking tot sy werkgever wat statutêr gereël word deur wetgewing en ondergeskikte wetgewing. Hierdie regte hou onder andere verband met die onderwyser se

- reg op salaris en pensioen;
- reg op billike, regverdige behandeling;
- reg om deur middel van sy onderwysersvereniging beter voordele te beding;
- plig om sy werk op 'n bekwame en professionele wyse te verrig, en sy
- plig om opdragte van bevoegde persone en liggame uit te voer (Van Schalkwyk, 1990: 79).

8. Juridiese grondslag van die onderwysstelsel

Die onderwysstelsel sluit 'n veelheid van vennote, deelnemers en belanghebbendes in wat 'n verskeidenheid onderwys- en ondersteuningstake verrig. Die reg moet die onderwysstelsel orden

deur juridiese reëlings in verband met die skepping van strukture, die toewysing van take, die verlening van gesag, die afbakening van bevoegdheidsterreine, die harmoniëring van regte en die herstel van orde indien dit versteur word. Dit is dus duidelik dat die onderwysstelsel 'n juridiese grondslag het (Van Wyk, 1987: 13).

9. Juridiese reëlings

Dit is reëls wat 'n juridiese basis het en wat verband hou met verskeie onderwysaangeleenthede soos toesig oor leerlinge, leerlingveiligheid, dissipline en tugmaatreëls (Van Wyk, 1987: 13).

10. Juridiese status

Die juridiese status van die onderwyser dui op sy posisie, staanplek of status in die oë van die reg. Dit verleen aan hom die regte, bevoegdhede en gesag wat nodig is om sy taak as onderwyser en die pligte en verantwoordelikhede wat daaruit voorspruit, te kan nakom (Van Schalkwyk, 1990: 79).

11. Kontrak

Dit kan omskryf word as die regshandeling waartydens daar volgens afspraak 'n verbintenis tussen mense (of partye) in die lewe geroep word terwyl hulle die bedoeling het dat sodanige verbintenis tot stand moet kom. 'n Verdere vereiste vir die geldigheid van sodanige afspraak is dat die partye bewustelik tot eenstemmigheid moet kom (De Wet & Van Wyk, 1978: 7).

12. Middellike aanspreeklikheid

Kan omskryf word as die skuldlose aanspreeklikheid van een persoon vir die onregmatige daad van 'n ander. Eersgenoemde word dus indirek of middellik deur middel van die skadeveroor- sakende optrede van laasgenoemde skuldloos aanspreeklik gestel. Hierdie aanspreeklikheid kom te pas waar die twee persone in 'n besondere verhouding teenoor mekaar staan (Neethling, *et al*, 1989: 308).

13. Materiële status

Die onderwyser se materiële status hou verband met die feit dat hy namens die ouer optree. Dit verleen aan die onderwyser die

regte en gesag van die ouer wanneer hy in die plek van die ouer (*in loco parentis*-beginsel) optree. Dit beteken dat die onderwyser soos 'n goeie en redelike ouer moet optree. Die onderwyser as 'n *in loco parentis*-persoon vervul sy rol deur in te staan vir sy ouervenoot om in laasgenoemde se fisiese afwesigheid tydens skoolaktiwiteite gesag oor die leerlinge te handhaaf en om oor hul veiligheid te waak as 'n sorgsame toesighouer (Oosthuizen, 1993: 27).

14. Nalatigheid

Nalatigheid is die verwyte wat 'n toerekeningsvatbare dader tref omdat sy optrede nie voldoen het aan die gedragsnorme wat van regsweë vir verwytvryheid geveer word nie en hy aldus 'n bepaalde gevolg onregmatiglik veroorsaak het. Verwytvryheid beteken "afwesigheid van" of "vry van verwyte" (Van der Merwe & Olivier, 1989: 126). Dit beteken ook dat daar van regsweë 'n bepaalde gedragsnorm gestel word, en dat

- (i) indien daardie gedragsnorm oortree word jy daarvoor verwyte word;

- (ii) indien jou optrede strook met daardie gedragsnorm jy nie verwyt word nie, met ander woorde, jy is "vry van verwyd" en van regsweë is die verwyd "afwesig" (Prinsloo, *et al*, 1987: 116).

15. Onbekwaamheid

'n Persoon wat onbekwaam is, word omskryf as 'n persoon wat ongeskik is of nie in staat is om die pligte verbonde aan sy pos op 'n bekwame wyse uit te voer nie (artikel 74(1) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)).

16. Onderwysvernuwingstrategie (OVS)

Dit is 'n omvattende plan om die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te vernuwe en te herstruktureer, ten einde bestaande leemtes te verbeter, dit meer bekostigbaar te maak en onderwys- en opleidingsgeleenthede vir 'n steeds groeiende bevolking te skep. Die OVS is die resultaat van 'n koöperatiewe poging waaraan belangstellendes en belanghebbendes in Suid-Afrika genooi is om deel te neem en waarop 'n groot verskeidenheid individue en organisasies positief gereageer het. Dit is 'n tegniese dokument wat berus op navorsing. Die standpunte wat in die OVS gestel is

bied 'n omvattende raamwerk waarbinne verdere ondersoek, raadpleging en detailbeplanning kan geskied met die oog op die implementering van voorstelle vir onderwysvernuwing (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 15).

17. Onderwysers buite die gesubsidieerde diensstaat

Bestuursliggame kan onderwysers bykomend tot die gesubsidieerde diensstaat (die opvoeders wie se vergoeding volledig deur die Staat gesubsidieer word) van Model C-skole in diens neem. Hierdie onderwysers kan versoek dat die georganiseerde onderwysprofessie namens hulle met bestuursliggame sal onderhandel oor diensvoorwaardes (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 1).

18. Gewone openbare skole

Die Staat beheer hierdie tipe skole ten volle. Die salaris van personeel en die bedryfskoste word volgens die leerlinginskrywing bereken en deur die Staat betaal. Die verkose bestuursraad het hoofsaaklik adviserende bevoegdhede (Transvaalse Onderwysersvereniging: 1992: 3).

19. Professionele status

Die professionele status van die onderwyser dui op sy posisie en aansien in die oë van sy professie en in dié van die gemeenskap wat deur hom bedien word. Dit verleen aan hom die gesag, reg en bevoegdheid om as lid van die professionele groep op te tree en sy taak volgens die eise en standaarde van die onderwysprofessie uit te voer. Die onderwyser verteenwoordig en dra die gesag van die onderwysprofessie (Van Schalkwyk, 1990: 80).

20. Regsposisie

Dit is die onderwyser se wetlike posisie ooreenkomstig die bepalinge van die wet (Kritzinger, Labuschagne & Pienaar, 1972: 809).

21. Staatsondersteunde skool

Dit kan omskryf word as 'n onderwysinrigting wat kragtens artikel 29(1) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) tot 'n staatsondersteunde skool vir buitengewone onderwys verklaar is of kragtens artikel 29(4) geag word aldus verklaar te wees, 'n openbare skool wat kragtens artikel

29(2A) tot 'n staatsondersteunde skool verklaar is en 'n staatsondersteunde skool wat kragtens artikel 29(2B) ingestel is. Vir die doel van hierdie studie en volgens Goewermentskennisgewing R. 2932 van 6 Desember 1991 word 'n staatsondersteunde skool vir buitengewone onderwys uitgesluit.

22. Wangedrag

Met betrekking tot die vervulling van sy pligte as onderwyser kan 'n onderwyser hom skuldig maak aan wangedrag indien hy nalatig of traag is in die vervulling van sy pligte en ook wanneer hy 'n wettige bevel nie gehoorsaam nie, verontagsaam of moedswillig in gebreke bly om dit uit te voer (Prinsloo, *et al*, 1987: 186).

7 Samevatting.

In hierdie hoofstuk is die probleemstelling, doelstelling, metodes en ordening van hoofstukke uiteengesit. In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die historiese aanloop tot die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole binne die Suid-Afrikaanse perspektief, omdat hierdie tipe van skole 'n verandering in die regsposisie van die onderwysers teweeg gebring het.

HOOFSTUK 2

2. Historiese oorsig oor die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole: 'n Suid-Afrikaanse perspektief.

2.1 Inleiding.

Met die oorskakeling van die meerderheid gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole het 'n nuwe vennoot naamlik die bestuursliggaam die arena van personeelaangeleenthede betree. Dit het daartoe gelei dat die regsposisie van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole ingrypend verander het in vergelyking met die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole. Na aanleiding van hierdie betekenisvolle verandering in die regsposisie van die onderwyser het dit dan nou noodsaaklik geword om enkele oorsake te identifiseer en te beskryf wat daartoe bygedra het tot die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole. 'n Historiese oorsig oor die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole binne 'n Suid-Afrikaanse perspektief sal nou kortliks aan die hand van die volgende aspekte beskryf word:

- Die rol van die Staat as onderwysvoorsiener.

- Ouerbetrokkenheid.

- Faktore wat tot die Onderwysvernuwingstrategie aanleiding gegee het en wat bygedra het tot die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole.
- Kritiek op die onderwysstelsel.
- Bestuursoutonomie van onderwysinrigtings.
- Ministeriële verklaring dat alle skole staatsondersteunde (Model C-) skole word.

2.2 Die rol van die Staat as onderwysvoorsiener.

Reeds in die Griekse stadstate, Sparta en Athene, en later ook onder Rome was daar 'n verband tussen die Staat en die onderwys (Pitout, Smith, Windell & Steinmann, 1993: 8). Met die verchristeliking van die Romeinse Ryk het die kerk wel toenemend beheer oor die onderwys verkry, maar teen die einde van die Middeleeue bring die bloei van die stede, 'n groeiende ekonomie en 'n opkomende bedryfslewe 'n behoefte aan meer praktiese opleiding. Die kerklike onderwys was ingestel op leer bid, leer biege en leer dien - wat nie die eise van die handel en die beroepslewe tevrede kon stel nie. Dus word kerkskole geleidelik deur staatskole vervang, wat spoedig deur staatsbesture finansiële ondersteun moes word en wat tot seggenskap van hierdie besture oor ondersteunde skole lei (Pitout, *et al*, 1993: 23).

In die negentiende eeu kom onderwysvoorsiening vir hele bevolkings tot stand. Dit hang natuurlik saam met die opkoms van nasionale state. Weens die toenemende eise van 'n ontplooiende beskawing en 'n groeiende Staat word die owerheid verplig om geskikte algemene onderwys te voorsien, sodat alle onderdane hulle burgerlike verantwoordlikhede sou kon nakom. Dit word duidelik dat slegs die Staat oor die mag, geld en administratiewe masjinerie beskik om die omvangryke onderwysvoorsiening en -koördinering te behartig (Stone, 1985: 109). Die Staat, as regsverband, besit owerheidsgesag ten opsigte van sy onderdane ten einde die veelvuldigheid van regsbelange op die staatsterritorium te harmonieer. Die owerheid dra dus ook die verantwoordelikheid om alle belange ten opsigte van die opvoedende onderwys juridies te reël en desnoods in wetgewing of regulasies vas te lê (Taylor, 1969: 438).

Sedert Wêreldoorlog II neem die greep van die Staat op die onderwys self toe. Die redes daarvoor is volgens Stone (1985: 110) die volgende:

- Daar moes na Wêreldoorlog II dringende nasionale rekonstruksie plaasvind.
- Daar moes as gevolg van fenomenale ekonomiese en tegnologiese ontwikkeling dringend in 'n onversadigbare vraag na geskooldes voorsien word.
- Daar is 'n geweldige bevolkingsontploffing ('n maandelikse wêreldtoename van ses miljoen).

- Die onderwysnoodsituasie in ontwikkelende lande noodsaak byvoorbeeld daaglik 1 300 nuwe onderwysers.

By dit alles moes die Staat sterk leiding neem. Die noodsaak vir die Staat om 'n sterk onderwysvoorsieningsrol te speel lei gaandeweg tot 'n afskaling van die inspraak van ander deelnemers in die onderwysstelsel. Skole word in baie lande staatsorgane wat bloot staatsonderwysbeleid moet uitvoer. Skoolhoofde word uitvoerende beamptes. Professionele selfstandigheid word in 'n oormaat van voorskrifte versmoor. Ouers word effektief uit die openbare onderwys van hulle eie kinders uitgeskakel. Die private sektor wat in die Middeleeue die openbare skole (gildeskole) begin het, dra geen verantwoordelikheid vir die lewering van mannekrag nie (Stone, 1985: 110). Die Staat beheer en finansier alles, en alle beleid word deur hom bepaal.

Gelukkig het dit in Suid-Afrika nie hierdie uiterstes bereik nie. Tog het die RGN se Onderwysverslag (1981: 14 - 16) ook in verband met die RSA 'n oormatige en eensydige greep van die Staat op die onderwys uitgewys naamlik:

- Alle belangrike besluite oor die onderwys en alle werklike beheer daarvoor rus in die hande van die Staat.
- Feitlik alle finansiering van die onderwys word deur die Staat gedoen.
- Die private sektor staan betreklik los van die onderwysvoorsiening.

- Ouers het weinig betekenisvolle inspraak en verantwoordelikheid in die onderwysstelsel, en daar is vir hulle min aansporing om betrokke te wees en 'n ondersteunende rol te speel. Baie beleef die skool nie as eie goed van die plaaslike gemeenskap nie maar as die Staat of die "departement" se skool.

Die voorgenoemde leemtes is nie sonder meer 'n klag teen die Staat, die owerheid of onderwysdepartemente nie. Sedert veral 1948 het Afrikaners 'n neiging geopenbaar om maar alles aan "ons" regering oor te laat. So het daar 'n verwaarlosing gekom van die ander deelnemers se plig in die onderwysstelsel (Stone, 1985: 111). Die bevindinge van die RGN dui daarop dat die verhouding tussen die Staat en die onderwys ten tyde van die ondersoek by 'n kruispad gekom het.

In enige moderne Staat is daar 'n verskeidenheid wette en neergelegde prosedures wat vir die onderwys geld en vir almal daarby betrokke. Die regsvormende organe van die Staat maak oor alles en nog wat - ook oor die onderwys - wette (parlement), ordonnansies (provinsiale raad), en regulasies (staatsdepartemente). Die Staat doen dit om orde en harmonie van regsbelange ten aansien van die onderwys te skep (Stone, 1972: 83).

Die Staat harmonieer dus die regsbelange van die skool (en elke individu daarin) met die belange van die ouers, die private sektor, kerke en die Staat. Elkeen se seggenskap, pligte en beperkinge word deur die Staat as regsverband bepaal. En hier begin die probleme, want die Staat se owerheidspersone ken 'n groter rol aan die Staat toe as wat hom regtens

toekom. Die Staat verkry so 'n groter rol ten koste van die seggenskap van die ander vennote. So het staatsoorheersing van die onderwys juis ten koste van byvoorbeeld die ouers se rol in die onderwys gekom, omdat die owerheid sy mag oor die onderwys sogenaamd in algemene belang uitgebrei het (Stone, 1985: 113).

Volgens Stone (1985: 113) is dit van die grootste belang dat die Staat 'n hanteerbare en duidelike maatstaf moet hê wanneer hy sy eie en ander insette in die onderwysstelsel bepaal:

- Die Staat moet sorgvuldig waak dat oormatige bedrywigheid, beheer en inisiatief van sy kant nie die beskawingskragte laat veryl nie. Wanneer alles deur die inisiatief van die Staat kom, beteken dit dat die onderwysinisiatiewe en insette van byvoorbeeld die ouers tot onbetrokkenheid gesmoor word. Hoewel die owerheid die algemene belang wil dien werk hy uiteindelik onderwysregressie in die hand.
- Die owerheid moet die eie aard van die Staat, sy moontlikhede en beperkinge, erken en so ook die aard en roeping van ander lewensverbande. As juridiese lewensverband kan hy allerlei vereistes vir die onderwys in voorskrifte neerlê, maar hy kan dit nie verwesenlik nie, omdat hy as regsverband nie oor die middele daartoe beskik nie. Daarvoor is ander verbande nodig, soos die huisgesin en skool. Die Staat moet dus in sy optrede altyd vir sy vennote ruimte laat sodat hulle die werk kan doen waarvoor die Staat na sy aard nie toegerus is nie.

- Dit veronderstel ook dat die Staat sy vennote in die onderwysstelsel moet toelaat om selfstandig volgens eie aard hulle insette te maak.

Die RGN (1981: 14 - 16) beveel dan nou 'n groter aanvaarding van seggenskap en verantwoordelikheid vir ouers op die plaaslike vlak aan. Groter finansiële verpligtinge, groter inspraak by die bepaling van die lewensbeskoulike en kulturele karakter van die skool waar ouers kinders het, die gedagte van groter betrokkenheid van die arbeidsektor by die onderwysstelsel en die gedagte van ook groter professionele vryheid aan hoofde en onderwysers om minder uitvoerders van voorskrifte te wees en meer in eie bevoegdheid as onderwysleiers op te tree, word ook voorsien. Hierdie aanbevelings word duidelik vergestalt in staatsondersteunde (Model C-) skole. Dit veronderstel dat die Staat steeds elke vennoot se posisie juridies bepaal, maar dit impliseer ook dat die Staat sy vennote in die onderwysstelsel as mondig erken en ruimte gee vir elk se besondere bydrae tot die onderwys. En so kom daar nou ruimte vir die ouer om sy verantwoordelikheid met al die ander belanghebbendes uit te leef byvoorbeeld in bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole soos beskryf in paragraaf 4.5.

Die mate van beheer wat die Staat oor staatsondersteunde (Model C-) skole bly behou, kan onder andere toegeskryf word aan die finansiële insette wat die Staat steeds blyk maak (ongeveer 83% van die skool se begroting) en die Staat se oorkoepelende verantwoordelikheid vir die welsyn van die land en sy burgers wat onder andere deur die gehalte van die onderwysstelsel bepaal word. Die Staat is ook verantwoording aan belastingbetalers verskuldig vir die aanwending van staatsfondse (Beckmann & Van der Bank, 1992: 3).

Bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole kan dus nie verwag om met absolute gesag oor Model C-skole bekleed te word nie. Die Staat kan dus deur onderwysbefondsing die onderwys stuur en beheer en bepaalde fasette daarvan stimuleer of laat kwyn (Van Schalkwyk, 1989: 16).

2.3 Ouerbetrokkenheid.

Uit die geskiedenis van die onderwys in Suid-Afrika blyk dit baie duidelik dat die ouer se funksie in die opvoeding en onderwys van sy kind die rol van die onderwyser en die Staat voorafgegaan het. Daar waar die Staat die opvoeding en die onderwys van die kind nog nie as sy verantwoordelikheid op hom geneem het nie, het die ouer daarvoor gesorg deur dit of op hom te neem of deur dit aan individue op te dra. Dit blyk verder ook baie duidelik dat die behoefte aan ouerbetrokkenheid grootliks bepaal is deur die wyse waarop die Staat die onderwys hanteer het. So, byvoorbeeld, het die Nederlandse owerheid ná die volksplanting deur Van Riebeeck dit nie as sy taak gesien om onderwys te verskaf nie, met die gevolg dat die ouers in samewerking met die kerk self onderwys aan hul kinders verskaf het (Coetzee, 1975: 3). Ook gedurende die pionierstydperk buite die Kaapkolonie, tydens en kort ná die Groot Trek, het ouers hiervoor verantwoordelikheid op hulle geneem met die hulp van enkele predikante en onderwysers wat beskikbaar was. Dieselfde tendens was te bespeur by die vroeë Engelse immigrante (Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad), 1990: 75).

Die verset van die Afrikaanssprekende ouers teen die beleid van verengelsing van Cradock en Somerset het tot die oprigting van private skole gelei soos blyk uit die feit dat daar tussen 1830 en 1839 nooit meer as 28 regeeringskole was nie, terwyl die aantal private skole spoedig daarna van 39 tot 94 toegeneem het, waarvan die meeste Hollands as voertaal gehad het. Die verengelsingsbeleid van Milner na die Anglo-Boereoorlog het tot die stigting van CNO-skole gelei (Kaaplandse Onderwysdepartement, 1989: 9 - 16).

Die Smutswet van 1907 (Wet No. 25 van 1907) bepaal dat daar skoolrade en skoolkomitees moet wees wat gekies word deur die stemgeregtigde burgers. Die rade/komitees sou medeseggenskap hê by die aanstelling van onderwysers (Malherbe, 1925: 338). Die bogenoemde Wet het geleidelik die einde van private skole, veral die CNO-skole, bewerkstellig. Die Smutswet het inderdaad 'n neutrale staatsonderwysstelsel in die lewe geroep (Coetzee, 1975: 300).

In 1918 vind 'n onderwyskongres in Pretoria plaas waar, onder andere, besluit is dat ouers die reg sal hê om self die godsdiens en taalonderwys sowel as die gees en rigting van die skool te bepaal. Gelykgesinde ouers sal ook die reg hê om deur middel van skoolkommissies hulle onderwysers te kies (Malherbe, 1925: 338).

Die rol van die kerk ten opsigte van onderwys en opvoeding is deurgaans te bespeur en was veral duidelik merkbaar toe die Staat nog nie tot die onderwys toegetree het nie, en staatsonderwys nie na die bevrediging van die ouers plaasgevind het nie. Hierdie tendens is terug te voer na die volksplanting aan die Kaap toe die Gereformeerde Kerk in Nederland die

inisiatief geneem het met die onderwys, sodat 'n sterk gereformeerde tradisie op veral die Afrikaner en sy onderwyssiening oorgedra is. Toe die Skoolorde van De Mist (1804) die onderwys verstaatlik het (Malherbe, 1925: 50), en die ouers daarteen in verset gekom het, het veral die kerk die platform gebied waardeur die ouerstem gehoor is (Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad), 1990: 77).

Die drie Afrikaanse kerke het ook 'n groot rol gespeel deur die inisiëring en organisering van verskillende onderwyskongresse soos in 1918, 1934 en 1969. Hulle het ook 'n rol gespeel in die daarstelling van nasionale onderwysbeleid wat weerspieël word in die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967). Daarin is Christelike onderwys en ouerinspraak in die onderwys vir Blankes wetlik verskans (Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad), 1990: 78).

In 1980 rig die Kabinet van die Regering van die RSA 'n versoek aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing om 'n indringende ondersoek na al die fasette van die onderwys in die RSA in te stel. Dit blyk dus dat die Kabinet 'n omvattende herevaluering van die hele onderwyssituasie beoog het en dat daar ook teen die agtergrond van beginselriglyne na die organisasie- en beheerstruktuur en die raadplegings- en besluitnemingsmeganismes gekyk moes word. Dit kan dus vertolk word as die begin van 'n proses wat uiteindelik tot die ontstaan van Model C-skole gelei het.

In die verslag van die RGN word daar regstreeks en onregstreeks na ouerbetrokkenheid met die implikasies van ouermedeseggenkap verwys. Minstens sewe van die elf beginsels vir onderwysvoorsiening impliseer

ouerbetrokkenheid. Daaruit is dit duidelik dat die RGN sonder enige twyfel die ouergemeenskap tot groter deelname en verantwoordelikheid in die onderwys as geheel, en op alle bestuursvlakke oproep (Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad), 1990: 83).

Die volgende beginsels vir onderwysvoorsiening in die RGN-verslag verwys uitdruklik na die betrokkenheid van die ouergemeenskap in die onderwys (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1981: 15).

Beginsel 3: "Die onderwys verleen positiewe erkenning aan die keusevryhede van die individu, ouers en organisasies in die samelewing".

Beginsel 5: "Onderwysvoorsiening op die formele vlak is die verantwoordelikheid van die Staat met dien verstande dat die individu, die ouers en die georganiseerde samelewing 'n medeverantwoordelikheid en inspraak in die verband het".

Die RGN-verslag het ook verwys na die ontoereikende ouerbetrokkenheid (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1981: 203). Beleidsbeginsels 5 en 6 van die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys sake, 1984 (Wet No. 76 van 1984) het na aanleiding van die RGN-verslag onder andere die volgende bepaal:

- dat 'n positiewe verband tussen formele, informele en nie-formele onderwys in die skool, samelewing en gesin bevorder moet word, en

- dat die Staat vir die voorsiening van formele onderwys verantwoordelik moet wees, maar dat die individu, ouers en gemeenskap 'n medeverantwoordelikheid en seggenskap in dié verband moet hê.

Wysigings aan die Wet op Onderwysbeleid in 1986 het meegebring dat die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad), die bevoegdheid verkry het om verteenwoordigers vanuit die georganiseerde ouergemeenskap te raadpleeg insake onderwysaangeleenthede. Dit lyk dus asof die RGN-verslag daartoe bygedra het om onderwysbesluitneming te desentraliseer en af te wentel na die ouergemeenskap, die skool, die hoof en sy personeel.

Met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole bind die ouerverteenwoordigende bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole die skool totaal aan die ouergemeenskap, sodat dit kan uitloop op 'n "ouerskool" in plaas van die hoofsaaklik staatsbeheerde gewone openbare skole (vergelyk paragraaf 4.5).

Die ouer en die onderwyser moet dus die verantwoordelikheid aanvaar om 'n opvoedingsklimaat te skep wat bevorderend is vir die opvoeding van die kind. Hierdie samewerking is slegs moontlik as die regte en pligte van al die partye naamlik die ouers, onderwysers en kinders duidelik uitgespel word. Omdat beide ouer en onderwyser regte en verpligtinge ten opsigte van die opvoeding van die kind het, is samewerking tussen hierdie twee partye wat uitloop op 'n besondere verhouding tussen ouer en onderwyser noodsaaklik. Die regte en pligte van ouers en onderwysers word duidelik omskryf in onderwyswetgewing en regulasies en kennis van hierdie regte en pligte sal bydra tot die uitskakeling van misverstand en wrywing.

Bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole is, net soos in ander lande (Goodey 1989: 136, Sayer, 1989: 125, Partington, 1990: 98) 'n middel waardeur die owerheid aan ouers inspraak verleen, en aan hulle regte, bevoegdhede, pligte en verantwoordelikhede ten opsigte van die onderwys toeken. Die ouer as onderwysvennoot het dus ook 'n direkte invloed op die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.

2.4 Belangrikste faktore wat tot die Onderwysvernuwingstrategie aanleiding gegee het.

Hoewel paragrawe 2.2 en 2.3 reeds aandui dat veranderings aan onderwysbeheerstrukture plaasgevind het, het die Onderwysvernuwingstrategie die mees direkte stimulus tot verandering gegee. In die volgende paragrawe sal enkele aspekte van dié strategie wat uiteindelik op die daarstel van Model C-skole uitgeloop het, kortliks bespreek word.

Onderwysvoorsiening is 'n probleem van die hede en sal na alle waarskynlikheid 'n toenemende probleem in die toekoms word. Hierdie gevolgtrekking is beslis van toepassing op die RSA. Bondesio & Berkhout (1987: 18) onderskei die volgende simptome insake die probleme met onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika:

- 'n groeikoers van ongeveer 3% in die bevolkingsaanwas van swartmense in die RSA;

- 'n stygende vraag na sekondêre onderwys en sekere tipes van tersiêre onderwys by alle bevolkingsgroepe;
- 'n stygende ekonomiese groeikoers gepaard met 'n akkute tekort aan geskoolde en hoogseskoolde mannekrag;
- 'n toenemende tekort aan onderwyspersoneel;
- 'n maatskaplike vraag na gelykwaardige onderwys vir elke bevolkingsgroep.

Die huidige staatkundige hervorming, wat gepaard gaan met veranderings in politieke, sosiale en ekonomiese verhoudings, veroorsaak ook veranderinge op onderwysgebied. Volgens Spier (1986: 1) kan onderwys-hervorming slegs slaag as dit deel uitmaak van 'n breër hervormingsprogram gebaseer op die devolusie van oorgesentraliseerde regerings- en administratiewe stelsels.

Na aanleiding van 'n wêreldwye ondersoek na die onderwys het Coombs (1985: 204) bevind dat die huidige onderwysinfrastrukture veral in ontwikkelende lande in totaliteit hersien en in lyn met die belangrikste behoeftes van die Staat gebring moet word. Indien nie, sal studente se akademiese keuses wat toekomstige beroepe betref en die voorsiening van geskoolde mannekrag, teenproduktief wees ten opsigte van die land se sosiale en ekonomiese ontwikkelingsdoelstellings.

'n Aanhaling van mnr. P.J. Clase, Minister van Onderwys en Kultuur: Volksraad (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1991: 1) wat by geleentheid gesê het dat verandering in die onderwysinfrastruktuur onafwendbaar is, bevestig Coombs se opmerking. Verder is dit ook by verskeie geleenthede deur die Minister duidelik gestel dat sodanige nuwe onderwysinfrastruktuur bekostigbare, regverdigte onderwys met gelyke geleenthede (wat met die behoeftes van die land rekening sal hou en gemeenskapsgebonden sal wees) vir almal daar sal stel.

Die knelpunte in en rondom die onderwys is dan ook deur die Staat deur middel van die Komitee van Onderwysdepartementshoofde beoordeel soos wat die publikasie van die Besprekingsdokument oor 'n Onderwysvernuwingstrategie (Komitee van Onderwysdepartementshoofde, 1991) getuig. In dié Besprekingsdokument (1991: 77 - 78) word aangetoon dat die onderwysbegroting in 1991/92 reeds bykans 19% van die totale begroting van die Staat uitgemaak het. Dit is dus duidelik watter geweldige probleme daar bestaan om gelyke onderwysgeleenthede met behoud van standarde te verkry. Voorts kan, volgens die opstellers van die betrokke Besprekingsdokument, meer vordering met die skepping van gelyke onderwysgeleenthede gemaak word indien die Staat se aandeel van die verantwoordelikheid vir onderwysvoorsiening in 'n groter mate as wat tans die geval is deur die gemeenskap self aanvaar word.

In Mei 1990 het die Minister van Nasionale Opvoeding die ontwikkeling van bogenoemde Onderwysvernuwingstrategie aangekondig. Hierdie strategie moes ontwikkel word in samewerking met die Ministers van Staatsdepar-

temente verantwoordelik vir onderwys en moes uitgevoer word onder beskerming van die Komitee van Onderwysdepartementshoofde. 'n Teikendatum van een jaar is gestel vir die finalisering van hierdie strategie wat bestuursoplossings oor die kort en medium termyn moes vind vir probleme in die onderwys (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 1).

Op 4 Junie 1991 het die destydse Minister van Nasionale Opvoeding, mnr. L.A. Pienaar, in sy begrotingspostoespraak bekend gemaak dat die ontwikkeling van die onderwysvernuwingstrategie wat in Mei 1990 aangekondig is, so ver gevorder het dat die Komitee van Onderwysdepartementshoofde op dié dag 'n Besprekingsdokument hieroor vrygestel het.

Staatsondersteunde (Model C-) skole het ook ontstaan as gevolg van die Onderwysvernuwingstrategie se aanbevelings. Dit is dus nou noodsaaklik om die belangrikste faktore te beskryf wat aanleiding gegee het tot die Onderwysvernuwingstrategie aangesien elkeen van hierdie faktore bygedra het tot die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole.

2.4.1 Ekonomiese groeikoers.

Sedert 1986 het die baie lae ekonomiese groeikoers in die RSA tesame met die Staat se verbintenis om openbare besteding in te kort tot 'n afname in reële terme in die onderwysbegroting gelei. Dit bring mee dat alternatiewe oplossings vir die probleem van befondsing van 'n uitbreidende onderwysstelsel gevind moet word (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 1).

2.4.2 Leerdergetalle.

Leerdergetalle in Suid-Afrikaanse skole het gedurende die vyf jaar tot 1992 met 'n globale gemiddelde van 4,3% toegeneem. 'n Verdere ontleding van hierdie persentasie toon die volgende groeikoerse vir die onderwysdepartemente van die verskillende bevolkingsgroepe (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 2):

Blankes	:	0,54%
Indiërs	:	0,45%
Kleurlinge	:	1,15%
Swartes (Selfregerende gebiede)	:	5,88%
Swartes (Departement van Onderwys en Opleiding)	:	5,09%

Slegs in 1990 het bykans 325 000 bykomende Swartskoliere tot die onderwysstelsel toegetree met enorme eise met betrekking tot die reeds oorbelaaide onderwysbegroting.

2.4.3 Bevolkingsverspreiding.

Wat gewone skoolonderwys betref, was die bevolkingsverspreiding van leerders op 31 Maart 1992 soos volg (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 3):

Blankes	:	11,02%
Indiërs	:	2,89%

Kleurlinge	:	10,69%
Swartes (Selfregerende gebiede)	:	44,16%
Swartes (Departement van Onderwys en Opleiding)	:	31,24%

By 'n noukeurige ontleding van hierdie syfers blyk dit dat waar tans verwag kan word dat nagenoeg 82% van Blanke leerders wat met skool begin, standerd 10 sal haal, die ooreenstemmende syfer vir Kleurlinge ongeveer 23% en vir Swartes 16% is. Hierdie syfers toon die buitengewoon hoë uitsaksyfer in laasgenoemde twee gevalle aan (Komitee van Onderwysdepartementshoofde, 1991: 9).

Indien die retensiekoerse onder Kleurling- en Swartskoliere verbeter, is die noodwendige gevolg 'n selfs groter vraag na onderwysfasiliteite en onderwysers. Dit gebeur reeds soos blyk in die geval van die Departement van Onderwys en Opleiding se leerdergetalle in sekondêre skole wat sedert 1984 verdubbel het en sedert 1987 met meer as 10% per jaar toegeneem het. Dit is duidelik dat die handhawing van standarde in die lig van hierdie ongekende vraag na onderwys een van die grootste uitdagings is waarvoor onderwysbeplanners te staan kom (Komitee van Onderwysdepartementshoofde, 1991: 9). Om hierdie en ander probleme te kan hanteer, sou daar kreatiewe bestuursoplossings gevind moes word. Staatsondersteunde skole was noodwendig 'n opsie wat oorweeg moes word.

2.4.4 Onderwysfinansiering.

Vanaf 1987 tot 1992 het die totale onderwysbegroting met 119% gestyg (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 6). Met inagneming van die toenemende koste van onderwys asook die groei in kliëntegetalle verteenwoordig hierdie groot styging in werklikheid egter 'n groot afname in reële terme. Dit beteken dat, ondanks die ernstige pogings, nie daarin geslaag is om die opbou van verdere agterstande in die onderwys te voorkom nie. Daar sal dus maniere gevind moet word om die beskikbare fondse in die onderwys verder te rek. Die noodsaaklikheid van strukturele veranderinge in die onderwysstelsel om dit meer bekostigbaar te maak is dus voor die hand liggend (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 7). Model C-skole sou 'n beduidende bydrae kon lewer tot die wysiging van die struktuur van voorsiening en besparings kon meebring.

Nog 'n verdere probleem ontstaan uit die stygende persentasie wat personeelvergoeding van die onderwysbegroting uitmaak as gevolg van die voortdurende verbetering in die diensbedeling van opvoeders. Dit manifesteer in 'n foutiewe verspreiding tussen lopende kostes en kapitale besteding in onderwys. In sommige onderwysdepartemente beslaan die vergoeding van kollege- en skoolverwante opvoeders soveel as 75% van alle uitgawes. Aangesien goeie onderwys goeie administratiewe personeel, fasiliteite, voorrade en dienste, handboeke en ander onderwysmiddele vereis, beteken dit dat hierdie onderwysdepartemente dit al hoe moeiliker vind om hulle onderwys te bestuur. Hulle nader vinnig die punt waar hulle net die salarisse van onderwysers kan betaal en niks meer kan doen nie (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 7).

Die Onderwysvernuwingstrategie is dus 'n omvattende plan om die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te vernuwe en te herstruktureer, ten einde bestaande leemtes te verbeter, dit meer bekostigbaar te maak en onderwys- en opleidingsgeleenthede vir 'n steeds groeiende bevolking te skep. Die Onderwysvernuwingstrategie gaan van die standpunt uit dat die onderwys die hele samelewing se verantwoordelikheid is en dat die ouers, plaaslike gemeenskappe en die private sektor soos in ander lande (Bottery, 1992: 106) 'n meer beduidende rol in die onderwysvoorsiening kan speel. Staatsondersteunde (Model C-) skole is 'n tipe skoolmodel wat deur die Onderwysvernuwingstrategie voorsien word om hierdie betrokkenheid van die ouers, plaaslike gemeenskappe en private sektor te verseker. Met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole het 'n verandering in die regsposisie van die onderwyser ingetree, aangesien onderwysvoorsiening nader gebring is aan die verbruiker daarvan, naamlik die ouers, plaaslike gemeenskappe en die private sektor.

2.5 Kritiek op die onderwysstelsel.

'n Volgende belangrike faktor wat tot die onderwysvernuwingstrategie aanleiding gegee het, was die aanhoudende kritiek op die onderwysstelsel. Volgens die Onderwysvernuwingstrategie (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 9) is die volgende die belangrikste vorms van kritiek teen die stelsel:

- Die huidige onderwysmodel geniet weinig steun onder die meerderheid Suid-Afrikaners wat die rassebasis daarvan, soos uitgedruk in afsonderlike

onderwysdepartemente vir die verskillende bevolkingsgroepe, onaanvaarbaar vind. In 'n nuwe onderwysstelsel moet nasionale eenheid bevorder en tot uitdrukking kom. Met inagneming van die nie-rassige basis van 'n nuwe onderwysstelsel moet daar ook voorsiening gemaak word vir die akkommodering van verskeidenheid op grond van internasionaal-erkende en opvoedkundigrelevante basiese menseregte soos moedertaalonderrig, godsdiensvryheid en die beoefening en oordrag van 'n eie kultuur soos vergestalt in staatsondersteunde (Model C-) skole. Vryheid van assosiasie moet derhalwe 'n hoeksteen van 'n nuwe onderwysstelsel vorm (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 18).

- Die onderwys is 'n "geslote-geleedere-bedryf" en maak nie genoeg voorsiening vir insette uit die verskillende sektore van die samelewing wat op die een of ander wyse 'n belang by die onderwys het nie. Ten einde die beginsel van groter gemeenskapsverantwoordelikheid vir veral die skole-onderwys te vestig, is dit van uiterste belang dat die verantwoordelikheid vir die voorsiening van onderwys nader aan die plaaslike gemeenskappe gebring word (Van Schalkwyk, 1990: 4). Betrokkenheid van die gemeenskap by skole-onderwys kan onder andere verkry word deur die doelgerigte instelling van bestuursliggame in staatsondersteunde (Model C-) skole met groter bestuursoutonomie. Sekere besluitnemende en uitvoerende funksies moet na die bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole afgewentel word (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 83).

- Die strukturele veranderinge sedert die invoering van 'n basis van eie en algemene sake in die onderwys in 1984 het nie die probleem van wat as 'n lomp onderwysburokrasie waargeneem word, opgelos nie. Ingevolge die huidige Grondwet van die RSA is die onderwys van elk van die bevolkings-groepe 'n eie saak wat binne die kulturele en waarderaamwerk van die groep val. Ofskoon daar deur die Departement van Nasionale Opvoeding en die verskillende Staatsdepartemente verantwoordelik vir onderwys in werklikheid 'n eenheidstelsel vir onderwys in Suid-Afrika gevestig is, dra die bevolkingsgroepbasis van die huidige model grootliks by tot 'n persepsie dat eenheid of gemeenskaplikheid geen rol in die organisatoriese basis van die onderwys speel nie. Nietemin is verskeidenheid in Suid-Afrika 'n werklikheid en op onderwyskundige gronde is dit 'n vereiste dat dit tesame met eenheid in 'n nuwe model geakkommodeer moet word. Dit beteken dat die beginsel van vryheid van assosiasie in 'n nuwe onderwysstelsel neerslag sal moet vind (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 17).

- Daar is nog nie oplossings gevind vir die probleem om voorsiening vir die steeds toenemende getalle leerders gedurende die volgende paar dekades te maak nie. Die ernstige tekort aan skoolfasiliteite vir Swart leerders veroorsaak groot ontevredenheid. Dit word vererger deur die feit dat vaste bates in sommige gevalle onderbenut word, terwyl daar in ander gevalle ernstige oorbenutting bestaan. So byvoorbeeld is die leerling-onderwyserverhouding in die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) 19:1 teenoor die leerling-onderwyserverhouding in die Departement Onderwys en Opleiding se 51:1 (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 6). Hoewel op 'n beperkte skaal kan Model C-skole tog 'n bydrae lewer om die betrokke tekort te verlig.

Teen hierdie agtergrond sal daar oplossings gevind moes word waardeur die onderwysstelsel vir die meerderheid Suid-Afrikaners aanvaarbaar sal wees en dus hulle begrip en steun sal geniet, en waardeur gelyke onderwysgeleenthede vir alle toetreders tot die onderwysstelsel verkry kan word. Die onderwys sal in 'n groter mate as wat tans die geval is leerders moet toerus om 'n betekenisvolle bydrae tot ekonomiese groei in Suid-Afrika te lewer. In die lig van die land se beperkte finansiële hulpbronne en die steeds toenemende getal leerders in die onderwysstelsel sal veranderings in die onderwys aangebring moet word ten einde die voorsiening van onderwys meer bekostigbaar te maak. Dit moet gedoen word sonder om bestaande hoë onderwysstandaarde enigsins in die gedrang te bring.

Die Onderwysministers het gevolglik die Komitee van Onderwysdepartementshoofde versoek om die Onderwysvernuwingstrategie te ontwikkel deur middel van werkspanne bestaande uit deskundiges in die verskillende onderwysdepartemente, en van deskundiges uit universiteite, teknikons, die georganiseerde onderwysprofessie en in sommige gevalle ander Staatsdepartemente asook die privaatsektor (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 12).

2.6 Addisionele modelle vir die voorsiening van skoolonderwys en groter bestuursoutonomie vir onderwysinrigtings.

Die Regering het hom herhaaldelik verbind tot onderwysbeleid wat betekenisvolle vooruitgang na gelyke onderwysgeleenthede vir alle leerders in Suid-Afrika sal bevorder. Hoofsaaklik as gevolg van ernstige beperkinge

op besteding deur die Staat en die vinnige groei van die bevolking, was vordering in hierdie opsig tot stadig (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 82).

Die vraag na gelyke onderwysgeleenthede moet egter in perspektief geplaas word deur in ag te neem dat leerlinggetalle in sommige departemente gemiddelde groeikoerse van tot 6% per jaar gedurende die afgelope vyf jaar getoon het. Groei impliseer bykomende befondsing, en wanneer in ag geneem word dat die onderwysbegroting vir 1992/93, wat 20,5% van die totale begroting uitgemaak het (23% indien onderwys in die TBVC-state ingesluit word), moontlik sy boonste perk bereik het, word dit duidelik watter geweldige probleme daar bestaan om met behoud van standarde gelyke onderwysgeleenthede te bereik. Die skepping van gelyke onderwysgeleenthede kan verder bevorder word indien die Staat se aandeel van die verantwoordelikheid vir die totale onderwysstelsel in groter mate as wat die geval is, deur die gemeenskap self aangevul word (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 82).

Ten einde die beginsel van groter gemeenskapsverantwoordelikheid vir veral skole-onderwys te vestig, is dit van belang dat die verantwoordelikheid vir die voorsiening van onderwys nader aan die plaaslike gemeenskappe gebring word. In hierdie verband het die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) aan die gemeenskappe van die skole waarvoor hy verantwoordelik is die geleentheid gebied om een van vier modelle aan te neem wat basies vier bestuursmodelle vir skole verteenwoordig. Die modelle wissel van die behoud van die *status quo* tot 'n privaatskoolopsie. Die belangrikste

faset van hierdie benadering is dat dit modelle verteenwoordig met verskillende bestuursopsies wat gemeenskapsverantwoordelikheid betref waardeur die voorsiening van onderwys nader aan die plaaslike gemeenskappe gebring word (Komitee van Onderwysdepartementshoofde, 1991: 76).

2.6.1 Aanbevelings van die Onderwysvernuwingstrategie-dokument met betrekking tot die addisionele modelle vir die voorsiening van skoolonderwys.

Die Komitee van Onderwysdepartementshoofde (1991: 76) beveel aan dat bestuursrade vir skole in alle skole ingestel word. Waar sulke rade reeds bestaan en doeltreffend funksioneer, moet die nodige stappe gedoen word om sulke rade se besluitnemings- en uitvoerende funksies in verband met aangeleenthede soos die volgende af te wentel:

- Verantwoordelikheid vir die gebruik, deur ander persone of organisasies, van die fasiliteite by die betrokke skool, teen 'n tarief waarop die skool besluit;
- Die ekonomiese bestuur van skoolkoshuise en vervoerskemas;
- Aanbevelings oor die aanstelling van onderwysers op die diensstaat van die skool en die aanstelling van persone, wat nie onderwysers is nie, vir buitemuurse programme;
- Die aanvulling van onderwyserssalarisse onderworpe aan 'n breë raamwerk wat deur algemene beleid in hierdie verband bepaal word;

- Die vergoeding van persone (onderwysers of nie-onderwysers) vir die verrigting van die buitemuurse aktiwiteite waaroor met die skoolgemeenskap ooreengekom is.

Om bevoegdheid ten opsigte van die sake wat hierbo genoem is, op 'n sinvolle wyse te kan afwentel, sal bestuursrade met 'n aansienlike mate van finansiële outonomie bekleed word. In dié verband het die instelling van staatsondersteunde (Model C-) skole binne die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) besonder belangrike beginsels en ervarings na vore gebring. Hierdie inisiatief sou as basis gebruik kon word vir die instelling en doeltreffende funksionering van bestuursliggame en die vestiging van gemeenskapsbetrokkenheid (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 84).

2.7 Aankondiging dat alle skole staatsondersteunde (Model C-) skole word.

2.7.1 Ministeriële verklaring.

Op 17 Februarie 1992 het die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) in 'n verdere verklaring bekend gemaak dat alle gewone openbare skole met ingang 1 April 1992 tot staatsondersteunde skole (Model C-skole) verklaar word, tensy bestuursrade by wyse van 'n stemming (twee-derde meerderheid) deur ouers die bestaande bestuursmodel wil behou. Op 28 Februarie 1992 maak die Minister bekend dat die oorskakeling van 'n gewone openbare skool na 'n staatsondersteunde (Model C-) skool op 1 Augustus 1992 in werking tree. Op 13 Maart 1992 kondig hy aan dat finansiële hulp aan gemeenskappe

wat na Model C-skole oorskakel verleen gaan word ten einde die oorskakeling na Model C-skole vir gemeenskappe meer bekostigbaar te maak en gehalte onderwys vir leerlinge te verseker (Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, 1992: 166). Daar bestaan dus vier modelle vir onderwysvoorsiening in die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad naamlik privaatskole wat tot stand kom na die sluiting van staatskole (Model A), staatskole wat hul toelatingsbeleid wil verander (Model B), staatsondersteunde (Model C-) skole en Model D-skole wat 'n skoolgemeenskap kan oorweeg.

2.7.2 Die essensies van die Minister se mediaverklaring ten opsigte van staatsondersteunde (Model C-) skole.

- Alle *status quo*- en Model B-skole word op 1 Augustus 1992 finaal oorgeskakel na staatsondersteunde (Model C-) skole tensy bestuursrade by wyse van stemming deur ouers, aan die hand van vaste prosedures, die bestaande bestuursmodel vir die betrokke skool wil behou.
- 'n Gunstiger befondsingsgrondslag tree in werking omdat die Staat voorsiening maak vir behoeftige leerlinge. Beduidende hulp, volgens vaste glyskale, sal verleen word aan kinders uit behoeftige gesinne om die verpligte skoolgelde wat deur 'n bestuursliggaam van 'n Model C-skool gehef word, te betaal (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1993: 5).

- Die departement sal op dieselfde basis as in die verlede voortgaan om losiesbeurse toe te staan. Skoolkoshuise word saam met die skool oorgedra. Personeel wat by die koshuis in diens is, sal steeds deur die departement vergoed word.
- Personeel wat na Model C-skole oorskakel, sal nie 'n keuse kan uitoefen om met toegevoegde diensjare af te tree nie.
- Nuwe personeelvoorsieningskale tree op 1 Augustus 1992 in werking. Personeel wat deur die skole geraak word, sal op die gewone wyse met die gebruikelike pensioen- en ander aftreevoordele uit die diens gestel word.
- Model C-, *status quo*- en Model B-skole sal op dieselfde grondslag befonds word, maar die geld sal anders bestee word. Model C-skole sal 'n gunstiger personeelvoorsieningskaal hê aangesien die Staat by Model C-skole net die personeeluitgawes betaal.
- Enige onderwyser wat reeds die leeftyd van 50 jaar bereik het en wat minstens 10 jaar werklike ononderbroke pensioengewende diens voltooi het, sal die reg hê om voortydig met verminderde voordele met pensioen af te gaan. Indien uitdienstrede plaasvind 10 jaar voor die lid se fondsaftreedatum, naamlik 60 jaar, sal die pensioenvoordele, dit wil sê die enkelbedrag en maandelikse pensioen, met 0,4% vir elke maand of gedeelte van 'n maand tussen die datum van uitdienstrede en die lid se fondsaftreedatum verminder word. Indien die lid se fondsaftreedatum 65 jaar is en uitdienstrede vind plaas tussen 10 en 15 jaar voor 65 jaar sal die pensioenvoordele met 48%, plus 0,1% vir elke maand of gedeelte van 'n

maand tussen die datum van uitdienstrede en 'n datum 10 jaar voor die fondsafreedatum, verminder word (Transvaalse Onderwyservereniging, 1992: 8).

- In sy mediaverklaring van 28 Februarie 1992 het die Minister aangedui dat alle adviesliggame hulle instemming tot die oorskakeling van skole na Model C gegee het en dat die Wysigingswet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1992, op 27 Februarie 1992 deur die Volksraad goedgekeur is (Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad), 1992: 27). Alle gewone openbare skole van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) het dus op 1 Augustus 1992 oorgeskakel na staatsondersteunde (Model C-) skole tensy bestuursrade by wyse van 'n stemming deur ouers, die bestaande bestuursmodel vir die betrokke skool wou behou.

2.8 Samevatting.

Dit lei geen twyfel nie dat die ouergemeenskap en die onderwyserskorps 'n beduidende belang by die onderwys en alle sake rondom die onderwys het. Verantwoordelike ouerbetrokkenheid, ouerinspraak en ouermedeseggenskap sal in die toekoms, meer as in die verlede, afhanklik wees van mense se kennis en insig van hulle regte, verpligtinge en bevoegdhede met betrekking tot die breë spektrum van opvoedkundige en onderwyskundige aangeleenthede. Elke individuele ouer, maar ook die georganiseerde ouergemeenskap, moet voortdurend seker maak dat hulle die doelstellings, die beleid en die strukture van onderwysvoorsiening begryp ten einde hulle rol as onderwysvennote na behore en op 'n verantwoordelike wyse te kan speel.

Die verklaring van gewone openbare skole tot staatsondersteunde skole bring mee dat ouergemeenskappe, deur 'n verteenwoordigende bestuursliggaam, oor 'n groter mate van outonomie beskik wat wye besluitnemings-bevoegdhede verleen oor die bestuur en beheer van die skole (Mabandla, 1993: 11). Bestuursliggame is die mondstuk van ouergemeenskappe, met statutêre bevoegdhede om besluite wat geneem is, te implementeer.

Ouers kan formeel op twee vlakke by staatsondersteunde (Model C-) skole betrokke raak naamlik:

- deur stemming vir die verkiesing van die lede van die bestuursliggaam wat dan as mondstuk vir die betrokke ouergemeenskap optree; en
- deur die moontlike inskakeling by 'n ouerliggaam op streeksgrondslag en/of provinsiale grondslag.

Die veranderings wat deur die oorgangsmatreëls in die diensvoorwaardes van onderwysers te weeg gebring is (vergelyk paragraaf 2.7) was 'n voorspel tot belangrike veranderings in die regsposisie van onderwysers vanweë die instel van Model C-skole. Dit het dan nou noodsaaklik geword om te kyk na enkele aspekte van die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool en 'n staatsondersteunde (Model C-) skool ten einde verskille te identifiseer om sodoende die veranderde regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool bloot te lê.

HOOFSTUK 3

3. Die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole in die Departement van Onderwys en Kultuur.


3.1 Inleiding.

Om die reg te handhaaf en die belange van alle betrokkenes te harmonieer, ken die reg bepaalde regte, pligte, bevoegdhede en voorregte toe aan persone en groepe wat by dieselfde saak betrokke is. Dit beteken dat in die geval van die onderwys, hierdie partye naamlik die Staat, die ouers, die onderwysers en die kinders gesamentlik en afsonderlik teenoor mekaar regte, pligte en verantwoordelikhede het.

Die onderstaande figuur, oorgeneem en aangepas uit Bondesio, Beckmann, Oosthuizen, Prinsloo & Van Wyk (1989: 5) stel die harmoniëeringsfunksie van die reg voor:

Figuur 3.1

Die harmoniëeringsfunksie van die reg



Dit wil voorkom of daar in die literatuur relatief min spesifieke uitsprake oor die regte en pligte van onderwysers in die onderwyssituasie is. Daar is skynbaar ook meer uitsprake oor die pligte van die onderwyser as oor die regte van die onderwyser. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die onderwyser se regsposisie deur beide sy regte en pligte bepaal word.

Om te verseker dat die onderwyser se regte en bevoegdhede optimaal gehandhaaf word, moet hy nie net sy eie regte en bevoegdhede ken nie, maar ook op die hoogte wees van die regte en pligte van die Staat, die ouers en die kinders ten einde sy eie posisie presies te kan bepaal. Dit spreek vanself dat wanneer daar konflikte tussen die betrokke groepe ontstaan, die groep wat goed ingelig is oor sy regsposisie, in 'n besonder sterk posisie is. Om sy regsposisie ten volle te ken, moet die onderwyser ook sy pligte ken en ook op die hoogte wees onder andere van:

- statutêre bronne met betrekking tot die reg;
- regspraak en die gemene reg; en
- dokumente met regsrag.

Die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan gewone openbare skole in die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) kan beskryf word aan die hand van bepaalde indikatore. Dit beteken dat 'n beeld van die onderwyser se regsposisie verkry kan word deur sy regte en pligte met betrekking tot sekere sake te beskryf. In hierdie hoofstuk sal die onderwyser se regsposisie met verwysing na die volgende sake of indikatore beskryf word:

- Burgerlike en politieke regte.

- Aanstellings en diensvoorwaardes.

- Die onderwyser as gesagsdraer.

- Regsbeginsels wat sy gesagsposisie onderstreep.

- Sy sorgsaamheidsplig.

- Middellike aanspreeklikheid.

- Ouer- en onderwyserregte en samewerking.

- Stakings en sloerstakings.

- Ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag.

- Kriminele oortredings.

3.2 Die regsposisie van die individuele onderwyser in verband met sy burgerlike en politieke regte.

As 'n burger van die RSA besit 'n onderwyser bepaalde burgerlike en politieke regte. Vanweë die besondere aard van die onderwys is dit egter nodig om die onderwyser se betrokkenheid by openbare en politieke sake

enersyds duidelik te verskans en te beskryf en andersyds moontlik aan bande te lê (Beckmann, 1985: 32).

Die onderwyser verwerp byvoorbeeld indoktrinasie of beïnvloeding ten behoeve van partypolitiek of pogings om een of ander omstrede oogmerk te bereik. Veel eerder sou die onderwyser die wêreld as sodanig vir die leerling wou ontsluit dat hy selfstandig en verantwoordelik 'n onafhanklike keuse sou kon doen en sy eie mening sou kon vorm. Sy vertrouensposisie plaas dus die verantwoordelikheid op die onderwyser om nie die vertrou in hom gestel te misbruik om die kinders te beïnvloed ten gunste van veral 'n besondere partypolitieke organisasie of enige versameling mense met 'n bepaalde omstrede oogmerk nie (Beckmann, 1985: 64 - 65).

Aangesien dit egter ook so is dat onderwys net so deel van die politieke bestel is as die baie ander fasette van die volkshuishouding, is dit noodsaaklik om nie die onderwyser se burgerlike en politieke regte te misken nie. Prinsloo *et al* (1987: 193) dui egter aan dat dit ewe noodsaaklik is dat die omvang daarvan in belang van die opvoeding van die kind duidelik beskryf word.

Die bepalinge van artikel 96 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), met betrekking tot die burgerlike en politieke regte van 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool kan soos volg saamgevat word:

Omdat 'n onderwyser ook burgerlike en politieke regte het, mag hy lid word van 'n wettige politieke party en dien in die bestuur daarvan. Hy mag egter nie sy posisie as onderwyser gebruik om partypolitieke doelstellings te bevorder nie. Hy mag hom ook nie in die openbare pers of op 'n openbare vergadering oor partypolitieke aangeleenthede uitlaat nie. 'n Onderwyser kan met die nodige toestemming lid word van 'n stadsraad of ander liggaam wat deur wetgewing ingestel is op voorwaarde dat hierdie werk geensins op sy pligte as onderwyser inbreuk maak nie. By die uitoefening van hierdie politieke en burgerlike regte mag die onderwyser dus nie sy status en geskiktheid as onderwyser benadeel nie.

- 3.3 Die regsposisie van die onderwyser in verband met aanstellings en diensvoorwaardes.

Onderwysdepartemente wat verantwoordelik is vir onderwysvoorsiening het besondere personeelbestuurstake. As werkgewer moet hulle onderwysers oplei en alles in hul vermoë doen om bekwame opvoeders se dienste te bekom en te behou. Derhalwe is diensvoorwaardes 'n aangeleentheid wat van groot belang is vir sowel die werkgewer as die werknemer (Van Wyk, 1987:47).

- 3.3.1 Regulasies betreffende aanstellings van onderwysers in diens by departementele inrigtings.

Die Minister van Onderwys en Kultuur het kragtens artikel 112, saamgelees met artikels 67 en 68 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad),

1988 (Wet No. 70 van 1988), en met die instemming van die Minister van Begroting en Plaaslike Bestuur, regulasies betreffende aanstellings van onderwysers in diens by departementele inrigtings uitgevaardig.

Die vereistes waaraan 'n persoon vir 'n permanente aanstelling in 'n onderwyspos moet voldoen, is dat hy:

- oor 'n goedgekeurde kwalifikasie beskik;
- geregistreer of voorwaardelik geregistreer is by die Federale Onderwysersraad;
- 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n burger van 'n onafhanklike staat is;
- van goeie karakter is;
- medies geskik is;
- onder die ouderdom van 55 jaar is, met dien verstande dat die Minister in 'n bepaalde geval kan gelas dat 'n persoon van 55 jaar of ouer aangestel word.

Om in 'n bevorderingspos aangestel te kan word, moet hy ook nog die toets van bekwaamheid in beide amptelike tale geslaag het en oor die toepaslike onderwyservaring beskik.

3.3.2 Die dienskontrak van onderwysers in diens by departementele inrigtings.

Diensvoorwaardes moet aan regsvereistes voldoen. Dit verteenwoordig 'n kontraktuele verbintenis waarin die regte en verpligtinge van die twee betrokke partye (die werkgewer en die werknemer) afgeweg, uitgespel en beskerm word. Dit is belangrik dat die onderwyser weet watter voorwaardes aan sy indiensneming gekoppel is aangesien die verbreking daarvan neerkom op kontrakbreuk wat vir hom baie nadelige gevolge kan inhou. Andersyds is dit ook van belang om op hoogte te wees van die regte en voordele waarop hy as werknemer geregtig is (Oosthuizen, 1992: 37).

Die dienskontrak reël die wedersydse regte en verpligtinge van 'n onderwysdepartement en 'n onderwyser. Verder word 'n dienskontrak ook beskou as 'n ooreenkoms waar die werknemer sy arbeid en toepaslike vermoëns tot beskikking van die werkgewer moet stel in ruil vir vergoeding. In die geval van die onderwys is die onderwyser diensgebonde. Dit impliseer dat die onderwyser se diens heelyds tot die beskikking van die onderwysdepartement moet wees (Van Wyk, 1987: 50). Die dienskontrak impliseer verder dat die werkgewer gesag voer oor die werknemer en dat hy toesig hou oor sy werkverrigting (De Wet, *et al*, 1978: 338).

Artikel 100 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal uitdruklik dat 'n onderwyser in diens ingevolge hierdie Wet al sy tyd ter beskikking stel van die Departement van Onderwys en Kultuur waar hy in diens is. 'n Onderwyser in diens by 'n gewone openbare skool mag ingevolge hierdie Wet nie sonder die toestemming van

die Minister van Onderwys en Kultuur, na gelang van die geval, besoldigde werk buite sy diens by die departementele inrigting (gewone openbare skool) verrig of hom verbind om dit te verrig nie. Die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys kan weier om toestemming te verleen as hy van mening is dat die werk nadelig is, of kan wees, vir die pligsgetroue en doeltreffende verrigting van sy werk as onderwyser of vir sy professionele status as onderwyser in die gemeenskap.

'n Onderwyser in diens by 'n gewone openbare skool mag nie ingevolge hierdie Wet aanspraak maak op bykomende besoldiging ten opsigte van enige amptelike diens of werk wat hy deur 'n bevoegde gesag beveel is om te verrig nie. Die skoolhoof van 'n gewone openbare skool kan 'n onderwyser verbonde aan sy skool beveel om tydelik ander pligte te verrig as dié wat gewoonlik aan daardie persoon opgedra word of wat by die graad, benaming of indeling van sy pos pas. Hier kan as voorbeeld dien die standerd 9-voogonderwyser wat deur die skoolhoof aangesê word om toesig te hou by 'n filmvertoning die aand in die skoolsaal waar die filmvertoning gereël is as fondsinsamelingsprojek ten bate van die matriekafskeid aan die einde van die jaar.

Volgens Regulasie 11 van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 693 van 30 Maart 1990, moet 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool vir enige besoldiging, toelae of ander beloning wat hy ontvang het vir werk verrig teenstrydig met artikel 100 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), 'n bedrag gelykstaande aan die bedrag ontvang in die Inkomsterekening: Volksraad

stort, of waar die besoldiging, toelae of beloning nie uit geld bestaan nie, die waarde daarvan soos bepaal deur die Uitvoerende Direkteur van Onderwys van die betrokke provinsie. Indien die onderwyser dit nie doen nie, moet dit deur die Uitvoerende Direkteur van Onderwys deur middel van 'n regsproses of op die ander wyse wat die Tesourie goedkeur, van hom verhaal en in die Inkomsterekening: Volksraad gestort word. Die betrokke onderwyser verbonde aan die Departement van Onderwys en Kultuur kan teen so 'n bepaling deur die Uitvoerende Direkteur van Onderwys na die Minister van Onderwys en Kultuur appelleer, wat die bevel kan gee wat hy goeddink. Die Tesourie kan op aanbeveling van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys beslis dat die betrokke onderwyser die geheel of 'n gedeelte van die besoldiging, toelae of beloning kan hou.

Indien 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool se dienste met goedkeuring van die Minister van Onderwys en Kultuur volgens artikel 70 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), aan 'n Staatsdepartement of 'n ander regering of 'n raad, inrigting, liggaam of 'n persoon ter beskikking gestel word, en hy enige salaris, toelae, geld, bonus of honorarium vir dienste gelewer ontvang, moet hierdie vergoeding in die Inkomsterekening: Volksraad gestort word. Die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys kan onder omstandighede wat hy as buitengewoon beskou by die Tesourie aanbeveel dat daar aan die betrokke onderwyser uit die Inkomsterekening: Volksraad 'n bedrag betaal word wat gelyk is aan die salaris, toelae, geld, bonus of honorarium, of 'n gedeelte daarvan (Regulasie 11 van die Regulasies afgekondig by Goewerments-kennisgewing No. R. 693 van 30 Maart 1990).

Behoudens die bepalings van die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys, 1984 (Wet No. 74 van 1984), word die salarisse, salarisskale en toelaes van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole deur die Minister van Onderwys en Kultuur bepaal. Die diensvoorwaardes en diensvoordele van dié onderwysers word deur die Minister voorgeskryf. Indien 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool werk lewer wat nie aan die vereistes van die dienskontrak voldoen nie, kan dit tot kontrakbreuk lei en kan die onderwysdepartement terugtree uit die kontrak. Voorbeelde hiervan in die onderwyspraktyk is volgens Oosthuizen (1992: 38) die volgende:

- Wangedrag deur die onderwyser. Dit word van die onderwyser as opvoeder verwag dat sy gedrag aan die voorgeskrewe Professionele Gedragskode en aan die betrokke wetgewing vir onderwysers verbonde aan die Departement van Onderwys en Kultuur moet voldoen.
- 'n Versuim of weiering om sy werk te verrig.
- Onvermoë om sy werk te verrig wat neerkom op onbekwaamheid.

Behoudens artikel 71 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 1988, (Wet No. 70 van 1988), kan 'n onderwyser in 'n permanente hoedanigheid in diens by 'n departementele inrigting deur die Minister uit sy diens ontslaan word:

- weens voortdurende swak gesondheid;

- weens die afskaffing van sy pos of 'n vermindering, reorganisasie of herindelung van die personeel by die departementele inrigting;
- weens ongeschiktheid vir die pligte wat aan sy pos verbode is of onvermoë om daardie pligte op 'n bekwame wyse uit te voer;
- weens wangedrag; en
- indien hy in die betrokke pos aangestel is op grond van 'n wanvoorstelling wat hy met betrekking tot die een of ander voorwaarde vir aanstelling in 'n vaste hoedanigheid gemaak het.

Daar mag egter nie deur die onderwysdepartement op 'n willekeurige manier opgetree word indien die onderwyser nie voldoen aan die voorwaardes van die kontrak soos hierbo uiteengesit nie. Die optrede van die onderwysdepartement teenoor die onderwyser moet deurgaans gekenmerk word deur redelikheid en billikheid. Indien die departementele optrede nie hierdeur gekenmerk word nie, kan dit as onreëlmstig bestempel word. Volgens Oosthuizen (1992: 38) het die onderwyser die reg dat optrede teen hom van die departement se kant af aan die volgende vereistes moet voldoen:

- 'n Behoorlike ondersoek na sy beweerde oortreding moet gehou word.
- Prosedures wat vir 'n tugondersoek deur die departement voorgeskryf is, moet stiptelik nagekom word.

- Die onderwyser moet voldoende geleentheid gebied word om sy kant van die saak te stel. Daar moet dus aan die reëls van natuurlike geregtigheid voldoen word.

Versuim die onderwysdepartement om aan hierdie vereistes te voldoen, kan die onderwyser na 'n interne orgaan (in die departement), byvoorbeeld die Uitvoerende Direkteur van Onderwys of Minister van Onderwys en Kultuur, appelleer.

Waar daar sprake is van 'n staatsdienswerknemer (die onderwyser) wat toetree tot diens in 'n staatsdepartement, het 'n mens met die sogenaamde statusooreenkoms te make. Administratiefregtelik beskou, word die dienskontrak wat tussen 'n staatsdepartement en 'n staatsdienswerknemer ('n onderwyser) gesluit word, dikwels as 'n statusooreenkoms omskryf (Oosthuizen, 1992: 39). Die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool se regte, bevoegdhede, verpligtinge en gesag spruit dus ook voort uit die besondere status wat hy op grond van die amptenaarskontrak wat hy met die Staat (onderwysdepartement) aangaan, ontvang (Bray, 1988: 27 - 28) asook die aansien wat hy aan die onderwys in die gemeenskap gee (Van Wyk, 1989: 150).

In die geval van die onderwyser as professionele persoon is dit egter van wesenlike belang om daarop te let dat hy, benewens die algemene beskerming wat hy statusgewys op grond van staatswetgewing geniet, ook individuele beskerming geniet op grond van sy professionele status. Die onderwyser geniet hierdie individuele beskerming as 'n professionele persoon

weens sy registrasie by die Federale Onderwysersraad wat as professionele beroepsliggaam vir onderwysers funksioneer. Dit verleen aan die onderwyser gesag, reg en bevoegdheid om as lid van die professionele groep op te tree en sy taak volgens die eise en standaarde van die onderwysprofessie uit te voer. Die onderwyser verteenwoordig en dra die gesag van die onderwysprofessie (Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1983: 2).

Volgens Oosthuizen (1992: 39) is 'n statuskontrak 'n besondere verskyningsvorm van die dienskontrak en vertoon dit die volgende wesenskenmerke:

- Besondere status word hierdeur aan die onderwyser toegeken. Dit geskied op grond daarvan dat hy 'n openbare en professionele diens moet verrig. Hierdie statusposisie word egter nie net gekenmerk deur 'n veelheid van regte en voorregte nie, maar ook deur sekere verpligtinge.
- Wanneer 'n onderwyser in 'n bepaalde verhouding tot 'n leerling of ouer tree, doen hy dit dus op grond van sy algemene status (van staatswetgewing verkry) en sy individuele status (as lid van 'n erkende professie). Wanneer die onderwyser egter buite sy bevoegdhede handel, kan hy persoonlik aanspreeklik gehou word.
- Die onderwyser as kontrakterende party staan in 'n ongelyke gesagsverhouding tot die ander kontrakterende party, naamlik die onderwysdepartement. Hoewel die onderwyser die kontrak vrywillig sluit,

beskik hy oor feitlik geen wesenlike bedingingsmag by die sluiting daarvan nie. Die betrokke onderwysdepartement (as staatsorgaan) bepaal die diensvoorwaardes feitlik eensydig. Hierbenewens wysig die onderwysdepartement ook dikwels hierdie diensvoorwaardes en diensvoordele.

Die onderwyser word egter nie heeltemal magteloos gelaat nie. Daar bestaan erkende kanale soos die verskillende onderwysersverenigings wat voortdurend om verbeterde diensvoorwaardes vir die onderwyser beding. Afgesien van die steun wat die onderwyser van die onderwysersverenigings geniet, geniet hy ook die beskerming van sy professionele liggaam naamlik die Federale Onderwysersraad (FOR). Die FOR tree dan ook op as 'n amptelike mondstuk betreffende die opstel van diensvoorwaardes vir die onderwyser en die wysiging daarvan.

Volgens advokaat Prinsloo van die Federale Onderwysersraad (3 Junie 1993) is 'n wetsontwerp op arbeidsverhoudinge in die onderwys reeds goedgekeur deur die verteenwoordigers van die werkgewers en werknemers (georganiseerde onderwysprofessie) en sal dit waarskynlik in die nabye toekoms wet word en geïmplementeer word. Een van die doelstellings van hierdie wetsontwerp is om voorsiening te maak vir die voorkoming en beslegting van geskille tussen werkgewers en werknemers.

Die Staat het die bevoegdhode om sekere eise op die onderwyser af te dwing omdat die Staat poog om op te tree in openbare belang. Hoewel die onderwyser in wese in 'n ongelyke verhouding teenoor sy werkgewer staan,

word sy regte beskerm en kan hy dit in 'n geregshof laat afdwing. Die volgende kan as voorbeelde dien:

- Hoewel dissiplinêre maatreëls teen onderwysers by uitstek interne administratiewe handeling is wat die regte en voorregte van onderwysers raak, behoort so 'n onderwyser altyd die reg te hê om 'n gebrekkige dissiplinêre maatreël voor die burgerlike howe te betwis, tensy die wet hierdie reg uitdruklik uitsluit (Prinsloo, *et al*, 1987: 188, Bray, 1988: 54).
- Die onderwyser se diensverhouding met sy werkgewer word ontleen aan die een of ander wet of regulasie. Indien daar op 'n onregmatige wyse teen die onderwyser opgetree word, kan hy herstel van sy vorige status eis (Prinsloo, *et al*, 1987: 189).
- Wanneer 'n werkgewer geregtig is om 'n werknemer se dienste te beëindig, moet hy sodanige werknemer se dienste duidelik en sonder twyfel beëindig. Ingevolge die gemene reg konstitueer skorsing van 'n werknemer nie ontslag nie en derhalwe is hy geregtig op salaris totdat hy uiteindelik ontslaan word (Prinsloo, *et al*, 1987: 189). 'n Volledige bespreking van skorsing van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), word later in paragraaf 3.10.10 gegee.

Die status van die onderwyser as werknemer word statutêr omskryf. Hierdie statutêre bepalings word, soos in hierdie geval, dikwels deur die gemene reg getemper om die werknemer te beskerm. Van Wyk (1989: 138 - 139)

onderskei die volgende regte en pligte van die onderwyser wat voortvloei uit sy diensverhouding met die onderwysdepartement:

- Die onderwyser moet uitvoering gee aan departementele beleid, wetgewing en voorskrifte.
- Hy moet die take en pligte wat aan sy spesifieke pos gekoppel is, op bekwame wyse uitvoer.
- Op grond van sy aanstelling in 'n spesifieke onderwyspos beklee die onderwyser 'n ondergeskikte posisie teenoor die skoolhoof en ander personeellede in bestuurs- en leiersposte. Hy is dus verplig om hul gesagposisies te eerbiedig, gedelegeerde take uit te voer en hul leiding te aanvaar. Hul reg om beheer uit te oefen, plaas ook op hom die plig om gereeld die nodige verslae in te dien.
- Die onderwyser behoort die geleentheid te kry om sy besondere onderwysake op professionele wyse uit te voer. Dit impliseer onder andere dat hy nie in so 'n mate deur reëls en regulasies aan bande gelê word dat hy nie redelik selfstandig en professioneel kan optree nie.
- Die onderwyser kan ook verwag om medeseggenskap te hê in professionele sake.
- Wanneer die onderwyser se regte, voorregte of vryhede moontlik aangetas kan word, behoort die reëls van natuurlike geregtigheid toegepas te word.

Dit hou veral verband met tugmaatreëls teen onderwysers en sekere bestuursaangeleenthede. In laasgenoemde geval word verwys na bestuursaangeleenthede wat die uitoefening van 'n diskressie behels en waar die regte, voorregte en vryhede van persone aangetas kan word. In die onlangse hooggeregshofbeslissing van *Muller and Others v Chairman, Ministers' Council, House of Representatives and Others 1992, (2) SA 508(CPD)*, het die Kaapse hooggeregshof beslis dat die *audi et alteram partem*-reël toegepas moet word in gevalle waar persone geskors word, hetsy met of sonder salaris. In die lig van die klem wat tans op menseregte gelê word, is dit baie waarskynlik dat die hooggeregshof in die ander provinsies, sowel as die appèlhof, in die toekoms bogenoemde standpunt van die Kaapse hooggeregshof sal onderskryf.

Dit kan dus raadsaam wees om voortaan genoemde reël toe te pas in alle gevalle waar persone geskors word. Die reël behels dat 'n persoon meegedeel moet word dat daar oorweeg word om hom te skors en dat daar dan aan hom die geleentheid gebied moet word om sy saak te stel of vertoë te rig. Indien beoog word om hom sonder salaris te skors moet hierdie feit ook aan hom meegedeel word en moet hy die geleentheid kry om ook daarvoor vertoë te rig.

Die hofbeslissing waarna hierbo verwys is, maak wel daarvoor voorsiening dat in buitengewoon ernstige gevalle die persoon eers geskors kan word en dan daarna die geleentheid gegee kan word om vertoë te rig. Hierdie prosedure sal byvoorbeeld gevolg kan word in 'n geval waar 'n onderwyser se voortgesette teenwoordigheid by die skool 'n wesenlike gevaar vir die

leerlinge inhou. In alle gevalle wat nie as buitengewoon ernstig beskou kan word nie, moet die persoon egter eers die geleentheid kry om sy saak te stel voordat hy geskors word.

Spesifieke aangeleenthede behoort op die voorgeskrewe wyse gehanteer te word. Die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) het byvoorbeeld in Goewermentskennisgewing R. 700 van 30 Maart 1990, regulasies uitgevaardig waarvolgens ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag uitgevoer moet word.

- Vertroulike aangeleenthede behoort met groot verantwoordelikheid en met inagneming van relevante regsreëls gehanteer te word. Paragraaf 8.3 van die Professionele Gedragskode vir Onderwysers bepaal byvoorbeeld dat 'n onderwyser nie vertroulike inligting wat hy in die loop van sy professionele pligte as onderwyser bekom het, openbaar mag maak nie, uitgesonderd in die vervulling van sy professionele pligte.
- Die onderwyser moet toesien dat die eiendom van die departement en veral opvoedkundige toerusting en hulpmiddels nie beskadig word nie.
- Die onderwyser mag nie deur sy optrede onnodige skade vir die departement mee bring nie. Hy mag byvoorbeeld nie deur sy nalatigheid bydra tot onnodige beserings van leerlinge nie. Indien dit wel gebeur, is die werkgewer kragtens die beginsel van middellike aanspreeklikheid ook verantwoordelik vir die skade.

- Die onderwyser het 'n reg om deur middel van die erkende onderwysersverenigings te beding vir beter diensvoorwaardes.
- Die onderwyser het 'n reg op salaris, pensioen, mediese voordele, ensovoorts.
- Die onderwyser kan aansoek doen om bepaalde vergunnings soos langverlof, siekteverlof, studiebeurse. In die geval van vergunnings het die onderwyser nie 'n afdwingbare reg of aanspraak nie, maar wel 'n reg om aansoek te doen en dat dit behoorlik oorweging sal geniet en dat die aansoeke nie op onbillike wyse geweier sal word nie.

3.4 Die regsposisie van die onderwyser as gesagsdraer verbonde aan 'n gewone openbare skool.

In die onderwys in die algemeen en die skool in die besonder is daar, soos in alle organisasies, 'n gesagstruktuur aanwesig. Binne hierdie gesagstruktuur bestaan daar 'n bepaalde rangorde van gesag. Op elke vlak in die rangorde word die persoon van bo af met gesag bekleed. Dit gee hom die reg om opdragte te gee en gehoorsaamheid van diegene onder hom te verwag (Theron, 1992: 9).

Enersyds beperk hierdie gesag sy optrede, want hy is verantwoordig verksuldig aan die gesag bokant hom. Hy mag net handel binne die raamwerk van die magte wat aan hom toevertrou is. Andersyds verleen hierdie gesag aan hom die vryheid om te handel binne die perke van die magte wat aan

hom toevertrou is. Almal wat gesag besit, moet dit dus aanwend tot voordeel van diegene oor wie gesag gevoer word (Cawood, Strydom & Van Loggerenberg, 1980: 110).

Enige gesagstruktuur, en daarom ook dié in die skool, veronderstel gesagsdraers en gesagsonderdane. Binne skoolverband is die onderwyser een van die gesagsdraers en het hy 'n bepaalde gebied waaroor hy met gesag bekleed is. In die klas is die onderwyser die gesagsfiguur en die leerlinge is sy gesagsonderdane.

Die onderwyser ontvang sy gesag vanuit verskillende bronne. Ten eerste stel sy oorgeërfde persoonlikheidseienskappe vanaf sy natuurlike ouers hom in staat om 'n leier en gesagsdraer te word (Cawood, *et al*, 1980: 110). Ten tweede verwerf hy kennis en wysheid vanweë sowel sy groter studiekennis en kontak met ander mense as sy lewenservaring. Dit dra daartoe by om hom 'n gesaghebbende oor opvoedkundige aangeleenthede maak. Regtens vereis die Personeeladministrasiemaatreëls van die Departement van Nasionale Opvoeding (1992: 8 - 10) dat die aanvanklike opleiding van die onderwyser ook aan bepaalde eise moet voldoen ten opsigte van die kennis, vaardighede en gesindhede wat hy moet verwerf. Hierdie feit beklemtoon dat dit vir die owerheid belangrik sal wees dat die onderwyser 'n gesaghebbende opvoeder sal wees. Ten derde verkry die onderwyser die gesag van plaasvervangende of aanvullende ouer wanneer die ouers hul kinders vir 'n bepaalde tyd onder die sorg van die professionele onderwyser plaas om die opvoedingstaak vir hulle te help verrig. Ten slotte staan die onderwyser ook in diens van 'n onderwysowerheid wat hom met gesag bekleed en aan wie hy deur departementele amptenare verantwoordig verskuldig is.

Sy gesagvryheid word dan ook bepaal en beperk deur onder andere die departementele regulasies en voorskrifte waaraan hy hom moet hou (Theron, 1992: 9).

3.5 Regsbeginsels van besondere belang rakende die gesagsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool.

Binne die Suid-Afrikaanse onderwysreg bestaan daar 'n veelheid van regsbeginsels. Twee van hierdie regsbeginsels wat geldend binne die Suid-Afrikaanse onderwystoneel is en wat besondere implikasies het vir die gesagsposisie van die onderwyser is die *in loco parentis*-beginsel en die beginsels rakende kwasi-judisiële handelinge.

3.5.1 *In loco parentis*.

Die letterlike vertaling van hierdie Latynse term is "in die plek van die ouer" (Hiemstra & Gonin, 1986: 210). Persone *in loco parentis* word deur Claassen (1976: 218) en die Reader's Digest (1992: 341) omskryf as synde diegene te wees wat deur ouers toevertrou word met die toesig en beheer van hulle minderjarige kinders. Enkele kenmerke van hierdie beginsel is volgens Oosthuizen (1992: 79 - 81 en 1993: 9 - 10) soos volg:

- Die onderwyser (ook koshuispersoneel) word met gesag bekleed om die leerling binne die formele onderwys tot orde te roep. Die reg van 'n onderwyser om gesag toe te pas is gerig op die handhawing van 'n geordende milieu waarsonder opvoedende onderwys nie moontlik is nie. Orde

binne skoolverband is gerig op die beskerming van die regte en pligte van die onderwyser. Daarsonder kan die onderwyser nie sy regte en pligte afdwing nie.

- Hierdie gesagshandhawing is onder andere gegrond op die feit dat die onderwyser binne die skool as 'n selfstandige samelewingsverband funksioneer. Die skool as selfstandige samelewingsverband staan naas die huis wat as samelewingsverband 'n soewereine gesagsfeer binne sy eie kring handhaaf. Dit verleen aan die onderwyser oorspronklike bevoegdheid om gesag binne skoolverband te handhaaf. Die gees van gesagshandhawing binne skoolverband word nie alleen deur onderwyswette en regulasies uitgespel nie, maar ook deur die wese van opvoedende onderwys. Dit bring mee dat gesagshandhawing binne skoolverband betekenisvol kan verskil van gesagshandhawing in die ouerhuis en 'n ander inslag kan hê.
- Weens die eiesoortige karakter van die skool as samelewingsverband, word die aard, wese en wyse van gesagshandhawing by die skool deur 'n eiesoortigheid gekenmerk. Hierdie soort gesagshandhawing is naamlik gerig op die handhawing van orde en die beskerming van die regte van die deelnemers aan die opvoedende onderwysgebeure.
- Die ouer en onderwyser staan in 'n vennootskaplike verhouding om die opvoedeling te skool en op te voed tot 'n hoër vlak van kennis en volwassenheid. Waar die ouer nou sy kind aan die onderwyser toevertrou ken die ouer gedelegeerde bevoegdheid aan die onderwyser toe om gesag te handhaaf oor die kind vir die duur van die tyd wat die kind aan die

skool toevertrou is. Die onderwyser verkry dan ook volgens die *in loco parentis*-beginsel 'n verpligting tot gesagshandhawing.

- Die onderwyser (te wete die skoolhoof) is ook ingevolge hierdie gesagsposisie daartoe geregtig om skoolreëls en klasreëls op te stel wat riglyne stel vir die ordelike regulering van onderwyser-leerling-optredes binne die skool. Indien hierdie skoolreëls aan sekere kriteria voldoen, word dit erken as 'n geldige regsmaatreël wat onderwyser-leerling-optredes binne die skool reguleer.
- Die onderwyser is verantwoordelik om sorgsame toesig oor die leerlinge uit te oefen vir die duur van die tyd wat die leerling aan sy sorg toevertrou is. 'n Onderwyser wat nie opletterend omsien na die veiligheid van 'n leerling nie, stel hom bloot aan moontlike juridiese aanspreeklikheid vir die besering van 'n leerling in sy sorg.
- *In loco parentis* impliseer nie dat die ouer vervang word nie. Die ouer en die taak wat hom as eerste (primêre) opvoeder opgedra is, kan deur niemand vervang word nie (Oosthuizen, 1993: 7 - 8). Die onderwyser tree egter in 'n ander samelewingsverband as die ouer op om 'n ander aspek van die opvoedende onderwys naamlik die kind se vorming te bevorder. Weens die fisiese afwesigheid van die ouer tree die onderwyser ook in die plek van sy ouervennoot op om sorgsame toesig oor die leerling uit te oefen en om orde te handhaaf deur gesagshandhawing en dissiplinêre maatreëls (Oosthuizen, 1993: 27).

Die onderwyser as 'n *in loco parentis*-persoon vervul sy rol deur in te staan vir sy ouervennoot om in laasgenoemde se fisiese afwesigheid tydens skoolaktiwiteite gesag oor die leerlinge te handhaaf en om oor hul veiligheid te waak as 'n sorgsame toesighouer (Oosthuizen, 1993: 27). Dit beteken dat die onderwyser soos 'n goeie en redelike ouer moet optree en die kind van raad dien. 'n Goeie en redelike ouer moet byvoorbeeld die kind in die geleentheid stel om sy kant van 'n saak te stel (die *audi alteram partem* - beginsel). Die *in loco parentis* - beginsel verplig dus die onderwyser as gesagsdraer om onder meer die kind op te voed en te onderrig, hom te dissiplineer en hom te verbied om dinge te doen wat gevaar inhou.

3.5.2 Kwasi-judisiële bevoegdheid.

Kwasi-judisiële bevoegdheid is daardie bevoegdheid wat 'n persoon (byvoorbeeld 'n onderwyser) het om binne die perke van die diskresie wat aan hom toegeken is, en met inagneming van die omstandighede wat 'n saak omring, besluite te neem wat die regte en voorregte van 'n ander persoon (byvoorbeeld die leerling) kan aantast (Van Wyk, 1977: 60). Die onderwyser het volgens Oosthuizen (1992: 81) byvoorbeeld die reg om, met versigtige inagneming van al die omstandighede, sy diskresie uit te oefen by die besluit of:

- 'n leerling skuldig is aan wangedrag of 'n oortreding;
- die verskoning wat die leerling aanvoer vir sy oortreding geldig is (indien hy wél skuldig is aan 'n oortreding);

- die leerling net vermaan of gestraf behoort te word, en watter vorm die straf behoort aan te neem (indien hy van mening is dat die verskoning nie die oortreding regverdig nie).

Kwasi-judisiële handeling is dus volgens Oosthuizen (1992: 81) handeling wat deur persone in gesagsposisies verrig word en wat 'n persoon se regte, pligte en bevoegdhede kan beïnvloed. Dit moet daarom met groot omsigtigheid toegepas word en onder andere aan die reëls van natuurlike geregtigheid voldoen

3.5.2.1 Die onderwyser en die toepassing van die beginsels van natuurlike geregtigheid.

In die uitvoering van sy taak moet die onderwyser dikwels beslissings maak wat ingrypende implikasies kan hê. Dit is noodsaaklik dat hy bewus sal wees van die beginsels van natuurlike geregtigheid en dit sal toepas, benewens enige ander voorskrifte wat hy moet navolg (Beckmann & Prinsloo, 1990: 26). Hierdie beginsels word vervolgens geïllustreer aan die hand van die toepassing daarvan tydens die tugproses.

(a) Instel van 'n ondersoek deur 'n onderwyser voor die toediening van lyfstraf.

(1) Inleiding

Wanneer die reg van die onderwyser om lyfstraf toe te dien ingevolge die gemene reg of ingevolge 'n statutêre bepaling

beoordeel word, kom daar 'n aantal belangrike beginsels in die gedrang waarmee rekening gehou moet word sodra die vereistes van 'n ondersoek wat die toepassing van straf voorafgaan, gestel word.

By die uitoefening van 'n kwasi-judisiële diskresie, dit wil sê van 'n bevoegdheid om, na ondersoek en oorweging van die *pro en contra*, aan iemand 'n reg te verleen of van hom te onthou of om 'n besluit te neem wat hom 'n verpligting sou oplê of sy persoon of goed nadelig sou affekteer, moet die elementêre beginsels van geregtigheid in ag geneem word (Beckmann, *et al*, 1990: 27).

(2) Geleentheid aan leerling

Die eerste elementêre beginsel van geregtigheid wat deur die onderwyser in ag geneem moet word, is dat hy 'n behoorlike ondersoek moet instel en daarby aan die leerling die geleentheid bied om sy saak aan hom voor te lê (Hosten, Edwards, Nathan, & Bosman, 1990: 685). Die vereiste dat die leerling toegelaat moet word om sy kant van die saak voor te lê, beliggaam een van die elementêre reëls van geregtigheid, naamlik *audi et alteram partem* (die ander kant moet gehoor word) (Reader's Digest, 1992: 55).

(3) Beweerde oortreding

Die volgende elementêre beginsel van geregtigheid wat deur die onderwyser nagekom moet word, is dat die leerling nie alleen die geleentheid gebied moet word om sy saak te stel nie, maar dat hy ook verwittig moet word van die feite wat teen hom aangevoer word sodat hy 'n geleentheid kan hê om daardie feite te weerlê of aan te toon dat hulle ongegrond is (Oosthuizen, 1992: 103). As die leerling nie die geleentheid wil benut nie, sal die onderwyser steeds kan aantoon dat hy wel 'n geleentheid gebied is om dit te kan doen (Beckmann, *et al*, 1990: 28).

(4) Vry van vooroordeel

Dit is ook 'n elementêre beginsel van geregtigheid dat die onderwyser vry moet wees van vooroordeel (Hosten, *et al*, 1990: 687). Indien daar byvoorbeeld as gevolg van vorige voorvalle vyandiggesindheid teenoor 'n kind bestaan, moet die onderwyser op sy hoede wees dat dit hom nie sal beïnvloed nie (Beckmann, *et al*, 1990: 28).

(5) Net relevante feite

Die onderwyser moet hom nie laat lei deur feite of oorwegings wat heeltemal nie ter sake is nie. Hierdie elementêre beginsel van geregtigheid behels (hoe vanselfsprekend dit ook al mag klink) dat die onderwyser tot 'n besluit moet kom slegs op grond van al die

ter sake feite wat op die oortreding betrekking het (Beckmann, *et al*, 1990: 29).

Indien 'n onderwyser *in loco parentis* sy tugbevoegdheid sou oorskry, kan hy aanspreeklik wees vir skadevergoeding en/of genoegdoening en kan hy strafregtelik van aanranding aangekla word. Die onderwyser kan ook departementeel van wangedrag aangekla word en ook homself blootstel aan tugstappe deur die Federale Onderwysersraad (Prinsloo, *et al*, 1987: 253).

- 3.6 Die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool in terme van sy sorgsaamheidsplig.

Die onderwyser beklee 'n *in loco parentis*-posisie ten opsigte van die leerling. Hierdie posisie verleen enersyds aan hom 'n bevoegdheid om gesag te handhaaf en andersyds lê dit 'n verpligting op hom om sorgsame toesig oor die leerling wat aan sy sorg toevertrou word, uit te oefen (Oosthuizen, 1993: 27).

- 3.6.1 Die sorgsaamheidsplig en die gesagsterrein van die onderwyser.

Die gesagsterrein van die onderwyser bepaal hoe ver die bestuursjurisdiksie van die skool strek en gevolglik op watter terrein sy sorgsaamheidsplig lê. Kortliks saamgevat kan ons sê dat die primêre gesagsterrein van die skool volgens Prinsloo *et al* (1987: 110) die volgende is:

- In terme van plek, die skoolterrein; en

- in terme van tyd, die gewone skoolsessie.

Word die statutêre bepalings, gemeenregtelike beginsels en ander voorskrifte met betrekking tot die gesag van die skool ondersoek, kan die gesagsterrein soos volg uitgebrei word (Beckmann, *et al*, 1990: 12):

- In terme van plek, buite die skoolterrein en wel op plekke waar buitemuurse en ander amptelike bedrywighede beoefen word en waar onderwysers in beheer is van leerlinge; en

- in terme van tyd, bykans onbeperk gedurende buitemuurse bedrywighede en ander amptelike bedrywighede gedurende skoolure, na skool, oor naweke en selfs gedurende skoolvakansies.

Gedurende hierdie tye en op die betrokke plekke voer die onderwyser gesag oor kinders en is hulle onder sy toesig en beheer. Die onderwyser staan gedurende hierdie tyd en op daardie plekke in die plek van die ouers en hy het 'n regsplig om te waak oor die veiligheid en welsyn van die kinders (Oosthuizen, 1993: 24). Die bestuursprogram en skoolreëls moet deeglik met hierdie omstandighede rekening hou en daarvoor voorsiening maak (Beckmann, *et al*, 1990: 13).

3.6.2 Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser in die klaskamer.

Indien omstandighede dit vereis, moet 'n onderwyser volgens Beckmann (1985: 170) optree om te voorkom dat kinders beseer word of dat ongelukke gebeur.

3.6.2.1 Die onderwyser teenwoordig in die klaskamer.

Die onderwyser het te doen met mense wat in 'n ouderdomsgroep val wat die gevaar van 'n bepaalde optrede nie altyd betyds insien nie. Omdat kinders ook in 'n lewensfase is waar hulle alles op die proef wil stel en waar hulle dikwels te waaghalsig is, moet daar verwag word dat die frekwensie van beserings in die skooljare waarskynlik hoër as in ander lewensfases sal wees (De Witt, 1979: 153).

Indien leerlinge in die klaskamer mekaar byvoorbeeld met passers steek, ontstaan die vraag na die aanspreeklikheid van die onderwyser indien een van die leerlinge 'n besering sou opdoen. Dit is duidelik 'n geval waar die onderwyser self geen handeling verrig het waaruit die besering en die gevolglike skade kon voortvloei het nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 127).

'n Mens sou wou aanvaar dat indien die onderwyser nie self gehandel het nie, daar nie sprake van aanspreeklikheid kon wees nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 127). Indien die besondere omstandighede volgens Neethling *et al* (1989: 47) van so 'n aard is dat daar van die onderwyser verwag kan word om daadwerklik op te tree, en hy versuim om dit te doen, het hy nagelaat om sy regsplig om redelik op te tree na te kom, en kan hy aanspreeklik gehou word (Prinsloo, *et al*, 1987: 127).

In dié omstandighede kan verwag word dat die onderwyser sal beseef dat 'n kind beseer kan word en dat hy sal moet optree. Hy moet dus die kinders vermaan om hulle gedrag te staak en hy moet toesien dat hulle sy opdrag

uitvoer. Na gelang van die omstandighede sal dit nie noodwendig fisies moontlik wees om te kontroleer dat niemand in die klas sy verbod verontagsaam en weer begin nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 127). Indien hy dus alles gedoen het wat redelikerwys van hom verwag kan word om te voorkom dat 'n leerling beseer word of dat 'n ongeluk gebeur, kan hy nie aanspreeklik gehou word nie (Beckmann, 1989: 68).

3.6.2.2 Die onderwyser verlaat die klaskamer.

Kan die onderwyser aanspreeklik gehou word omdat hy versuim het om behoorlike toesig te hou indien hy die klaskamer sou verlaat in die loop van die uitvoering van sy pligte nadat hy, byvoorbeeld, die leerlinge skriftelike werk gegee het om te doen en 'n leerling word in sy afwesigheid beseer? Indien die klas rustig en stil is op die stadium wat hy die klas verlaat, en daar geen aanduiding van oproerigheid of wanordelike gedrag is nie, sal waarskynlik nie gesê kan word dat hy onredelik opgetree het nie (Beckmann, 1989: 62). Indien die kinders al die hele dag lank en met moeite in bedwang gehou kan word, sal waarskynlik gesê kan word dat dit onredelik sal wees om die klas sonder toesig te laat. Afhangende van die ouderdom van die kinders, kan buitendien verwag word dat hulle self ook sal besef watter gevare daaraan verbonde is om mekaar met skerp voorwerpe soos 'n passer te steek. Hierdie kennis en insig van die kind onthef egter nie die onderwyser van sy verantwoordelikheid nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 128).

3.6.3 Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser ten opsigte van 'n bepaalde vak of vakgebiede.

Waar besondere situasies verhoogde gevare inhou vir leerlinge, word 'n hoër graad van sorgsaamheid van die onderwyser geverg (Beckmann, 1989: 61). Die brosjure van die Komitee van Onderwys hoofde getiteld "Voorkoming van ongelukke in skole" (Transvaalse Onderwysdepartement, 1986:98) wys dan ook in die besonder op die verhoogde gevare in die volgende situasies:

- Die wetenskaplokaal en die mate van toesig wat vereis word as gevolg van die teenwoordigheid daarin van gevaarlike stowwe soos sure, alkalieë, gifstowwe, glasskerwe en vlamme.
- Die huishoudkundekamer en die gevare verbonde aan die gevaarlike middels wat daar gebruik word, asook stoom, elektrisiteit, stowe, gladde vloere en lendelam lere. Dieselfde geld vir die naaldwerkkamer en naaimasjiene, stryksters, skêre, naalde en spelde.
- Die landbouklas het ook situasies wat besondere sorg verg:
 - (a) binne die landbouklaskamer of -laboratorium;
 - (b) binne die landboupakkamer;
 - (c) tydens praktiese werk; en

(d) in die werkwinkel.

Elkeen van die terreine het besondere gevare in die vorm van gevaarlike gifstowwe, wilde (kwaai of ongetemde) diere, plaas- en ander masjiene, wat telkens ander voorsorgmaatreëls verg.

- Die houtwerkkamer, die metaalwerkkamer en praktiese afdelings van beroepskole verg (vanweë die groot gevare verbonde aan die masjinerie) die hoogste mate van noukeurige toesig en, indien dit onvermydelik is dat die onderwyser die klas vir 'n kort rukkie alleen moet laat, moet alle masjienwerktuie tot stilstand gebring word en die kragtoevoer afgeskakel word. Leerlinge kan dan alleen voortgaan met werk wat veilig sonder toesig gedoen kan word.

Indien daar nie nalatigheid (of versuim) aan die kant van die onderwyser is nie, is nóg hy nóg die skoolowerhede aanspreeklik (Prinsloo, *et al*, 1987: 130). Indien hy wel nalatig is, kan die onderwyser strafregtelik sowel as privaatregtelik aanspreeklik gehou word (Beckmann, 1985: 170).

3.6.3.1 Die liggaamlike opvoedingsklas (gimnastiek).

Besondere vereistes word in hierdie verband gestel om leerlinge se veiligheid te verseker onder andere met betrekking tot die kwalifikasies van onderwysers. Alhoewel hierdie bedrywighede ook deel van die gewone skoolprogram is, verskil die besondere voorsorgmaatreëls wat dit verg in 'n voldoende mate dat dit afsonderlike behandeling regverdig. (Beckmann, 1989: 63).

Liggaamlike opvoeding is 'n verpligte vak vir alle leerlinge wat nie 'om mediese redes vrygestel is nie. Omdat liggaamsoefeninge, spele, gimnastiek en sport, spesifieke liggaamlike inspanning verg van die kind, kan dit gebeur dat hierdie bedrywighe, vanweë die klimaat of vanweë die swak gesondheid van die kind, ooreising kan veroorsaak, wat 'n nadelige uitwerking op sy liggaamlike welsyn kan hê (De Witt, 1979: 154).

Volgens Beckmann *et al* (1990: 17) bestaan daar talle departementele voorskrifte met betrekking tot die gebruik van gimnastiekapparaat. Die voorskrifte beklemtoon onder meer die volgende:

- Gimnastiekapparaat mag nie deur leerlinge sonder behoorlike toesig gebruik word nie.
- Geen leerling mag sonder skriftelike toestemming van die departement gimnastiekapparaat gebruik nie tensy die onderwyser in besit is van 'n kwalifikasie in liggaamlike opvoeding wat deur die departement as voldoende erken word.

Hierdie voorskrifte beklemtoon die besondere vereistes wat gestel word vir 'n besondere vakgebied en al hierdie vereistes is toegespits op die voorkoming van ongelukke in skole.

Ouers weet dat liggaamlike opvoeding verpligtend is tensy 'n mediese sertifikaat voorgelê word vir vrystelling. Ouers weet ook dat liggaamlike aktiwiteite 'n noodsaaklike deel vorm van die opvoeding van 'n kind, maar

omdat dit 'n bepaalde risiko inhou, word bepaalde voorsorgmaatreëls voorgeskryf om die veiligheid van leerlinge te verseker. Een van hierdie vereistes is die besondere kennis (opleiding) van die onderwyser van die vakgebied wat ook deur die hof oorweeg sal word (Prinsloo, *et al*, 1987: 130). Indien hierdie voorskrifte verontagsaam word en die onderwyser begeef hom op die terrein sonder die vereiste kwalifikasie, kan sy nalatigheid lei tot aanspreeklikheid (Beckmann, *et al*, 1990: 17 - 18).

Volgens Beckmann *et al* (1990: 18) word daar dus van die gimnastiek-onderwyser verwag dat hy op hoogte sal wees van die regsvoorskrifte met betrekking tot die onderwys -

- (a) enersyds, wat sy vak betref oor die algemeen; en
- (b) andersyds, wat betref besondere situasies in die onderwys wat 'n hoër graad van sorgsaamheid (beter opleiding en beter toesig) van die onderwyser verg.

3.6.4 Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser ten opsigte van die speelterrein.

Op die speelterrein is die leerling onder die toesig en beheer van die onderwyser, voor en na skool en gedurende pouses, en hy het 'n beskermingsplig teenoor hulle (Prinsloo, *et al*, 1987: 132). Gevare op die speelterrein kan bestaan uit permanente gevare, dit wil sê iets wat altyd daar teenwoordig is, of andersins slegs tydelike gevare, dit wil sê voorwerpe of wat ook al wat slegs tydelik op die terrein gebring word of wat gereeld van tyd tot tyd daar gebring word.

Die saak *Knouws v Administrateur, Kaap 1981 1 SA 544(K)* het betrekking. Die feite sentreer om Knouws wat 'n eis namens haar dogter, Ester Louw, ingestel het. Op die besondere dag het die agtjarige Ester en 'n vriendin voor skool op die gras tussen die skoolgeboue resies gehardloop. Die vriendin het op 'n gegewe oomblik vir Ester gestamp sodat sy gestruikel en teen die skoolgrasmasjien gebots het, waar 'n arbeider besig was om gras te sny. Ester se vinger het in die grasmasjien se waaierband beland, en haar vinger is sodanig beseer dat dit later afgesit moes word. Die opsigter was op daardie oomblik dertig meter weg van die toneel af, op pad na die skool se administratiewe kantore toe.

Die eiser, mev Knouws, voer in haar betoog aan dat die volgende partye nalatig opgetree het:

- Die arbeider, Gert Links, wat besig was om die gras te sny toe die ongeluk gebeur het;
- die opsigter, mnr Smit, wat daardie dag moes toesien dat leerlinge nie naby die betrokke grasperk kom nie;
- die skoolhoof, mnr Van Huyssteen.

Die hof het daarop gewys dat dit welbekend is dat die gedrag van kinders dikwels impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik kan wees. Dit is ook welbekend dat kinders so verdiep raak in die aktiwiteite waarmee hulle besig is dat hulle onbewus is van enigiets anders (Beckmann, *et al*, 1990: 13).

Die hof maak verder 'n baie belangrike opmerking ten opsigte van die kennis van die onderwyser, naamlik dat hierdie eienskappe van kinders aan die hoof van 'n primêre skool wat gemoeid is met die opvoeding van jong kinders, insluitende dié in sub A, en wat daaglik met hulle in aanraking kom, bekend moes gewees het. Dit is aangeleerde kennis en ook kennis wat uit ondervinding verwerf word.

3.6.4.1 Hoekom ondersoek die hof die kennis van die onderwyser ten opsigte van die kind?

Die spelende kind is deur 'n grassnyer op die speelterrein beseer. Volgens Hosten *et al* (1990: 507 - 509) is daar 'n bepaalde toets vir aanspreeklikheid weens nalatigheid geformuleer wat soos volg ontleed kan word:

- (a) die skoolhoof wat in die gegewe situasie as 'n *diligens paterfamilias* (sorgsame vader) moet optree
 - (i) behoort die redelike moontlikheid te voorsien dat sy handeling (ook sy versuim om op te tree) aan 'n ander se eiendom skade kan berokken of hom kan beseer (die kennis wat hy het of moet hê, sal bepaal wat sy insig in 'n situasie is om 'n gevolg te voorsien); en
 - (ii) moet redelike stappe neem om te waak teen so 'n gebeurtenis; en
- (b) moet nie versuim om sodanige stappe te neem nie (Beckmann, *et al*, 1990: 14).

Die hof moet ook die onderwyser se kennis van die kind ondersoek, want indien hy in gebreke bly om aan enige van die bogenoemde eise te voldoen, kan hy aanspreeklik wees op grond van nalatigheid.

In dié besondere geval is dit duidelik dat die skoolhoof bepaalde kennis van die kinders gehad het. Hy het ook kennis gedra van die gevare verbonde aan 'n grassnyer. Die regter het bevind dat die skoolhoof die moontlikheid moes voorsien het dat spelende kinders op die grasperk met die grassnyer kan bots en beserings kan opdoen. Trouens, sodanige moontlikheid sou deur enige redelike persoon voorsien gewees het (Bray, W., Van Wyk, J.G. & Oosthuizen, I.J. 1989: 35).

Die volgende vraag wat gestel word in die toets van nalatigheid is of 'n redelike persoon onder die omstandighede voorsorg sou getref het ten einde die intrede van 'n skadelike gevolg te vermy of te voorkom het. Met ander woorde, sou sy kennis hom geaktiveer het om iets te doen? Die hof bevind in hierdie geval dat die antwoord op die vraag bevestigend is. As dit so is dat 'n redelike persoon in die posisie van die skoolhoof iets sou doen, is die vraag wat sou hy doen en of die skoolhoof dit gedoen het.

Die volgende vraag wat dus gestel word, is of die werknemers by die skool voorsorg moes getref het en versuim het om sodanige voorsorg te tref? Die voorsorg wat wel by die skool getref is, was om die opsigter daar te plaas om te verhoed dat die kinders naby die grassnyer kom. Ten tye van die voorval was hy nie op sy pos nie (Bray, *et al*, 1989: 35 - 36). Dit is wel so dat dit onnodig is vir skoolpersoneel om kinders wat in hulle sorg is elke

oomblik van die dag onder toesig te hou. Maar die mate van toesig wat van hulle verwag word, hang onder andere af van die risiko waaraan kinders blootgestel word en van hulle ouderdom (Beckmann, *et al*, 1990: 15).

In dié verband bevind die hof dat die risiko waaraan die kinders die betrokke dag blootgestel was, sodanig was dat hulle deurentyd onder behoorlike toesig moes gewees het. Die risiko was inderdaad van so 'n aard dat dit doeltreffende stappe aan die kant van die skoolpersoneel geverg het om te verseker dat die veiligheid van die kinders aldaar gewaarborg word. Die hof bevind dat nalatigheid aan die kant van die skoolpersoneel bewys is (Beckmann, 1985: 171).

In hierdie saak het die hof ook na departementele voorskrifte met betrekking tot die veiligheid van kinders verwys, naamlik die brosjure wat op versoek van die Komitee van Onderwys hoofde opgestel is, getiteld "Voorkoming van ongelukke in skole". Dr. Meyer, die destydse Direkteur van Onderwys in die Kaapprovinsie, het getuig dat die skoolhoofde onderhewig is aan die reëls vervat in die brosjure (Bray, *et al*, 1989: 35).

Die hof se opmerking hieroor is die volgende:

"Die inhoud van die brosjure plaas 'n streng plig op skoolhoofde en ander onderwyspersoneel om voldoende voorsorgmaatreëls te tref ten einde ongelukke in skole te voorkom".

Volgens Beckmann *et al* (1990: 16) blyk dit dus dat die kennis wat die onderwyser van die kind het of moet hê, hom in staat stel om risiko's wat

'n gevaar vir die kind inhou te voorsien, en om as 'n redelike persoon stappe te doen om te voorkom dat die gevaar intree of skade of beserings veroorsaak word.

3.6.5 Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser ten opsigte van toesig oor sport.

'n Leerling wat aan sport deelneem, stel hom bloot aan beserings tydens die normale verloop van die spel, wanneer die spel binne die reëls gespeel word. Hy stem dus toe tot die risiko van benadeling. Omdat daar onsekerheid is oor die kind se bevoegdheid om toestemming tot die risiko van benadeling te gee, moet onderwysers verkieslik sorg dat ouers skriftelik toestemming tot deelname en ook vrywaring gee (Prinsloo, *et al*, 1987: 138).

Tydens sportbyeenkomste is die organiseerders (onderwysers) verantwoordelik, afhangende van die aard van die sport, vir die veiligheid van toeskouers (leerlinge) sowel as deelnemers. Die toestemming wat 'n leerling aan 'n sportsoort gee om hom aan beserings bloot te stel binne die reëls, gee nie 'n ander deelnemer of 'n entoesiastiese toeskouer die reg om buite die reëls van die spel op te tree en die ander te beseer nie. Beserings kom normaalweg in die meeste sportsoorte voor, maar volgens Prinsloo *et al* (1987: 139) val 'n opsetlike aanranding buite die normale, voorsienbare en aanvaarde risiko's van die spel.

Wanneer 'n kind beseer word, ongeag wie vir die besering verantwoordelik is of wie aanspreeklik sal wees vir skadevergoeding of genoegdoening, is dit nodig dat die kind mediese behandeling moet ontvang. 'n Versuim aan die

kant van die onderwyser om tydig op te tree sodat die kind behandeling kan ontvang, kan, indien die skade vererger word as gevolg van die versuim, meebring dat die onderwyser op grond daarvan aanspreeklik gehou kan word. Hierdie plig om onmiddellik op te tree word duidelik uitgespel in die brosjure van die Komitee van Onderwyshoofde getitel "Voorkoming van ongelukke in skole" (Prinsloo, *et al*, 1987: 151).

Hierdie brosjure van die Komitee van Onderwyshoofde bevat 'n hele aantal maatreëls wat met betrekking tot sport deur die onderwyser nagekom moet word, onder andere:

- Geen leerlinge moet toegelaat word om aan sport deel te neem nie as die hoof van mening is dat deelname 'n nadelige uitwerking op die leerling se liggaamlike welsyn kan hê.
- As hieroor twyfel bestaan moet die ouer van die leerling geraadpleeg word en, indien nodig, moet die ouer versoek word om 'n mediese sertifikaat van geskiktheid ten opsigte van dié leerling te verkry.
- Die sportprogram moet by die plaaslike klimaatsomstandighede aanpas.
- Daar word aan die hand gedoen dat die skriftelike toestemming van ouers daartoe verkry word dat leerlinge aan sport deelneem.
- Sportoefening moet onder streng toesig geskied.

Ten spyte daarvan dat 'n leerling met sy ouers se toestemming aan sport deelneem en die kind en die ouer bewus is of verwag word om bewus te wees van die normale risiko's van die spel binne die reëls, doen dit nie afbreuk aan die onderwyser se verantwoordelikheid om te waak oor die veiligheid van die deelnemers sowel as toeskouers (kinders) nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 142).

3.6.5.1 Sport- en kultuurbeleid in gewone openbare skole.

'n Ministeriële mediaverklaring is op 8 Januarie 1992 deur mnr P.G. Marais, Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad in dié verband uitgereik. Skoolhoofde, onderwysers en bestuursrade van alle gewone openbare skole moet die verklaring en die implikasies daarvan vir hulle skole en gemeenskappe bestudeer.

Volgens die mediaverklaring aanvaar die departement geen juridiese of ander verantwoordelikheid vir enige sport- en kultuuraktiwiteite wat gereël word op 'n wyse wat strydig is met die departementele beleid van nie - diskriminasie nie. Geen staatskool mag op enige wyse teen 'n ander staatskool onder die beheer van die departement diskrimineer nie. Skoolhoofde en ander onderwysers as departementele beamptes mag nie in hul amptelike hoedanigheid by enige diskriminerende aktiwiteite betrokke wees nie.

Volgens Regulasie 6(1)(h)(ii) van die Regulasies Betreffende Bestuursrade van Openbare Skole, uitgesonderd Nywerheid- en Verbeteringskole soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 692 van 30 Maart 1990, besluit die skoolhoof self, na oorleg met die bestuursraad, oor die omvang van die sport- en kultuurbedrywighede van sy skool. Soos die frase "na oorleg met" aandui, berus die finale besluit ten opsigte van deelname dus by die onderwysbeheerowerheid soos verteenwoordig deur die skoolhoof en nie by die bestuursraad nie.

Binne skoolverband organiseer die skoolhoof en sy personeel die amptelike sport- en kultuuraktiwiteite waarop besluit is. Dit vorm deel van hul professionele taak en daarom aanvaar die departement, onder sekere voorwaardes, juridiese en ander verantwoordelikheid vir amptelike bedrywighede van hierdie aard. Elke staatskool (gewone openbare skool) val onder die jurisdiksie van 'n provinsiale onderwysdepartement van die Departement van Onderwys en Kultuur wat regsmag het oor die skole onder sy beheer. By alle staatskole is die skoolhoof en sy personeel werknemers van die Staat en moet hulle binne die beleid van die owerheid optree.

Waar gemeenskappe alternatiewe eie ligas organiseer, neem die skool as sodanig nie daaraan deel nie. Leerlinge sou ook nie gedwing mag word om daaraan deel te neem nie en die personeel kan nie amptelik daarby betrokke raak nie.

Die volgende word beskou as sport- en kultuuraktiwiteite buite skoolverband waarvoor die departement geen verantwoordelikheid neem nie en waaraan die skoolhoof en sy personeel nie gedwing kan word om deel te neem nie:

- indien die skoolhoof geen amptelike goedkeuring vir deelname gegee het nie;
- indien die leerlinge nie namens die skool as individue of as 'n span/groep teen ander skole, of aan streek-, provinsiale of nasionale byeenkomste deelneem nie; en
- indien sodanige aktiwiteite gereël word op 'n wyse wat strydig is met die regering se beleid van nie-diskriminasie.

Die huidige beleid berus op die volgende:

- Amptelike buitemuurse aktiwiteite maak deel uit van die amptelike skoolprogram. Die Minister stel dit duidelik dat dit deel is van die professionele terrein van die onderwyser wat as werknemer die beleid van die departement in staatskole uitvoer.
- Die reg van die individuele ouer om te besluit oor deelname, al dan nie, van sy kind word gerespekteer.
- Die bestuursraad het bepaalde bevoegdhede ten opsigte van die aktiwiteite, in soverre dit nie juridies op die terrein van die departement oortree nie, nie oorvleuel met die professionele terrein van die onderwyser nie en ook nie die reg van die individuele ouer en onderwyser aantast nie.

- Die beleid moet voorsiening maak vir tussen-groepdeelname en mededinging op sport- en kultuurgebied. Uitnodigings en die aanvaarding daarvan is nie gekoppel aan voorwaardes met betrekking tot die samestelling van 'n span of spanne nie.

Volgens die verklaring sal die departement dus geen juridiese of ander verantwoordelikheid aanvaar vir enige sport- of kultuuraktiwiteit wat strydig met die beleid van nie-diskriminasie gereël word nie. Soos aangedui, is onderwysers departementele beamptes en mag nie in hulle amptelike hoedanigheid by enige diskriminasiepraktyk betrokke raak nie. Voorts is die skoolhoof met 'n buitengewone bevoegdheid bekleed deurdat die finale beslissing oor leerlingdeelname by hom berus. Sy en sy personeel se posisie is duidelik en as opvoeders weet hulle wat van hulle verwag word en moet hulle in die beste belang van die kinders, maar ook van die hele gemeenskap, optree.

- 3.6.6 Die sorgsaamheidsplig van die onderwyser ten opsigte van toesig oor leerlinge tydens uitstappies, toere en ander bedrywighede (insluitende vervoer).

Die Komitee van Onderwyshoofde se brosjure getitel "Voorkoming van ongelukke in skole" stel dit kort en saaklik dat leerlinge behoorlik voorgelig moet word in verband met verstandige gedrag op busse en treine. Die vervoer van leerlinge moet net aan bevoegde, nugtere en betroubare persone toevertrou word. Elke soort vervoer hou 'n besondere soort gevaar vir kinders in. Die een helfte van die onderwyser se plig word nagekom as die leerlinge voorgelig word met betrekking tot hulle gedrag. Die ander helfte,

wat die belangrikste deel is, is dat die onderwyser moet toesien dat hulle hul gedra ooreenkomstig sy voorskrifte (Kruger & Calitz, 1992: 156). Dit sluit ook in dat 'n kind wat hom wangedra, nie net aangespreek moet word nie. Die onderwyser moet toesien dat sodanige kind reageer en homself uit die gevaarsituasie verwyder (Prinsloo, *et al*, 1987: 144).

Hoewel dit vanselfsprekend klink, moet toegesien word dat busse (asook ander vervoermiddels wat gebruik word) voldoen aan die vereistes van die onderskeie padverkeerordonnansies. Busse moet nie oorlaai word nie. Dit skep 'n tweeledige gevaar, naamlik dat die voertuig nie behoorlik beheer kan word nie, maar ook kan behoorlike toesig nie oor 'n oorvol bus uitgeoefen word nie. Noodhulptoerusting moet ook altyd byderhand wees (Prinsloo, *et al*, 1987: 145).

Waar die onderwyser toesig hou oor die leerlinge op die bus is hy vir hulle veiligheid verantwoordelik, ten opsigte van gevare wat voortspruit uit hulle eie optrede sowel as gevare wat kan voortspruit uit die roekelose bestuur van die voertuig deur 'n ander persoon. Daar sal beslis van die onderwyser verwag word om die bestuurder aan te spreek indien hy roekeloos bestuur. Indien nodig moet hy die bestuurder gelas om stil te hou sodat hy en die leerlinge die bus kan verlaat. Daar is reeds vroeër by die besprekings van Knouwds se saak (besering by 'n grassnyer) verwys na die hof se opmerking aangaande die kennis van 'n skoolhoof van die geaardheid en optrede van primêre skoolkinders (vergelyk paragraaf 3.6.4). Dit is juis hierdie kennis wat die onderwyser as toesighouer maan tot versigtigheid waar hy in bevel is van 'n groep kinders (Prinsloo, *et al*, 1987: 147). Onderwyspersoneel wat met die vervoer van leerlinge belas is, moet weet dat, mits daar geen

nalatigheid van hulle kant is nie, nóg die betrokke onderwyser nóg die skoolowerhede aanspreeklik is vir beserings wat deur leerlinge opgedoen word (Prinsloo, *et al*, 1987: 146).

In die saak van *Eggeling and Another v Law Union and Rock Insurance Co Ltd and Another* 1958(3) SA 592 (D & CLD) was die een verweerder die bestuurder van 'n bus wat skoolkinders van hulle huise na die skool en terug vervoer het. Hierdie verweerder was nie 'n onderwyser nie, maar die uitlatings van die hof met betrekking tot toesig oor kinders op 'n bus in hierdie geval is ook op onderwysers van toepassing. Die ouderdomme van die kinders op die bus het gewissel van 6 jaar tot 13 jaar. 'n Sesjarige het by die oop deur van die bus uitgeval en is beseer.

Die hof wys daarop dat, vir sover dit gevare vir kinders betref, onderskei kan word tussen verborge gevare en duidelike gevare wat ooglopend en bekend is. Daar is altyd die risiko dat 'n kind van 6 jaar katterkwaad sal aanvang tensy daar behoorlik toesig oor hom gehou word. Hierdie neiging op sigself skep al 'n gevaar waar daar normaalweg nie 'n gevaar is nie, hetsy verborge, hetsy ooglopend en bekend.

Indien daar nie behoorlik toesig gehou word oor 'n kind nie, kan hy benadeel word byvoorbeeld deur te veel te eet of te drink of sy klere nat te mors. Hierdie gevare bestaan as gevolg van die misbruik van iets wat nie op sigself gevaarlik is nie en tog is dit die plig van persone wat toesig hou oor kinders om redelike stappe te neem om daarteen te waak. Die moontlikheid dat 'n kind van 'n bewegende bus sal afstap, val in hierdie kategorie. Die bestuurder van 'n bus waarop kinders is wat nie onder ander

toesig is nie, onderneem om te waak oor die veiligheid van die kinders tydens die rit. Die moontlikheid dat 'n kind van 'n bewegende bus kan afstap, is 'n moontlikheid wat redelikerwys voorsienbaar is. Hierdie omstandighede plaas 'n plig op die bestuurder om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die veiligheid van die passasiers en in die besonder om te waak teen bekende gevare of daardie gevare wat redelikerwys voorsienbaar is (Prinsloo, *et al*, 1987: 148).

Tydens die betrokke saak is namens die verweerder aangevoer dat die besondere gevare ooglopend en bekend is, en indien 'n ouer sy kind toelaat om sonder toesig op so 'n bus te reis, kan dit nie teen die busbestuurder gehou word nie. Die hof onderskei die geval waar 'n ouer sy kind toelaat om sonder sorg of toesig van openbare munisipale busvervoer gebruik te maak en hierdie geval waar die busdiens uitsluitlik vir die vervoer van kinders bedryf word. Dit is nie prakties moontlik vir ouers om hulle kinders op die bus te vergesel nie. Die busdiens was spesifiek vir die vervoer van kinders voorsien. Daarom was dit die busbestuurder se plig om die kinders te beskerm selfs teen ooglopende en bekende gevare. Een van hierdie gevare was die moontlikheid dat 'n kind van die bewegende bus kan afstap. 'n Eenvoudige voorsorgmaatreël sou wees om 'n deur of veiligheidshek aan te bring of 'n kondukteur te gebruik. In die afwesigheid hiervan moet die bestuurder 'n oog hou oor die kinders. Die verweerders was nalatig omdat daar nie 'n deur of hek aangebring is nie of omdat daar nie 'n kondukteur op die bus was om oor die kinders toesig te hou nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 148).

Met betrekking tot die voorgaande moet ook onthou word dat die ouderdom van die skoolkind in die besondere omstandighede van elke saak sal medebepaal hoe groot die sorgsaamheidsplig van die onderwyser om te waak oor die veiligheid van leerlinge is.

3.6.7 Samevatting.

Die wesenlike van die sorgsame toesigrol van die onderwyser is volgens Bray *et al* (1989: 31) soos volg:

- Daar word van die onderwyser verwag om te waak oor die veiligheid van die leerlinge en om alle redelike maatreëls te tref om deur toesig leerlingbeserings, persoonlikheidsnadeel en vermoënskade te voorkom.
- Daar word van die onderwyser verwag om situasies wat ooglopend en andersyds 'n potensiële gevaar vir leerlinge inhou, te identifiseer en uit te skakel (Spackman, 1991: 9). Die rasionaal hieragter is dat die onderwyser professioneel geskool is vir hierdie taak en dat hy ervaring het (of behoort te hê) van leerlinggedrag (Kruger, *et al*, 1992: 152).
- Indien bewys kan word dat 'n onderwyser nalatig was onder bepaalde omstandighede waartydens 'n leerling beseer is, kan die onderwyser regs aanspreeklik gehou word vir enige skade (byvoorbeeld mediese koste) wat daarmee gepaard mag gaan (Oosthuizen, 1993: 24).

- Die maatstaf om te bepaal of 'n onderwyser soos 'n redelike man onder die bepaalde omstandighede opgetree het, is belangrik. Die toepaslike vraag wat hier gevra word, is of 'n redelike sorgsame persoon onder die besondere omstandighede redelikerwys die moontlikheid sou ingesien het dat sy optrede, of sy versuim om op te tree, die ander persoon (byvoorbeeld die leerling) skade sou aangedoen het. Hierdie toets staan bekend as die "redelike man"-toets (Kruger, *et al*, 1992: 154).

Daar rus dus 'n swaar verantwoordelikheid op die onderwyser om die leerling wat aan sy sorg toevertrou word vir opvoedende onderwys teen persoonlikheidsnadeel, dit wil se fisiese en psigiese leed te beskerm (Vergelyk paragraaf 4.10.5). Indien 'n leerling wat aan die onderwyser se sorg toevertrou is (vergeelyk die *in loco parentis*-beginsel soos bespreek in paragraaf 3.5.1), as gevolg van die nalatige optrede van die onderwyser beseer word of ander skade ly, kan die onderwyser persoonlik verantwoordelik gehou word vir sodanige skade (Oosthuizen, 1992: 108).

3.7 Die regsposisie van die onderwyser in terme van middellike aanspreeklikheid van sy werkgewer.

Waar die onderwyser in die uitvoering van sy pligte optree en in die loop van sy diens skade of beserings aan 'n ander veroorsaak, kom die beginsel van middellike aanspreeklikheid ter sprake. Dit behels dat die werkgewer (in hierdie geval 'n onderwysdepartement) aanspreeklik gehou word vir die onregmatige dade van sy werknemer (Beckmann, *et al*, 1990: 24). Dit beteken nie dat die onderwyser nie ook aanspreeklikheid kan opdoen nie. Sy aanspreeklikheid is juis die grondslag van sy werkgewer se aanspreeklikheid.

Die voorwaardes vir en die implikasies van die beginsel van middellike aanspreeklikheid sluit volgens Beckmann *et al* (1990: 24 - 25) die volgende in:

- (i) Die Staat dra sy eie skade en ongeluksrisiko's en aanvaar aanspreeklikheid vir enige eise en verliese insluitende eise vir beserings en lewensverlies asook die verlies of beskadiging van eiendom (insluitende staatseiendom) wat uit staatswerkzaamhede deur 'n persoon in diens van die Staat voortspruit of wat tydens die uitvoering van staatswerkzaamhede ontstaan of plaasvind (Prinsloo, *et al*, 1987: 210). Dit beteken dus inderdaad dat die Staat sy eie versekeraar is.
- (ii) Die Staat aanvaar aanspreeklikheid vir alle eise wat vanweë die optrede of versuim van persone in sy diens teen die Staat of teen persone in sy diens ingestel word tensy die Staatsprokureur, na raadpleging met die betrokke rekenpligtige beampte, van oordeel is dat die bedoelde persoon met betrekking tot of ten tyde van die optrede of versuim wat tot die eis aanleiding gegee het -
 - (a) nie in die uitvoering van sy pligte opgetree het nie of nie *bona fide* geglo het dat hy so opgetree het nie;
 - (b) sy bevoegdhede *mala fide* uitgeoefen of te buite gegaan het;

- (c) drank of dwelmmiddels in oormaat gebruik het (waarvoor daar genoegsame bewys bestaan) wat moontlik tot gevolg gehad het of daartoe bygedra het dat aanspreeklikheid ontstaan het;
- (d) sonder voorafgaande oorleg met die Staatsprokureur 'n skulderkenning gemaak het wat die Staat se saak benadeel het;
- (e) roekeloos of opsetlik opgetree het; of
- (f) versuim het om bestaande instruksies waarvan hy kennis gedra het of redelikerwys verwag kan word om te gedra het, na te kom of verontagsaam het,

in welke geval die bedrag wat die Staat verplig was om te betaal asook die regskoste van bedoelde persoon verhaal moet word (Beckmann, *et al*, 1990: 25).

- (iii) Daar is dus twee moontlikhede en wel dat die persoon binne die voorskrifte opgetree het en dus gedek is teen eise of dat hy sy dekking verbeur het (Beckmann, *et al*, 1990: 26).

Volgens Prinsloo *et al* (1987: 241) en Beckmann *et al* (1990: 26) is dieselfde beginsel van middellike aanspreeklikheid ook van toepassing op onderwysstudente wat met proefonderwys by skole besig is.

3.8 Ouer- en onderwyserregte en samewerking.

Die ouer en die onderwyser moet saam die verantwoordelikheid aanvaar om 'n opvoedingsklimaat te skep wat bevorderlik is vir die opvoeding van die kind. Optimale samewerking is slegs moontlik as die regte en pligte van al die partye, dus ouers, onderwysers en kinders duidelik is. Omdat beide onderwyser en ouer regte en verpligtinge ten opsigte van die opvoeding van die kind het, is samewerking wat uitloop op 'n besondere verhouding tussen hierdie twee partye noodsaaklik (Beckmann & Van der Bank, 1992: 4). Beide ouer en onderwyser het die reg en verpligting om die kind op te voed en te dissiplineer. Hierdie regte en verpligtinge vereis samewerking tussen ouers en onderwysers aangesien die aard daarvan sensitief is en dus maklik in konflik kan ontaard.

Alle onderwysers verbonde aan gewone openbare skole word statutêr verplig om by die Federale Onderwysersraad te registreer. Die Gedragskode van die FOR se bepalings met betrekking tot die verhouding en samewerking tussen onderwyser en ouers word duidelik uitgespel in paragraaf 4 van die kode wat soos volg lui:

- "die onderwyser streef na hartelike samewerking met die ouers van leerlinge onder sy sorg; en
- die onderwyser doen alles moontlik om ouerlike gesag te handhaaf, vertroue van leerlinge in sy ouerhuis te bevorder en om ouers voldoende op hoogte te hou met die vordering van hul kind".

Dit is duidelik dat die ouers nie bloot net van die vordering van sy kind moet kennis neem nie, maar ook belang het by die onderwyser se werk en die gehalte daarvan. Die regte van die ouer in dié verband word deur die hof in 'n ernstige lig betrag. Die uitspraak in *Jordaan v Van Biljon* 1962 1 SA (A) dui daarop dat die ouer se belange by die skool en by die onderwys van sy kind daartoe mag lei dat optrede wat in 'n ander konteks as lasterlik vertolk sou kon word, nie onregmatig sal wees nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 55).

In die aangehaalde saak het 'n ouer naamlik 'n petisie opgestel en laat onderteken deur ander belanghebbende ouers in verband met 'n onderwyser wat na sy mening nie beroepsbekwaam was of voldoende in sy leerling se vordering belang gestel het nie. Beckmann (1985: 158) bespreek hierdie saak en toon aan dat die hof bevind het dat die betrokke ouer nie aan 'n onregmatige daad, te wete laster, skuldig was nie. Dit is bevind dat die ouer in 'n geprivilegieerde situasie opgetree het deur na 'n saak te verwys waarby die persone wat hy ingeskakel het, regmatige belang gehad het. Die ouer het voorts ook nie kwaadwillig opgetree nie en dit was in die belang van die gemeenskap dat die betrokke onderwyser se beroepsbekwaamheid en gebrekkige belangstelling in die kind openbaar sou word (Beckmann, 1985: 158).

Dit is dus duidelik dat ouers die reg het tot inspraak in die onderwys, en die bestuursraad van 'n gewone openbare skool is 'n middel waardeur die owerheid aan ouers inspraak verleen en aan hulle regte, bevoegdhede, pligte en verantwoordelikhede ten opsigte van die onderwys toeken. Die inspraak in die onderwys wat aan ouers verleen word, moet sodanig wees dat dit die

ouers enersyds in staat sal stel om van die beskikbare kanale, meganismes en prosedures gebruik te maak om te verseker dat hulle regte erken en gerespekteer word en andersins dat hulle regte nie geïgnoreer of geringgeskat word nie. Alhoewel daar erken word dat elke belanghebbende 'n unieke rol te speel het en dat elkeen se belange verskil van die ander partye, mag een party (byvoorbeeld die ouer) nie die ander party (byvoorbeeld die onderwyser) domineer en op hulle regte inbreuk maak nie.

Bestuursrade van gewone openbare skole is skeppinge van die wetgewer en hulle pligte, bevoegdhede en prosedures word omskryf in die wetgewing waardeur hulle in die lewe geroep word. Dit is noodsaaklik dat onderwysers kennis sal dra van die pligte, bevoegdhede en prosedures van bestuursrade van gewone openbare skole sodat die onderwyser se regsposisie nie in gedrang kom nie en die bestuursraad se gesagsposisie nie oorskry word nie (Vos & Brits, 1990: 81).

Die Minister van Onderwys en Kultuur het kragtens artikel 19 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) regulasies betreffende rade (insluitende bestuursrade van gewone openbare skole) uitgevaardig. Hierdie regulasies het betrekking op die samestelling, bevoegdhede, pligte en werksaamhede van bestuursrade van gewone openbare skole en dra dus ook by tot die reëling van ouer-onderwyserverhoudings aan hierdie skole.

3.9 Die regsposisie van die onderwyser in verband met stakings en sloerstakings.

Ingevolge die diensverhouding moet die onderwyser sy arbeidskragte of werkvermoë ooreenkomstig die voorskrifte van die regulasies of ander verordeninge ter beskikking van sy werkgever stel. Omdat die onderwysdepartement egter met owerheidsesag bekleë is, is daar 'n ongelyke verhouding tussen die onderwyser en die departement (Bray, 1988: 21). In dié verband sê De Wet *et al* (1978: 339):

"Die werknemer se vernaamste verpligting is om sy arbeidskragte ter beskikking van die werkgever te stel. Tot welke omvang, en in welke tye, en tot welke soort werk, hierdie arbeidskragte gelewer moet word, hang van die terme van die dienskontrak af. Weier of versuim die werknemer om dienste te lewer, of lewer hy dienste van 'n swakker gehalte as wat hy moet lewer, pleeg hy natuurlik kontrakbreuk, wat onder omstandighede kan lei tot terugtrede deur die werkgever, wat die vorm kan aanneem van summiere ontslag van die werknemer."

Indien die onderwyser sou staak of deelneem aan 'n sloerstaking, deur te weier om te werk of opsetlik langsaam te werk, kom hy nie sy vernaamste verpligting teenoor sy werkgever na nie. Daar word vereis dat die onderwyser se tyd tot die beskikking van die onderwysdepartement moet wees. Artikel 100(1)(a) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat 'n onderwyser al sy tyd tot beskikking moet stel van die departementele inrigting waar hy in diens is.

Die volgende artikels het ook implikasies in dié verband:

- Artikel 76(1)(b) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool hom skuldig maak aan wangedrag indien hy 'n handeling verrig wat tot nadeel strek van die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die onderwysdepartement en die gewone openbare skool waaraan hy verbonde is. Indien 'n onderwyser aan 'n sloerstaking sou deelneem en derhalwe nie sy pligte op 'n bekwame wyse uitvoer nie, kan hy op verskeie wyses gestraf word, waarvan een ontslag is.

- Volgens artikel 76(1)(c) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), is 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool aan wangedrag skuldig indien hy 'n wettige bevel wat aan hom gegee is, nie gehoorsaam nie, dit verontagsaam of opsetlik in gebreke bly om dit uit te voer, of deur woord of gedrag hom aan insubordinasie skuldig maak. Indien 'n onderwyser sou staak, of aan 'n sloerstaking sou deelneem en hy word gelas om sy werk te hervat of op bekwame wyse te verrig en hy 'n wettige bevel aan hom gegee deur iemand wat bevoeg is om dit te gee, nie gehoorsaam nie of verontagsaam of opsetlik nie uitvoer nie of hom deur woord of gedrag aan insubordinasie skuldig maak, kan hy van wangedrag aangekla word met al die gevolge wat dit meebring.

- Volgens artikel 76(1)(d) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), is 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool skuldig aan wangedrag indien hy nalatig of traag is by die verrigting van sy pligte. Indien die onderwyser wel sou gaan werk, maar aan 'n sloerstaking deelneem, maak hy hom dus aan wangedrag skuldig deurdat hy nalatig of traag is in die vervulling van sy pligte.

- 'n Onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool is volgens artikel 76(1)(p) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) skuldig aan wangedrag indien hy sonder verlof of 'n geldige rede van die skool afwesig is. Indien die onderwyser sou staak en van sy werk af wegbly, maak hy hom eweneens aan wangedrag skuldig deur sonder verlof of 'n grondige rede van sy pos of sy plig afwesig te wees.

Indien 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool dus sou staak en terselfdertyd van die skool af wegbly, word dit beskou as ongemagtigde afwesigheid van diens en sal die departement nie verlof daarvoor toestaan nie. Volgens advokaat Prinsloo (3 Junie 1993) is 'n wetsontwerp op arbeidsverhoudinge reeds goedgekeur en wanneer hierdie wet in die nabye toekoms geïmplementeer word, sal die reg om arbeid terug te hou as 'n basiese en universele reg vir opvoeders erken word. Hierdie Wet op Arbeidsverhoudinge in die onderwys was nog nie in werking toe hierdie proefskrif se voorbereiding afgesluit is nie.

Die toestaan van verlof, die indeling en voorwaardes daarvan berus by die onderwysdepartement. Dit is dus nou noodsaaklik om te kyk na enkele verlofmaatreëls van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole as aanduiders van hul posisie in terme van die werkgewer - werknemerverhouding.

3.9.1 Enkele verlofmaatreëls van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

Regulasie 19 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 692 van 30 Maart 1990 bepaal dat die verlofvoorregte van onderwysers dit is wat ooreenkomstig die algemene beleid kragtens artikel 2 van die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake, 1984 (Wet No. 76 van 1984) bepaal is.

Volgens die diensbedelingstruktuur vir opvoeders van die Departement van Nasionale Opvoeding (1992: 77) kan afwesigheidsverlof van onderwysers in twee groepe verdeel word:

3.9.1.1 Afwesigheid van diens wat as verlof aangeteken word.

Afwesigheid met verlof word onder een van die volgende hoofde ingedeel:

- Vakansieverlof;

- Siekteverlof;

- Spesiale siekteverlof;

- Spesiale verlof vir militêre opleiding;

- Spesiale verlof vir eksamendoeleindes;

- Spesiale verlof vir kwarantyn-doeleindes;

- Spesiale verlof vir deelname aan sport- en ander kultuurgeleenthede;

- Spesiale verlof vir dringende private sake;

- Spesiale verlof vir bevalling;

- Spesiale verlof ter wille van dienskontinuiteit; en

- Spesiale verlof in buitengewone omstandighede.

Alle ongemagtigde afwesigheid van diens word geag spesiale verlof in buitengewone omstandighede te wees. Indien 'n onderwyser sou staak of aan 'n sloerstaking sou deelneem, word dit beskou as ongemagtigde afwesigheid en dus geag as spesiale verlof in buitengewone omstandighede. Sodanige verlof is sonder besoldiging, tensy die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) anders bepaal. Spesiale verlof in buitengewone omstandighede word nie teen die onderwyser se verlofkrediet verreken nie (Departement van Nasionale Opvoeding, 1991: 74).

3.9.1.2 Afwesigheid van diens wat nie as verlof aangeteken word nie.

'n Onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool word in die volgende gevalle geag nie van diens afwesig te wees nie:

- Wanneer hy moet verskyn as getuie:

in 'n strafhofspraak;

in 'n siviele hofspraak (insluitende 'n egskeidingspraak);

in 'n militêre hofspraak;

in 'n wangedragspraak of 'n wangedragondersoek ingevolge die een of ander wet;

voor 'n kommissie of komitee van ondersoek deur die Staat aangestel of deur 'n instansie wat die Staat aangestel het of deur 'n instansie wat sy bevoegdheid aan 'n bepaalde wet ontleen;

by 'n geregtelike doodondersoek; of

by 'n huurraadondersoek, behalwe as hy die persoon is wat die inisiatief tot sodanige ondersoek geneem het.

- Wanneer hy moet verskyn as verweerder of medeverweerder in 'n siviele-hofsaak wat voortspruit uit sy ampspligte en waarby die Staat of enige statutêre instelling direkte belang het.

- Wanneer hy in hegtenis geneem is of voor die hof moet verskyn op 'n strafregtelike aanklag en hy later vrygespreek of die aanklag teruggetrek word.

- Wanneer hy 'n kursus of 'n lesing bywoon of voor- of nagraadse studies onderneem ten opsigte waarvan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys goedgekeur het dat bywoning van die kursus of lesing of die onderneem van studies in amptelike tyd (met behoud van salaris) geskied.

- Wanneer hy 'n kursus bywoon wat deur 'n Staatsdepartement aangebied word en ten opsigte waarvan toestemming deur die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys aan hom verleen is om die kursus in amptelike tyd by te woon.

- Wanneer hy 'n onderrigkursus onder die Nasionale Oorlewingsplan bywoon wat deur die Afdeling Burgerlike Beskerming aangebied word en ten opsigte waarvan toestemming deur die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys aan hom verleen is om die kursus in amptelike tyd by te woon.

- Wanneer hy met die goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys praktiese werk verrig of proefonderwys gee om aan die vereistes van 'n formele kwalifikasie aangebied aan 'n erkende tersiêre of na-sekondêre onderwysinrigting, te voldoen.

- Wanneer hy in 'n militêre keurraad dien en in verband met die werksaamhede van sodanige keurraad met die toestemming van die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys van diens afwesig is.

- Wanneer hy komiteewerk verrig of 'n vergadering of konferensie op nasionale of internasionale vlak moet bywoon in belang van sy onderwysdepartement of 'n soortgelyke diens moet lewer op interdepartementele vlak of met die oog op deelname aan die aktiwiteite van die georganiseerde onderwysprofessie waartoe die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys toestemming verleen het.

3.9.2 Die regsposisie van die onderwyser wat by die Federale Onderwysersraad geregistreer is.

'n Onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool wat aan 'n staking of 'n sloerstaking deelneem en hom sodoende aan wangedrag skuldig maak, oortree spesifiek artikel 76 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) wat ooreenstem met paragraaf 8.7 van die Professionele Gedragskode vir onderwysers wat bepaal dat die onderwyser nie 'n kriminele misdryf mag begaan nie. Indien 'n onderwyser deur sy deelname aan 'n staking skuldig bevind word aan 'n oortreding van

die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956, sou hy paragraaf 8.7 van die Kode oortree en kan die Federale Onderwysersraad tugstappe teen die onderwyser neem (Prinsloo, *et al*, 1987: 203).

Alhoewel die bepalings van die Professionele Gedragskode en die omskrywing van wangedrag volgens artikel 76 van die Wet op Onderwysaangeleentehede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) grootliks ooreenstem, kan die tuguitoefening deur 'n professionele liggaam soos die Federale Onderwysersraad meer verreikend wees as die optrede van 'n departement (onderwysdepartement). As 'n departement 'n onderwyser ontslaan, kan hy nog elders 'n pos aanvaar. As die Federale Onderwysersraad 'n onderwyser se naam van die register skrap, kan hy nie 'n heeltydse permanente of heeltydse tydelike pos beklee nie, nie by dieselfde of enige ander provinsiale departement onder die jurisdiksie van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 203).

- 3.10 Die regsposisie van die onderwysers verbonde aan gewone openbare skole in terme van ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag.

Kragtens die ooreenkoms wat die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool by diensaanvaarding met die onderwysdepartement as werkgewer aangaan, mag hy hom nie skuldig maak aan wangedrag of sy taak op 'n onbekwame wyse verrig nie. Indien dit wel gebeur, kan die betrokke onderwysdepartement tugstappe neem.

3.10.1 Ondersoeke na onbekwaamheid deur die onderwysdepartement van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

'n Onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool moet pligsgetrou wees, en moet bekwaam vir sy taak wees en ook sy taak op 'n bekwame wyse uitvoer. Indien 'n onderwyser nie aan hierdie vereistes voldoen nie, kan die onderwysdepartement teen hom optree. Bewerings dat 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool onbekwaam is in die uitvoering van sy pligte kan van die skool, 'n inspekteur en ook van 'n ouer kom (Prinsloo, *et al*, 1987: 186).

Kragtens Regulasie 2 van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 700 van 30 Maart 1990, is die wyse van 'n ondersoek na onbekwaamheid wat deur die onderwysdepartement uitgevoer word soos volg:

Indien beweer word dat 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool in 'n permanente hoedanigheid in diens by 'n onderwysdepartement ongeskik is of nie in staat is om die pligte verbonde aan sy pos op 'n bekwame wyse uit te voer nie, kan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys skriftelik iemand as 'n ondersoekbeampte aanstel om 'n ondersoek na die bewering in te stel. Die ondersoekbeampte moet die onderwyser teen wie 'n bewering van ongeskiktheid of onbekwaamheid gemaak is skriftelik daarvan in kennis stel. Die ondersoekbeampte moet ook die lidvereniging van die Federale Onderwysersraad waarvan die beskuldigde onderwyser 'n lid is van die voorgenome voorlopige ondersoek in kennis stel. Die onderwyser het die reg op 'n skriftelike uiteensetting van die gronde waarop beweer word dat hy ongeskik is of nie in staat is om die pligte verbonde aan

sy pos op 'n bekwame wyse uit te voer nie. Die beskuldigde onderwyser het 'n reg om by die ondersoek teenwoordig te wees, om deur 'n ander persoon (sy regsverteenwoordiger) bygestaan of verteenwoordig te word, om getuienis af te lê en, hetsy persoonlik of deur 'n regsverteenwoordiger, aangehoor te word, om getuienis op te roep en om iemand wat as getuie opgeroep is ter staving van genoemde bewerings, onder kruisverhoor te neem. Die onderwyser het die reg om insae te hê in, en afskrifte op eie koste te verkry van, stukke wat as getuienis voorgelê is. Die ondersoekbeampte moet die tyd en plek van die ondersoek vasstel en aan die betrokke onderwyser minstens 14 dae skriftelike kennis gee van die tyd en die plek van die ondersoek.

Die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys kan 'n persoon magtig om die ondersoek by te woon om getuienis en argumente ter staving van die bewerings aan te voer, en om 'n persoon wat getuienis ter weerlegging van daardie bewerings afgelê het, onder kruisverhoor te neem. Die ondersoekbeampte moet notule hou van die verrigtinge by die ondersoek en van die getuienis wat daar afgelê word. Die versuim van die betrokke onderwyser om by die ondersoek teenwoordig te wees, hetsy persoonlik of deur 'n verteenwoordiger, maak nie die verrigtinge ongeldig nie. Na afloop van die ondersoek moet die ondersoekbeampte enige stukke wat hy tydens die ondersoek verkry het asook 'n verslag oor die ondersoek aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys voorlê.

Artikel 74 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat, indien die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys na oorweging van die verslag van oordeel is dat daar geen waarheid in die bewerings teen die betrokke onderwyser is nie, hy die onderwyser skriftelik dienooreenkomstig in kennis moet stel. Indien die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys na oorweging van die verslag van oordeel is dat daar waarheid in die bewerings teen die betrokke onderwyser is, kan hy 'n kennisgewing, tesame met 'n afskrif van die verslag, aan die betrokke onderwyser stuur. In hierdie verslag word die onderwyser verwittig dat verdere optrede ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), teen hom oorweeg word. Die onderwyser word verder versoek om, indien hy dit verkies, binne 21 dae na ontvangs van sodanige kennisgewing sy skriftelike kommentaar oor die verslag aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys voor te lê. Indien kommentaar aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys voorgelê word, kan hy dit na die betrokke ondersoekbeampte verwys. Die ondersoekbeampte lê enige opmerkings wat hy in verband met sodanige kommentaar wil maak aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys voor.

Na oorweging van bogenoemde stukke kan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys 'n kennisgewing aan die betrokke onderwyser stuur waarin hy verwittig word dat hy na oordeel van die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys ongeskik is of nie in staat is om die pligte wat aan sy pos verbonde is op 'n bekwame wyse uit te voer nie. Die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys kan die betrokke onderwyser ook

verwittig dat 'n verdere ondersoek betreffende sy geskiktheid of onbekwaamheid om daardie pligte uit te voer te eniger tyd gedurende die tydperk wat strek vanaf drie maande na die datum van die kennisgewing tot een jaar na daardie datum ingestel sal word. Die onderwyser word dan versoek om, indien hy dit verkies, binne 30 dae na ontvangs van sodanige kennisgewing skriftelik aan te dui of hy verlang dat die verdere ondersoek deur 'n ander ondersoekbeampte ingestel moet word as die ondersoekbeampte wat die oorspronklike ondersoek ingestel het. Die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys kan dan skriftelik 'n ander ondersoekbeampte aanstel. Die ondersoekprosedures is net so van toepassing soos by die eerste ondersoek.

Uit die bostaande is dit duidelik dat die onderwyser se reg op die toepassing van die beginsels van natuurlike geregtigheid in hierdie besondere kwasi-judisiële situasie verreken en gereflekteer word.

- 3.10.2 Optrede deur die onderwysdepartement teen onbekwame onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

Na oorweging van al die stukke van die ondersoek na onbekwaamheid of ongeskiktheid van die betrokke onderwyser kan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys, indien hy steeds van oordeel is dat die betrokke onderwyser ongeskik is of nie in staat is om die pligte wat aan sy pos verbonde is op 'n bekwame wyse uit te voer nie, by die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) aanbeveel:

- dat daar nie verder opgetree word nie;
- dat die betrokke onderwyser na 'n ander pos oorgeplaas word;
- dat sy salaris of rang, of sy salaris sowel as sy rang, verlaag word in die mate wat aanbeveel word; en
- dat hy uit sy diens ontslaan word met ingang van 'n datum wat deur die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) bepaal word.

Die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) kan volgens die aanbevelings van die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys handel of volgens 'n kombinasie van die aanbevelings soos gemaak deur die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys.

3.10.3 Die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool in terme van wangedrag.

Die omskrywing van wangedrag in die Departement Onderwys en Kultuur (Volksraad) word in die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), soos volg uiteengesit:

'n Onderwyser in diens by 'n departementele inrigting is aan wangedrag skuldig indien hy:

- 'n bepaling van hierdie wet of 'n wet met betrekking tot die onderwys oortree of versuim om daaraan te voldoen of ongehoorsaamheid aan of verset teen 'n wet van die Parlement aanmoedig;
- 'n handeling wat tot nadeel strek van die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van 'n departement, kantoor of inrigting van die Staat verrig, laat verrig, of toelaat of oogluikend toelaat dat dit verrig word;
- 'n wettige bevel wat aan hom gegee is, nie gehoorsaam nie, dit verontagsaam of opsetlik in gebreke bly om dit uit te voer, of deur woord of gedrag hom aan insubordinasie skuldig maak;
- nalatig of traag is by die verrigting van sy pligte;
- sonder die toestemming van die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys enige private agentskap of private werk onderneem met betrekking tot 'n aangeleentheid wat met die verrigting van sy ampspligte in verband staan;
- in die openbaar die administrasie van 'n Staatsdepartement kritiseer;
- probeer om deur middel van iemand wat nie in die diens van die Staat of 'n erkende personeelvereniging is nie, ingryping in verband met sy amptelike posisie of diensvoorwaardes te verkry, tensy dit gedoen word om herstel van 'n grief deur bemiddeling van die Volksraad te verkry;

- hom op 'n skandelige onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra of, terwyl hy aan diens is, hom aan growwe onbeleefdheid skuldig maak;
- buitensporige gebruik maak van sterk drank of bedwelmende middels;
- gedurende amptelike diensure onder die invloed van sterk drank of bedwelmende middels is;
- onderworpe word aan 'n bevel van sekwestrasie van sy boedel, of in geldelike verleentheid raak, tensy daar bewys word dat die insolvensie of verleentheid deur onvermydelike teenspoed veroorsaak is;
- sonder die voorafverkreë toestemming van die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys, inligting wat hy ingewin of bekom het as gevolg van sy diens by die departement, openbaar maak anders as by die verrigting van sy ampspligte, of sodanige inligting gebruik vir 'n ander doel as vir die verrigting van sy ampspligte, hetsy hy sodanige inligting openbaar maak al dan nie;
- sonder die toestemming van die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys enige kommissie, geld of ander beloning waarop hy uit hoofde van sy amp nie geregtig is nie aanneem of eis ten opsigte van die verrigting van sy ampspligte of die versuim om dit te verrig, of versuim om die aanbod van enige sodanige kommissie, geld of beloning aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys te rapporteer;

- hom enige eiendom van die Staat toeëien, of op 'n onbehoorlike wyse daarvan gebruik maak;
- 'n misdryf pleeg;
- sonder verlof of 'n geldige rede van diens afwesig is;
- met die oog op die verkryging van enige voorreg of voordeel in verband met sy amptelike posisie of pligte of met die oog op die veroorsaking van enige nadeel of skade aan die Staat, of 'n departement of werknemer daarvan, 'n valse of onjuiste verklaring aflê in die wete dat dit vals of onjuis is;
- 'n reël van die konstitusie van 'n mediese hulpskema, of hulpvereniging, waarvan hy 'n lid is, oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- sy posisie gebruik om private of seksionele politieke oogmerke te bevorder of te benadeel.

Dit is vir die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool nodig om kennis te neem van hierdie juridiese bepalings wat saam riglyne vir korrekte professionele gedrag vorm en ook duidelikheid verskaf oor wat as wangedrag beskou word.

3.10.4 Formele aanklag van wangedrag teen onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

Indien die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys na oorweging van die Tugkomitee se verslag en aanbevelings van oordeel is dat daar waarheid is in die beskuldiging wat teen 'n onderwyser gemaak is, kan hy daardie persoon skriftelik van wangedrag aankla. Artikel 88 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat die aangeklaagde onderwyser binne 21 dae nadat die aanklag aan hom bestel is 'n skriftelike erkenning of ontkenning van die aanklag asook 'n skriftelike verduideliking in verband met die aanklag aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys kan voorlê. Indien 'n onderwyser van wangedrag aangekla word, stel die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys die Federale Onderwysersraad skriftelik in kennis daarvan en ook van die aard van die aanklag. Indien 'n onderwyser die aanklag van wangedrag teen hom erken, word hy geag skuldig bevind te wees op die aanklag op die datum waarop die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys die erkenning ontvang het. Indien die onderwyser die aanklag ontken of versuim om 'n skriftelike verduideliking in verband met die aanklag aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys voor te lê, stel die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys 'n raad van ondersoek aan bestaande uit 'n voorsitter en twee ander persone van wie een benoem word deur die Federale Onderwysersraad. Na afloop van die ondersoek moet die raad van ondersoek by meerderheidsbesluit die aangeklaagde onderwyser skuldig of onskuldig bevind aan die wangedrag waarvan hy aangekla is, en die voorsitter moet binne 30 dae daarna die

aangeklaagde onderwyser van die bevindinge van die raad van ondersoek in kennis stel en die uitslag van die ondersoek aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys rapporteer. Indien 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool op 'n aanklag van wangedrag skuldig bevind is, kan hy teen die bevinding na die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) appelleer.

Benewens die feit dat wangedrag duidelik omskryf word bied die ondersoekprosedures betreffende wangedrag ook beskerming aan die onderwyser en werp dit verdere lig op sy regsposisie.

3.10.5 Prosedures vir aantekening van appèl deur onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

Regulasie 5 van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 700 van 30 Maart 1990, bepaal dat indien 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool teen sy skuldigbevinding op aanklag van wangedrag wil appelleer, hy dit binne 30 dae na die datum waarop hy skriftelik deur die voorsitter van die raad van ondersoek van die bevinding in kennis gestel is, aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys skriftelik kennis van appèl gee met 'n volledige uiteensetting van die grond waarop hy sy appèl baseer. Die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys moet die kennisgewing en gronde van appèl aan die voorsitter van die raad van ondersoek voorlê, en aan die betrokke onderwyser 'n afskrif verstrek van die redes vir die bevinding waarteen appèl aangeteken is. Die betrokke onderwyser kan binne 14 dae aansoek doen by die betrokke Uitvoerende Direkteur van

Onderwys om 'n afskrif van die notule van die verrigtinge by die ondersoek te verkry. Die onderwyser kan binne 14 dae na die datum waarop hy die afskrif van die notule van die verrigtinge ontvang het, of indien hy nie om 'n afskrif van die notule, aansoek gedoen het nie, binne 21 dae van die datum waarop hy kennis van appèl gegee het, skriftelik vertoë aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys rig ter stawing van appèl. Die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys stuur 'n afskrif van die onderwyser se vertoë aan die voorsitter van die raad van ondersoek. Enige kommentaar op die vertoë wat die voorsitter van die raad van ondersoek wil lewer ter stawing van die bevinding waarteen die appèl aangeteken is, moet binne 14 dae tot die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys gerig word. 'n Afskrif van hierdie kommentaar moet aan die betrokke onderwyser verstrekk word. Die onderwyser kan binne 14 dae na die datum waarop hy 'n afskrif van die voorsitter se kommentaar ontvang het, enige skriftelike repliek wat hy op die kommentaar wil lewer, aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys stuur. Die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys moet die gronde van appèl tesame met alle dokumente aan die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) voorlê. Die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) kan die appèl handhaaf of van die hand wys. Dié prosedures toon duidelik aan dat die onderwyser, benewens eksterne remedies, ook van interne remedies gebruik kan maak.

3.10.6 Optrede teen onderwysers verbonde aan gewone openbare skole wat aan wangedrag skuldig bevind is.

Indien 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool skuldig bevind is aan wangedrag en nie appelleer nie, of indien hy appelleer en sy appèl in die geheel of gedeeltelik van die hand gewys word, kan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys met inagneming van die stukke wat op die ondersoek, en waar toepaslik, op die appèl betrekking het, by die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) aanbeveel:

- dat hy gewaarsku word;
- dat hy 'n boete van hoogstens R2 000 opgelê word;
- dat hy na 'n ander pos oorgeplaas word;
- dat sy salaris of rang, of sy salaris sowel as sy rang, verlaag word in die mate wat aanbeveel word; of
- dat hy ontslaan word, of aangesê word om te bedank, met ingang van 'n datum wat deur die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) bepaal word (artikel 93 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)).

3.10.7 Voorlegging van verslae van ondersoek aan die Federale Onderwysersraad.

Artikel 94 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys, indien 'n ander straf as 'n waarskuwing of 'n berisping, 'n onderwyser opgelê is, die verslag van die ondersoek, met inbegrip van alle dokumente, stukke en getuienis wat op die ondersoek betrekking het, aan die Federale Onderwysersraad voorlê. Die Raad besluit dan of sodanige persoon se naam in die register geskrap moet word al dan nie.

Die wetgewer laat dit dus in die hande van die lede van die onderwysprofessie self om te bepaal of 'n bepaalde handeling of versuim van 'n onderwyser neerkom op 'n oortreding van die Gedragskode. Tug word dus behartig deur mense wat op hoogte is van die eise en verpligtinge van die beroep. Dit is die FOR se taak om reg en geregtigheid te laat geskied (Prinsloo, *et al*, 1987: 305 - 306). Lede van die Tugkomitee van die Federale Onderwysersraad is onderwysmense en ingevolge regulasie 7(3) van die Regulasies met betrekking tot die Federale Onderwysersraad moet hulle aan die Raad 'n aanbeveling maak in verband met die moontlike skraping van 'n naam in die register.

3.10.8 Skorsing van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

Artikel 95 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat die Minister van Onderwys en Kultuur te eniger tyd, voordat of nadat 'n onderwyser wat in 'n permanente hoedanigheid

ingevolge hierdie Wet in diens is, van wangedrag aangekla word, hom in sy diens kan skors. 'n Onderwyser wat in sy diens geskors is, is nie op enige besoldiging vir die tydperk van sy skorsing geregtig nie, behalwe vir sover die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) anders gelas. 'n Onderwyser wat in sy diens geskors is as gevolg van wangedrag, word onverwyld toegelaat om weer diens te aanvaar en sy volle besoldiging word vir die tydperk van sy skorsing betaal:

- indien hy nie binne 'n tydperk van 12 maande na die datum van sy skorsing van wangedrag aangekla word nie;
- indien hy onskuldig bevind word op die betrokke aanklag;
- indien hy appelleer teen die bevinding dat hy op die betrokke aanklag skuldig is, en die appèl gehandhaaf word; of
- indien hy 'n straf van 'n boete van hoogstens R2 000 opgelê word of wanneer hy net gewaarsku of berispe word.

Die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) kan te eniger tyd die skorsing van 'n onderwyser weens wangedrag intrek, maar die intrekking belet nie dat sodanige onderwyser van wangedrag aangekla word nie.

In die bogenoemde tugprosesse ten opsigte van onbekwaamheid en wangedrag is dus verskillende regsbeginsele ingebou. So byvoorbeeld kry die onderwyser voldoende geleentheid om sy kant van die saak te stel. Hy word

ook beskerm teen kwaadwillige optrede deurdat slegs bepaalde persone soos die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys 'n formele tugondersoek kan inisieer. Daar moet dus onderskei word tussen die indiening van 'n klag en die instelling van 'n formele ondersoek. Voorts word die onderwyser beskerm deurdat die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys persoonlik besluit of die betrokke onderwyser skuldig of onskuldig is nadat hy die verslag en aanbevelings van die betrokke partye oorweeg het. Dit is ook onderwysmense met begrip vir die onderwyser se posisie wat 'n besluit moet neem of 'n onderwyser se naam uit die FOR se register verwyder moet word of nie.

3.10.9 Verskuilde tugmaatreëls teen onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

Daar kom soms sogenaamde verskuilde tugmaatreëls voor waar onderwysowerhede deur verplasing en rangverandering eintlik dissiplinêr teen 'n onderwyser optree sonder dat die voorgeskrewe tugprosedures gebruik word. Die howe se standpunt is dat die onderwysowerheid nie op so 'n verskuilde manier teen 'n onderwyser mag optree nie. Omdat dissiplinêre maatreëls 'n onderwyser se regte of voorregte aantas, behoort die reëls van natuurlike geregtigheid nagekom te word sodat die onderwyser die geleentheid kry om sy saak te stel en sodat die beswarende feite aan hom meegedeel kan word (Van Wyk, 1987: 86).

In die saak *Van Coller v Administrator, Transvaal* 1960 1 SA 110 (T) was die applikant 'n hoërskoolhoof wat verplaas is as lektor na 'n onderwyskollege. Die verplasing het gevolg nadat klagtes van "ill-feelings" en "bad

relationships" deur die ouer- en leerlinggemeenskap van die betrokke skool aan die destydse Direkteur van Onderwys gerig is. 'n Feitekommissie is deur die Direkteur aangestel om die saak te ondersoek en na die ondersoek het die skoolhoof vir die eerste keer bewus geraak van hierdie ondersoek toe die Direkteur van Onderwys hom mondeling verwittig het van sy verplasing ingevolge artikel 76 van die Onderwysordonnansie (Transvaal) 29 van 1953.

Die applikant nader toe die Administrateur van Transvaal en voer aan dat hy as gevolg van die verplasing gedegradeer is (alhoewel hy nog dieselfde salaris ontvang het) aangesien hy nou 'n laer status as voorheen het. Die degradering het ernstige benadeling vir hom veroorsaak. Verder beweer die applikant dat die verplasing ook onregmatig was en tersyde gestel moet word. Regter Marais kom tot die slotsom dat die *audi et alteram partem*-reël nie nagekom is nie en dat daar onreëlmatig teen die skoolhoof opgetree is en hy daardeur benadeel is.

Die onderwysowerheid is bevoeg om onderwysers te verplaas. Verplasing kan soos in hierdie geval aangewend word om dissiplinêr teen die onderwyser op te tree (byvoorbeeld in die geval van wangedrag) en dan kan dit noodwendig 'n degradering inhou. Dit is egter belangrik dat die korrekte prosedures gevolg word om hierdie verplasing te bewerkstellig. In hierdie geval moes volgens die voorgeskrewe prosedures wat vir dissiplinêre optredes voorgeskryf is, opgetree word (Bray, *et al*, 1989: 22). Ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), moet aan die onderwyser die geleentheid gegun word om ook sy saak te stel (*audi et alteram partem*-reël). Dit blyk dat die Administrateur in die Van

Coller-saak 'n minder omslagtige prosedure wou gebruik (sonder aanhoring van die skoolhoof) wat onreëlmstig was en die onderwyser is benadeel (Bray, *et al*, 1989: 22). Die onderwyser het dus die reg om gebrekkige dissiplinêre maatreëls of prosedures te betwis.

- 3.11 Die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool met betrekking tot kriminele oortredings.

Paragraaf 8.7 van die Professionele Gedragskode vir onderwysers bepaal dat 'n onderwyser nie 'n kriminele misdryf mag begaan nie. Dit is dus belangrik dat onderwysers sal weet wat kriminele oortredings behels. In die hedendaagse samelewing tree die Staat op as handhawer van orde. Die Staat tree dus ook op as daar sekere dade gepleeg word wat die orde versteur of wat tot nadeel strek van individuele lede van die gemeenskap of die gemeenskap as 'n geheel. Aan sekere van hierdie dade kleef daar gewoonlik ook 'n stigma of 'n skande. Hierdie dade word bestempel as misdade of kriminele oortredings (Van Wyk, 1987: 86).

- 3.11.1 Dissiplinêre optrede teen onderwysers verbonde aan gewone openbare skole op grond van kriminele oortredings.

Ter wille van doeltreffende opvoedende onderwys kan dit nie toegelaat word dat onderwysers hulle skuldig maak aan kriminele oortredings nie. Sodanige optredes sal beslis 'n nadelige uitwerking hê op onderwys in skoolverband. Voorts sal sodanige optredes ook die aansien van die onderwysprofessie benadeel. Dit is derhalwe begryplik dat daar kragtens die onderwyser se diensvoorwaardes en kragtens die Professionele Gedragskode vir onder-

wysers van die Federale Onderwysersraad, tugmaatreëls teen onderwysers ingestel kan word as hulle kriminele oortredings begaan. Verskillende maatreëls kan ingestel word en in die geval van minder ernstige kriminele oortredings (byvoorbeeld parkeeroortredings), word daar gewoonlik nie teen onderwysers opgetree nie (Van Wyk, 1987: 87).

Van Wyk (1987: 87 - 88) en Hosten *et al* (1990: 770 - 772) onderskei die volgende gemeenregtelike misdade wat gepleeg kan word naamlik:

- Misdrywe teen die Staat soos hoogverraad, sedisie (oproer), openbare geweld, en die wederregtelike en opsetlike aantasting van die staatsveiligheid of -gesag.
- Misdade teen die lewe van die individu soos moord en strafbare manslag.
- Misdade teen die liggaamlike integriteit, eer, waardigheid en vryheid van die individu soos aanranding, menseroof, verkragting, en die wederregtelike, opsetlike aantasting van die eer en waardigheid van 'n ander.
- Misdade teen die vermoë van die individu soos bedrog, afpersing, diefstal, diefstal deur bedeling, diefstal deur valse voorwendsels, inbraak, roof en vervalsing.
- Misdade teen die gemeenskap soos aborsie, bloedskande, veelwywery, Godslastering, meineed, minagting van die hof, en regsverdeling.

Soos reeds gemeld, kan die Staat optree teen 'n onderwyser wat 'n kriminele oortreding begaan. Na sodanige optrede kan die onderwyser se werkgewer (dit wil sê die onderwysdepartemente) en/of die professionele liggaam naamlik die Federale Onderwysersraad weer teen die onderwyser optree en die nodige strafmaatreëls instel. In sekere gevalle kan dit lei tot diensbeeëindiging van 'n onderwyser (Van Wyk, 1987: 88).

3.12 Samevatting.

Onderwysers verbonde aan 'n gewone openbare skool van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) moet nie onkundig oor regsbepalings ten opsigte van hulle terrein en vakke wees nie. Vroeër het die vermoede bestaan dat onkunde van die reg geen verskoning is ten opsigte van die pleeg van 'n onregmatige daad nie. Daar is ook uitgegaan van die veronderstelling dat almal die reg moet ken. Ons regsontwikkeling het die stadium bereik waar dit nie van elke burger verwag word om al die fasette van die reg te ken nie maar, na analogie van *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 (A) op bladsye 531 - 532, kan dit gestel word dat die reg van 'n persoon wat op 'n besondere terrein aktief is, verwag om op hoogte te wees met die regsvoorskrifte en beginsels wat sy optrede in die betrokke veld beheer.

Die reg verwag dus nie dat elke onderwyser 'n ten volle opgeleide juris met diepgaande kennis van die juridiese implikasies van elke lewensfaset moet wees nie. Wat die reg wel verwag is dat elke praktiserende onderwyser dié regsbeginsele en -voorskrifte wat in die besonder op die onderwys betrekking het, sal beheers (Beckmann, *et al*, 1990: 7).

Die regsverhouding tussen die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool in die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) en die onderwysowerheid, is 'n publiekregtelike verhouding wat gekenmerk word deur ongelykheid omdat die owerheid gewoonlik die gesagsposisie beklee en die onderwyser 'n ondergeskikte posisie. Alhoewel die onderwysowerheid gesaghebbend is, verkry die onderwyser deur middel van hierdie regsverhouding 'n besondere status wat aan hom sekere regte, bevoegdhede, verpligtinge en vryhede verleen. Hy is byvoorbeeld geregtig op salaris vir dienste gelewer, hy kan aanspraak maak op vakansie- en studieverlof en moet in kennis gestel word as sy diensvoorwaardes gewysig word of sy dienste beëindig word. Indien 'n aanklag van beweerde wangedrag of ongeskiktheid aanhangig gemaak is teen 'n onderwyser, mag hy onverwyld en sonder enige vrees vir viktimisering op sy regmatige en afdwingbare regte aandring. Aan die ander kant het die onderwysowerheid ook regte, pligte, bevoegdhede en vryhede wat in hierdie regsverhouding geld, byvoorbeeld die daarstelling van diensvoorwaardes en kwalifikasies vir onderwysers, optrede teen en bestraffing van die onderwyser in geval van wangedrag of ongeskiktheid en sy verplasing, sekondering en verhoging. Binne die onderwyshiërargie word geskille wat oor die diensbetrekking van die onderwyser verbonde aan gewone openbare skole handel, gewoonlik intern besleg deur bepaalde onderwysbeheerliggame. Indien die onderwyser egter ontevrede is met die besluit en 'n klaarblyklike onregmatigheid of onreëlmatigheid plaasgevind het, kan hy die hooggeregshof nader om hersiening van sy saak.

Met die omskakeling van alle gewone openbare skole na staatsondersteunde skole op 1 Augustus 1992 het dit noodsaaklik geword om te kyk na enkele aspekte van die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde skool. Dr. K.R. Paine, die Uitvoerende Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement, het tydens 'n mediakonferensie op 14 Mei 1992 gestel dat personeelaangeleenthede in die verlede in oorleg met die georganiseerde onderwysprofessie, soos ook in die TO verteenwoordig en bestuursrade, gehanteer is. Nou het 'n nuwe vennoot, naamlik die bestuursliggaam, ook hierdie arena betree. Die suksesvolle hantering van die nuwe onderwysbedeling en in die besonder dan ook die posisie van onderwyspersoneel sal in wedersydse vertroue en samewerking tussen die verskillende vennote gehanteer moet word om kwaliteitonderwys en 'n gelukkige onderwyserskorps te verseker.

Die inwerkingtreeding van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys, 1993 (Wet No. 146 van 1993), sal bepaalde fasette van die bogenoemde ingrypend verander. Toe hierdie proefskrif gefinaliseer is, was nadere besonderhede nog nie bekend nie en dit wil voorkom of die uitwerking van bogenoemde Wet op die regsposisie van onderwyser die onderwerp van 'n onafhanklike studie sou kan vorm.

HOOFSTUK 4

4. Die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool onder die jurisdiksie van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad).

4.1 Inleiding.

Die gemene reg vereis dat elke beoefenaar van 'n professie redelike kennis moet hê van die regsreëls wat die betrokke professie reël. Grondige kennis deur onderwyspersoneel en ander belanghebbendes verbonde aan staatsondersteunde skole van die regsreëls wat die regsposisie van die onderwyser aan sodanige skole bepaal is dus belangrik. Die verhouding tussen die onderwyser, die beheerowerhede, gemeenskap, onderwysprofessie en leerlinge word ook deur bepaalde statutêre maatreëls gereël en uit hoofde hiervan word verantwoordelikhede, asook regte en pligte aan elke deelgenoot van dié besondere verhouding toegedeel.

By die staatsondersteunde (Model C-) skool is een van die grootste veranderings wat in vergelyking met gewone openbare skole ingetree het dat die onderwyser in diens van die skool (nie van die bestuursliggaam nie) is. Sy aanstellingsooreenkoms is enersyds 'n kontrak waarin daar volgens die beginsels van die kontraktereg en arbeidsverhoudinge ooreengekom word oor die onderskeie partye se regte, pligte en verantwoordelikhede, en andersyds 'n statusooreenkoms waarkragtens die onderwyser onder andere onderworpe is aan die Professionele Gedragskode. Derhalwe geld sowel die beginsels

van die kontraktereg as dié van die administratiefreg ook in hierdie geval. Laasgenoemde beginsel vereis byvoorbeeld dat die onderwyser 'n regverdige verhoor moet kry indien daar teen hom opgetree word, byvoorbeeld by tugondersoeke na wangedrag, nalatigheid en onbekwaamheid, of wanneer verskuilde tugmaatreëls soos verplasing en rangverandering, oorweeg of aangewend word. Hierdie beginsel word ook gewoonlik ingebou in departementele tugprosesse en ander prosedures en kan dus ook opgeneem word in die skool se konstitusie (grondwet). Alhoewel die skoolhoof en bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole wye magte het en dikwels binne die bepaalde regsomgewing hul eie diskresie mag gebruik, is daar sekere handeling waar die reg spesifiek voorskryf wie 'n bepaalde handeling moet verrig en hoe dit verrig moet word.

Die reg kan dus in 'n staatsondersteunde skool funksies soos die volgende vervul:

- om verantwoordelike en doeltreffende optrede te verseker;
- om bepaalde prosedures voor te skryf wat inspraak, medeseggenskap en belangeversoening meebring;
- om te verseker dat dissiplinêre ondersoeke of soortgelyke handeling wat persone se regte, voorregte of vryheid kan aantas op 'n redelike, billike en regverdige wyse geskied;

- om uitdruklik te bepaal wanneer gesag nie gedelegeer behoort te word nie;
en

- om te verseker dat 'n bestuurshandeling net vir 'n bepaalde omskrewe doel
verrig word. ('n Bepaalde handeling het byvoorbeeld die bevordering van
'n personeellid ten doel en nie sy afdanking nie.)

Die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde
(Model C-) skool van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad)
behels nie net aspekte van die werkgewer-werknemerverhouding nie en die
onderwyser se posisie sal daar nou aan die hand van die volgende indikatore
bespreek word:

- Die burgerlike en politieke regte van die onderwyser.
- Arbeidsverhoudinge: Die verhouding tussen die bestuursliggaam en 'n
onderwyser.
- Stakings en sloerstakings deur onderwysers.
- Professionele en juridiese status van onderwysers.
- Bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.
- Ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag van onderwysers.

- Aanspreeklikheid van die staatsondersteunde (Model C-) skool as gevolg van die handeling van onderwysers verbonde aan die skool.
- Regshulp tot die beskikking van 'n onderwyser.
- Onderwyseraanspreeklikheid vir leerlingveiligheid.

In hierdie hoofstuk word die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool beskryf sodat in hoofstuk vyf die regsposisies van die verskillende onderwysers vergelyk kan word, deur ooreenkomste en verskille aan te dui op 'n gestruktureerde wyse en met behulp van tabelle.

4.2 Die regsposisie van 'n onderwyser verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole: sy burgerlike en politieke regte.

Wanneer daar gekyk word na die politieke en burgerlike regte van die onderwyser, val dit volgens Steyn & Roos (1988: 244) op dat, hoewel die onderwyser soos enige ander landsburger volledig beskik oor die bevoegdhede, regte en pligte van 'n landsburger, sy regte en bevoegdhede en pligte en die uitoefening daarvan altyd binne die raamwerk van sy taakverrigting as professionele praktisyn gesien moet word. Hoewel die onderwyser dus regte en bevoegdhede en pligte het soortgelyk aan dié van byvoorbeeld 'n ouer, word sy regte, pligte en bevoegdhede beperk, duidelik beskryf, en soms uitgebrei of aan bande gelê, deur wetgewing. Dit geskied ter wille van orde in die onderwys, ter wille van die beeld en aansien van

die professie en sodat daar goeie voortgang in die opvoeding van die kind kan wees. 'n Onderwyser moet aanvaar dat, alhoewel hy dieselfde politieke regte as 'n ander burger het, hierdie regte beperk is solank as wat hy as 'n onderwyser praktiseer omdat hy by toetrede tot die beroep hom stilswyend en vrywillig aan die beperkinge wat in hierdie verband geld, onderwerp. Dit blyk verder dat hierdie beperking nie 'n willekeurige beperking is nie, maar 'n beperking na die oordeel van die owerheid om goeie en professionele redes.

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk sal die politieke regte van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool bespreek word aan die hand van:

- Artikels 76 en 96 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988); en
- die bepalinge van die Professionele Gedragskode vir onderwysers van die Federale Onderwysersraad.

4.2.1 Statutêre bronne en die politieke regte van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.

Kragtens artikel 96(1)(d) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), kan 'n onderwyser met die voorafverkreë toestemming van die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) lid word van enige instelling, raad of ander liggaam wat by of

kragtens wet ingestel is. Sodanige toestemming word slegs verleen indien die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in die betrokke een van die vier provinsies van oordeel is dat die pligte wat deur die betrokke onderwyser as lid van die betrokke instelling, raad of liggaam, verrig moet word, nie met die verrigtinge van sy pligte of werk by die staatsondersteunde skool sal inmeng nie. Sodanige toestemming kan te eniger tyd deur die Uitvoerende Direkteur van Onderwys ingetrek word en in so 'n geval moet die betrokke onderwyser as lid van die betrokke instelling, raad of liggaam bedank.

Artikels 96(b), (c) en (d) en artikel 96(2) sowel as artikel 76(1)(f) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bevat bepalinge wat die toestemming wat deur die Minister van Onderwys en Kultuur gegee kan word, onderhewig maak aan bepaalde voorwaardes, naamlik:

- dat die onderwyser hom nie in die openbaar of in die openbare pers, of op 'n openbare vergadering mag uitspreek oor enige aangeleentheid of op 'n wyse wat die belange van 'n politieke party of 'n organisasie met politieke oogmerke kan bevorder of benadeel, of wat die departement in verleentheid kan stel nie (artikel 96(1)(b) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)).
- dat 'n onderwyser verbode aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool nie as voorsitter by 'n openbare politieke vergadering mag optree nie (artikel 96(1)(c) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)). 'n Openbare vergadering soos bedoel in artikel 96(1)(b)

word by artikel 96(2) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) soos volg omskryf:

" enige byeenkoms, toeloop of optog
in, deur of langs enige plek van enige
aantal persone, maar uitgesonderd 'n
byeenkoms waartoe toegang beperk is tot
slegs lede van dieselfde groep, party
of beweging";

- dat die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool nie 'n geskrif onder sy naam mag publiseer ter bevordering of benadeling van die belange van 'n politieke party of 'n organisasie met politieke oogmerke nie (artikel 96(1)(d) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)); en
- dat die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool nie in die openbaar die administrasie van 'n Staatsdepartement mag kritiseer nie (artikel 76(1)(f) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)).

'n Onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool wat wetgewing met betrekking tot onderwys oortree, kan hom skuldig maak aan wangedrag wat kan lei tot dissiplinêre optrede teen hom (artikel 76(1)(a) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)).

Dit is dus duidelik dat 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool nie enigiets mag doen wat sy status en geskiktheid as 'n onderwyser sal benadeel nie. 'n Onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool mag ook nie in verband met sy posisie en diensvoorwaardes tussenkoms van buitebronne, soos politieke verteenwoordigers verkry nie of ongehoorsaamheid of verset teen die Staat aanmoedig nie. Hy mag egter deur middel van die regte en erkende kanale deur sy werkgewer of erkende onderwysersvereniging, herstel van griewe probeer verkry (Steyn, *et al*, 1989: 227).

4.2.2 Die Professionele Gedragskode vir onderwysers van die Federale Onderwysersraad en onderwysers se politieke regte.

Volgens die Regulasies met betrekking tot die Federale Onderwysersraad soos afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 2290 van 31 Oktober 1986, is een van die funksies van die Federale Onderwysersraad om as die professionele beroepsraad van die opvoeders in diens van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) op te tree. Hierdie raad administreer 'n Gedragskode volgens Regulasie 5 van die Regulasies met betrekking tot die Federale Onderwysersraad soos afgekondig in die bogenoemde Goewermentskennisgewing. Die Kode is deur die professie en die owerheid opgestel en die Raad het daardeur beheer oor die professionele gedrag van die betrokke opvoeders en kan ook teen 'n persoon optree wat vanweë politieke oorwegings die Kode oortree (Steyn, *et al*, 1989: 227).

Die volgende paragrawe van die Gedragskode het in hierdie verband betrekking:

Paragraaf 7.3:

"Die onderwyser aanvaar sy verantwoordelikheid gesamentlik met alle ander burgers van die land vir gesonde openbare menings- en beleidsvorming, maar weerhou hom daarvan om sy professionele vertrouensposisie te gebruik om partypolitiek of omstrede oogmerke te bevorder".

Paragraaf 4.1:

"Die onderwyser streef na hartlike samewerking met die ouers van die leerlinge wat onder sy sorg is".

Paragraaf 5.2:

"Die onderwyser aanvaar sy verantwoordelikhede as lid van sy profesie wat leiding aan die gemeenskap moet gee in verband met gesindheidsvorming en bevordering van die opvoeding, asook sy persoonlike betrokkenheid by plaaslike en burgerlike aangeleenthede".

Paragraaf 5.3:

"Die onderwyser erken dat die onderwysprofesie 'n openbare vertrouensposisie beklee waarby nie alleen die persoonlike gedrag van die individuele onderwyser betrek is nie, maar ook die wisselwerkingsverband tussen die

skool en die gemeenskap, en dat sy handeling en gedrag daarom sodanig moet wees dat hy die agting van die gemeenskap afdwing en die beeld van die professie versterk".

Paragraaf 8.9:

".... nie van sy posisie as onderwyser gebruik mag maak om private of partypolitieke oogmerke te bevorder of om ongehoorsaamheid aan of verset teen die wette van die Staat aan te moedig of by enige deel van die bevolking propaganda te maak om 'n vyandige gesindheid teen enige ander deel van die bevolking te verwek of te bevorder nie".

Bogenoemde paragrawe van die Professionele Gedragskode vir onderwysers het die volgende implikasies vir die onderwyser:

- Omdat die onderwyser met opvoeding besig is, moet hy die kinders so lei dat hulle hulself as burgers van hulle eie land sal beskou, dit wil sê as persone met 'n eie identiteit (paragraaf 7.3).
- Sy vertrouensposisie plaas die verantwoordelikheid op die onderwyser om nie die vertroue in hom gestel te misbruik om die kinders te beïnvloed ten gunste van veral 'n besondere partypolitieke organisasie of enige versameling mense met 'n bepaalde omstrede oogmerk nie (paragrawe 5.3 en 8.9).

- 'n Onderwyser verwerp direkte indoktrinasie of beïnvloeding ten behoeve van partypolitiek of pogings om een of ander omstrede oogmerk te bereik (paragraaf 8.9).
- 'n Onderwyser mag nie by die uitoefening van sy politieke regte sy status en geskiktheid as onderwyser benadeel nie (paragraaf 8.9).
- 'n Onderwyser mag hom nie in die openbare pers of 'n openbare vergadering oor partypolitieke aangeleenthede uitlaat nie (paragraaf 7.3).
- 'n Onderwyser mag nie vyandige gesindhede of verset teen die Staat aanmoedig nie. Dit maak byvoorbeeld wetsongehoorsame optrede en die ignorering van wettige opdragte ontoelaatbaar (paragraaf 8.9).
- 'n Onderwyser mag nie vyandige gesindhede teen enige ander deel van die bevolking verwek of bevorder nie (paragraaf 8.9).
- 'n Onderwyser moet erkenning verleen aan die keusevryheid van die individu en die ouers (paragrafe 5.2 en 7.3).
- 'n Onderwyser moet hartlik saamwerk met betrekking tot die ouer se take en verantwoordelikhede ten opsigte van die onderwys en opvoeding van sy kind. Hartlike samewerking beteken begrip vir die ouer se verwagtinge en probleme, oorlegpleging, welwillendheid, wedersydse vertroue, lojaliteit, waardering vir die ouer se opvoedingswerk en eerbiediging van die ouer se gesag en status. Die skool is 'n ernssituasie vir samewerking

waar ouers, onderwysers en leerlinge medeverantwoordelikheid dra vir, en saamwerk aan, die ontsluiting van die betekenisvolle lewenswyses wat die hoogs waardevolle erfenis dra. Omdat ouers fundamenteel verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders, en omdat onderwysers se dienste as beroepsopvoeders deur die ouers benut word, werk skool en huis dus saam as vennote wat mekaar onderskraag en ondersteun (Beckmann, 1985: 48) (paragraaf 4.1).

- Aangesien die skool 'n professionele diens aan die gemeenskap lewer en dit nie ontken kan word nie dat breë gemeenskapsorganisasies ook by die opvoeding van die kind belang het en daarby betrokke is, moet daar die nouste moontlike opvoedkundig-verantwoordbare samewerking tussen die onderwyser en hierdie organisasies wees. Hierdie samewerking met organisasies is alleen moontlik as die oogmerke of motiewe van die organisasie versoenbaar is met die beleid en etos van die skool. Samewerking tussen die onderwyser en organisasies om ander redes as opvoedkundige oogmerke in belang van die kind en die gemeenskap, is onaanvaarbaar (paragraaf 5.3).

Ten slotte kan daar individuele onderwysers wees wat hulle skuldig maak aan oortredings aan een of meer van die voorskrifte wat in hierdie bogenoemde bepalings vervat is. Indien 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool net soos sy eweknie by 'n gewone openbare skool op grond van 'n oortreding van genoemde voorskrifte van die Gedragskode skuldig bevind word aan wangedrag, kan tugstappe teen hom geneem word, waarvan die skrapping van sy naam in die register en gevolglik ontslag een is.

4.2.3 Burgerlike regte van die onderwyser verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

Uit die RGN-navorsingsverslag deur Steyn *et al* (1989: 229 - 231) blyk dit dat hulle 'n besondere bydrae rakende die burgerlike regte van die onderwyser gelewer het. Hulle onderskei onder andere die volgende burgerlike regte wat verwys na die bevoegdhede van die landsburger (dus ook die onderwyser) binne die publiekregtelike sfeer:

- Die reg op gelykheid voor die reg.

- Die reg om 'n beroep of 'n professie te kies en te beoefen.

- Die reg om te petisioneer, waarby ingedeel kan word die reg om te beding en om verhoër te rig en om griewe te laat herstel deur die regte kanale te volg.

- Die reg op opvoeding en onderwys.

Hoewel daar nie twyfel kan bestaan dat die onderwyser die bogenoemde regte het nie, moet steeds onthou word dat hierdie regte beperk word in vergelyking met die gewone staatsburger.

Steyn *et al* (1989: 230) waarsku tereg as volg: "Geen persoon se burgerlike regte is onbeperk nie aangesien dit afgegrens word deur die regte van andere wat ook regte en bevoegdhede het en aangesien dit ook beperk kan word deur 'n spesifieke wet van die Staat. Hierbenewens word die onderwy-

ser se burgerlike regte verder ingeperk deur sy posisie as 'n professionele opvoeder wat meebring dat al sy handeling binne die raamwerk van die beoefening van sy profesie moet geskied".

- 4.2.3.1 Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool en sy burgerlike regte in 'n polities-gepolariseerde gemeenskap.

Dit is 'n probleem dat die Suid-Afrikaanse samelewing beslis polities gepolariseer is, wat beteken dat 'n onderwyser daarmee moet rekening hou dat daar waarskynlik minstens twee of meer politieke opvattinge binne sy skoolgemeenskap sal figureer. Enige optrede moet dus gemeet word en beoordeel word teen die agtergrond van die reaksie wat dit by dié groepe wat in sy skoolgemeenskap verteenwoordig is, kan ontlok. So moet die onderwyser dus altyd sy regte (soos dié op vryheid van geloof en aanbidding, om vrylik menings te uit, om vreedsaam te vergader en om te assosieer) binne die raamwerk van die moontlike gevolge daarvan vir sy beroep en vir sy skoolgemeenskap uitoefen. Hoewel hy dus oor volle burgerlike regte beskik as burger kan al hierdie regte nie sonder meer uitgeoefen word in sy hoedanigheid as professionele opvoeder nie (Steyn, *et al*, 1989: 230). Hierdie probleem sal waarskynlik, wanneer daar een onderwysstelsel tot stand kom, meer akuut word.

4.2.4 Inspraak, raadpleging en bedinging van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

Aangesien die onderwyser se burgerlike regte juis om bepaalde redes aan bande gelê word in vergelyking met dié van ander burgers, is die beginsel van oorlegpleging met die georganiseerde onderwysprofessie wat in 'n sin sekere regte namens hom moet hanteer, baie belangrik. Die eerste saak wat in hierdie verband van besondere belang is, is dat die onderwyser in 'n ongelyke statusverhouding met die owerheid betrokke in sy diensverhouding is en dat daar in die onderwys nie sprake is van 'n individuele dienskontrak wat deur elke onderwyser met die owerheid beding word nie. Die onderwysers binne die normale diensstaat van 'n staatsondersteunde skool se diensvoorwaardes is identies aan dié van onderwysers aan staatskole (gewone openbare skole) en sodanige onderwysers kan dus ook nie daaroor onderhandel nie. Die Federale Onderwysersraad (nasionale vlak) en erkende onderwysersverenigings (provinsiale vlak) mag egter op die verskillende vlakke met die owerhede namens onderwysers onderhandel en hulle word amptelik en ook statutêr in hierdie verband erken (Steyn, *et al*, 1989: 231).

Die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool kan wel, addisioneel tot die goedgekeurde diensstaat vir gesubsidieerde poste, verdere poste by die skool instel. Die skool sal die volle verantwoordelikheid moet dra vir die finansiële uitgawe wat met die instelling van die poste gepaard gaan. Regulasie 2 van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R 244 van 26 Februarie 1993, bepaal dat 'n bestuursliggaam persone in ongesubsidieerde poste in diens kan neem. Die diensvoorwaardes en ander

diensvoordele van sodanige persone wat in onderwysposte in diens geneem word, word bepaal na onderhandeling tussen die betrokke bestuursliggaam en die georganiseerde onderwysprofessie soos verteenwoordig deur die erkende onderwysersvereniging waarvan die onderwyser 'n lid is en wat kragtens die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967) erken word. Die totale vergoedingspakket van hierdie poste mag egter nie gunstiger wees as dié van die gesubsidieerde poste nie, en, ten opsigte van onderwysposte, geld registrasie by die Federale Onderwysraad steeds as 'n vereiste (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1993: 8).

- 4.3 Arbeidsverhoudinge: Die verhouding tussen die bestuursliggaam en 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.

Volgens Prinsloo (1992: 3) is arbeidsverhoudinge in die onderwys vir sover dit die verhouding van die Staat as werkgever met sy werknemers betref sowel as die verhouding tussen bestuursliggame met die onderwysers in hulle diens, nog in sy kinderskoene. Dit is maar betreklik onlangs dat sommige onderwysersverenigings hulle begin toespits het op aktiwiteite wat die kenmerke van vakbondbedrywighede dra. Dit is ook onlangs dat personeel wat nie in onderwysposte by skole in diens is nie, deur vakbonde en ander onderwysersorganisasies verteenwoordig word by die onderhandelinge oor griewe, salarisse en ander diensvoorwaardes, en dat besture op daardie terrein moes begin onderhandel.

Een van die doelstellings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956), is om voorsiening te maak vir die voorkoming en beslegting

van geskille tussen werkgewers en werknemers. Ingevolge artikel 2(1) van die Wet is dit van toepassing op elke onderneming, nywerheid, bedryf of beroep. Dit is egter nie van toepassing nie op:

- persone ten opsigte van hulle diens in boerderybedrywighede, private huishoudings, die Staatsdiens, 'n plaaslike owerheid en liefdadigheidsinrigtings; en
- persone wat ander persone onderrig, opvoed of oplei aan enige universiteit, technikon, kollege, skool of ander opvoedkundige inrigtings wat geheel en al of gedeeltelik uit staatsfondse onderhou word (Prinsloo, 1992:3).

In teenstelling met die individuele arbeidsreg (waar bestuursliggame 'n individuele dienskontrak met onderwysers wat nie in 'n gesubsidieerde pos aangstel is nie sluit), maak die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956), voorsiening vir kollektiewe arbeidsreg waardeur kollektiewe arbeidsverhoudinge gereguleer word (Prinsloo, 1992: 4).

Onderwysers in diens van 'n staatsondersteunde (Model C-) skool het dus nie toegang tot die masjinerie vir die voorkoming en beslegting van geskille waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word nie. Daar sal dus elders gekyk moet word vir die hantering van die belange van onderwysers op hierdie terrein. Dit is egter so dat bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole personeel buite die goedgekeurde diensstaat kan aanstel en besoldig. Hierdie personeel sal wel onder bepaalde omstandighede toegang kan hê tot die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956); en

die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983 (Wet No. 3 van 1983), en tot daardie mate sal hierdie besture betrokke kan raak by die aktiwiteite en eise van vakbonde byvoorbeeld wanneer daar onderhandel word oor salarisse, diensvoorwaardes en griewe (Prinsloo, 1992: 4).

4.3.1 Voornemens van die owerheid met betrekking tot verhoudinge tussen die Staat en sy werknemers.

Reeds gedurende Augustus 1990 het die Regering (Louw, 1990) aangedui dat 'n proses geïnisieer is om beslag te gee aan erkende werknemer- sowel as werkgewerregte en -belange wat, met inagneming van die besondere omstandighede, vir opvoeders sowel as ander werknemers van die Staat geld. Die Regering het te kenne gegee dat hy in beginsel die basiese regte van werknemers en werkgewers in alle sektore van die volkshuishouding onderskryf, en in die besonder die basiese regte van vryheid van assosiasie en kollektiewe bedinging. So is 'n proses van onderhandeling met verteenwoordigende partye aan die gang gesit om doelmatige en gepaste reëlins vir die verhouding tussen werkgewers en werknemers binne gemelde sektore daar te stel (Beckmann & Prinsloo, 1993: 45).

Die owerheid het toe ook voorlopige kriteria bekend gemaak met die oog op deelname aan die eerste gesprek om die genoemde verhouding tussen werkgewer en werknemer te vestig. In die lig van die regte van 'n onderwyser wat wel erkenning geniet, is die basiese regte wat vir die onderwyser in 'n stelsel vir die voorkoming en beslegting van geskille gewaarborg moet word, die fundamentele reg om:

- te organiseer (om te kan organiseer, moet dit die onderwyser vrystaan om te assosieer). Die vryheid van assosiasie beteken dat die Staat verplig is om toe te sien dat die werker se vryheid om by 'n vakbond aan te sluit ook in korrelatiewe (wederkerige) sin beveilig is, naamlik die onderwyser se vryheid om desverkiekend nie by 'n vakbond aan te sluit nie. In teenstelling met die reg om te werk word die reg om te assosieer in die meeste lande wetlike status gegee deur waarborge en beskerming in arbeidswette (Prinsloo, 1992: 5);
- met sy werkgever in die openbare sektor (en ander sektore) te onderhandel (die reg op kollektiewe bedinging). Kollektiewe bedinging dui op 'n proses van onderhandeling by gereelde tussenposes tussen werkgevers en vakbonde oor die spesifieke aspekte van hul verhouding ten opsigte van diensvoorwaardes. Dit verskil van individuele bedinging soos tussen die individuele werker en werkgever (Prinsloo, 1992: 5);
- bindende kollektiewe ooreenkomste te kan sluit;
- sy belange te beskerm deur paslike stappe te kan doen (die uiterste middel hier is die uitoefening van die reg om arbeid te weerhou, met ander woorde die reg om te staak); en
- toegang te hê tot onpartydige geskilbeslegtingsprosedures in die geval waar onderhandelinge tot stilstand kom of wanneer die onderwyser se regte deur die owerheid geskend word (Prinsloo, 1992: 8).

Indien dit die owerheid is wat uiteindelik by wetgewing voorsiening maak vir kollektiewe bedinging, behoort hierdie regte in daardie wetgewing verskans te word. Vir diegene wat van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956), gebruik kan maak, is hierdie regte reeds verskans, en sal bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole wat dienskontrakte met sodanige personeel aangaan en met sodanige personeel oor salarisse, ander diensvoorwaardes en griewe onderhandel, rekening moet hou met die arbeidsreg en hierdie fundamentele regte (Beckmann, *et al*, 1993: 47). Volgens advokaat Prinsloo van die Federale Onderwysersraad (3 Junie 1993) is 'n wetsontwerp op arbeidsverhoudinge in die onderwys reeds goedgekeur deur die verteenwoordigers van die werkgewers en werknemers (georganiseerde onderwysprofessie) en sal dit waarskynlik in die nabye toekoms wet word en geïmplementeer word.

4.3.2 Beperkinge op die Staat as werkgewer.

Wanneer daar na die tradisionele omvang en inhoud van arbeidsverhoudinge gekyk word, is dit nodig om te onthou dat daar volgens Prinsloo (1992:9) belangrike verskille tussen die openbare en die private sektor is en meer in besonder belangrike verskille tussen die onderwys en die res van die owerheidsektor:

- Die Staat is nie maar net nog 'n nywerheid nie, maar die soewereine gesag in die land wat ook die belange van al die land se mense moet behartig;
en

- die aspekte waaroor die onderwyser met die Staat as werkgever kan onderhandel, sal meer beperk wees as in die geval van die privaatsektor.
- Die proses van onderhandelinge met die owerheid substansieel sal verskil van onderhandelinge in die privaatsektor, en die beslegting van geskille 'n ander patroon volg as in die geval van die private sektor.

Dit is noodsaaklik om van hierdie verskille kennis te neem aangesien sommige onderwysers in gesubsidieerde poste aangestel is en omdat die georganiseerde onderwysprofessie namens hulle oor salarisse en ander diensvoorwaardes met die Staat sal moet onderhandel al is hulle nie in diens van die owerheid nie maar van die skool. Aan die ander kant word sommige onderwysers in nie-gesubsidieerde poste verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole deur bestuursliggame aangestel. Die diensvoorwaardes en ander diensvoordele van sodanige persone wat in onderwysposte in diens geneem word, word bepaal na onderhandeling tussen die betrokke bestuursliggaam en die georganiseerde onderwysprofessie soos verteenwoordig deur die erkende onderwysersvereniging, waarvan die onderwyser 'n lid is.

4.4 Stakings en sloerstakings deur onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

Onderwysers is verplig om hulle tyd en arbeidskragte aan hulle werkgever beskikbaar te stel. Om te staak of te sloerstaak soos om hulle byvoorbeeld aan amptelike buitemuurse bedrywighede te onttrek, is 'n opsie wat tans nie

regtens vir onderwysers beskikbaar is nie. Wanneer 'n onderwyser in sy professionele hoedanigheid staak of aan 'n sloerstaking deelneem, kan hy hom blootstel aan 'n klagte van wangedrag en kan hy by skuldigbevinding blootgestel word aan optrede deur sy werkgever en/of die Federale Onderwysersraad (Steyn, *et al*, 1989: 232). In 'n persoonlike onderhoud met advokaat Prinsloo van die Federale Onderwysersraad op 3 Junie 1993 het hy dit egter beklemtoon dat wanneer 'n Wet op Arbeidsverhoudinge in die onderwys eers op die wetboeke is waarin daar voorsiening gemaak word vir die wettige weerhouding van arbeid of staking deur die werknemer of uitsluiting deur die werkgever, sal bogenoemde posisie drasties verander. So 'n wet het te make met die voorkoming sowel as die beslegting van geskille en sal volledig voorsiening maak vir die hantering van stakings en uitsluitings. Elke werkgever sal die reg hê om toereikende produksie van 'n aanvaarbare gehalte van die werknemer te vereis en om arbeid uit te sluit en die werknemer sal die reg hê om wettige stappe te neem om sy regte in die werkgever-werknemerverhouding te beskerm.

In hierdie verband is artikel 100 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) volgens Steyn *et al* (1989: 223) van besondere belang in dié sin dat daar voorsiening gemaak word onder andere vir drie belangrike aangeleenthede wat die onderwyser se diensvoorwaardes raak. Die genoemde artikel bepaal dat 'n onderwyser ingevolge hierdie Wet al sy tyd ter beskikking moet stel van die skool waar hy in diens is. Artikel 100(1)(b) maak voorsiening dat die onderwyser nie besoldigde werk buite die diens sonder die toestemming van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in die betrokke provinsie mag doen nie en artikel 100(1)(c) maak daarvoor

voorsiening dat die onderwyser nie regtens aanspraak kan maak op bykomende besoldiging ten opsigte van enige amptelike diens of werk wat hy deur bevoegde gesag beveel is om te verrig nie.

Daar bestaan uitvoerige bepalinge in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956), en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983 (Wet No. 3 van 1983), waardeur die Staat as wetgewer self ander werkgewers verplig om verskeie voorskrifte met betrekking tot die diensvoorwaardes en diensure van hulle werknemers na te kom. Hierdie bepalinge geld tans nie vir die onderwyser nie en daarbenewens bepaal artikel 100(1)(a) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), dat 'n onderwyser al sy tyd ter beskikking stel van die skool terwyl daar baie streng voorskrifte is met betrekking tot die tydsduur wat 'n ander werknemer in diens mag wees. Artikel 100 (1)(c) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat 'n onderwyser nie bykomende besoldiging kry vir amptelike werk wat hy doen nie maar word daar voorsiening gemaak dat ander werknemers addisionele besoldiging moet kry indien hulle addisionele werk doen. In hierdie verband is dit dan ook interessant om daarop te let dat 'n oortreding van hierdie artikels 'n kriminele misdryf is met swaar strawwe waarvoor deur die owerheid voorsiening gemaak is. Dit wil dus voorkom of die bepalinge van artikel 100(1)(c) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) onbillik en diskriminerend teenoor die onderwysprofessie is. Steyn *et al* (1989: 233) maak 'n afleiding wat hierdie stelling steun.

4.5 Bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.

Bestuursliggame is skeppinge van die reg, omdat hulle kragtens wetgewing ingestel word en aan die vereistes van wetgewing (wat ook regulasies insluit) moet voldoen (Dekker, *et al*, 1993: 227). Indien die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) nie ingevolge artikel 19 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), die bevoegdheid gehad het om regulasies betreffende rade (insluitende bestuursliggame) uit te vaardig nie, sou hy nie volgens Beckmann *et al* (1992: 3) die regulasies betreffende bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole op 6 Desember 1991 kon uitvaardig nie en sou die bestuursliggame van die staatsondersteunde (Model C-) skole nie vanaf 1 Augustus 1992 op 'n regsbasis kon funksioneer nie. Die reg (in hierdie geval Wet No. 70 van 1988) het dus bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole geskep.

Hoewel die skole waaraan bestuursliggame verbonde is, regspersone is, het die bestuursliggaam as sodanig nie die uitgebreide bevoegdhede wat normaalweg deur die (gemene) reg aan regspersone toegeken word nie. Slegs die bevoegdhede, pligte en prosedures wat pertinent in die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), en die Regulasies kragtens daardie wet aan hulle toegeken word en waartoe hulle beperk word (Beckmann, *et al*, 1992: 3), is op hulle van toepassing.

Bestuursliggame kan nie verwag om met absolute gesag oor staatsondersteunde skole beklee te word nie (Beckmann, *et al*, 1992: 4). Die mate van beheer wat die Staat oor staatsondersteunde (Model C-) skole bly behou, kan onder andere toegeskryf word aan die aansienlike finansiële insette wat die Staat steeds blyk te maak (ongeveer 80% van die skool se begroting) en die Staat se oorkoepelende verantwoordelikheid vir die welsyn van die land en sy burgers wat onder andere deur die gehalte van die onderwysstelsel bepaal word. Die Staat is ook verantwoording aan belastingbetalers verskuldig vir die aanwending van staatsfondse.

Bestuursliggame sal hul deeglik moet vergewis van wets- en ander bepalings ten opsigte van die verpligtinge en bevoegdhede van 'n bestuursliggaam. Indien daar enige twyfel oor enige saak bestaan, sal bestuursliggame die advies wat deur onderwysdepartemente, die georganiseerde onderwysprofesie en die georganiseerde ouergemeenskap aan hulle beskikbaar gestel kan word, moet gebruik ten einde hulleself, die onderwysers, die ouers en kinders asook die onderwys in die algemeen ten beste te dien (Beckmann, *et al*, 1992: 4). Dit sal help verseker dat hulle self die onregmatige sal optree nie en ook dat hulle nie op die terrein van ander vennote soos onderwyser sal optree of hulle op ontoelaatbare wyse sal hanteer nie.

4.5.1 Die funksies en bevoegdhede van bestuursliggame.

Omdat bestuursliggame steeds betrokke is by die onderwys wat deur die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) verskaf word en deur dié departement gesubsideer word, sal hulle funksies en bevoegdhede steeds uitgeoefen moet word binne die riglyne van die beginsels waarkragtens

onderwys deur daardie departement en sy uitvoerende komponente (dit wil sê die huidige provinsiale onderwysdepartemente) voorsien word soos dit onder andere na vore kom in die Wet op Onderwysbeleid (Volksraad), 1967 (Wet No. 39 van 1967), en die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988). In die Handleiding vir Model C-skole van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) (1992:1) word die genoemde beginsels vir onderwysvoorsiening waarvan bestuursliggame nie mag afwyk nie, soos volg saamgevat:

- Dienslewering. Volgens item 14, bylae 1, saamgelees met artikel 14 van die Grondwet, 1983 (Wet No. 110 van 1983), mag 'n onderwysdepartement diens aan lede van 'n ander bevolkingsgroep lewer.
- Moedertaalonderwys. Kragtens die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967), en die beleid daarkragtens afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 809 van 16 Mei 1969, soos gewysig, is die moedertaal van die leerling die amptelike taal van onderrig, dit wil sê Afrikaans en/of Engels.
- Kultuurgebonde onderwys. In die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967), en die beleid daarkragtens afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 2029 van 12 November 1971, word die Christelike en nasionale karakter van die onderwys omskryf. Enige leerling wat hom/haar by 'n skool onder beheer van die Administrasie: Volksraad inskryf, word onderrig aan die hand van die goedgekeurde kurrikulum wat as uitgangspunt die kultuur van die teikengroep het.

- Gedifferensieerde onderwys. Kragtens die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967), en die beleid daarkragtens afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 2029 van 12 November 1971, word onderwys gedifferensieer ooreenkomstig die belangstelling, aanleg en potensiaal van elke leerling.

- Onderwysvoorsiening vir leerlinge uit die tradisionele en/of natuurlike voedingsgebied van 'n bepaalde skool. Leerlinge uit die natuurlike voedingsgebied van 'n skool kry voorkeur by toelating en die tradisionele karakter en etos van 'n skool moet behou word.

Bestuursliggame van staatsondersteunde skole sal dus in die toekoms steeds rekening moet hou met die beleid, riglyne en bepalinge wat dan sal geld. Hierdie bepalinge skep bepaalde regmatige verwagtinge by die onderwyser ten opsigte van die diens wat hy lewer en afwykings daarvan kan problematies ten aansien van die posisie van onderwysers en van hulle verhouding met hul werkgewers wees.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar slegs gefokus word op die funksies en bevoegdhede van bestuursliggame ten aansien van onderwyspersoneel soos vervat in Hoofstuk 7 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), en die Regulasies betreffende die diensvoorwaardes van onderwysers by staatsondersteunde (Model C-) skole aangesien die regsposisie van genoemde onderwysers in besonder hierdeur beïnvloed word.

4.5.1.1 Die funksies en bevoegdhede van bestuursliggame ten aansien van diensvoorwaardes van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

Al die bepalings wat op personeel van gewone openbare skole betrekking het, het *mutatis mutandis* betrekking op die personeel verbonde aan staats-
ondersteunde (Model C-) skole. Dit beteken dat bestuursliggame nie volledige beskikkingsreg het oor die diensvoorwaardes van onderwysers aan staatsondersteunde skole nie (byvoorbeeld om dit eensydig in te kort of na behoefte en op 'n individuele basis uit te brei nie), maar dat hulle ook in hierdie opsig gebonde is aan bepalings onder andere in die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), die Regulasies kragtens daardie wet en ook die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake, 1984 (Wet No. 76 van 1984), asook aan die Personeeladministrasiemaatreëls (PAM) wat kragtens laasgenoemde wet opgestel en uitgevaardig is. Die uitsondering in dié verband is personeel in nie-gesubsidieerde poste met wie dienskontrakte gesluit moet word onderhewig onder andere aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 1983, (Wet No. 3 van 1983), en die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956). In soverre die diensvoorwaardes van onderwyspersoneel verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole dieselfde is as dié van personeel verbonde aan gewone openbare skole, tree die bestuursliggaam dan in der waarheid op as toepasser van bestaande bepalings en skep hy volgens Beckmann *et al* (1992: 11) nie nuwe omstandighede en voorwaardes nie.

4.5.1.2 Die bestuursliggame en die diensstate van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

Artikel 97(1)(a) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat die diensstaat by 'n staatsondersteunde (Model C-) skool deur die Minister van Onderwys en Kultuur bepaal word op die grondslag wat hy met die instemming van die Minister van Begroting en Werke vasstel. Sodanige bepaling van die diensstaat geskied op 'n jaarlikse basis en dit geskied slegs ten opsigte van gesubsidieerde poste. Faktore soos leerlinginskrywing, vakkeuses, ander vorme van gedifferensieerde onderwys en taalgroepe word dan in ag geneem (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, 1992: 15).

Voorsiening van onderwysers in staatsondersteunde skole geskied verder aan die hand van:

- 'n personeelvoorsieningskaal volgens die amptelike opvoedingsbeleid wat met leerlinggetalle verband hou; en
- 'n goedgekeurde departementele posvlakverhoudingsnorm wat die aantal opvoeders op verskillende posvlakke reguleer (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, 1992: 15).

Aangesien die diensstaat van onderwysers in gesubsidieerde poste verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole deur die Minister van Onderwys en Kultuur bepaal word, dien die bestuursliggaam slegs as 'n administreerder

van bestaande bepalings. As gekyk word na onderwerpe soos byvoorbeeld tug, wangedrag en ontslag (vergelyk paragraaf 4.5.1.4) en die moontlike aantasting van die regte van 'n onderwyser wat daarin opgesluit lê, sowel as na die moontlikheid van foutiewe optrede ingevolge gevestigde arbeidsverhoudingreëlings of ooreenkomstig die reëls van natuurlike geregtigheid, word besef dat bestuursliggame die sake met groot omsigtigheid sal moet hanteer, van deskundige advies gebruik sal moet maak en dat die owerheid dit selfs moet oorweeg om die hantering van sommige aangeleenthede steeds aan die onderwysdepartemente toe te ken byvoorbeeld die hantering van sommige dissiplinêre funksies.

Ondanks verskillende bepalings van die wet word 'n persoon wat in 'n gesubsidieerde pos by 'n staatsondersteunde skool in diens is by die toepassing van die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), geag 'n werksman in diens van die Staat te wees (artikel 97(4) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)). Die Ongevallewet maak voorsiening vir die betaling van skadeloosstelling aan 'n werksman en sy naasbestaandes indien hy 'n persoonlike besering opdoen as gevolg van 'n ongeval wat uit sy diens ontstaan en in die loop daarvan plaasvind (Van der Merwe, *et al*, 1989: 558). Vir die doel van besering van onderwyspersoneel tydens amptelike diens word "amptelike diens" geag te wees handelingte waarby onderwyspersoneel ooreenkomstig hulle aanstellingsvoorwaardes betrokke is en sluit dit ook in handelingte wat in opdrag van die onderwyshoof of sy gemagtigde uitgevoer word. Hierdie handeling sluit onder andere die volgende in:

- (a) Buitemuurse aktiwiteite;
- (b) buitekurrikulêre aktiwiteite;
- (c) koshuisdiens;
- (d) tuisonderrig aan leerlinge;
- (e) huisbesoek aan ouers;
- (f) skooltoere; en
- (g) vervoer tydens die lewering van dienste soos in (a) tot (f) gestel.

Die skadeloosstelling ingevolge die wet geld ten opsigte van persoonlike beserings sowel as persoonlike besittings van die onderwyser wat tydens die ongeval beskadig word (Prinsloo, *et al*, 1987: 209).

4.5.1.3 Aanstellings en bevordering van onderwysers en die rol van bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.

Die bevoegdheid om 'n onderwyser by 'n staatsondersteunde skool in 'n gesubsidieerde pos aan te stel, te bevorder of te ontslaan, berus by die bestuursliggaam, onderworpe aan die voorafverkreë toestemming van die Minister van Onderwys en Kultuur of ooreenkomstig bevoegdhede soos van tyd tot tyd deur die Minister of sy gedelegeerdes voorgeskryf. Nie-

gesubsidieerde poste is hiervan uitgesluit en enige uitgawes verbonde aan sulke nie-gesubsidieerde poste word deur die bestuursliggaam self gedra, met dien verstande dat die totale vergoedingspakket van sodanige nie-gesubsidieerde poste nie voordeliger mag wees as wat by 'n gesubsidieerde pos geld nie. Ingevolge artikel 8B(3)(a) van die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967) geld registrasie by die Federale Onderwysersraad vir alle onderwysposte ongeag of dit 'n gesubsidieerde of nie-gesubsidieerde pos is (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, 1992: 16).

Bestuursliggame moet alle permanente gesubsidieerde poste in die betrokke provinsiale onderwysdepartement se vakaturelyste adverteer, maar kan sodanige poste ook in die openbare pers adverteer. Bestuursliggame kan self besluit of hulle die tydelike en nie-gesubsidieerde onderwysposte op posvlak 1 wil adverteer. Volgens die Departement van Onderwys en Kultuur se Handleiding vir Model C-skole (1992: 16) is die vereistes waaraan 'n persoon vir 'n permanente aanstelling in 'n gesubsidieerde onderwyserspos moet voldoen dat hy:

- oor 'n goedgekeurde kwalifikasie beskik;
- geregistreer of voorwaardelik geregistreer is by die Federale Onderwysersraad;
- 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n burger van 'n onafhanklike Staat is;

- van goeie karakter is;
- medies geskik is;
- onder die ouderdom van 55 jaar is (dit geld nie vir onderwysers wat reeds in diens is nie); en
- slegs in 'n bevorderingspos aangestel kan word, mits hy die toets van bekwaamheid in beide amptelik tale geslaag het en oor die toepaslike onderwyservaring beskik.

Vakatures op posvlak 1 by 'n staatsondersteunde (Model C-) skool word deur die bestuursliggaam soos volg gehanteer: Posvlak 1-poste in permanente hoedanigheid moet in die betrokke provinsiale onderwysdepartement se vakaturelyste geadverteer word, terwyl posvlak 1-poste in tydelike hoedanigheid nie noodwendig geadverteer hoef te word nie. Aansoeke om 'n vakante pos word direk aan die bestuursliggaam gestuur. Na vasstelling of die betrokke aansoeker vir aanstelling in die pos kwalifiseer, word hulle, indien die bestuursliggaam dit verkies, genooi vir onderhoude. Die bestuursliggaam kies 'n kandidaat waarna die betrokke provinsiale onderwysdepartement van die besluit in kennis gestel word. Die betrokke provinsiale onderwysdepartement handel die aanstelling administratief af en stuur die nodige aanstellingsbrief aan die bestuursliggaam vir ondertekening deur die voorsitter (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, 1992: 16).

Aanstellingsprosedures op posvlak 2 en hoër is soos volg: Vakatures moet in die provinsiale onderwysdepartement se vakaturelys, maar mag ook in die pers, geadverteer word. Aansoeke om die vakante pos word direk aan die provinsiale onderwysdepartement se keurraad gestuur wat, na bepaling of die aansoekers vir die pos kwalifiseer en aan die vereistes van die pos voldoen, 'n lys van gekeurde kandidate opstel. Die lys van gekeurde kandidate word aan die skool se bestuursliggaam gestuur. Die bestuursliggaam voer, indien so verkies, onderhoude met die aansoekers op die lys van goedgekeurde kandidate en stuur, na afloop van die onderhoude, die naam van die onderwyser van hul keuse aan die keurraad. Die keurraad lig die betrokke personeelafdeling oor die bestuursliggaam se besluit in en die aanstellingsbrief word daarna deur die betrokke provinsiale onderwysdepartement uitgereik en aan die bestuursliggaam deurgegee vir ondertekening deur die voorsitter van die bestuursliggaam of sy gedelegeerde. Die bestuursliggaam mag ook aansoekers, wat nie op die lys goedgekeurde aansoekers aangedui word nie, vir 'n onderhoud nooi en by die betrokke provinsiale onderwysdepartement motiveer dat so 'n aansoeker wel aangestel word, onderhewig aan die goedkeuring van die betrokke Uitvoerende Direkteur (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, 1992: 16).

Nadat die bestuursliggaam op een van die applikante op die lys van gekeurde aansoekers vir aanstelling besluit het, mag hulle die betrokke onderwyser van die aanstelling in kennis stel. Die aansoeker moet binne 'n redelike tyd skriftelik bewys aan die bestuursliggaam lewer of hy die pos aanvaar, al dan nie (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad 1992: 16).

Indien 'n bestuursliggaam binne 'n redelike tydperk versuim om 'n pos te vul en dit na die goeddunke van die Minister van Onderwys en Kultuur tot nadeel van die staatsondersteunde skool strek, kan die Minister sodanige pos vul en dit word dan geag 'n aanstelling te wees wat deur so 'n bestuursliggaam gedoen is (artikel 97(3) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)).

4.5.1.4 Diensbeëindiging van onderwysers by staatsondersteunde (Model C-) skole en die rol wat bestuursliggame speel.

Die bepalinge van artikels 71, 72 en 73 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), soos bespreek in hoofstuk 3, wat betrekking het op die ontslag/bedanking van onderwysers in diens by departementele inrigtings is *mutatis mutandis* van toepassing op onderwysers in diens by staatsondersteunde skole. By die toepassing van genoemde artikels word 'n verwysing daarin na

- 'n departementele inrigting of die departement uitgelê as 'n verwysing na 'n staatsondersteunde skool;
- die Minister uitgelê as 'n verwysing na die betrokke bestuursliggaam; en
- die Uitvoerende Direkteur uitgelê as 'n verwysing na die voorsitter van die bestuursliggaam (Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1991 (Wet No. 88 van 1991)).

Die bevoegdheid om personeel uit diens te ontslaan, berus by die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool, onderworpe aan die voorafverkreë toestemming van die Minister van Onderwys en Kultuur (artikel 97(b) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)). Indien 'n bestuursliggaam die wetlike voorskrifte ten opsigte van byvoorbeeld onbekwaamheid of wangedrag stiptelik nagekom het en van mening is dat die betrokke personeellid ontslaan moet word, kan die voorsitter van die bestuursliggaam die onderwyser ontslaan.

Hierdie nuwe regstatus van die bestuursliggaam vereis nou dat hul juridies korrek moet optree ten einde die vertroue van al die partye te behou en onnodige hofsake te voorkom. Die bestuursliggaam behoort dus:

- die belange van al die partye en belanghebbendes deeglik af te weeg;
- die saak volledig te ondersoek en alle relevante aspekte van nuuts af te oorweeg;
- billik, regverdig en onpartydig op te tree, en
- relevante prosedures na te kom.

Dissiplinêre optrede teen die onderwyser vereis dus die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid.

4.5.1.5 Die evaluering, bevordering en prestasie-erkenning van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole en die bevoegdheid van bestuursliggame.

Kragtens die Wet word die evaluering van onderwyspersoneel verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole deur die betrokke uitvoerende onderwysdepartement as 'n hulpdiens vir 'n staatsondersteunde skool gedoen op presies dieselfde grondslag en met dieselfde evalueringsmeganisme as wat vir 'n onderwyser van 'n gewone openbare skool van die uitvoerende onderwysdepartement geld (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, 1992: 17). Die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool skep dus nie nuwe voorwaardes en omstandighede nie. Aangesien die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool oor sekere regte beskik by die evalueringproses is dit nodig om die partye betrokke by die evalueringproses te bespreek.

Ten einde te verhoed dat die evaluering deur 'n enkele persoon gedoen word en met die oog op die verhoging van die betroubaarheid van evaluering, die aanvaarding van die stelsel deur die onderwyser asook vir doeleindes van moderering, moet:

- die evaluering van die onderwyser deur 'n span gekeurde opgeleide en ervare evalueerders geskied en moet die meetinstrument aan die onderwyser bekend wees;
- die evaluering geskied deur 'n evalueringskomitee bestaande uit ten minste twee persone;

- die onderwyser persoonlike of skriftelike toegang tot evalueerders hê om sy eie prestasie te kan stel en te motiveer, of kan hy deur 'n kollega verteenwoordig word.

Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool het ook die reg om 'n versoek te rig om tussentyds geëvalueer te word om daardeur sy vordering te meet met die oog op 'n volgende evaluering (Departement van Nasionale Opvoeding, 1992: 54).

Evaluering van 'n onderwyspersoon stel die onderwysowerhede in staat om op hoogte bly met die relatiewe verdienstelikheid van onderwyspersoneel vir doeleindes van onder andere personeelontwikkeling, prestasie-erkenning en bevordering. Alle evaluering behoort ook te lei tot hulpverlening, die verbetering van die beroepstoerusting van die opvoeders, met die oog op die effektiewe aanwending en benutting van mannekrag. Die evaluering van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole behoort gegrond te wees in opvoedkundige beginsels, in die professionaliteit van die opvoeder en sy professionele ontwikkeling.

4.5.1.6 Personeelopleiding en die funksies van bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.

Personeelopleiding onder andere deur formele verdere studie of amptelike indiensopleiding is noodsaaklik ten einde professionele standaarde te handhaaf en te verhoog. Koste wat mag voortspruit byvoorbeeld uit vakkundige insette en kursusapparatuur tydens personeelopleiding en

indiensopleiding wat deur vakkundiges van die departement of provinsiale onderwysdepartemente aangebied word, sal deur die departement of provinsiale onderwysdepartement gedra word. Reis- en verblyfkostes van onderwysers wat sodanige opleiding ondergaan word deur die bestuursliggaam van die skool betaal (Regulasie 12 van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 695 van 25 Maart 1990). Onderwysers is dus afhanklik van die finansiële bystand deur bestuursliggame. Onderwysers kan in aanmerking kom vir sowel studieverlof (na voorafgoedkeuring van die betrokke provinsiale onderwysdepartement wat gesubsidieerde poste betref en onderhewig aan die goedkeuring van die bestuursliggaam) en finansiële ondersteuning (waar moontlik) ten einde personeelontwikkeling deur middel van verdere opleiding te bevorder. Sodanige verlof van personeel in gesubsidieerde poste moet in oorleg met die betrokke provinsiale onderwysdepartement geskied, met inagneming van beskikbare fondse vir plaasvervangers. Alle personeelopleiding wat deur die bestuursliggaam en/of skool self onderneem word, sal deur die skool self befonds moet word (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, 1992: 17).

4.5.1.7 Verlofmaatreëls van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole en die regte van bestuursliggame.

Goedkeuring vir die toepassing van die toepaslike verlofregulasies van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole, is afgewentel na die voorsitter van die bestuursliggaam van die skool wat skriftelik moet kennis gee aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van enige verlof wat aan 'n onderwyser toegestaan is. Ingevolge Regulasie 19 van die

Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 693 van 30 Maart 1990, betreffende aanstellings en diensvoorwaardes van onderwysers by departementele inrigtings wat *mutatis mutandis* van toepassing is op onderwysers by staatsondersteunde (Model C-) skole, word die verlofvoorregte van onderwysers bepaal ooreenkomstig die algemene beleid kragtens artikel 2 van die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake (Wet No. 76 van 1984) (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3).

Die basiese regte van die onderwyser wat vervat is in die gemene reg, statutêre voorskrifte en maatreëls bestaan uit die aansprake wat die onderwyser teenoor die owerheid, dus ook die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde (Model C-) skool, kan hê. In die uitoefening van sy regte, byvoorbeeld aanspraak op sy diensvoordele soos onder andere die toestaan van verlof, bestaan daar onbetwisbare aansprake wat hy as ononderhandelbaar kan beskou (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3).

Teenoor die basiese regte van die onderwyser staan die diskresionêre bevoegdheide van die voorsitter van die bestuursliggaam wat die bevoegdheide uitoefen wat tradisioneel by die Uitvoerende Direkteur berus het. Hierdie bevoegdheide raak nie die basiese regte nie, dit wil sê die bestuursliggaam kan 'n aansoek weier slegs indien bepaalde voorskrifte nie nagekom is nie, of in gevalle waar die bestuursraad 'n diskresionêre bevoegdheid besit wat uitdruklik in die wet of regulasies of maatreëls erken is. Indien 'n onderwyser se aansoek om verlof van watter aard ook al voldoen aan die toepaslike wette, regulasies of maatreëls kan daar wel ter wille van die orde of omstandighede by die skool met die onderwyser

onderhandel word om die aansoek te wysig, maar die aansoek kan nie sonder meer geweier word nie (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3).

In dié prosedures, soos ander, wil dit voorkom of daar iets van die onpersoonlike verhouding tussen onderwysers en onderwysdepartemente (soos in die geval van gewone openbare skole) verder het en asof daar meer elemente van persoonlike verhoudings in die werkgewer-werknemerverhouding by Model C-skole ingebou is.

4.5.1.8 Professionele status van onderwysers in diens van bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.

Onderwysers wat in gesubsidieerde onderwysposte diens lewer asook die onderwysers wat deur die bestuursliggaam in nie-gesubsidieerde poste aangestel word, moet ingevolge artikel 8B(3)(a) van die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967), by die Federale Onderwysersraad geregistreer wees. Sodanige onderwysers is onderhewig aan die bepalings van die Professionele Gedragskode vir onderwysers. Ooreenkomstig die bepalings van genoemde wet word die Federale Onderwysersraad deur die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) erken om op nasionale vlak in belang van die onderwysprofessie op te tree. Ingevolge sy Grondwet is dit een van die oogmerke van die Federale Onderwysersraad om die status en aansien van die onderwysprofessie in die RSA te bevorder. Vir sover die FOR die erkenning van die Minister op die eie sakevlak geniet, is dit 'n liggaam met die oogmerk om die aansien van die onderwysprofessie in diens van die Departement Onderwys en Kultuur (Volksraad) te bevorder. Op

algemene sake-vlak verteenwoordig die FOR en die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van SA (NAPOSA) die onderwysprofessie as komponente van die georganiseerde onderwysprofessie (Beckmann, *et al*, 1993: 44). Die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) word ook nou in dié verband erken.

Op provinsiale vlak word die georganiseerde onderwysprofessie verteenwoordig deur die erkende onderwysersverenigings wat op hulle beurt weer lid van die Federale Onderwysersraad is. Die belange van die onderwyser word dus deur die georganiseerde onderwysprofessie volgens wet en regulasies hanteer en die Federasie van Bestuursliggame sowel as bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole het nie 'n direkte funksie in dié verband nie (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, 1992: 7).

Aangesien die onderwyser as 'n professionele persoon erken word, ongeag wie sy werkgewer is, beteken dit dat 'n onderwyser in diens van 'n bestuursliggaam aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool nog steeds ledegelde aan die onderwysersvereniging van sy keuse moet betaal (Regulasies 2(a) en (b) van Goewermentskennisgewing R. 2290 van 31 Oktober 1986). As 'n onderwyser nie aan een van die erkende verenigings behoort nie, moet professionele geld nogtans betaal word en word dit volgens 'n verhouding waarop van tyd tot tyd ooreengekom word, aan die onderwysersverenigings oorbetaal (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3).

Die georganiseerde onderwysprofessie het dus ten doel om die status en aansien van die onderwysprofessie in diens van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) te bevorder en om die belange van die onderwysers volgens wet en regulasies te hanteer.

4.5.1.9 Juridiese status van onderwysers in diens van bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole.

Alle persone het nie dieselfde juridiese status nie. Status dui op iemand se regsposisie in die oë van die reg, dit wil sê sy bevoegdheid om regte en verpligtinge te verkry en regshandeling te verrig. 'n Persoon se regstatus word ook beïnvloed deur faktore soos ouderdom, geslag, huwelikstatus, geestesgesondheid en wettigheid (Van Zyl & Van der Vyver, 1982: 371 - 384).

Daar kan onderskei word tussen die onderwyser se formele en materiële status. Sy formele status word bepaal deur sy opleiding, kundigheid en aanstelling in 'n besondere onderwyspos. Sy materiële status hou verband met die feit dat hy in die plek van die ouer optree (*in loco parentis*). Die onderwyser moet gesag hê om sy besondere take te kan verrig (Van Loggerenberg, 1981: 29). Volgens Wiechers (1984: 246) spruit gesag altyd voort uit juridiese status en bepaalde regsverhoudings. Die onderwyser se gesag is eerstens op sy onderwyserstatus gegrond. Sy gesag kry juridiese beslag binne sy algemene verhouding met die onderwysowerhede, die skool, die ouers, die georganiseerde onderwysprofessie en die breë gemeenskap. Verder kry sy gesag ook beslag in geïndividualiseerde verhoudings met die kind, die skoolhoof, sy kollega en ouer (Van Wyk, 1987: 80).

Die onderwyser se gesag is egter ook beperk. Dit word eerstens beperk tot die besondere take en pligte wat hy moet verrig. Voorts word sy gesag beperk deur dié van ander partye wat ook by dieselfde of ander onderwystake betrokke is soos sy kollegas, die hoof en die bestuursliggaam. Die feit dat al hierdie partye spesifieke onderwystake verrig en beperkte gesag besit, dra by tot die harmonie in die onderwysstelsel. Juridiese gesag behels regte en bevoegdhede en hou ook verband met verpligtinge, want gesag word dikwels binne bepaalde verpligtinge omskrywe. Gesag is essensieel vir die uitvoering van take en pligte. Indien 'n onderwyser sonder die nodige gesag optree of indien hy die perke van sy gesag oortree, tree hy *ultra vires* op, dit wil sê hy tree buite sy bevoegdheid of magte op (Dekker, *et al*, 1993: 255). 'n Onderwyser behoort altyd seker te maak of hy die nodige gesag het om bepaalde handeling te verrig. In sekere gevalle, soos by die toediening van lyfstraf, is spesiale gesag nodig. Dit is wenslik dat gesag op 'n duidelike wyse verleen word. Indien 'n onderwyser onseker is of hy die nodige gesag besit om 'n handeling te verrig, behoort hy die aangeleentheid met sy skoolhoof te bespreek. Onderwystake word gewoonlik uitgevoer op grond van oorspronklike of gedelegeerde gesag (Van Wyk, 1987: 81).

Die probleem van gesagsoorskryding kom veral voor by bestuurstake. Aangesien onderwysers ook betrokke is by skoolbestuur en leerlingbestuur is hierdie aangeleentheid van aktuele belang. Daar bestaan ook die probleem dat onderwysers versuim om take uit te voer of dat hulle take nie behoorlik uitvoer nie alhoewel hulle die nodige gesag het en die take uitdruklik aan hulle opgedra is. In sodanige gevalle het ons te doen met wangedrag, onbekwaamheid of onprofessionele gedrag en kan daar onder andere deur die bestuursliggaam van die skool teen die onderwyser opgetree word (Van Wyk, 1987: 81).

Die onderwyser se gesag plaas op ander partye bepaalde verpligtinge. Die onderwyser se reg om gehoorsaamheid van die kind te eis, plaas byvoorbeeld op die kind die plig om gehoorsaam te wees. Net so plaas die hoof se reg om wettige bevele aan onderwysers te gee, 'n plig op die betrokke onderwysers om genoemde bevele uit te voer (Van Wyk, 1987: 81).

Die regte en pligte van onderwysers kan ingedeel word volgens die onderwysers se formele en materiële status. As voorbeeld word hier verwys na enkele regte en verpligtinge in verband met die onderwyser se verhouding met die betrokke bestuursliggaam of onderwysdepartement. Al hierdie regte en verpligtinge word statutêr gereël, dit wil sê deur wetgewing en ondergeskikte wetgewing. Van Wyk (1987: 81) onderskei die volgende regte en verpligtinge van die onderwyser:

- Die onderwyser se reg op salaris, pensioen en mediese voordele.
- Die onderwyser se reg op 'n billike en regverdige ondersoek indien daar dissiplinêr teen hom opgetree word.
- Die onderwyser se reg om deur middel van die georganiseerde onderwysprofessie te beding vir beter diensvoorwaardes.
- Die onderwyser se plig om sy werk op 'n bekwame en professionele wyse te verrig.

- Die onderwyser se plig om wettige bevele van bevoegde persone en liggame uit te voer. Dit is veral persone in bestuursposte (bestuursliggame) wat take en pligte aan spesifieke onderwysers opdra. Dit is van groot belang dat take en pligte op 'n duidelike wyse aan die betrokke onderwyser meegedeel moet word. Belangrike take behoort skriftelik in die vorm van pligstate uiteengesit te word.
- Kragtens die beginsel van middellike aanspreeklikheid kan die skool en/of onderwysdepartement as werkgewer mede-aanspreeklik gehou word vir onregmatige dade van onderwysers.

Die onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole se materiële status bring ook bepaalde regte en verpligtinge mee. In dié verband kan verwys word na tugmaatreëls en toesig oor leerlinge. Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool se regte en verpligtinge ten opsigte van tugmaatreëls en toesig van leerlinge is net so van toepassing soos die regte en verpligtinge van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole, soos beskryf is hoofstuk 3, paragraaf 3.6.

- 4.6 Die regte en pligte van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole ten opsigte van die sport- en kultuurbeleid van die skool.

Die volgende ministeriële mediaverklaring deur minister P.G. Marais, Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad is op 8 Januarie 1992 uitgereik: "Die departement aanvaar geen juridiese of ander verantwoordelikhede vir enige sport- en kultuuraktiwiteite wat gereël word

op 'n wyse wat strydig is met die departementele beleid van nie-diskriminasie nie. Skoolhoofde en onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole mag nie in hul amptelike hoedanigheid by enige diskriminerende aktiwiteite betrokke wees nie".

Waar gemeenskappe alternatiewe eie ligas organiseer, neem die skool as sodanig nie daaraan deel nie. Leerlinge sou ook nie gedwing mag word om daaraan deel te neem en die onderwysers kan nie amptelik daarby betrokke raak nie. Die bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole neem self 'n besluit oor deelname maar mag weer eens nie optree op 'n wyse wat strydig is met die Regering se beleid van nie-diskriminasie nie. Deelname deur leerlinge van staatsondersteunde skole vind onder die gesagsdekking van die beheerliggaam plaas.

Die bestuursliggame van staatsondersteunde (Model C-) skole behoort beginsels oor skoolsport en -kultuuraktiwiteite in die grondwet neer te lê.

Die volgende aspekte daarvan behoort aandag te geniet:

- Die plek en omvang binne die amptelike onderwysprogram.
- Die juridiese verantwoordelikhede vir die amptelike bedrywighede, insluitende die aangeleenthede van vrywaring en toestemming.
- Tussengroepdeelname/-mededinging op sport- en kultuurgebied.
- Die reg van die individuele ouer ten opsigte van deelname van sy kind.

- Vrywillige deelname van leerlinge.

- Deelname aan sport- en kultuuraktiwiteite sonder die goedkeuring van die bestuursliggaam, byvoorbeeld deelname by sportklubs.

- Die vervoer van leerlinge vir die doeleindes van skoolsport en -kultuuraktiwiteite.

Die individuele reg van die ouer en kind word dus duidelik beskerm en dit is fundamenteel dat daardie reg altyd gerespekteer word en onder geen omstandighede aangetas mag word nie. Net só word die keusevryheid van die onderwyser ook beklemtoon. Deur noukeurige uitvoering van die voorgeskrewe beleidsbepalings kan die buitemuurse aktiwiteite deel van die breë kurrikulum van die skool vorm en is dit die professionele verantwoordelikheid van die onderwysers (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3).

Oortydbetaling aan onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole vir buitemuurse aktiwiteite soos onder andere sportafrigting, word nie toegelaat nie. Diensvoorwaardes van onderwysers in gesubsidieerde poste is 'n algemene saak wat deur die diensbedeling vir onderwysers deur die Departement van Nasionale Opvoeding bepaal word en geen voorsiening word vir sodanige betaling gemaak nie (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3).

Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat onderwysers al hulle tyd beskikbaar moet stel aan die skool waar hulle aangestel is en dat hulle hul voortaan slegs met die goedkeuring van die bestuursliggaam van die skool mag verbind om ook ander werk teen besoldiging te verrig. Geen onderwyser kan addisionele besoldiging eis vir enige plig wat deur die amptelike gesag aan hom/haar opgedra word nie (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 3).

4.7 Ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

Volgens die bepalings van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), is daar bepaalde prosedures wat gevolg moet word wanneer ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag by staatsondersteunde (Model C-) skole uitgevoer word. Die bepalings moet voor die aanvang van enige ondersoek na onbekwaamheid en wangedrag deeglik bestudeer word deur die Tugkomitee en tydens ondersoek stiptelik nagekom word.

Artikel 98 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), verwys na onbekwaamheid en wangedrag van personeel van staatsondersteunde (Model C-) skole. In hierdie artikel word aangedui dat die bepalings van:

- artikels 74 tot 76 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), soos bespreek in hoofstuk 3, paragraaf 3.10 ten opsigte van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole, *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van 'n onderwyser wat in 'n gesubsidieerde onderwyspos by 'n staatsondersteunde skool aangestel is;

- artikels 84 tot 94 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), soos bespreek in hoofstuk 3, paragraaf 3.10 ten opsigte van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole, *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van 'n onderwyser wat in 'n gesubsidieerde onderwyspos by 'n staatsondersteunde (Model C-) skool aangestel is.

In artikel 97 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), word dit gestel dat, sover dit staatsondersteunde (Model C-) skole betref, verwysings in die wet (in hierdie geval met betrekking tot onbekwaamheid en wangedrag) na:

- 'n departementele inrigting of die departement uitgelê word as in verwysing na 'n staatsondersteunde (Model C-) skool;

- Minister uitgelê word as 'n verwysing na die betrokke bestuursliggaam; en

- die Onderwyshoof uitgelê word as 'n verwysing na die voorsitter van die betrokke bestuursliggaam.

Die regulasies betreffende ondersoek na onbekwaamheid en wangedrag van onderwysers verbonde aan gewone openbare skole is dus net so van toepassing op onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole deur elke keer die volgende woorde te vervang:

- departementele inrigting of die departement met "staatsondersteunde (Model C-) skool";
- Minister met "betrokke bestuursliggaam"; en
- Onderwyshoof met "voorsitter van die betrokke bestuursliggaam".

Wanneer daar byvoorbeeld beweer word dat 'n onderwyser ongeskik is vir sy pligte of nie in staat is om dit op bekwame wyse uit te voer nie, kan die beweringe deur die bestuursliggaam ondersoek word, en kan die onderwyser se dienste by skuldigbevinding aan onbekwaamheid deur die voorsitter van die bestuursliggaam beëindig word, na voorafgaande toestemming deur die Minister van Onderwys en Kultuur.

4.8 Aanspreeklikheid van die staatsondersteunde (Model C-) skool as gevolg van die handeling van onderwysers verbonde aan die skool.

In die Suid-Afrikaanse reg is daar bepaalde wyses waarvolgens 'n regs persoon aanspreeklik gehou kan word. Staatsondersteunde (Model C-) skole verkry hulle regs persoonlikheid kragtens die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988). Staatsondersteunde (Model C-) skole as regspersone, besit die volgende eienskappe:



- 'n Regspersoon is 'n wettige vereniging van persone wat onafhanklik van sy lede of belanghebbers bestaan. Dit beteken dat die skool onafhanklik van die bestuursliggaam, onderwysers, ouers, leerlinge en onderwysdepartement bestaan. Roerende eiendom behoort aan die skool en is nie die eiendom van enige van die voormelde partye nie. Onroerende eiendom is onderhewig aan 'n terugvalklousule as die skool nie meer as goedgekeurde onderwysinrigting benut word nie.
- Die staatsondersteunde skool het voortgesette voortbestaan en word nie beïnvloed deur 'n wisseling in die bestuursliggaam, onderwysers, ouers, leerlinge of departement nie.
- Die bestuursliggaam, onderwysers, ouers, leerlinge of departement is nie persoonlik aanspreeklik vir die skulde van die staatsondersteunde skool nie, aangesien die staatsondersteunde skool as outonome regspersoon die skulde aangegaan het.
- Die staatsondersteunde skool as regspersoon en as draer van regte en verpligtinge kan nie self aan die regsverkeer deelneem nie, maar moet deur middel van sy orgaan, dit wil sê bestuursliggaam, en/of gevolmagtigde verteenwoordigers optree.
- Die staatsondersteunde skool as regspersoon het ook wye *locus standi*, dit wil sê om in eie naam te dagvaar en gedagvaar te word.

(opsetlik of nalatig) teen 'n derde persoon pleeg, waardeur skade ontstaan, die derde 'n aksie om skadevergoeding en/of genoegdoening teen die werkgever kan instel (Ornstein & Levine, 1989: 326). Dit beteken dus dat die werkgever vir die optrede van sy werknemer aanspreeklik gehou kan word (Klopper, 1992: 3).

Die vereistes vir middellike aanspreeklikheid van 'n werkgever as gevolg van die opsetlike of nalatige optrede van sy werknemer is volgens Neethling *et al* (1989: 308) die volgende:

- Daar moes 'n werkgever/werknemerverhouding bestaan het op die oomblik toe die werknemer die onregmatige daad teenoor die derde gepleeg het, dit wil sê die onderwyser moes besig gewees het met die uitvoering van sy amptelike professionele onderwyspligte. Die Suid-Afrikaanse howe het reeds bepaal dat middellike aanspreeklikheid ter sprake is wanneer die werknemer onder die gesag, beheer en toesig van die werkgever staan, dit wil sê wanneer die nodige kontrole oor die optrede van die werknemer moet bestaan. In dié verband is dit ook nodig om die aandag daarop te vestig dat die bestaan van 'n dienskontrak wat die diensstaat van die werknemer uitstippel, geen voorvereiste is nie en dat die blote *de facto*-lewering van dienste ten behoeve van die werkgever voldoende is vir die aanspreeklikheid van die werkgever. In dié opsig is dit belangrik om daarop te let dat geen formele geskrewe dienskontrak tussen personeel op die gesubsidieerde diensstaat en die onderwysbeheerowerhede en/of die bestuursliggaam bestaan nie. Die diensverhouding tussen personeel op die gesubsidieerde diensstaat en die onderwysbeheerowerhede en/of die bestuursliggaam word ooreenkomstig statutêre bepalings soos in die Wet

op Onderwysaangeleentede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) vervat, gereël. Die diensverhouding tussen personeel op die nie-gesubsidieerde diensstaat word kragtens die dienskontrak soos aangegaan deur en tussen die personeellid en die bestuursliggaam gereël (Klopper, 1992: 4).

- Die onregmatige daad moes deur die werknemer in die uitvoering van sy pligte gepleeg gewees het. Die feit dat die werknemer 'n onregmatige daad gepleeg het in die uitvoering van sy pligte ingevolge die diensooreenkoms tussen die werkgever en die werknemer stel die werkgever aanspreeklik. Hierby word ingesluit nie slegs die direkte verpligtinge van die werknemer nie, maar ook alle toevallige optredes wat deel vorm van die werknemer se algemene pliguitvoering. Of 'n sekere handeling binne die omvang van 'n werkgever se prestasieverpligting val word volgens Klopper (1992: 4) bepaal deur die aard van die bepaalde indiensnemingsooreenkoms, die aard van die opdragte en die besondere omstandighede van die geval. Indien die werknemer op 'n spesifieke oomblik besig is met sy eie belange en/of sy eie doelstellings en hom heeltemal van die uitvoering van sy werkspligte losgemaak het, sal die werkgever nie aanspreeklik wees nie aangesien dit nie in die algemene uitvoering van die werknemer se amptelike pligte plaasgevind het nie.

4.8.1.1 Wie is die werkgewer van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole?

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar 'n diensverhouding tussen die werknemer en die werkgewer moes bestaan het en dat die skade wat die werknemer op skuldige wyse aan die eiser veroorsaak het in die loop van die uitvoering van sy pligte moes plaasgevind het voordat die werkgewer middellik aanspreeklik gehou kan word vir die daede van sy werknemer. Dit wil sê die skade moes plaasgevind het tydens die uitvoering van die pligte van die werknemer. Die diensverhouding wat tussen die werkgewer en die werknemer bestaan, word normaalweg uiteengesit in 'n dienskontrak sodat die werkgewer die nodige kontrole, dit wil sê beheer en toesig, het oor die wyse waarop die werknemer sy werkspligte moet uitvoer (Klopper, 1992: 5).

In die normale dienskontrak asook volgens ander toetse is dit relatief maklik om bogenoemde vas te stel, maar as daar gekyk word na die verhouding waarin onderwyspersoneel hulle teenoor die bestuursliggaam as werkgewer bevind, is dit besonder problematies. Hier is dus sprake van 'n skynbare dualistiese werkgewer. Faktore soos wie in beheer van die werk was, wie die voordele uit die verrigting van die werk ontvang en wie die middels en kapitaal voorsien, is van groot belang by die bepaling van die werklike werkgewer. In dié opsig bevind die skool hom in dieselfde posisie as 'n werkgewer wat 'n werknemer van 'n ander werkgewer leen of huur vir die verrigting van 'n bepaalde werk aangesien daar enersyds 'n definitiewe diensooreenkoms met aanstelling tussen die onderwyser en die onderwysdepartement tot stand kom en andersyds kom daar ook 'n gemeenregtelike



diensooreenkoms tussen die onderwyser en die skool kragtens artikel 97 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), tot stand (Klopper, 1992: 5).

Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal dat die skool as regs persoon die werkgewer van die onderwyspersoneel kragtens artikel 97(1)(b) is, maar 'n onderwyspersoneelid word kragtens artikel 97(4) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) by die toepassing van die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), steeds geag 'n werkmanslid in diens van die Staat te wees. Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), bepaal egter ook dat die eintlike beheer oor die professionele aard van die dienslewering van onderwyspersoneel by die verskillende onderwysdepartemente berus aangesien die onderwysdepartemente die onderwyskandidaat aanvanklik keur vir onderwyseropleiding, die persoon oplei ooreenkomstig 'n spesifieke beurs- of leningsooreenkoms, die persoon ooreenkomstig professionele kriteria evalueer en bevorderbaar vind en die aanstelling van 'n persoon in 'n bevorderingspos goedkeur. Ook die ontslagprosedures en die uiteindelijke ontslag berus by die onderwysdepartement. Alle diensvoorwaardes berus by die diskresie van die onderwysbeheerowerhede en die skool het min inspraak buiten die gebruikelike aanbevelingsbevoegdheid van die skool. Die onderwysdepartement is ook die instansie wat verantwoordelik is vir die besoldiging van alle personeel in gesubsidieerde poste. Daar bestaan verder ook baie duidelik voorskrifte en kriteria oor wat as onbekwaamheid en as wangedrag beskou word en oor die wyse van optrede teen personeel wat van beweerde onbekwaamheid en beweerde wangedrag beskuldig word (Klopper, 1992: 5).

Onderwyspersoneel op die nie-gesubsidieerde diensstaat van die skool moet ook aan die kwalifikasievereistes van die onderwysbeheerowerhede voldoen. So 'n onderwyser moet by die Federale Onderwysersraad geregistreer wees en sal ook onder die professionele beheer van die akademiese vakadviseurs (Superintendente van Onderwys) val, en kan die skool in dié geval ten volle aanspreeklik gehou word as so 'n personeellid hom aan 'n bepaalde onregmatige daad, opsetlik of nalatig, skuldig maak omrede die beheerkriterium, dit wil sê beheer en toesig, grootliks by die bestuursliggaam berus (Klopper, 1992: 5).

Na aanleiding van voormelde moet dit baie duidelik beklemtoon word dat die werkgever slegs aanspreeklik gehou kan word vir die skuldige optrede van sy werknemer as laasgenoemde in die uitvoering van sy pligte en in belang van die werkgever opgetree het. Waar 'n werknemer handelend buite die perke van sy diensbetrekking, 'n onregmatige daad pleeg, sal die werkgever nie aanspreeklik wees nie, maar die werknemer in sy persoonlike hoedanigheid. Die werkgever (skool) sal egter oor 'n regreseis teen die werknemer beskik na afhandeling van enige skadevergoedingseis teen die werkgever (Klopper, 1992: 7).

4.8.2 Besondere gevalle van die toepassing van middellike aanspreeklikheid soos van toepassing op onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

In die onderstaande bespreking word nou aangesluit by die struktuur van Klopper (1992: 7 - 12) en word gedemonsteer hoe problematies die

toepassing van die beginsel van middellike aanspreeklikheid op 'n onderwyser verbonde aan 'n Model C-skool kan wees.

4.8.2.1 Aanspreeklikheid op grond van 'n huisbesoek aan ouers.

Die tipiese geval wat hier ter sprake is, is waar die skoolhoof of die onderwyspersoneel ouers gaan spreek ten opsigte van skoolaangeleenthede maar nie uitdruklike toestemming het om die ouers te besoek nie. Die argument ter sprake hier is dat dit nie 'n gewone sosiale afspraak is nie, maar dat dit direk in verband kan staan met die pligte wat van 'n redelike, sorgsame onderwyspersoneelid verwag word, naamlik die besoek aan die ouers in verband met die welstand van leerlinge. Paragraaf 4.2 van die Professionele Gedragskode vir onderwysers vereis dan ook van die onderwyser om die ouers voldoende op hoogte te hou met betrekking tot die vordering van hul kind. Alhoewel daar nie uitdruklike toestemming vir alle gevalle sal bestaan nie, kan dit tog geargumenteer word dat stilswyende toestemming wel bestaan. Indien sodanige onderwyspersoneelid byvoorbeeld in 'n motorongeluk betrokke is op pad na of van die ouers, bestaan die moontlikheid dat die werkgewer aanspreeklik gehou kan word vir persoonlike beserings sowel as persoonlike besittings van die onderwyser wat tydens die ongeluk beskadig is (Klopper, 1992: 7).

4.8.2.2 'n Personeelid wat 'n ander persoon toelaat om hom by te staan.

In dié geval versoek die onderwyspersoneelid 'n ander persoon om hom/haar by te staan in die uitvoering van bepaalde werkspligte. Deur die nalatige

optrede van die ander persoon kan skade aan die eiendom van 'n derde berokken word of kan 'n derde beseer word. Die vraag is of die skool aanspreeklik gehou kan word vir die nalatige optrede van die ander persoon? Die Suid-Afrikaanse howe het in die verlede al bevind dat, aangesien die werknemer nie die goedkeuring van sy werkgewer het om 'n ander persoon namens die werkgewer in diens te neem nie, die werkgewer nie aanspreeklik gehou kan word nie. Het die werknemers egter in 'n noodsituasie die hulp van 'n ander gevra om hom met sy werk by te staan, sal die werkgewer onder sekere omstandighede middellik aanspreeklik wees vir die onregmatige daad deur die hulpverlener in die loop van sy hulpverlening. Volgens bestaande regspraak blyk dit dat geredeneer kan word dat die werknemer in 'n noodsituasie stilswyende volmag van sy werkgewer het om 'n ander persoon te versoek om hom by te staan (Klopper, 1992: 8).

4.8.2.3 Bestuur van skoolvoertuie en afwyk van roete met of sonder toestemming.

Indien 'n onderwyser byvoorbeeld deur die skoolhoof versoek word om bepaalde dokumentasie by die onderwysdepartement af te haal en die onderwyser verkry ook toestemming om tydens dieselfde rit van die roete af te wyk ten einde 'n dringende persoonlike saak af te handel, is dit regtens moontlik dat die skool aanspreeklik gehou kan word indien daar tydens die afwyk van die roete 'n motorbotsing is weens die nalatigheid van die onderwyser, al het die onderwyser sy eie voertuig bestuur. Die beredenering is dat dit vasstaan dat die werkgewer wel die voordeel verkry het omdat die onderwyser in staat gestel word om gouer weer sy pligte te kan hervat want die onderwyser sou moontlik op 'n latere geleentheid vir verlof moes

aansoek doen om hierdie dringende persoonlike saak af te handel. Indien die onderwyser egter van die roete afwyk sonder toestemming van die skoolhoof of enige ander senior personeellid kan die skool nie sonder meer aanspreeklik gehou word nie aangesien daar geredeneer kan word dat die onderwyser besig was met sy eie belange. In dié geval behoort die onderwyser, en nie die skool nie, aanspreeklik gehou (Klopper, 1992: 8).

4.8.2.4 Laster.

In die Suid-Afrikaanse reg bestaan daar nie volle duidelikheid oor die gevalle wanneer 'n werkgewer middellik aanspreeklik gehou kan word vir die gevolge van 'n onregmatige daad soos laster deur 'n werknemer nie. Dit wil voorkom asof die houe pog om vas te stel of die onregmatige daad uit die uitvoering van die werk wat die werknemer moes verrig, voortgespruit het. Die volgende riglyne vir die vasstelling van aanspreeklikheid in dié verband kan volgens Klopper (1992: 8) gebruik word:

- Dit blyk dat die werkgewer nie middellik aanspreeklik kan wees indien die optrede van die onderwyser in sy eie belang was of wanneer sy optrede uit persoonlike kwaadwilligheid was nie.

- Dit is belangrik om die bepaalde omstandighede vas te stel asook waar en wanneer die onregmatige daad gepleeg is ten einde die nodige verband tussen werkopdrag en die onregmatige daad vas te stel.

Dit is egter nie maklik om te bepaal wanneer die optrede van 'n onderwyser in eie belang is nie of wanneer hy uit persoonlike weerwraak opgetree het nie, en wanneer die afwyking van die uitvoering van sy pligte volgens plek en tyd groot genoeg is om die skool van aanspreeklikheid te onthef nie. Vanweë die feit dat die onderwyser sy beroep in noue kontak met leerlinge, ouers en lede van die publiek beoefen, is hy daaraan blootgestel dat hy in die loop van die verrigting van sy ampspligte uitlatings oor 'n ouer, leerling of 'n lid van die gemeenskap kan maak op grond waarvan hy vir laster aangespreek kan word byvoorbeeld in verslae wat hy skryf, op rapporte ensovoorts. Die skool kan aanspreeklik gehou word vir die optrede van sodanige onderwyser (Prinsloo, *et al*, 1987: 28).

4.8.2.5 Aanspreeklikheid van die skool (verteenwoordigde) vir daade deur verteenwoordiger.

Daar is in regspraak bepaal dat die prinsipaal (verteenwoordigde) aanspreeklik gehou kan word vir die optrede van sy gevolmagtigde verteenwoordiger teenoor derde partye. Hiervolgens kan dus aangeneem word dat, indien 'n onderwyser opdrag gegee word om die skool by 'n bepaalde transaksie/vergadering te verteenwoordig, die skool aanspreeklik gehou kan word vir die optredes van sodanige onderwysers. In sulke gevalle sal die skool hom nie van sy verpligtinge teenoor die ander party kan ontdaan nie behalwe in gevalle van opsetlike wanvoorstellings deur die verteenwoordiger (Klopper, 1992: 9).

4.8.2.6 Oplaaai van passasiers (leerlinge) deur 'n onderwyser.

Indien die onderwyser leerlinge in gure weer tydens ritte na en van die skool oplaaai, bestaan die moontlikheid dat die skool aanspreeklik gehou kan word indien daar 'n motorbotsing sou ontstaan. Die argument is dat die risiko van die oplaaai van leerlinge in gure weersomstandighede altyd bestaan en verder ook dat dit normaalweg van 'n redelike verantwoordelike onderwyser verwag sal word om onder bepaalde omstandighede ook besorg te moet wees oor die fisiese welstand van leerlinge (Klopper, 1992: 10). Wanneer daar 'n eis teen die onderwyser ingestel sou word as gevolg van byvoorbeeld 'n motorongeluk kan die skool middellik aanspreeklik gehou word vir die vereffening van alle eise wat teen die onderwyser ingestel word.

4.8.2.7 Gebruik van skoolfasiliteite deur leerlinge en buitestanders.

Die ouers van leerlinge of persone wat die skoolterrein betree en die skoolfasiliteite benut en daardeur toevallig gedood of liggaamlik beseer word of skade aan tasbare eiendom opdoen, kan na aanleiding van die nalatige versuim van 'n bepaalde onderwyser in die uitvoering van bepaalde pligte, die skool aanspreeklik hou. 'n Voorbeeld van wat gereeld by skole plaasvind, is dat die besoekers hulle motors op die skoolterrein parkeer en dit daar beskadig word of leerlinge wat tydens sportbyeenkomste beseer raak as gevolg van byvoorbeeld foutiewe afrigtingsmetodes en die daarop volgende eise ten opsigte van mediese uitgawes deur ouers (Klopper, 1992: 10).

4.8.2.8 Aanspreeklikheid as gevolg van nalatige beheer oor gevaarlike voorwerpe.

Indien 'n persoon en/of regspersoon in beheer van 'n gevaarlike voorwerp is, hetsy roerend of onroerend en hy versuim om behoorlik beheer daarvoor uit te oefen met die gevolg dat 'n ander onskuldige persoon benadeel word, sal die persoon in beheer aanspreeklik gehou word vir sy late in verband met die tref van redelike sorg ter voorkoming van die gevaarlike toestand. Die skool sal dus aanspreeklik gehou word as daar nie redelike voorsorgmaatreëls en veiligheidsmaatreëls in wetenskaplaboratoria, tegniese sentrums, huishoudkundesentrums, LO-klasse, by kadetskietoefeninge, by atletiekbyeenkomste veral skyfwerp en spiesgooi, rugbywedstryde of voldoende noodhulpfasiliteite getref word nie (Klopper, 1992: 12). Daar rus egter 'n plig op die onderwyser om na die veiligheid van leerlinge om te sien deur redelike voorsorg- en veiligheidsmaatreëls te tref en sodoende moontlike nalatigheid uit te skakel. Die onderwyser se toesig is nie net beperk tot die klaslokaal of skoolgrond nie. Toesig is nodig by alle skoolaktiwiteite.

'n Potensieel gevaarlike voorwerp het 'n sterk aantrekkingskrag vir kinders. Om hierdie rede word 'n swaarder las op die onderwyser geplaas omdat kinders juis 'n kategorie van mense is wat in ons reg met groot omsigtigheid bejeën word. 'n Voorbeeld uit die skool wat hier gebruik word, is 'n ondernemende kind wat karbiedstukkies gebruik vir 'n maklik vervaardigbare bom. Vir die kind wat kennis dra van hierdie eienskappe van karbied, sal karbied 'n besondere aantrekkingskrag hê. 'n Onderwyser in beheer van hierdie soort voorwerpe sal presies weet waarmee hy hom besig hou en die

redelike man kan aanvaar dat hy met die nodige sorgsaamheid ten aansien van daardie potensieel gevaarlike objek sal optree sodat die kind beskerm word en dat hyself en derdes nie benadeel sal word nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 121). Indien 'n onderwyser dus alles gedoen het wat redelikerwys van hom verwag kan word, kan hy nie aanspreeklik gehou word nie.

4.9 Regshulp tot die beskikking van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.

Vir sover die onderwyser, as een van sy burgerlike regte, geregtig is op gelykheid voor die reg, kan 'n mens sê dat een van sy regte dit is wat vervat is in die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), naamlik dat die betrokke onderwysersvereniging kennis moet kry wanneer daar wangedragstappe teen hom aanhangig gemaak word en verder ook dat hy geregtig is op regsbystand van die begin af wanneer daar sulke stappe geneem word. Hierdie sake word ook in die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), breedvoerig beskryf. Al die stappe dwarsdeur die ondersoek tot by appèl, dit wil sê die reg om hom te beroep op sy departement en dié se strukture en die hooggeregshof, is van die burgerlike regte van die onderwyser tot sy beskikking (Steyn, *et al*, 1989: 234).

Waar 'n onderwyser wat op regsverteenvoording geregtig is, nie daarvoor kan betaal nie, bestaan daar weë om hom te help. Onder bepaalde omstandighede kan die staatsprokureur namens 'n onderwyser optree. Waar die betrokke skool middellik aanspreeklik is vir die optrede van die

onderwyser, word die bedrag van die eis sowel as die koste deur die skool betaal. Met betrekking tot regshulp, dit wil sê finansiële bystand om 'n regsverteenwoordiger te bekom, moet in gedagte gehou word dat dit kan gebeur dat 'n persoon by 'n bepaalde ondersoek betrokke kan raak waar hy nie noodwendig geregtig is om deur 'n prokureur of advokaat verteenwoordig te word nie. In die geregshowe en *kwasi-geregtelike* verrigtinge (ondersoeke na beweerde wangedrag deur bestuursliggame of die Federale Onderwysersraad) maak magtigende wetgewing voorsiening vir die bystand van 'n regsverteenwoordiger. Regshulp kom ter sprake wanneer die onderwyser wel van die dienste van 'n regsverteenwoordiger gebruik mag maak, maar nie daarvoor kan betaal nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 230).

In dié verband lewer sommige onderwysersverenigings 'n besondere diens aan hulle lede, in dié sin dat hulle oor regsfondse beskik ter beskerming van onderwysers (hulle lede) wat in die *bona fide*-uitvoering van hulle professionele pligte in regsgeskille betrokke raak (Van Wyk, 1981: 64). Volgens mnr. Klopper van die Transvaalse Onderwysersvereniging beskik die TO oor 'n regsfonds ter beskerming van onderwysers (sy lede) wat in die uitvoering van hulle professionele pligte op 'n nie-nalatige wyse in regsgeskille betrokke raak.

4.10 Onderwyseraanspreeklikheid vir leerlingveiligheid.

In hierdie afdeling word die aandag spesifiek gevestig op die sivielregtelike aanspreeklikheid van die onderwyser of die skool/onderwysdepartement vir vermoënskade of persoonlikheidsnadeel wat leerlinge as gevolg van

ongelukke wat in die skool of tydens skoolaktiwiteite plaasvind, ly. 'n Volledige bespreking van die sivielregtelike aanspreeklikheid van die onderwyser of die skool word nou in hierdie hoofstuk gegee. Dit kan aangevoer word dat die saak van aanspreeklikheid en middellike aanspreeklikheid meer aktueel is vir 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool as vir 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool. Hierdie stelling is gebaseer op die aard van die verhouding tussen hierdie soort onderwysers en hul werkgewers en dié feit dat daar 'n meer direkte lyn van kontak tussen die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool en sy werkgewer (die skool) is as tussen die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool en sy werkgewer ('n onderwysdepartement). Die werkgewer, naamlik die skool, van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde skool beskik ook nie oor dieselfde finansiële vermoë as 'n staatsowerheid nie.

Volgens die huidige stand van die Suid-Afrikaanse reg kan 'n onderwyser of 'n betrokke onderwysinstansie alleenlik aanspreeklikheid vir die vergoeding van nadeel ooploop indien daar 'n regsplig om sorgsaam op te tree op die onderwyser of die onderwysinstansie gerus het en die betrokke party die regsplig op 'n onredelike en skuldige wyse nie nagekom het nie. 'n Onderwyser het in sekere gevalle en onder sekere omstandighede 'n verpligting om die veiligheid van leerlinge onder sy toesig en beheer te verseker en die leerlinge het as teenkant die reg om beskerm te word (Botha, 1990: 18).

Vir elke reg wat 'n onderwyser dus besit, bestaan daar dus ook 'n verpligting om daardie reg met die nodige sorgsaamheid uit te oefen. As die onderwyser dus versuim om hierdie verpligting na te kom, en in die proses 'n leerling beseer of skade veroorsaak, pleeg die onderwyser 'n onregmatige daad. Die leerling sal dan geregtig wees om 'n skadevergoedingsaksie teen die onderwyser in te stel. So 'n aksie noem 'n mens 'n siviele eis, want dit het niks met die polisie of die Staat te doen nie omdat dit nie 'n misdad is nie. Dit is dus 'n private aangeleentheid tussen die onderwyser en die leerling wat beweer dat die onderwyser 'n onregmatige daad teenoor hom gepleeg het (Lourens, 1987: 73).

Die reg in verband met onregmatige dade handel dus oor die regsgevolge van 'n mens se optrede waardeur skade vir iemand ander veroorsaak is. Die onregmatige dadereg voorsien dus nie strawwe nie, maar is in hoofsaak gerig op vergoeding vir die skade of nadeel wat die eiser gely het (Van Zyl, *et al*, 1982: 368).

Van der Merwe *et al* (1989: 1) beskryf 'n onregmatige daad as 'n onregmatige en skuldige handeling wat aan 'n ander skade of persoonlikheidsnadeel veroorsaak. Tot die gebied van die reg insake die onregmatige daad behoort al die reëls wat die privaatregtelike aanspreeklikheid van 'n persoon bepaal waar hy op onregmatige skuldige wyse skade of persoonliheidsnadeel aan 'n ander veroorsaak het.

Vanuit bogenoemde omskrywing word die volgende elemente van die onregmatige daad as voorvereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser onderskei (Van der Merwe, *et al*, 1989: 24):

- Handeling. 'n Mens moet in die eerste plek bewys dat die persoon teen wie jy die eis wil instel 'n handeling verrig het of nagelaat het om iets te doen terwyl daar 'n plig op hom gerus het om op te tree (Lourens, 1987: 72).
- Onregmatigheid. 'n Mens moet tweedens bewys dat die persoon onregmatig opgetree het. 'n Mens tree onregmatig op as jy iemand anders se regte aantas. As iemand jou byvoorbeeld sonder enige rede sou aanrand, tas hy jou reg op jou liggaamlike integriteit aan. As hy jou sonder rede beskinder, tas hy jou reg op jou goeie naam aan (Pretorius, 1977: 14).
- Skuld. Die derde element wat bewys moet word, is dat die persoon se onregmatige handeling met skuld gepaard gegaan het. 'n Mens kan skuldig aan iets wees as jy opsetlik of nalatig gehandel het (Van Rensburg, 1972: 11).
- Oorsaaklikheid. Die vierde element wat 'n mens moet bewys as jy iemand vir skade wil dagvaar, is dat sy onregmatige en skuldige handeling inderdaad die oorsaak van jou skade was. Om te bepaal of 'n sekere handeling sekere skade veroorsaak het, is dus nie altyd so maklik nie. Die reg oorbrug egter die probleem deur te vra watter handeling waarskynlik volgens die redelike mens 'n sekere gevolg teweeggebring het (Lourens, 1987: 76).

- Skade. Vyfdens moet 'n mens bewys dat jy inderdaad skade gely het as gevolg van die ander persoon se onregmatige en skuldige handeling. Skade kan in ons reg twee vorme aanneem, naamlik finansiële verlies (vermoënskade) of persoonlikheidskrenking (Lourens, 1987: 77).

Ten einde regtens aanspreeklik te wees vir die nadeel wat hy aan 'n ander berokken het, moet die dader se optrede aan al hierdie vereistes (elemente) voldoen (Van Rensburg, 1972: 1). Die grondslag van aanspreeklikheid in hierdie gevalle is dus deliktuele aanspreeklikheid (aanspreeklikheid op grond van 'n onregmatige daad) (Botha, 1990: 24).

4.10.1 'n Handeling as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.

Dit is voor die hand liggend dat deliktuele aanspreeklikheid as gevolg van die een of ander handeling of late van die onderwyser tot stand kom. Om regtens as 'n handeling beskou te word, moet die onderwyser se optrede deur sy wil bepaal word. Dit beteken nie dat sy optrede opsetlik moet wees nie, maar bloot dat dit deur die onderwyser se wil beheer moet kan word. Daar kan nie van 'n dier gesê word dat dit handel nie, en die stuiptrekkings van iemand tydens 'n epileptiese aanval voldoen ook nie aan die omskrywing van 'n handeling nie, maar waar 'n verstrooide professor nie 'n rooi verkeerslig raaksien nie en sodoende 'n ongeluk veroorsaak, was daar wel 'n handeling omdat dit deur sy wil beheer kon word (Van der Merwe, *et al*, 1989: 25).

Menslike gedrag kan die vorm van 'n positiewe optrede of handeling aanneem en ook van 'n negatiewe versuim om te handel of 'n late (Neethling, *et al*, 1989: 20). Soos in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg, het die howe tot onlangs beslis dat slegs 'n positiewe handeling 'n delik kan daarstel, met ander woorde dat geen aanspreeklikheid in die reël tot stand kom waar iemand deur middel van 'n late op 'n ander se reg inbreuk maak nie. 'n Aantal uitsonderings op hierdie reël is egter toegelaat waar 'n plig om te handel gekonstrueer is en die versuim om te handel dus as grond vir 'n aksie beskou is. Daar bestaan dus gevalle waar die reg 'n plig op 'n mens plaas om te handel. Voorbeelde hiervan volgens Lourens (1987: 74) is die volgende:

- Wanneer 'n mens 'n potensiële gevaar skep en dan versuim om redelike stappe te neem om die belange van ander teen daardie gevaar te beskerm, sal hy aanspreeklik gehou word as skade as gevolg daarvan gely word. Hier is die aanspreeklikheid dus op 'n kombinasie van 'n handeling en 'n late gebaseer. Indien 'n betrokke skool bewus was van 'n gevaarlike toestand by die skool en in gebreke bly om dit te herstel of voorsorg te tref om die leerling van sodanige gevaarpunt weg te hou, en 'n leerling word beseer, dan bied die versuim moontlik gronde vir deliktuele aanspreeklikheid.
- Waar 'n persoon oor 'n gevaarlike voorwerp beheer aanvaar, plaas die reg 'n verpligting op hom om redelik voorsorgmaatreëls te tref ten einde te voorkom dat hierdie voorwerp skade aan ander berokken. Versuim om behoorlike toesig te hou, sal dus tot aanspreeklikheid aanleiding gee. Om

toe te lig: Die onderwyser in die metaalwerkkamer werk met 'n slypmasjien en versuim om die nodige veiligheidskerms aan te bring. Die slypsteen breek en beseer 'n leerling. Die onderwyser sal dus aanspreeklik kan wees vir die skade of persoonnadeel van die leerling. Waar die onderwyser dus in beheer is van 'n inherent gevaarlike voorwerp of 'n potensieel gevaarlike voorwerp wat 'n sterk aantrekkingskrag vir kinders het, moet hy nog groter sorg aan die dag lê om te verseker dat 'n leerling nie 'n besering opdoen nie.

- Die reg verplig sekere persone om in bepaalde omstandighede te handel in welke geval die versuim om te handel wat dan skade berokken, die betrokke persoon aanspreeklik kan stel. So 'n plig kan onder andere deur die gemene reg opgelê word, byvoorbeeld in die geval van persone wat openbare ampte beklee (onderwysers), of dit kan uitdruklik deur wetgewing opgelê word byvoorbeeld die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988).

4.10.2 Onregmatigheid as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser

'n Handeling wat nadeel aan 'n ander veroorsaak, is op sigself nie voldoende om deliktuele aanspreeklikheid daar te stel nie. Benadeling moet ten minste ook op 'n onregmatige dit wil sê op 'n regtens ongeoorloofde of onredelike wyse veroorsaak word voor aanspreeklikheid kan volg. Waar onregmatigheid dus ontbreek, gaan die onderwyser vry (Neethling, *et al*, 1989: 27).

Die vraag na onregmatigheid behels in beginsel 'n tweeledige ondersoek. In die eerste plek moet vasgestel word of 'n regsverkende individuele belang inderdaad aangetas is, oftewel of feitelik nadelig op 'n individuele belang ingewerk is. Die handeling moet met ander woorde sodanige nadelige gevolg veroorsaak het. Waar 'n onderwyser met sekere aktiwiteite besig is (soos byvoorbeeld 'n natuurwetenskaplike eksperiment met gevaarlike chemikalieë) moet hy sorg dra dat hy nie die eiendom byvoorbeeld skoolklere, boeke en boeksakke, of die persoon byvoorbeeld liggaam van die leerling onregverdig benadeel nie. Indien die onderwyser wel sonder enige regverdiging nadeel op hierdie wyse veroorsaak, sal sy gedrag as onregmatig vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid beskou word. In so 'n geval is die onregmatigheid geleë in die aantasting van die benadeelde se regsverkende (subjektiewe regte) ten opsigte van sy vermoë en/of sy persoonlikheid (Botha, 1990: 26).

Indien daar wel nadelig op 'n individuele belang ingewerk is moet daar aan die hand van regsnorme vasgestel word of die inwerking op 'n regtens ongeoorloofde of onredelike wyse geskied het. Normoortreding moet dus aanwesig wees; bedoelde nadelige gevolg op sigself is nie voldoende om onregmatigheid daar te stel nie byvoorbeeld die onderwyser wat sy tugtgingsbevoegdheid oorskry. Die vraag of 'n feitelike belange - aantasting op 'n regtens afkeurenswaardige wyse geskied het, maak die kern van die ondersoek na onregmatigheid uit. 'n Handeling kan deliktueel onregmatig wees slegs as dit 'n feitelike, individuele belange - aantasting tot gevolg het (Neethling, *et al*, 1989: 27).

4.10.2.1 Die rol van regverdigingsgronde

Indien sekere regverdigingsgronde teenwoordig is kan die onregmatigheid van 'n handeling uitgeskakel word. Die regverdigingsgronde wat vervolgens behandel gaan word is noodweer, noodtoestand, toestemming tot benadeling, vrywillige aanvaarding van risiko en dissiplinêre gesag.

- (i) Noodweer. Dit is aanwesig wanneer die dader hom op 'n redelike wyse teen iemand anders se onregmatige of dreigende onregmatige handeling verdedig om sy eie of 'n ander se geregverdigde (regserkende) belange te beskerm (Van der Merwe, *et al*, 1989: 71). 'n Mens is daarop geregtig om jouself teenoor enigiemand wat jou of iemand anders se persoon of eiendom bedreig, te verdedig (Labuschagne, 1975: 59) Die reg lê egter streng perke vir sulke optrede neer. Die verweer van noodweer of selfverdediging sal slegs in 'n hof slaag as daar aan sekere vereistes voldoen word. Lourens (1987: 47) onderskei die volgende belangrike vereistes van noodweer:

- Die aanval moes wederregtelik wees.
- Die aanval moes reeds begin het of so dreigend wees dat voorkomende optrede redelikerwys noodsaaklik was. 'n Persoon mag byvoorbeeld nie 'n teenaanval teen iemand loods omdat hy vermoed dat hy in die toekoms aangeval gaan word nie.

- Die teenaanval moet noodsaaklik wees. 'n Persoon mag byvoorbeeld nie die reg sommer goedsmoeds in eie hande neem nie.

 - Die teenaanval mag nie skadeliker wees as wat nodig is om die aanval af te weer nie. Daar moet 'n mate van eweredigheid tussen die aanval en die teenaanval wees. 'n Onderwyser wat 'n seun ses houe gee omdat hy in die rye gepraat het sal waarskynlik nie sodanige eweredigheid kan bewys nie.
- (ii) Noodtoestand. In hierdie geval is 'n mens se verdedigende optrede, anders as by noodweer, nie op die aanvaller nie, maar op die persoon, eiendom of regte van 'n ander onskuldige persoon gerig (Neethling, *et al*, 1989: 70). 'n Onderwyser stamp 'n leerling by die venster uit omdat die gebou brand en alle uitgange geblokkeer is. Die onderwyser red sodoende die leerling se lewe, maar die leerling doen beserings op as gevolg van die val. Die onderwyser kan nie aanspreeklik gehou word vir die leerling se beserings nie, mits daar 'n noodtoestand was.
- (iii) Toestemming tot benadeling. Waar iemand toestem tot benadeling, doen hy vir sover sy toestemming strek, afstand van sy reg en die benadeling is gevolglik nie onregmatig nie (Scott, 1976: 20). As 'n mens iemand byvoorbeeld uitnoui om, sê maar, teen jou te boks, kan jy hom nie later van aanranding beskuldig as hy jou 'n

bloedneus gee nie, want jy het toegestem dat hy jou mag benadeel. Hy mag natuurlik niks meer of anders doen as waarvoor toestemming verleen is nie, soos byvoorbeeld om jou met 'n stok te slaan nie. Die reg vereis ook dat toestemming bewustelik, vrywillig en vir 'n wettige doel verleen moet word. 'n Kind mag ook nie sonder sy voog se bystand sulke toestemming verleen nie (Lourens, 1987: 75). 'n Onderwyser moet dus seker maak dat 'n leerling nie aan sport deelneem sonder die skriftelike toestemming van die ouer nie. Hierdie toestemming tot benadeling dek dan slegs ook beserings wat binne die normale risiko's van die spel val wat binne die reëls beoefen word. Ten spyte daarvan dat 'n leerling met sy ouers se toestemming aan sport deelneem en die kind sowel as die ouer bewus is van die normale risiko's van die spel binne die reëls, doen dit nie afbreek aan die onderwyser se verantwoordelikheid om te waak oor die veiligheid van deelnemers nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 142).

Toestemming tot benadeling soos hierbo bespreek moet baie duidelik onderskei word van **vrywaring teen aanspreeklikheid**. In laasgenoemde geval het 'n mens te make met 'n onderneming deur die ouer om nie enige siviele eise teen die onderwyser of die onderwysinstansie in te stel nie. Hierdie onderneming is egter 'n regshandeling ingevolge waarvan die ouer alleenlik van sy eie eise vir nadeel deur homself gely, kan afstand doen. Aangesien die kind nie die nodige handelingsbevoegdheid het om sodanige regshandeling aan te gaan nie en dit ook nie in die beste belange van die

kind sou wees indien die ouer namens hom van sy remedies afstand doen nie, kan hierdie onderneming nooit die onderwyser of onderwysinstansie teen die leerling se persoonlike eise vrywaar nie (Prinsloo, *et al*, 1987: 142).

- (iv) Vrywillige aanvaarding van risiko. Waar 'n persoon ten volle bewus daarvan is dat die handeling van 'n ander vir hom die risiko van benadeling inhou en hy nietemin toestem om hierdie risiko te loop, word geag dat hy tot daardie mate van sy reg afstand gedoen het en die verweerder se handeling, indien die risiko materialiseer en die toestemmende party benadeel word, is nie onregmatig nie. Die leerling wat 'n sekere sportsoort beoefen stem toe tot die risiko's verbonde aan die sport: die rugbyspeler tot die risiko dat 'n laagvat beserings kan meebring. Tree die newe-effek van die vermelde sportbesering in, kan die benadeelde die dader nie deliktueel daarvoor aanspreeklik hou nie omdat die benadeelde toegestem het tot die risiko dat die vermelde benadeling kan intree (Hosten, *et al*, 1990: 500). In die geval van rugby weet deelnemers dat daar altyd 'n risiko is dat 'n speler sy been kan breek selfs al word die sport binne die reëls beoefen. Die speler het dus regsgeldiglik toegestem tot die risiko van beserings wat tydens die normale verloop van 'n rugbywedstryd opgedoen kan word.
- (v) Dissiplinêre gesag. Ouers en persone *in loco parentis* soos voogde, onderwysers en koshuisvaders, is in gesagsposisies oor kinders en dit behels 'n tugtigingsbevoegdheid. Daarom is sodanige tugtiging,

in die vorm van lyfstraf, nie onregmatig indien dit matig en redelik is nie. In verskillende beslissings is die perke van hierdie tugtigingsbevoegdheid ten opsigte van onderwysers en ouers neergelê en onderwysers se bevoegdheid in hierdie verband word in wetgewing bepaal (Hosten, *et al*, 1990: 502). Tug moet, objektief gesien, matig en redelik uitgeoefen word. Die oogmerk van tug moet wees om die kind reg te help en daar moet nie 'n onbehoorlike motief wees wat op onredelike en regmatige tuguitoefening kan dui nie. Dit is egter nie moontlik om presiese reëls te stel omtrent wat wel en wat nie gedoen mag word nie. Wat matig en redelik is, sal van die omstandighede afhang (vergelyk paragraaf 3.5.2.1) (Van der Merwe, *et al*, 1989: 109).

4.10.3 Skuld as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.

Skuld is 'n verwyte wat 'n persoon van regsweë tref. Daar word gewoonlik na verwys as 'n laakbare gesindheid waarmee 'n persoon handel. Daar kan slegs van skuld sprake wees indien daar 'n optrede was wat onregmatig is (Botha, 1990: 31). 'n Verder vereiste is dat die dader toerekeningsvatbaar moet wees. Alvorens 'n skuldverwyte die dader kan tref, moet ten minste een van die volgende twee omstandighede volgens Van Zyl *et al* (1982: 509) teenwoordig wees:

- Die dader moes die gevolg gewil het en ten tye van die handeling bewus gewees het van die moontlike gevolge van sy wederregtelike optrede; en

- die optrede van die dader het nie voldoen aan die norm wat aan hom gestel is nie.

In die lig van bogemelde omstandighede word respektiewelik na twee vorme van skuld naamlik opset en nalatigheid verwys.

4.10.3.1 Opset as 'n vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid.

Opset is aanwesig as 'n persoon se wil daarop gerig is om 'n besondere resultaat te bewerkstellig terwyl hy terselfdertyd bewus is van die onregmatigheid van sy handeling. Die reg sê 'n mens het opsetlik gehandel as jy die bedoeling gehad het om op 'n sekere manier op te tree (Lourens, 1987: 75). Neethling *et al* (1989: 106) onderskei tussen drie vorms van opset:

- Eerstens voorsien die dader die gevolge van sy handeling en rig hy sy wil op die bewerkstelling van hierdie gevolge.
- Tweedens voorsien die dader dat behalwe die verlangde gevolge van sy daad, ook ander gevolge onvermydelik sal intree. Ook hier word gesê dat sy wil op hierdie ander gevolge gerig is, hoewel hy hulle miskien nie verlang nie.
- Derdens verlang die dader nie die betrokke besondere gevolg van sy handeling nie, en hy voorsien ook nie die sekerheid dat dit sal gebeur nie, maar hy voorsien alleen die moontlikheid dat hierdie gevolg sal intree; as

hy dan nogtans handel, versoen met hierdie moontlikheid of terwyl hy on-verskillig daarteenoor staan, word gesê dat hy sy wil op daardie gevolg gerig het.

Dit moet in ag geneem word dat opset niks met die dader se motief te make het nie, maar met sy wil of bedoeling (Lourens, 1987: 75).

4.10.3.2 Nalatigheid as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser en die toets daarvoor.

Nalatigheid is die verwyte wat die onderwyser vanaf regsweë tref, omdat sy gedrag nie aan die standaard voldoen wat die reg van hom vereis nie. Ten einde vas te stel wat die reg van die onderwyser vereis, word van die sogenaamde "redelike man"-toets gebruik gemaak. Die wesenlike verklaring van hierdie bekende regsterm lê opgesluit in die Latynse uitdrukking *diligens paterfamilias* wat vrylik vertaal beteken om te handel soos wat 'n goeie vader teenoor sy gesin sou optree (Oosthuizen & Bondesio, 1988: 92). In die saak *Kruger v. Coetzee, 1966 (2) S.A. 428 (A)* is hierdie "redelike man"-toets deur appèlregter Holmes soos volg geformuleer:

"For the purpose of liability *culpa* arises if -

- (a) a *diligens paterfamilias* in the position of the defendant
 - (i) would foresee the reasonable possibility of his conduct injuring another in his person or property and causing him patrimonial loss;
 - and

- (ii) would take reasonable steps to guard against such occurrence; and
- (b) the defendant failed to take such steps."

Volgens Botha (1990: 32) kom die volgende twee vrae telkens ter sprake by die toepassing van die "redelike man"-toets. Sou die redelike man die intrede van die nadeel as 'n moontlike gevolg van sy gedrag voorsien het? Sou die redelike man stappe ter voorkoming van hierdie voorsienbare nadeel geneem het? Indien die redelike man wel die nadeel sou voorsien het en stappe ter voorkoming sou geneem het en die dader het dit nie gedoen nie, word sy gedrag as skuldig vir die doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid beskou.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die toets vir nalatigheid op twee bene staan, te wete die redelike voorsienbaarheid en redelike voorkombaarheid van skade. Alvorens daar sprake van nalatigheid kan wees, moet die ter sake nadeel sowel redelikerwys voorsienbaar as redelikerwys voorkombaar gewees het (Neethling, *et al*, 1989: 118 - 123).

4.10.3.3 Faktore wat die toets vir nalatigheid van die onderwyser beïnvloed.

- Die feit van deskundigheid. Soms word gesê dat die mate van sorg wat van 'n deskundige verwag word (Strike, 1991: 115), hoër is as dié van die redelike man; so word gesê dat 'n dokter se optrede teen die van 'n redelike dokter gemeet moet word. Van der Merwe *et al* (1989: 140) stel dit egter duidelik dat die maatstaf vir alle persone dieselfde moet bly.

Daarom is dit meer korrek om te sê dat 'n dokter die sorg van 'n redelike man in daardie omstandighede aan die dag moet lê. Dit impliseer dat hy die vereistes van die mediese praktyk in ag moet neem. Waar hy nie in staat is om dit te doen nie omdat die nodige vaardigheid en deskundigheid by hom ontbreek, kan hy aanspreeklik wees omdat hy nalatig was in die opsig dat hy iets probeer het waarvoor hy nie gekwalifiseerd was nie. Aangesien 'n onderwyser as 'n professionele persoon beskou word, word daar soos in die geval van 'n dokter 'n redelike mate van sorgsaamheid vereis wanneer hy besig is om sy beroep te beoefen. Volgens Botha (1990: 34) word die onderwyser se gedrag dan nie meer aan die gewone "redelike man"-standaard gemeet nie, maar wel aan die standaard van die redelike deskundige of die redelike professionele onderwyser. Die redelike professionele onderwyser of redelike deskundige is in alle opsigte soos die redelike man maar dan aangevul deur 'n redelike mate van die toepaslike deskundigheid. Die standaard van deskundigheid word as "redelik" beskryf omdat daar nie gewerk word met die hoogste mate van deskundigheid in die professie, maar net die algemene en gemiddelde vlak van deskundigheid wat daar heers. Die onderwyser se gedrag sal dan gemeet word aan dié van die "redelike" onderwyser in die omstandighede van die dader.

- Hoër mate van sorgsaamheid teenoor kinders. Groter sorgvuldigheid word ook vereis waar die dader te doen het met persone wat aan die een of ander onbekwaamheid ly byvoorbeeld kinders. In hierdie geval word daar dus van iemand wat bewus is of redelikerwys bewus behoort te wees van die vermelde omstandighede, vereis om buitengewoon versigtig op te tree (Neethling, *et al*, 1989: 123). In hierdie verband is 'n baie belangrike

faktor wat by die beoordeling van die onderwyser se gedrag in ag geneem word, die feit dat hy met kinders werk (Botha, 1990: 35).

In die reg is daar heelwat gesag daarvoor dat daar 'n hoër mate van sorgsaamheid ten opsigte van kinders vereis word (Neethling, *et al*, 1989: 123). Dit hou in dat iemand wat met kinders te doen kry, kennis behoort te neem van die kind se beperkte vermoë om met dieselfde redelike sorg as 'n volwasse persoon teenoor homself op te tree. So, byvoorbeeld moet deurgaans in gedagte gehou word dat kinders dikwels impulsief optree en sonder om te dink 'n handeling verrig. Die persoon wat met kinders werk, moet dus sy eie handeling die heelryd sodanig inrig dat hy vir 'n faktor soos hierdie voorsiening maak. Die onderwyser kan hom dus nie verlaat op die redelike handeling wat normaalweg deur 'n volwassene verrig sou gewees het nie, maar hy moet deurgaans daarop bedag wees dat kinders nie dieselfde mate van redelikheid (as 'n volwasse persoon) in hulle optrede weerspieël nie (Botha, 1990: 35). Partington (1984: 66) sê dat die onderwyser, ten opsigte van sy kennis van die gedrag van kinders, as 'n deskundige beskou word:

"Teachers, too are regarded as experts. Teachers' expertise lies in knowing about children, that children from time to time are impulsive, curious, careless of themselves and others, ignorant of what might be harmful, mischievous and occasionally silly. This expertise and knowledge puts teachers in the position of being fairly sure what a child or children would be likely to do in a given set of circumstances (given half a chance, of course!)"

Hierdie kennis noop die skoolhoof byvoorbeeld om, wanneer hy diens by 'n skool aanvaar, die terrein deeglik met 'n professionele oog te ondersoek om te probeer bepaal waar gevare verskuil lê (Partington, 1984: 53).

4.10.4 Oorsaaklikheid as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.

'n Verdere grondvereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser, is dat dit moet vasstaan dat hy deur sy handeling inbreuk gemaak het op die subjektiewe reg van die leerling en aan hom skade of persoonlikheidsnadeel berokken het. Daar moet dus 'n kousale verband tussen die onderwyser se handeling en die versteurde reg van die leerling as benadeelde en die skade of persoonsnadeel bestaan (Van der Merwe, *et al*, 1989: 196). Daar moet dus na 'n juridiese norm gesoek word wat die bestaan van sodanige verband sal bevestig: Die kousale verband sal bestaan wanneer bepaal is of die een feit uit die ander gevolg het - sodanige bepaling berus dikwels op die beskikbare getuienis en meestal word die menings van deskundiges geraadpleeg as gevolg van hul menslike ervarings. Oor die afgelope 130 jaar is daar baie oor oorsaaklikheid geteoretiseer en talle teorieë is as norme gepostuleer (Scott, 1985: 140 - 141). 'n Bespreking in besonderhede van enige van hierdie teorieë val buite die bestek van hierdie studie.

4.10.5 Skade as vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser.

Die laaste element wat aanwesig moet wees alvorens deliktuele aanspreeklikheid tot stand kom, is dat 'n nadelige gevolg uit die

onregmatige daad moet voortvloei. Sulke gevolge kan van tweërlei aard wees. Eerstens kan dit vermoënskade wees. Hierdie vorm van skade is daarin geleë dat 'n mens se bates met 'n sekere bedrag verminder het (Pauw, 1975: 23). 'n Voorbeeld van 'n finansiële verlies wat 'n mens kan ly is die koste om jou motor na 'n botsing te herstel of die mediese uitgawes wat jy vanweë jou beserings moes aangaan. Tweedens kan die nadelige gevolg in 'n persoonlikheidskrenking bestaan. Dit is die gevolg van 'n onregmatige inbreukmaking op die eiser se persoonlikheidsreg (byvoorbeeld die reg op sy waardigheid, sy reputasie, of sy liggaamlike integriteit). Die pyn, lyding, skok, misvorming, verlies aan lewensgenietinge of korter lewensverwagting wat 'n mens as gevolg van 'n besering kan ervaar, is voorbeelde van persoonlikheidskrenking (Lourens, 1987: 77).

Daar is reeds daarop gewys dat die deliktereg 'n vergoedings- of goedmakingsfunksie het (vergelyk paragraaf 4.10). Hierdie vergoedingsfunksie kan die volgende vorme aanneem (Scott, 1976: 179):

- (a) Vergoeding van skade (of kortweg skadevergoeding) dui op 'n proses waardeur 'n aangetaste belang deur geld herstel word (Joubert, 1975: 32).
- (b) Genoegdoening. Indien skade of nadeel nie werklik kompenseerbaar is nie (omdat die aangetaste belang nie deur geld herstel kan word nie), moet daar noodwendig 'n ander funksie van die reg wees (genoegdoening) waardeur die probleem opgelos kan word. Genoegdoening het as funksie dat dit skade (in die vorm van

persoonlikheidsnadeel) goedmaak deur onder meer die vergelding van die onreg wat die eiser aangedoen is, en die bevrediging van die regsgevoel van die eiser en die gemeenskap (Neethling, *et al*, 1989: 177).

Delikaksies is dus gerig op vergoeding van vermoënskade of persoonlikheidsnadeel. Skadevergoeding in geval van vermoënskade kan vir die volgende soorte nadeel volgens Neethling *et al* (1989: 182) en Botha (1990: 30) geëis word:

- Saakskade, soos in die geval van beskadiging van skoolklere, boektasse, fietse, motorfietse, motors of ander persoonlike eiendom van die leerling.
- Mediese uitgawes byvoorbeeld waar 'n persoon na 'n liggaamlike besering mediese onkoste moet aangaan.
- Verlies aan inkomste en verdienvermoë. 'n Eis vir skade wat reeds ingetree het sowel as vir skade wat in die toekoms verwag word moet ingedien word. Indien 'n leerling reeds 'n vaste inkomste verdien (soos byvoorbeeld 'n tienermodel) , sal skadevergoeding verhaal kan word vir verlies aan inkomste. Indien 'n leerling so ernstig beseer word dat hy sy vermoë om in die toekoms ooreenkomstig sy potensiaal te kan verdien verloor, sal skadevergoeding vir verlies aan toekomstige verdienvermoë verhaal kan word.

In gevalle waar 'n persoon fisiese of psigiese beserings (Neethling, *et al*, 1989: 196) opgedoen het en derhalwe persoonlikheidsnadeel gelyk het kan kompensasië volgens Botha (1990: 36) en Hosten *et al* (1990: 517) normaalweg onder die volgende hoofde geëis word:

- Pyn en lyding wat volg op 'n fisiese benadeling van die liggaam: Dit is kompensasië vir ervaring van fisiese pyn en verduring daarvan.
- Liggaamsverminking: Kompensasië vir permanente misvorming van die liggaam (veral by gesigsbeserings).
- Verlies van gesondheid: Kompensasië vir die feit dat die eiser sy algemene gesondheidstoestand verloor het.
- Verlies van lewensgenieting: Kompensasië vir die feit dat die eiser nie meer sy lewe kan lei soos voorheen nie.
- Verkorting van lewensverwagting: Kompensasië vir die feit dat die eiser met die depressiewe gedagte moet rondloop dat sy lewe deur die delik verkort is.
- Emosionele skok: Kompensasië vir affektiewe skade (gevoel van verontregting of ongelukkigheid). Die skade bestaan hier slegs in die bewussyn waar dit ervaar word en gaan gepaard met psigologiese siektes.

4.11 Medewerkende skuld aan die kant van die kind.

Dit gebeur dikwels dat die nadeel wat gely word nie alleen aan die optrede van die onderwyser te wyte is nie. In sommige gevalle is dit geheel en al aan die kind se eie skuld te wyte. In so 'n geval geld die basiese beginsel dat die kind daardie skadelas self moet dra. Dit kan egter gebeur dat die ongeluk aan sowel die onregmatige en skuldige optrede van die onderwyser en die medewerkende skuldige optrede van die kind te wyte is. In so 'n geval sal die hof vasstel in welke mate elkeen van die betrokke partye van die "redelike man"-standaarde afgewyk het en dan ingevolge die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, 1956 (Wet No. 34 van 1956), die skadedragingslas tussen die partye verdeel ooreenkomstig die partye se skuld met betrekking tot die skade (Neethling, *et al*, 1989: 132). Die kind sal dan 'n deel van sy skade self dra en die onderwyser of die onderwysinstansie sal die res van die skade dra (Botha, 1990: 38).

4.12 Wie word by staatsondersteunde (Model C-) skole vir die onregmatige en skuldige optrede van die onderwyser aanspreeklik gehou?

Indien die onderwyser in die uitvoering van sy professionele pligte as opvoeder op 'n onregmatige en skuldige wyse nadeel aan leerlinge veroorsaak sal hy privaatregtelik vir sodanige skade aanspreeklik gehou word, en word hy regtens verplig om die skade te vergoed wat hy aan die leerling veroorsaak het. Indien al die vereistes vir middellike aanspreeklikheid (ssos reeds in paragraaf 4.8.1 aangetoon is) aanwesig is, kan die skool as werkgever van die onderwyser verbonde aan staatsondersteunde (Model

C-) skole op grond van die beginsel van middellike aanspreeklikheid deliktueel aanspreeklik gehou word vir die onregmatige daade van die onderwyser. Die ouer (of die kind bygestaan deur sy ouer) kan die betrokke skool direk dagvaar. Die feit dat die skool aangespreek word en vergoeding moet betaal, beteken nie dat die onderwyser skotvry of noodwendig skotvry daarvan afkom nie. Die skool kan deur middel van sekere prosedures in die prosesreg die onderwyser as party tot die geding voer (Botha, 1990: 38 - 39). Indien skadevergoeding deur die skool betaal is, het die skool 'n regresreg teen die onderwyser om die geld van hom of haar persoonlik te verhaal (Hosten, *et al*, 1990: 518).

4.13 Voorsorgmaatreëls teen aanspreeklikheid.

4.13.1 Vrywaringsvorme en skadeloosstelling.

Die skool of onderwyser kan homself in sekere beperkte gevalle op 'n beperkte wyse van aanspreeklikheid vrywaar deur 'n vrywaringsvorm. Indien hierdie vrywaringsvorm behoorlik en deeglik opgestel is, kan dit hoogstens die skool of onderwyser skadeloos stel teen skadevergoedingseise wat deur die ouers weens die verswaring van sy onderhoudspelig ingestel word (Botha, 1990: 39). Met 'n vrywaringsbrief verklaar die ouer sy voorneme om nie 'n skadevergoedingseis teen die skool of onderwyser in te stel indien sy kind beseer word nie. Hierdie onderneming vrywaar egter nie die skool of die onderwyser teen moontlike skadevergoedingseise of eise vir kompensasie van persoonlikheidsnadeel wat deur die kind self ingestel kan word nie. Die vrywaringsvorm gee dus glad nie vir die onderwyser of die skool die vrypas

om nalatig op te tree nie, want in gevalle van nalatigheid sal die vrywaringsvorm nie geld nie. 'n Vrywaringsvorm kan die onderwyser nooit skadeloos teen opsetlike of roekelose benadeling stel nie. Indien die onderwyser nie nalatig opgetree het nie, kan hy nie skuldig of aanspreeklik wees nie. Die enigste wyse waarop die onderwyser homself kan vrywaar, is om voorkomend op te tree soos wat die redelike sorgsame vader sou opgetree het (Prinsloo, *et al*, 1987: 145 - 146). In geval van 'n ongeluk of besering waarby 'n leerling betrokke is mag 'n onderwyser onder geen omstandighede 'n verklaring aan 'n buite-instansie aflê nie of 'n erkenning van skuld onderteken nie (Transvaalse Onderwysdepartement, 1986: 395).

4.13.2 Aanspreeklikheidsversekering vir onderwysers.

Die oorskakeling van gewone openbare staatskole na staatsondersteunde (Model C-) skole het sekere versekeringsimplikasies, veral op die gebied van aanspreeklikheidsversekering. Onderwysers moet seker maak dat hulle oor voldoende versekeringsdekking beskik om skadeloosstelling teen moontlike eise te verleen. Gemeenregtelike aanspreeklikheid (dit is deliktuele aanspreeklikheid) kan opgeloopt word in geval waar leerlinge beseer word of hulle eiendom beskadig word (vergelyk paragraaf 4.10.4). Versekeringsdekking vir hierdie tipe van aanspreeklikheid behels skadevergoeding waarvoor die onderwyser wetlik aanspreeklik gehou word na toevallige dood, liggaamlike besering of siekte van die leerling of toevallige verlies van/of fisiese skade aan, die tasbare eiend om van die leerling. Om te bepaal of aanspreeklikheid vir 'n gegewe situasie bestaan, moet nalatigheid soos bespreek in paragraaf 4.10.3.2 bewys word

(Transvaalse Onderwysersvereniging, 1992: 5). Aanspreeklikheidsversekering het dus ten doel om die delikpleger teen regs aanspreeklikheid te vrywaar. Indien die ouer of kind self 'n eis teen die onderwyser persoonlik instel, sal hierdie skade deur die versekeraar gedra word (Botha, 1990: 40).

4.11 Samevatting.

Wanneer daar gekyk word na die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool, val dit op dat die onderwyser soos enige landsburger volledig beskik oor die bevoegdhede, regte en pligte van 'n landsburger. Hierdie regte, bevoegdhede en pligte en die uitoefening daarvan moet altyd binne die raamwerk van sy taakverrigting as professionele praktisyn gesien word. Hoewel die onderwyser dus regte, en bevoegdhede en pligte het soortgelyk aan dié van byvoorbeeld 'n ouer, word sy regte, pligte en bevoegdhede beperk, duidelik beskryf en soms uitgebrei of aan bande gelê ter wille van orde in die onderwys, ter wille van die beeld en aansien van die professie en sodat daar goeie voortgang in die opvoeding van die kind kan wees.

Met die oorskakeling van die meerderheid gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole het 'n nuwe vennoot naamlik die bestuursliggaam die arena van personeelaangeleenthede betree. Die suksesvolle hantering van die posisie van onderwyspersoneel sal in wedersydse vertroue en samewerking tussen die verskillende vennote gehanteer moet word om kwaliteit onderwys en 'n gelukkiger onderwyserkorps te verseker.


Die moderne mens word al hoe meer bewus van sy regte en remedies in gevalle waar hy benadeel word. Hierdie tendens is waarskynlik te danke (of te wyte) aan die tydsgees en die blootstelling daaraan deur die media. So ook word die ouers en die leerlinge self al hoe meer bewus van hulle regsposisie in die skool. As gevolg hiervan behoort die onderwyserskorps van die land kennis te dra van wat hulle regte, verpligtinge en bevoegdhede ten aansien van die veiligheid van leerlinge onder hulle toesig en beheer is en behoort hulle ook kennis te dra van watter moontlike risiko's hulle kan loop indien hulle nie hierdie verpligtinge stiptelik nakom nie. Die onderwyserskorps behoort gedurig op hoogte gehou te word met die jongste ontwikkelinge op hierdie terrein sodat die individuele onderwyser gedurig aanpassings kan maak om in pas te bly met dit wat vanaf regsweë van hulle vereis word.

As gevolg van die geweldige omvang wat siviele eise begin aanneem, behoort elke onderwyser toe te sien dat hulle behoorlike en voldoende aanspreeklikheidsversekering uitneem, byvoorbeeld as 'n leerling gedurende skoolure beseer word. Gesien in die lig van die klem wat gelê word op die professionele optrede van die onderwyser, moet die onderwyser gedurig in gedagte hou dat hy net soos enige ander professionele persoon met 'n streng maatstaf beoordeel gaan word. Ten einde aan hierdie eise te voldoen, moet die onderwyser sy taak op 'n professionele wyse verrig en te alle tye sy werk met die nodige erns en sorgsaamheid verrig. Verhoogde sorgsaamheid sal altyd in die guns van die onderwyser tel en sal terselfdertyd die voorkoms van ongelukke in en om die skool en sy werksaamhede verminder. Dit is dus belangrik om weer daarop te let dat indien die onderwyser nie nalatig was in sy optrede nie, hy nie aanspreeklikheid kan opdoen nie.

'n Organogram om die regte, bevoegdhede en pligte van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool aan te dui, verskyn hieronder. Daaruit blyk dat, hoewel die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde skool soos enige ander landsburger volledig beskik oor die bevoegdhede, regte en pligte van 'n landsburger, moet sy regte, bevoegdhede en pligte en die uitoefening daarvan altyd binne die raamwerk van sy taakverrigting as professionele praktisyn gesien word. Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde skool het dus regte en bevoegdhede en pligte soortgelyk aan die van byvoorbeeld 'n ouer, maar sy regte, bevoegdhede en pligte word beperk, duidelik beskryf en soms uitgebrei of aan bande gelê (deur wetgewing, regulasies en 'n Gedragskode) ter wille van orde in die onderwys, ter wille van die beeld en aansien van die professie en sodat daar goeie voortgang in die opvoeding van die kind kan wees.

Figuur 4.1

Voorstelling van die regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.



HOOFSTUK 5

5. 'n Vergelyking van die regsposisie van onderwysers in gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole.

5.1 Inleiding.

Wanneer daar gekyk word na die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole, soos beskryf in hoofstukke drie en vier van hierdie studie, blyk dit dat die regte, pligte en bevoegdhede van die verskillende onderwysvennote, ook onderwysers, in sommige opsigte ingrypend verander het met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole. Die regsverskille tussen gewone en openbare skole en staatsondersteunde (Model C-) skole raak individue soos onderwysers en hou ook verband met die rolle en funksies van die verskillende onderwysvennote, naamlik die Staat, skool en die ouergemeenskap. In hierdie hoofstuk word daar dan gepoog om 'n vergelyking te gee (dit wil sê om pertinente verskille sowel as belangrike ooreenkomste aan te dui) van hoe die rolle en funksies van die genoemde onderwysvennote verander het met die invoering van Model C-skole en hoe dit die onderwyser se regsposisie raak. Tweedens word daar gepoog om aan te toon hoe die onderwyser se regsposisie verander het met verwysing na ander indikatore behalwe die rolle en funksies van onderwysvennote wat aangewend is om sy regsposisie te beskryf.

5.2 Die posisie van belangrike vennote en rolspelers en die invloed daarvan op die regsposisie van die onderwyser.

Onderwysvoorsiening op die formele vlak raak verskillende individue en georganiseerde samelewingsverbande. Met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole het die rolle en funksies van die vernaamste onderwysvennote wat die onderwyser se regsposisie medebepaal naamlik die Staat, skool en die ouergemeenskap verander, en daar sal nagegaan word hoe die verandering die regsposisie van die onderwyser beïnvloed.

5.2.1 Die Staat.

5.2.1.1 Die gewone openbare skool.

In die geval van gewone openbare skole is die Staat verantwoordelik vir beleidsbepaling (op nasionale en departementele vlakke), die oprigting, instandhouding en beheer van skole, vasstelling van die minimum kwalifikasies en basiese diensvoorwaardes van alle onderwysers, die bepaling van gelyke onderwysstandaarde en eksaminering, kurrikulering en die bevordering van leerlinge. By die gewone openbare skole is die Staat ook verantwoordelik vir alle uitgawes soos salarisse van personeel, bedryfsuitgawes, kapitaalwerke en instandhoudingsdienste. Alle belangrike besluite oor die onderwys en alle werklike beheer daarvoor rus in die hande van die Staat. Gewone openbare skole word nie beleef as eie goed van die plaaslike gemeenskap nie maar as die Staat of die "departement" se skool (vergelyk paragraaf 2.3).

Onderwysers in diens van gewone openbare skole is dus amptenare wat deur middel van 'n dienskontrak in 'n regsverhouding met 'n staatsorgaan (die onderwysowerheid) staan. Die onderwyser, as lid van 'n professionele groep, staan ook in 'n besondere verhouding tot sy professie en die gemeenskap, en is met 'n bepaalde openbare status bekleed. Die amptenaarskontrak tussen die Staat (onderwysdepartement) en sy werknemer (die onderwyser) is in wese 'n statusooreenkoms. Die onderwyser as lid van 'n professionele groep geniet professionele status wat aan hom bepaalde regte, bevoegdhede en verpligtinge verleen wat erken en gehandhaaf moet word. Uit hoofde van hierdie status kan die onderwyser skadevergoeding eis byvoorbeeld as hy op 'n onregmatige wyse uit sy diens ontslaan word, of indien voordele van hom weerhou word. Hy kan herstel van status eis as sy skorsing of ontslag ongeldig was. Dissiplinêre optrede teen die onderwyser vereis dus die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid.

5.2.1.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

In die geval van staatsondersteunde (Model C-) skole, is die Staat verantwoordelik vir breë oorhoofse beleidsbepalings insluitende voorwaardes vir die erkenning en subsidiëring van sodanige skole en die diensvoorwaardes en omstandighede van onderwyspersoneel soos dit in die Personeeladministrasiemaatreëls gereflekteer word. Die skoolhoof van 'n staatsondersteunde (Model C-) skool het die bevoegdheid om binne die breë riglyne van algemene en eie onderwysbeleid, sy eie skool se beleid op te stel en uit te bou. Dit sluit in die opstel van voorskrifte en reëls ten aansien van beplanning, organisasie, leiding, bestuur en kontrole. Die salarisse en diensvoorwaardes van die professionele en alle ander personeel op die

goedgekeurde diensstaat van die staatsondersteunde (Model C-) skool word deur die Staat gesubsidieer. Hierdeur word 'n groot mate van bestendigheid en kontinuïteit in personeelvoorsiening verseker. Uitgawes verbonde aan kapitaalwerke en die instandhouding van staatsondersteunde (Model C-) skole is die verantwoordelikheid van die bestuursliggaam. Alhoewel die Staat deur die subsidiëring van personeel se salarisse die grootste aandeel in die finansiering van die skool het (vergelyk paragraaf 2.2), berus die bestuur en beheer van die skool by die bestuursliggaam. Die betrokke departement, as verteenwoordiger van die Staat, bepaal die diensstaat betreffende onderwyspersoneel en alle ander personeel op die goedgekeurde diensstaat van die skool en bedien onderwyspersoneel ook van vakkundige leiding. Hierbenewens kan bestuursliggame addisionele personeel in nie-gesubsidieerde poste aanstel. Die diensvoorwaardes en diensvoordele word deur die bestuursliggaam bepaal na onderhandelinge met die georganiseerde onderwysprofessie en die salarisse van hierdie personeel word deur die bestuursliggaam betaal.

Met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole is daar dus sekere verantwoordelikhede van die Staat (soos hierbo bespreek) gedentraliseer en gedelegeer na die bestuursliggaam van die skool. Hierdie uitgebreide bevoegdhede van bestuursliggame (vergelyk paragraaf 4.5.1) het dus 'n "nuwe" regsposisie vir onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole geskrap. Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool is net soos 'n onderwyser by 'n gewone openbare skool lid van 'n besondere professionele groep en staan in 'n besondere verhouding tot sy professie en die gemeenskap, en is met 'n bepaalde openbare status bekleed. As lid van 'n professionele groep wat

openbare diens verrig, geniet die onderwyser professionele status wat ook aan hom bepaalde regte, bevoegdhede en verpligtinge verleen. Hoewel die onderwyser bepaalde regte, bevoegdhede en verpligtinge het, word sy burgerlike en politieke regte erken maar betekenisvol aan bande gelê. Die individuele onderwyser op die goedgekeurde diensstaat van die staatsondersteunde (Model C-) skool het ook geen direkte inspraak met betrekking tot sy diensvoorwaardes en -omstandighede nie. As hy egter toepaslike kanale gebruik, kan hy sy diensvoorwaardes beïnvloed, onder andere deur die georganiseerde onderwysprofessie wat deur die Staat erken word en ingevolge wetgewing geraadpleeg moet word.

5.2.2 Die skool.

5.2.2.1 Die gewone openbare skool.

Die gewone openbare skool is 'n substruktuur en derhalwe 'n onderdeel van die openbare onderwysstruktuur wat gekenmerk word deur 'n sterk hiërargiese burokratiese struktuur met vaste gesagslyne. By gewone openbare skole kan 'n belanghebbende soos 'n ouer, wat ongelukkig voel oor 'n bepaalde skoolaangeleentheid, hom op die hoof, die inspekteur van onderwys of selfs die Uitvoerende Direkteur van Onderwys beroep omdat hul deel vorm van dieselfde gesagshiërargie. Die bestuur en beheer van gewone openbare skole is dus onderworpe aan die kontrole van die betrokke onderwysdepartemente (artikel 7 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)).

Die onderwyser se regte en pligte moet hy uitoefen binne hierdie gesagstruktuur byvoorbeeld griewe moet langs die regte kanale hanteer word. Die onderwyser moet hom naamlik op interne remedies beroep. As gekyk word na gesagslyne is daar baie interne remedies waarop hy hom moet beroep alvorens hy van eksterne remedies soos howe kan gebruik maak. Die onderwyser is eerstens verantwoordelik aan die persoon direk bo hom in die hiërargiese gesagstruktuur en uiteindelik aan die betrokke Minister wat verantwoordelik is vir die onderwysvoorsiening in die bepaalde jurisdiksie gebied.

5.2.2.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

Staatsondersteunde (Model C-) skole as outonome strukture en regs persone kan in eie naam aan die regsverkeer deelneem. Gevolglik kan die skool eiendom besit (volgens die bepalings van wetgewing), ander partye dagvaar of self gedagvaar word (vergelyk paragraaf 4.8). Indien 'n onderwyser ongelukkig voel oor 'n bepaalde skoolaangeleentheid is die skoolhoof en die bestuursliggaam die hoogste gesag op wie genoemde onderwyser hom kan beroep. In sekere gevalle, soos by diensbeëindiging van die onderwyser, is beroep op die Minister moontlik benewens ander toepaslike regsremedies. Staatsondersteunde (Model C-) skole het dus hul eie konstitusies waarin hul missie, onderwysbeleid, toelatingsvereistes en funksies uiteengesit word (Van Wyk, 1992:5).

'n Staatsondersteunde (Model C-) skool geniet dus groter algemene bestuursoutonomie as 'n gewone openbare skool. Groter bevoegdhede ten opsigte van personeelaangeleenthede (vergelyk paragraaf 4.5) geld vir die

bestuursliggaam byvoorbeeld die bevoegdheid om personeel aan te stel, te bevorder of te ontslaan. Die bestuursliggaam beheer die eiendom van die skool en oefen beheer uit oor die sake en werksaamhede van die skool. 'n Staatsondersteunde skool as regspersoon verander dus die regsposisie van die onderwyser aangesien die skool voortaan nie meer onder die direkte gesag van die onderwysbeheerowerhede staan nie maar onder die gesag van die bestuursliggaam (artikel 31 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988)). Volgens artikel 31 van vermelde Wet berus die bestuur, beheer en uitvoerende mag van 'n staatsondersteunde skool by die bestuursliggaam.

Benewens daardie uitdruklike bevoegdhede volgens die wet en regulasies kan ander bevoegdhede met betrekking tot byvoorbeeld die indiensopleiding van personeel na skole gedelegeer word (vergelyk paragraaf 4.5.1.6).

Die gesagstruktuur waarbinne die onderwyser sy pligte en regte uitoefen is aansienlik minder omvangryk as dié by 'n gewone openbare skool. Die interne remedies is gevolglik ook meer beperk en dit wil voorkom of so 'n onderwyser meer op eksterne remedies aangewese kan wees as die onderwyser by 'n gewone openbare skool. Die onderwyser aanvaar direkte gesag nie net van sy onmiddellike meerderes nie, maar kan ook in sommige opsigte direk verantwoordig skuldig wees aan die bestuursliggaam (vergelyk byvoorbeeld artikel 19(4) van die Regulasies betreffende bestuursliggame van staatsondersteunde skole, uitgesonderd staatsondersteunde skole vir buitengewone onderwys soos afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 2932 van 6 Desember 1991).

5.2.3 Die ouergemeenskap.

5.2.3.1 Die gewone openbare skool.

By gewone openbare skole het die ouergemeenskap hoofsaaklik raadgewende bevoegdhede ten opsigte van die bestuur van die skool (vergelyk paragraaf 2.3). Die ouers van die leerlinge van gewone openbare skole het die reg tot inspraak in die onderwys en die bestuursraad is 'n middel waardeur die Staat aan ouers inspraak verleen en aan hulle regte, bevoegdhede, pligte en verantwoordelikhede ten opsigte van die onderwys toeken. Regulasie 6 van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 692 van 30 Maart 1990, verwys na die status, bevoegdhede en werksaamhede van bestuursrade van gewone openbare skole. In hierdie verband stel die regulasies die volgende:

- Bestuursrade is regspersone (Regulasie 6(1)(a)). Omdat bestuursrade skeppinge van die wetgewer is, word hulle pligte, bevoegdhede en prosedures omskryf in die wetgewing waardeur hulle in die lewe geroep word.
- Bestuursrade is die amptelike mondstuk van die ouers van die leerlinge van 'n skool (Regulasie 6(1)(b)).
- Hulle bring sake wat na hul mening betrekking het op die welsyn van die betrokke skool onder die aandag van die betrokke onderwysdepartement en maak aanbevelings oor sodanige sake (Regulasie 6(1)(c)).

- Hulle oefen algemene toesig uit oor die terrein, geboue, meubels en uitrusting van die betrokke skool (Regulasie 6(1)(d)).
- Hulle maak aanbevelings aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in verband met die aanstelling van onderwysers in permanente hoedanigheid (Regulasie 6(1)(e)).
- Hulle bepaal die skooldrag van leerlinge (Regulasie 6(1)(f)).
- Hulle adviseer die skoolraad oor vervoerskemas vir leerlinge (Regulasie 6(1)(f)).
- Hulle maak aanbevelings aan die skoolhoof met betrekking tot die daaglikse openings- en sluitingstye van die skool, die buitemuurse bedrywighede van die skool, die gedragskode vir leerlinge van die skool en die algemene voorkoms van leerlinge van die skool (Regulasie 6(1)(h)(i) - (iv)).
- Hulle doen minstens een keer per jaar by 'n ouervergadering of in 'n nuusbrief aan die ouer van leerlinge van die skool verslag oor die bestuursraad se werksaamhede (Regulasie 6(1)(i)).
- Hulle oefen die ander bevoegdhede uit en verrig die ander werksaamhede wat die Wet of die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys aan hulle verleen of opdra (Regulasie 6(1)(j)).

- Die bestuursraad of 'n lid van die bestuursraad (in sy hoedanigheid as lid van die bestuursraad) bemoei hom nie met die professionele werk van 'n onderwyser by die verrigting van sy pligte nie (Regulasie 6(2)). Die Staat onderskei hiermee tussen die terreine van die professionele opvoeder en die ouer wat altwee belanghebbendes by die formele onderwys is. Die Staat verwag dat die bestuursraad die ouer op die regte plek sal verteenwoordig ten einde te probeer verseker dat die ouer se saak ten beste gedien sal word.

Vrywillige ouerverenigings as indirekte en aanvullende vorm van inspraak word erken en kan hulle beleid beïnvloed.

Die beperkte inspraak van die ouer beteken dat die onderwyser dus in wese 'n werknemer van die Staat is (vergelyk paragraaf 5.2.1.1). Die onderwyser se status as professionele persoon word egter pertinent beskerm.

5.2.3.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

Kragtens die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) en die Regulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R. 692 van 30 Maart 1990 het die ouergemeenskap van staatsondersteunde (Model C-) skole deur die verteenwoordigende ouerliggaam (bestuursliggaam) wye besluitnemende en uitvoerende bevoegdhede wat betref bepaalde bestuursaangeleenthede. Hierdeur het die ouers dan inspraak onder andere met betrekking tot:

- die bepaling van die skoolbeleid;

- die aanstelling van onderwys-, administratiewe en ander personeel op die goedgekeurde diensstaat van die skool;
- die aanstelling en bevordering van personeel in bevorderingsposte;
- die ontslag van personeel, onderworpe aan die voorafverkreeë toestemming van die Minister;
- aanstelling van addisionele personeel in nie-gesubsidieerde poste;
- daaglikse openings- en sluitingstye, buitemuurse bedrywighede, gedragskode vir leerlinge, vervoerskemas vir leerlinge;
- toelatingsbeleid vir leerlinge, dus ook ouderdomsperke van leerlinge;
- instandhouding van terrein en fisiese fasiliteite, en
- die instelling van beursskemas.

Die besluitnemingsbevoegdheids wat aan ouers toegesê word vanweë die afgewentelde magte impliseer egter nie noodwendig dat die bestuursliggame onderwysterreine mag betree wat uitsluitlik die verantwoordelikheid van die professie is nie, soos byvoorbeeld die vasstelling van personeelbeleid, die onderrig deur die onderwyser en die onderwyser se benadering tot die kurrikulum. Waar die regulasies met betrekking tot die bestuursrade van openbare skole, uitgesonderd nywerheids- en verbeteringskole afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 690 van 30 Maart 1990 by artikel 6(2) bepaal

dat 'n bestuursraad of bestuursraadlid hom nie met die professionele werk van die onderwyser bemoei nie, stel artikel 19(4) van die regulasies betreffende bestuursliggame van staatsondersteunde skole, uitgesonderd staatsondersteunde skole vir buitengewone onderwys dat 'n bestuursliggaam kan vereis dat enige personeellid 'n vergadering van die bestuursliggaam moet bywoon vir die bespreking van enige aangeleentheid wat onder die bevoegdheid van die bestuursliggaam ressorteer. Artikel 6(1) van hierdie regulasies bepaal dat die bestuursliggaam beheer oor die staatsondersteunde skool en sy werksaamhede uitoefen en dit wil voorkom of daar onduidelikheid is oor die mate waarin die onderwyser se posisie as professionele persoon by hierdie skole verskans word.

Die verklaring van gewone openbare skole tot staatsondersteunde (Model C-) skole bring dus mee dat ouergemeenskappe, deur 'n verteenwoordigende bestuursliggaam, oor 'n groter mate van outonomie beskik wat wye besluitnemingsbevoegdhede verleen oor die bestuur en beheer van die skole. Bestuursliggame is die mondstuk van ouergemeenskappe, met statutêre bevoegdhede om besluite wat geneem is, te implementeer. Die regsposisie van die onderwyser in hierdie verband het dus verander met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole byvoorbeeld die hantering van onbekwaamheid en wangedrag van personeel waar die magte van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys oorgedra word aan die voorsitter van die bestuursliggaam en die magte van die Minister aan die bestuursliggaam (vergelyk paragraaf 4.5.1.4). Die bepalinge met betrekking tot vrywillige ouerverenigings as vorme van inspraak by gewone openbare skole het *mutatis mutandis* betrekking op staatsondersteunde (Model C-) skole.

5.2.4 Samevatting in tabelvorm.

Tabel 5.1

'n Vergelyking van die rol en funksies van enkele rolspelers en vennote in die onderwys en die invloed daarvan op die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole.

ROLSPELER/ VENNOOT	GEWONE OPENBARE SKOLE	STAATSONDERSTEUNDE (MODEL C-) SKOLE
Staat	<p>Alle belangrike besluite oor die onderwyser en alle werklike beheer daarvoor rus in die hande van die Staat. Daar is inspraak vir belanghebbendes in besluite wat geneem word.</p> <p>Die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool is in 'n werkgewer/ werknemer-verhouding wat as 'n status-verhouding beskryf kan word en waarvan die inhoud in die PAM beskryf word. Die onderwyser het beperkte politieke en burgerlike regte maar sy professionele status word spesifiek erken.</p>	<p>By staatsondersteunde (Model C-) skole is sekere verantwoordelike van die Staat gedesentraliseer en gedelegeer na die bestuursliggaam. Hierdie uitgebreide bevoegdheids van bestuursliggame beïnvloed die regsposisie van onderwysers.</p> <p>By die staatsondersteunde (Model C-) skool is die onderwyser in diens van die skool. Die inhoud van die werkgewer/werknemer-verhouding van onderwysers in gesubsidieerde poste word ook in die PAM beskryf. Hierdie onderwyser se burgerlike en politieke regte word erken maar betekenisvol aan bande gelê maar sy professionele status word ook spesifiek erken.</p>

ROLSPELER/ VENNOOT	GEWONE OPENBARE SKOLE	STAATSONDERSTEUNDE (MODEL C-) SKOLE
Skool	<p>Die bestuur en beheer van 'n gewone openbare skool is onderworpe aan die kontrole van die betrokke onderwysdepartement.</p> <p>By gewone openbare skole is daar 'n omvangryke gesagstruktuur. Daar bestaan 'n kragtige interne kontrolesistiem ingevolge waarvan die onderwyser sy saak na 'n hoër gesagsorgaan soos die direkteur of Minister, neem. Wanneer 'n dispuut of onsekerheid bestaan wat die regte, bevoegdhede en vryhede van die onderwyser aantast, word dit dus gewoonlik intern besleg. Dit beteken nie dat hierdie aangeleentheid nie voor die burgerlike howe vir beslegting aanhangig gemaak word nie.</p>	<p>Die bestuur, beheer en uitvoerende mag van 'n staatsondersteunde (Model C-) skool berus by die bestuursliggaam onderworpe aan beleidsvoorskrifte.</p> <p>In die geval van staatsondersteunde (Model C-) skole is die skool nie deel van die departement se gesagshierargie nie en gevolglik is die skoolhoof en die bestuursliggaam die hoogste gesag op wie die onderwyser hom kan beroep. Hierdie regstatus van die hoof en bestuursliggaam vereis nou dat hul in gevalle van interne beroep, juridies korrek moet optree ten einde die vertroue van die onderwyser te behou en onnodige hofsake te voorkom. Die skoolhoof en bestuursliggaam behoort dus die belang van die onderwyser deeglik in ag te neem, die saak volledig te ondersoek en alle relevante aspekte van nuuts af te oorweeg, billik regverdig en onpartydig op te tree en relevante prosedures na te kom.</p>
Ouergemeenskap	<p>By gewone openbare skole het die ouergemeenskap se statutêre ouerliggame hoofsaaklik raadgevende bevoegdhede.</p> <p>Vrywillige ouerverenigings word erken en kan 'n invloed op beleid hê.</p>	<p>By staatsondersteunde (Model C-) skole het die ouergemeenskap deur die verteenwoordigende ouerliggaam wye besluitnemende en uitvoerende bevoegdhede wat die regte, bevoegdhede en pligte van die onderwyser raak byvoorbeeld die aanstelling, bevordering en ontslag van onderwysers.</p> <p>Dieselfde as by 'n gewone openbare skool.</p>

5.3 Ander indikatore van die onderwyser se regsposisie.

5.3.1 Inleiding.

Met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole het 'n verandering in die regsposisie van die onderwyser ingetree. Daar sal nou aangetoon word hoe die onderwyser se regsposisie verander het met verwysing na die ander indikatore wat aangewend is om sy regsposisie te beskryf bo en behalwe die veranderinge wat deur die verskuiwing in die rolle van die ander vennote veroorsaak is.

5.3.2 Burgerlike en politieke regte.

5.3.2.1 Die gewone openbare skool.

As 'n burger van die RSA besit 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool bepaalde burgerlike en politieke regte. Vanweë die besondere aard van die onderwys is dit nodig om die onderwyser se betrokkenheid by openbare en politieke sake enersyds duidelik te verskans en te beskryf en andersyds aan bande te lê. Dit is egter belangrik om nie die onderwyser se burgerlike en politieke regte te misken nie. Artikel 96 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) beskryf die burgerlike en politieke regte van 'n onderwyser (vergelyk paragraaf 3.2). Deurdad die onderwyser se burgerlike en politieke regte aan bande gelê word bestaan die moontlikheid van diskriminasie teen hom byvoorbeeld die onderwyser mag nie die belange van 'n politieke party

bevorder of benadeel en daardeur die Departement van Onderwys en Kultuur in die verleentheid stel nie.

5.3.2.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

Die onderwyser by 'n staatsondersteunde (Model C-) skool beskik soos enige ander landsburger volledig oor die bevoegdhede, regte en pligte van 'n landsburger. Sy regte, bevoegdhede en pligte en die uitoefening daarvan moet altyd binne die raamwerk van sy taakverrigting as professionele praktisyn gesien word (vergelyk paragraaf 4.2).

Hoewel die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool dus regte, bevoegdhede en pligte soortgelyk aan dié van byvoorbeeld 'n ouer het, word sy regte, pligte en bevoegdhede beperk, duidelik beskryf, en soms uitgebrei of aan bande gelê, deur wetgewing (Artikel 76 en 96 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volkraad), 1998 (Wet No. 70 van 1988) en die Professionele Gedragskode vir onderwysers). Deurdat die onderwyser se regte, pligte en bevoegdhede met betrekking tot sy burgerlike en politieke regte beperk of aan bande gelê word in vergelyking met 'n gewone landsburger het dit 'n invloed op sy regsposisie en word daar net soos by 'n gewone openbare skool teen hom gediskrimineer.

5.3.3 Diensvoorwaardes.

5.3.3.1 Die gewone openbare skool.

Onderwysers verbonde aan gewone openbare skole is in diens van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad en is dus onderworpe aan die beheer en kontrole van die betrokke onderwysdepartement (vergelyk paragraaf 3.3). Die diensstaat van hierdie onderwysers word bepaal deur die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad en die diensvoorwaardes van die onderwyser is soos voorgeskryf deur die Personeeladministrasiemaatreëls. In sy persoonlike hoedanigheid kan 'n onderwyser aan 'n gewone openbare skool dus nie die voorwaardes in sy dienskontrak met sy werkgever beding nie. As hy egter toepaslike kanale gebruik, kan hy sy diensvoorwaardes beïnvloed, onder andere deur die georganiseerde onderwysprofessie wat deur die owerhede erken word en ingevolge wetgewing geraadpleeg moet word (Beckmann, *et al*, 1993: 44).

5.3.3.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

Onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole is in diens van die skool en is dus onderworpe aan die beheer en kontrole van die bestuursliggaam. Al die bepalings met betrekking tot diensvoorwaardes wat op personeel van gewone openbare skole betrekking het, het *mutatis mutandis* betrekking op die personeel op die goedgekeurde diensstaat van 'n staatsondersteunde (Model C-) skool. Dit beteken dat bestuursliggame nie volledig beskikkingsreg het oor die diensvoorwaardes van onderwysers in

gesubsidieerde poste by 'n staatsondersteunde (Model C-) skool nie (byvoorbeeld om dit eensydig in te kort of na behoefte en op individuele basis uit te brei nie (vergelyk paragraaf 4.5.1.1). Aangesien die diensstaat van onderwysers in gesubsidieerde poste verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole deur die Minister van Onderwys en Kultuur bepaal word, dien die bestuursliggaam slegs as administreerder van bestaande bepalings en skep hy nie nuwe omstandighede en voorwaardes nie.

Die bestuursliggaam kan wel, addisioneel tot die goedgekeurde diensstaat vir gesubsidieerde poste, verdere poste by die skool instel. Die skool sal die volle verantwoordelikheid dra vir die finansiële uitgawes wat met die instelling van die poste gepaard gaan (regulasie 2 van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 244 van 26 Februarie 1993). Die diensvoorwaardes en ander diensvoordele van sodanige persone wat in onderwysposte in diens geneem word, word bepaal na onderhandeling tussen die betrokke bestuursliggaam en die georganiseerde onderwysprofessie soos verteenwoordig deur die erkende onderwysersvereniging waarvan die onderwyser 'n lid is en wat kragtens die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967) erken word (Transvaalse Onderwysersvereniging, 1993: 8).

Alle diensvoorwaardes van personeel in gesubsidieerde poste berus dus by die diskressie van die onderwysbeheerowerhede en die skool het min inspraak buiten die gebruikelike aanbevelingsbevoegdheid van die skool. Diensvoorwaardes as 'n indikator van die onderwyser se regsposisie kan dus nie deur bestuursliggame eensydig ingekort of uitgebrei word nie. Die aard van die werkgewer-werknemerverhouding verskil aansienlik in die sin dat dit by Model C-skole meer persoonlik en direk is.

5.3.4 Die gesag van die onderwyser.

5.3.4.1 Die gewone openbare skool.

Die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool se regte, bevoegdhede, verpligtinge en gesag spruit voort uit die besondere status wat hy op grond van die amptenaarskontrak wat hy met die Staat (onderwysdepartement) aangaan ontvang asook die aansien wat hy aan die onderwys in die gemeenskap gee. Die onderwyser se status behels sy juridiese en professionele status (vergelyk paragrawe 4.5.1.8 en 4.5.1.9).

Die onderwyser se juridiese status dui op sy regsposisie in die oë van die reg. Dit verleen aan hom die regte, bevoegdhede en gesag wat nodig is om sy taak as onderwyser te verrig. Sonder die gesag, regte en bevoegdhede wat die onderwyser op grond van sy status as onderwyser in diens van die onderwysowerheid ontvang, kan hy nie sy pligte en verantwoordelikhede nakom nie. Die onderwyser is dus 'n gesagsdraer van die onderwysowerheid en beskik oor besondere verantwoordelikhede en verpligtinge met betrekking tot die wesenlike sake van die kind se formele onderwys. Volgens Van Wyk (1987: 80) kan die onderwyser se juridiese status verdeel word in die onderwyser se formele en materiële status. Die formele status van die onderwyser word bepaal deur sy opleiding, kundigheid en aanstelling in 'n onderwyspos. Uit hoofde van sy formele status het die onderwyser bepaalde regte en pligte met betrekking tot sy werkgewer wat statutêr gereël word deur wetgewing en ondergeskikte wetgewing. Hierdie regte sluit onder andere in die onderwyser se:

- reg op salaris en pensioen;
- reg op billike, regverdige behandeling;
- reg om deur middel van die georganiseerde onderwysprofessie beter voordele te beding;
- plig om sy werk op 'n bekwame en professionele wyse te verrig, en sy
- plig om opdragte van bevoegde persone en liggame uit te voer.

Die onderwyser se materiële status hou verband met die feit dat hy namens die ouer optree. Dit verleen aan die onderwyser die regte en gesag van die ouer wanneer hy in die plek van die ouer (*in loco parentis*-beginsel) optree (vergelyk paragrawe 3.4 en 3.5). Die professionele status van die onderwyser dui op sy posisie en aansien in die oë van sy professie en die gemeenskap. Dit verleen aan hom die gesag, reg en bevoegdheid om as lid van die professionele groep op te tree en sy taak volgens die eise en standaarde van die onderwysprofessie uit te voer. Die onderwyser verteenwoordig en dra dus ook die gesag van die onderwysprofessie.

5.3.4.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool, as lid van 'n besondere professionele groep, staan in 'n besondere verhouding tot sy professie en die gemeenskap en is met bepaalde openbare status bekleed.

As lid van 'n professionele groep wat openbare diens verrig en 'n besondere professionele status geniet het die onderwyser bepaalde regte, bevoegdhede, vryhede en verpligtinge wat erken en gehandhaaf moet word. Die onderwyser beskik oor die nodige gesag om sy take binne 'n spesifieke regsomgewing op 'n selfstandige wyse uit te voer. Sy gesag is dus gedelegeerd en andersyds oorspronklik (gemeenregtelik) van aard. Aangesien die onderwyser in diens van die skool is, is sy aanstellings-ooreenkoms enersyds 'n kontrak waarin daar volgens die beginsels van die kontraktereg ooreengekom word oor die partye se regte, pligte en verantwoordelikhede, en andersyds 'n statusooreenkoms waarkragtens die onderwyser onder andere onderworpe is aan die Professionele Gedragskode. Derhalwe geld sowel die beginsels van die kontraktereg as die van die administratiefreg. Laasgenoemde beginsel vereis byvoorbeeld dat die onderwyser 'n regverdige verhoor moet kry indien daar teen hom opgetree of gediskrimineer word. By staatsondersteunde (Model C-) skole is daar dus 'n gesagshiërargie op grond van die ongelyke gesagsverhoudinge tussen die onderwyspersoneel (vergelyk paragrawe 4.5.1.8 en 4.5.1.9).

5.3.5 Sorgsaamheidsplig, aanspreeklikheid en middellike aanspreeklikheid.

5.3.5.1 Die gewone openbare skool.

Wanneer en waar 'n onderwyser by 'n gewone openbare skool ook al gesag voer oor kinders is hulle onder sy toesig. Hy staan gedurende hierdie tyd en op daardie plekke in die plek van die ouers en hy het 'n regsplig om te waak oor die veiligheid en welsyn van die kinders. Die onderwyser word dus

verplig om sorgsame toesig oor die leerlinge wat aan sy sorg toevertrou word, uit te oefen (vergelyk paragraaf 3.6). Waar die onderwyser nou in die uitvoering van sy pligte optree en in die loop van sy diens skade of beserings aan byvoorbeeld die leerling veroorsaak, kom die beginsel van middellike aanspreeklikheid ter sprake. Dit behels dat die werkgewer (in hierdie geval 'n onderwysdepartement) aanspreeklik gehou kan word vir die onregmatige dae van sy werknemer, maar dit beteken nie dat die onderwyser nie ook aanspreeklikheid kan opdoen nie (vergelyk paragraaf 3.7). 'n Onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool kan persoonlik aanspreeklikheid vir vergoeding oploop onder andere as gevolg van 'n ongeluk wat te wyte was aan die onregmatige en skuldige optrede van hom. Die onderwyser sal dan sivilregtelik aanspreeklik gehou kan word vir die vermoënskade of persoonlikheidsnadeel wat die leerling gely het. Tydens byvoorbeeld sportbyeenkomste is die organiseerders (onderwysers) ook verantwoordelik vir die veiligheid van die toeskouers (leerlinge en ouers) sowel as die deelnemers.

5.3.5.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

'n Onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool het net soos die onderwyser by 'n gewone openbare skool in sekere gevalle en onder sekere omstandighede 'n verpligting om die veiligheid van leerlinge onder sy toesig en beheer te verseker. Wanneer 'n onderwyser nou binne sy diensopdrag in die uitvoering van sy werkspligte 'n onregmatige daad (opsetlik of nalatig) teen byvoorbeeld 'n leerling pleeg, waardeur skade ontstaan, kan die leerling met die hulp van sy ouers 'n aksie om

skadevergoeding en/of genoegdoening teen die skool instel. Dit beteken dus dat die skool vir die optrede van die onderwyser aanspreeklik gehou kan word omdat die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool in diens van die skool is. Die skool kan alleenlik aanspreeklik gehou word vir die opsetlike of nalatige optrede van die onderwyser mits daar aan al die vereistes vir middellike aanspreeklikheid voldoen is (vergeelyk paragraaf 4.8.1). Die skool sal dus slegs aanspreeklik gehou kan word vir die skuldige optrede van die onderwyser as hy in die uitvoering van sy pligte en in belang van die skool opgetree het. Waar 'n onderwyser handelend buite die perke van sy diensbetrekking, 'n onregmatige daad pleeg, sal die skool nie aanspreeklik wees nie, maar die onderwyser in sy persoonlike hoedanigheid (vergeelyk paragraaf 4.8.1.1). Die organiseerders van sport- en ander byeenkomste by staatsondersteunde (Model C-) skole is so ook verantwoordelik vir die veiligheid van toeskouers (leerlinge en ouers) sowel as die deelnemers.

5.3.6 Bepalings met betrekking tot wangedrag en onbekwaamheid.

5.3.6.1 Die gewone openbare skool.

Kragtens die ooreenkoms wat die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool by diensaanvaarding met die onderwysdepartement as werkgewer aangaan, mag hy hom nie skuldig maak aan wangedrag of sy taak op 'n onbekwame wyse verrig nie. Indien dit wel gebeur, kan die betrokke onderwysdepartement tugstappe neem (artikels 74 - 76 en 84 - 94 van die die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van

1988). Dissiplinêre optrede teen onderwysers vereis die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid (vergelyk paragraaf 3.5.2.1).

5.3.6.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

In artikel 98 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988) word dit gestel dat ondersoek na onbekwaamheid en wangedrag op dieselfde wyse gehanteer moet word as by gewone openbare skole, maar dat die magte van die Onderwyshoof oorgedra word aan die voorsitter van die bestuursliggaam en die magte van die Minister van Onderwys en Kultuur aan die bestuursliggaam. Die voorsitter van die bestuursliggaam kan egter nie sonder voorafgoedkeuring van die Minister 'n personeellid ontslaan of hom versoek om na aanleiding van 'n ondersoek na beweerde wangedrag of onbekwaamheid te bedank nie. Die optrede van die voorsitter van die bestuursliggaam teenoor die onderwyser moet deurgaans gekenmerk word deur redelikheid en billikheid. Indien die voorsitter van die bestuursliggaam se optrede nie hierdeur gekenmerk word nie byvoorbeeld die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid, kan dit as onreëlmstig bestempel word (vergelyk paragraaf 4.7).

5.3.7 Professionele registrasie.

5.3.7.1 Die gewone openbare skool.

Die Professionele Gedragskode vir onderwysers is 'n skepping van die professie self en is opgestel ingevolge regulasie 5 van die Regulasies met

betrekking tot die Federale Onderwysersraad afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 766 van 31 Oktober 1986. Hierdie Gedragskode het regs krag en toepassing ten aansien van daardie onderwysers wat onder die jurisdiksie van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad) funksioneer en wat by die Federale Onderwysersraad geregistreer is. Die inhoud van die Gedragskode verwys veral na die breë verantwoordelikhede en verpligtinge van die onderwyser met betrekking tot die stigting en instandhouding van verantwoordbare professionele verhoudings met leerlinge, met die ouers, met die gemeenskap, met die werkgewers en met sy kollegas. Die Professionele Gedragskode vir onderwysers verteenwoordig dus 'n baie breë omskrywing van wat die onderwyser moet doen en stel basies 'n ooreenkoms tussen die professionele liggaam (die FOR as verteenwoordiger van die professie) en die gemeenskap ten aansien van die beeld van die beroep daar.

Indien 'n klagte van 'n beweerde oortreding van 'n bepaling van die Professionele Gedragskode teen 'n geregistreerde of voorwaardelik geregistreerde onderwyser aanhangig gemaak word, kan die Federale Onderwysersraad, na kennisgewing aan die betrokke Uitvoerende Direkteur van Onderwys, 'n ondersoek instel of laat instel na sodanige klagte (regulasie 6(1) van die Regulasies met betrekking tot die Federale Onderwysersraad afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 2290 van 31 Oktober 1986).

Indien die onderwysdepartement na afhandeling van 'n ondersoek waarby 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool skuldig bevind is aan wangedrag of onbekwaamheid, die oorkonde van die ondersoek aan die Federale Onderwysersraad voorlê, moet die Tugkomitee van die Raad aan die hand van die oorkonde oorweeg of die naam van die onderwyser in die register geskrap moet word (regulasie 7(3) van die Regulasies met betrekking tot die Federale Onderwysersraad afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 2290 van 31 Oktober 1986). Dissiplinêre optrede teen onderwysers vereis die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid.

5.3.8.2 Die staatsondersteunde (Model C-) skool.

Onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole is net soos onderwysers by gewone openbare skole onderworpe aan die bepalings van die Professionele Gedragskode vir onderwysers. Indien 'n onderwyser op grond van 'n oortreding van die Gedragskode skuldig bevind word byvoorbeeld aan wangedrag of onbekwaamheid kan tugstappe deur die Federale Onderwysersraad teen hom geneem word, waarvan skrapping van sy naam in die register een is (vergelyk paragraaf 4.2.2). Onderwysers wie se naam dus in die register van die Federale Onderwysersraad ingeskryf is, is bewus van die hoë roeping van hul professie en belowe derhalwe plegtig om as onderwyser die wette van die land te eerbiedig en te gehoorsaam en op te tree in ooreenstemming met die verhewe ideale van hul professies soos in die Professionele Gedragskode vir onderwysers vervat.

Regulasies 2(c) van die Wysigingswet van Regulasies met betrekking tot die Federale Onderwysersraad afgekondig in Goewermentskennisgewing R. 2659 van 8 Desember 1989 bepaal dat 'n bestuursliggaam na afhandeling van 'n ondersoek waarby 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool skuldig bevind is aan byvoorbeeld wangedrag of onbekwaamheid, die oorkonde van die ondersoek aan die Federale Onderwysersraad voorlê, en moet die Tugkomitee van die Federale Onderwysersraad aan die hand van die oorkonde oorweeg of die naam van die onderwyser in die register geskrap moet word. Dissiplinêre optrede teen onderwysers by staatsondersteunde (Model C-) skole vereis ook die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid.

5.3.9 Samevatting van paragraaf 5.3 in tabelvorm.

Tabel 5.2

'n Vergelyking van die regsposisie van onderwysers in gewone openbare skole en staatsondersteunde (Model C-) skole aan die hand van enkele indikatore.

INDIKATORE	GEWONE OPENBARE SKOLE	STAATSONDERSTEUNDE (MODEL C-) SKOLE
Burgerlike en politieke regte	Beskik oor die bevoegdhede, regte en pligte van 'n landsburger. Sy burgerlike regte word erken maar betekenisvol aan bande gelê byvoorbeeld die onderwyser beskik nie oor die reg om die belange van 'n politieke party te bevorder nie (diskriminasie).	Presies dieselfde soos vir onderwysers verbonde aan gewone openbare skole.

INDIKATORE	GEWONE OPENBARE SKOLE	STAATSONDERSTEUNDE (MODEL C-) SKOLE
<p>Diensvoorwaardes</p>	<p>Vervat in bestaande wette, regulasies, personeelkodes en personeeladministrasiemaatreëls. Hy kan nie voor "kontraksluiting" daarvoor onderhandel nie. Word van onderwyser vereis om voorgeskrewe diensvoorwaardes te aanvaar en hom aan die voorskrifte te onderwerp. Hy word nie vir 'n inset in dié verband gevra nie. Verhoë wat sy individuele diensverhouding raak, kan wel langs die regte kanale met sy werkgever opgeneem word.</p>	<p>Omdat die salarisse van die onderwysers in gesubsidieerde poste deur die departement betaal word, word die dienslewering en diensvoorwaardes oorhoofs deur die wet en regulasie en dus by implikasie deur die departement gereël, maar is die bestuursliggaam verantwoordelik vir die uitvoering daarvan. Die diensvoorwaardes bly dus basies onveranderd.</p> <p>Diensvoorwaardes van onderwysers wat deur die bestuursliggaam in nie-gesubsidieerde poste aangestel is, word deur die bestuursliggaam bepaal na onderhandelinge met die georganiseerde onderwysprofessie.</p>
<p>Aanstellings</p>	<p>Bestuursrade maak aanbevelings aan die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in verband met die aanstellings van onderwysers in 'n permanente hoedanigheid. Hulle moet binne die grense van hulle statutêre magte, pligte en bevoegdhede poog om te verseker dat slegs bevoegde persone wat aan die eise van die gemeenskap voldoen, aanbeveel word vir aanstelling in vakante poste by die skool. Aanstellings in bevorderingsposte word deur die departement in samewerking met die Keurraad gedoen.</p>	<p>Bestuursliggame is verantwoordelik vir aanstellings in Model C-skole. Alle permanente aanstellings word gemaak na advertering in die amptelike vakaturelys. Bestuursliggame mag poste verder ook in die pers adverteer. Aanstellings in bevorderingsposte word deur die bestuursliggaam in samewerking met die Keurraad gefinaliseer. Hierdie aanstellings verwys nie na poste waarin personeel buite die personeelvoorsieningskaal by 'n skool deur 'n bestuursliggaam aangestel word nie.</p>

INDIKATORE	GEWONE OPENBARE SKOLE	STAATSONDERSTEUNDE (MODEL C-) SKOLE
		<p>Bestuursliggame kan addisionele personeel in nie-gesubsidieerde poste aanstel. Diensvoorwaardes en diensvoordele word deur die bestuursliggaam bepaal na onderhandelinge met georganiseerde onderwysprofessie.</p>
<p>Die gesag van die onderwyser.</p>	<p>Die onderwyser se gesag, regte en bevoegdhede spruit voort uit sy besondere status as onderwyser wat hy op twee wyses verwerf, naamlik sy juridiese en professionele status. Die onderwyser se juridiese en professionele status verleen aan hom 'n besondere aansien en posisie in die gemeenskap (sy openbare status) op grond waaraan hy dan in die oë van die gemeenskap en die onderwysowerheid oor 'n bepaalde gesag, reg en bevoegdheid beskik.</p> <p>By gewone openbare skole geskied bestuurshandelinge op grond van gedelegeerde gesag wat van die betrokke onderwysdepartement afkomstig is.</p>	<p>Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool, as lid van 'n besondere professionele groep, staan in 'n besondere verhouding tot sy profesie en die gemeenskap, en is met 'n bepaalde openbare status bekleed. As lid van 'n professionele groep wat 'n openbare diens verrig geniet die onderwyser 'n besondere professionele status wat aan hom bepaalde regte, bevoegdhede en verpligtinge verleen. Die onderwyser beskik oor die nodige gesag om sy take binne 'n spesifieke regsomgewing uit te voer.</p> <p>By staatsondersteunde skole is die departement se rol hoofsaaklik beperk tot beleidsake en gevolglik bestaan daar minder gedelegeerde gesag ten opsigte van bestuurshandelinge. Weens die groter bestuursverantwoordelikheid van staatsondersteunde skole se bestuursliggame, het hulle baie direk te make met toewysing en delegering van gesag. Gesag word aan die onderwyser toegewys op grond van sy professionele status, kundigheid, bekwaamheid of die vertroue wat hy beliggaam.</p>

INDIKATORE	GEWONE OPENBARE SKOLE	STAATSONDERSTEUNDE (MODEL C-) SKOLE
<p>Sorgsaamheidsplig, aanspreeklikheid en middellike aanspreeklikheid</p>	<p>Die begrip <i>diligens parterfamilias</i> (die goeie vader van die huis of die gesin) verwys na die graad van sorgsaamheid wat van die onderwyser verwag word in sy omgang met kinders. Die begrip dui dus daarop dat daar van die onderwyser verwag word om soos 'n goeie sorgsame vader teenoor kinders op te tree. Die vereiste dat die onderwyser soos die sorgsame vader moet optree, is gekoppel aan die feit dat hy ook in <i>loco parentis</i> is wanneer die ouer die kind aan sy sorg toevertrou.</p> <p>Waar die onderwyser in die uitvoering van sy pligte optree en in die loop van sy diens skade of beserings aan 'n ander veroorsaak, kom die beginsel van middellike aanspreeklikheid ter sprake. Dit behels dat die werkgewer naamlik die onderwysdepartement aanspreeklik gehou kan word vir die onregmatige dade van sy werknemer naamlik die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool.</p> <p>Tydens sportbyeenkomste is die organiseerders (onderwysers) ook verantwoordelik vir die veiligheid van toeskouers (leerlinge en ouers) sowel as die deelnemers.</p>	<p>Die bepalings met betrekking tot die sorgsaamheid van die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool het <i>mutatis mutandis</i> betrekking op onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.</p> <p>Wanneer 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool binne sy diensopdrag in die uitvoering van sy werkspligte 'n onregmatige daad (opsetlik of nalatig) teen byvoorbeeld 'n leerling pleeg, waardeur skade ontstaan, die leerling 'n aksie om skadevergoeding en/of genoegdoening teen die werkgewer naamlik die skool kan instel. Dit beteken dus dat die skool vir die optrede van sy werknemers (die onderwysers) aanspreeklik gehou kan word.</p> <p>By staatsondersteunde (Model C-) skole is die onderwysers as organiseerders van byvoorbeeld 'n sportbyeenkoms ook verantwoordelik vir die veiligheid van die leerlinge, ouers en deelnemers.</p>

INDIKATORE	GEWONE OPENBARE SKOLE	STAATSONDERSTEUNDE (MODEL C-) SKOLE
<p>Bepalings met betrekking tot wangedrag en onbekwaamheid</p>	<p>Indien 'n onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool hom skuldig maak aan wangedrag of sy taak op 'n onbekwame wyse verrig, kan die betrokke onderwysdepartement tugstappe teen hom neem waarvan een ontslag is. Dissiplinêre optrede teen die onderwyser vereis die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid.</p> <p>Die onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool is dus aan die kontrole van die onderwysowerheid onderworpe omdat die betrokke bestuursraad net raadgewende bevoegdhede het.</p>	<p>Ondersoeke na onbekwaamheid en wangedrag word op dieselfde wyse gehanteer as by gewone openbare skole behalwe dat die magte van die Onderwyshef oorgedra word na die voorsitter van die bestuursliggaam en die magte van die Minister aan die bestuursliggaam. Onderwysers op die goedgekeurde diensstaat kan slegs deur die voorsitter van die bestuursliggaam ontslaan word nadat goedkeuring daarvoor by die Minister verkry is.</p> <p>Die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool is onderworpe aan kontrole van die bestuursliggaam. Die bestuursliggaam mag nie in stryd met departementele beleid of ander wetgewing optree nie byvoorbeeld dissiplinêre optrede teen die onderwyser vereis die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid.</p>
<p>Professionele registrasie</p>	<p>'n Onderwyser verbonde aan 'n gewone openbare skool wat in 'n onderwyspos aangestel is, word volgens wet verplig om by die Federale Onderwysersraad te registreer.</p>	<p>Onderwysers wat binne die gesubsidieerde onderwysposte diens lewer asook dié onderwysers wat deur die bestuursliggaam in nie-gesubsidieerde poste aangestel word, moet by die Federale Onderwysersraad geregistreer wees.</p>
<p>Professionele dissipline</p>	<p>Onderwysers verbonde aan gewone openbare skole wat by die Federale Onderwysersraad geregistreer is, is onderworpe aan die Professionele Gedragskode vir onderwysers.</p>	<p>Die Professionele Gedragskode vir onderwysers het regskrag en is ook van toepassing op onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole wat ook by die Federale Onderwysersraad geregistreer is. Hierdie Gedragskode help die onderwyser om sekere situasies waarmee hy te doen kry op 'n professionele wyse te hanteer. Dit is dus riglyne waarvolgens die onderwyser op sy professionele terrein behoort te beweeg.</p>

INDIKATORE	GEWONE OPENBARE SKOLE	STAATSONDERSTEUNDE (MODEL C-) SKOLE
	<p>Indien 'n klagte van 'n beweerde oortreding van 'n bepaling van die Professionele Gedragskode teen 'n onderwyser aanhangig gemaak word, kan die Tugkomitee van die Federale Onderwysersraad ondersoek instel of laat instel. Hierdie disiplinêre optrede teen die onderwyser vereis dat die reëls van natuurlike geregtigheid toegepas moet word.</p> <p>Indien 'n onderwysdepartement na afhandeling van 'n ondersoek waarby 'n onderwyser skuldig bevind is byvoorbeeld aan wangedrag, die oorkonde van die ondersoek aan die Federale Onderwysersraad voorlê, moet die Tugkomitee aan die hand van die oorkonde oorweeg of die naam van die onderwyser in die register geskrap moet word.</p>	<p>Indiening van klagtes en instelling van ondersoeke deur die Tugkomitee van die Federale Onderwysersraad na beweerde oortredings van die Gedragskode deur onderwysers by 'n staatsondersteunde skool is dieselfde as by 'n gewone openbare skool.</p> <p>By staatsondersteunde (Model C-) skole word die ondersoek na die beweerde oortreding deur die bestuursliggaam uitgevoer en nie deur die departement nie. Die bestuursliggaam moet dus die oorkonde van die ondersoek aan die Federale Onderwysersraad voorlê waarna die Tugkomitee aan die hand van die oorkonde oorweeg of die naam van die onderwyser in die register geskrap moet word.</p>

5.3.10 Samevatting.

Uit bostaande vergelyking tussen gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole is dit dus duidelik dat die regte, bevoegdhede, pligte en verantwoordelikhede van die verskillende onderwysvennote verander het met die omskakeling van gewone openbare na staatsondersteunde (Model C-) skole. Hierdie omskakeling van skole het dus teweeg gebring dat daar 'n beduidende verandering in die regsposisie van die onderwyser ontstaan het aangesien die bestuur, beheer en uitvoerende mag van 'n staatsondersteunde (Model C-) skool nou by die bestuursliggaam van die skool berus. Die

onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool is dus onderworpe aan die gesag van die bestuursliggaam en die suksesvolle hantering van die nuwe onderwysbedeling en in die besonder dan ook die posisie van onderwyspersoneel sal in werdersydse vertroue en samewerking tussen die verskillende vennote gehanteer moet word om kwaliteit onderwys en 'n gelukkige onderwyserskorps te verseker. Die moontlike delegering van verdere bevoegdhede na bestuursliggame kan nie uitgeskakel word soos staatsondersteunde skole ontwikkel nie.

In die volgende hoofstuk word 'n oorsig van die studie gegee, word die bevindings van die studie saamgevat, gevolgtrekkings gemaak en word bepaalde riglyne aangedui en aanbevelings gemaak na aanleiding van die studie.

HOOFSTUK 6

6. Oorsig, bevindings, gevolgtrekking en aanbevelings.

6.1 Oorsig van die studie.

Op alle lewensterreine, insluitende die onderwys, is juridiese reëlings onontbeerlik vir goeie orde, harmonie, regmatigheid en doeltreffendheid. Daar bestaan 'n groot aantal juridiese bepalings oor die onderwysprofessie asook oor die onderwyser se professionele status en werk. Hy vervul sy rol binne die konteks van 'n gekompliseerde onderwysstelsel en die skool wat op sigself 'n groot organisasie is. Die onderwyser se status vind beslag in 'n veelheid van juridiese verhoudings met die ander onderwysvennote. Derhalwe behoort elke onderwyser kennis te dra van juridiese reëlings wat verband hou onder andere met die volgende:

- Die struktuur en werking van die onderwysstelsel.
- Die skool as organisasie.
- Onderwysbestuur op sentrale, streeks- en plaaslike vlakke.
- Die juridiese verhoudings tussen die onderwyser en die ander onderwysvennote.
- Die bevoegdhede, verantwoordelikhede, pligte, take en aanspreeklikheid van die onderwyser.

Met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole het daar 'n betekenisvolle verandering in die regsposisie van die onderwyser ingetree. Die doel van hierdie studie was om deur middel van 'n literatuurstudie, persoonlike onderhoude en 'n vergelyking enkele aspekte van die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole te ondersoek en te beskryf om sodoende belangrike ooreenkomste en verskille aan te toon en daardeur die veranderde regsposisie van die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool bloot te lê. Die program vir die navorsing was soos volg:

- Hoofstuk een was inleidend en oriënterend van aard. Die aktualiteit van die onderwerp, die probleemstelling, die doel van die navorsing, die metode van navorsing en die begripspresisering is hierin uiteengesit.
- Hoofstuk twee het 'n literatuurstudie ten opsigte van die historiese aanloop tot die ontstaan van staatsondersteunde (Model C-) skole in 'n Suid-Afrikaanse perspektief behels.
- In hoofstuk drie is enkele indikatore geïdentifiseer en beskryf en die regsposisie van onderwysers by gewone openbare skole te bepaal.
- In hoofstuk vier is enkele indikatore geïdentifiseer en beskryf om die regsposisie van onderwysers by staatsondersteunde (Model C-) skole te bepaal.

- In hoofstuk vyf is n vergelyking getref aan die hand van enkele indikatore om die verskille en ooreenkomste in die regsposisie van onderwysers verbonde aan gewone openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole aan te toon ten einde groter duidelikheid oor laasgenoemdes se posisie te bring.

6.2 Bevindings.

6.2.1 Bevindings insake die werkgewer/werknemerverhouding van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

- (a) 'n Onderwyser op die goedgekeurde diensstaat van 'n staatsondersteunde (Model C-) skool is in diens van die skool. Sy diensvoorwaardes is vervat in bestaande wette, regulasies, personeelkodes en personeeladministrasiemaatreëls.
- (b) Die individuele onderwyser in 'n gesubsidieerde pos op die goedgekeurde diensstaat van 'n staatsondersteunde skool het geen direkte inspraak met betrekking tot sy diensvoorwaardes en -omstandighede nie. Hy kan nie voor "kontraksluiting" daaroor onderhandel nie. Hy moet die voorgeskrewe diensvoorwaardes aanvaar en hom aan die voorskrifte onderwerp. Hy word nie vir 'n inset in dié verband gevra nie. Vertoë wat sy individuele diensverhouding raak, kan langs die regte kanale met sy werkgewer opgeneem word.

- (c) 'n Bestuursliggaam kan persone in nie-gesubsidieerde poste in diens neem. Die diensvoorwaardes en ander diensvoordele van sodanige persone wat in onderwysposte in diens geneem word, word onderhandel tussen die betrokke bestuursliggaam of 'n liggaam deur hom daartoe gemagtig, en die georganiseerde onderwysprofessie soos verteenwoordig deur die liggame en verenigings wat in die betrokke provinsie of streek kragtens die Wet op Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967), erken word. Indien 'n onderwyser 'n lid is van 'n bepaalde erkende onderwysersvereniging, word die onderhandeling deur sodanige onderwysersvereniging of liggaam deur hom daartoe gemagtig, gevoer.
- (d) Bestuursliggame het nie volledige beskikkingsreg oor die diensvoorwaardes van onderwysers op die goedgekeurde diensstaat van die skool nie, byvoorbeeld om dit eensydig in te kort of na behoefte en op 'n individuele basis uit te brei nie.

6.2.2 Bevindings insake wangedrag en dissiplinebepalings van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

- (a) By staatsondersteunde (Model C-) skole is ondersoek na wangedrag en nalatigheid en die tugprosedures afgewentel na die skool se bestuursliggaam. As gekyk word na aangeleenthede soos tug, wangedrag, nalatigheid en ontslag en die moontlike aantasting van die regte van 'n onderwyser wat daarin opgesluit lê, sowel as na die moontlikheid van foutiewe optrede ingevolge gevestigde

arbeidsverhoudingreëlings of ooreenkomstig die reëls van natuurlike geregtigheid, word dit duidelik dat bestuursliggame die saak met groot omsigtigheid sal moet hanteer, van deskundige advies gebruik sal moet maak en dat die owerheid dit selfs moet oorweeg om die hantering van sommige aangeleenthede soos byvoorbeeld tugondersoeke steeds aan die onderwysdepartement toe te ken.

- (b) Onderwysers wat binne die gesubsidieerde onderwysposte diens lewer asook dié onderwysers wat deur die bestuursliggaam in nie-gesubsidieerde poste aangestel word, moet by die Federale Onderwysersraad, geregistreer wees. Indien 'n klagte van beweerde oortreding van 'n bepaling van die Gedragskode teen 'n onderwyser by die FOR aanhangig gemaak word, kan die Tugkomitee van die FOR ondersoek instel of laat instel. Hierdie dissiplinêre optrede teen die onderwyser vereis dat die reëls van natuurlike geregtigheid toegepas moet word.

6.2.3 Bevindings insake aanspreeklikheid van die werkgewer/ werknemer (middellike aanspreeklikheid).

Wanneer die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool binne sy diensopdrag in die uitvoering van sy werkspligte 'n onregmatige daad (opsetlik of nalatig teen 'n derde persoon) pleeg, waardeur skade ontstaan, kan die skool vir die optrede van sy werknemer middellik aanspreeklik gehou word. Mits daar geen nalatigheid van hul kant is nie, is nóg die betrokke onderwyser nóg die werkgewer aanspreeklik vir byvoorbeeld beserings wat deur leerlinge opgedoen word.

6.2.4 Bevindings insake die burgerlike en politieke regte van 'n onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool.

- (a) Die onderwyser beskik oor die burgerlike en politieke regte van die gewone landsburger maar die regte word betekenisvol aan bande gelê.
- (b) Hy het die reg om te assosieer en te organiseer en om deur middel van 'n erkende personeelvereniging tussenkoms in verband met sy diensvoorwaardes te verkry. Hy kan hom selfs op die Volksraad beroep om herstel van 'n grief te verkry.
- (c) Wat sy vryheid van spraak betref, mag hy nie in die openbaar die administrasie van 'n Staatsdepartement kritiseer nie.

6.2.5 Bevindings insake arbeidsverhoudinge.

- (a) Die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956) maak voorsiening vir die voorkoming en beslegting van geskille tussen werkgewers en werknemers maar onderwysers verbonde aan staatsondersteunde skole is daarvan uitgesluit.
- (b) Die volgende basiese regte wat vir die onderwyser in 'n stelsel van arbeidsverhoudinge en vir die voorkoming en beslegting van geskille gewaarborg moet word, is die fundamentele reg om:

- * te organiseer (om te kan organiseer moet dit onderwysers vrystaan om te assosieer).
- * met sy werkgever te onderhandel (die reg op kollektiewe bedinging).
- * bindende kollektiewe ooreenkomste te kan sluit.
- * sy belange te beskerm deur paslike stappe te kan neem (die uiterste middel hier is die uitoefening van die reg om arbeid te weerhou, met ander woorde die reg om te staak).
- * toegang te hê tot onpartydige geskilbeslegtingsprosedures in gevalle waar onderhandelinge tot stilstand kom of wanneer die onderwyser se regte deur die owerheid geskend word.

6.2.6 Bevindings insake stakings en sloerstakings deur onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole.

- (a) Om te staak of te sloerstaak is 'n opsie wat tans nie regtens vir onderwysers beskikbaar is nie.
- (b) Artikel 100(1)(c) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), wat verband hou met stakings en sloerstakings van onderwysers is onbillik en diskriminerend. Dit is 'n reg wat tans nie vir onderwysers beskikbaar is nie.

6.2.7 Bevindings insake die sport- en kultuurbeleid van staatsondersteunde (Model C-) skole.

- (a) Onderwysers verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool mag nie in hul amptelike hoedanigheid by enige diskriminerende aktiwiteite betrokke wees nie.
- (b) Beginsels oor skoolsport- en kultuuraktiwiteite moet in die staatsondersteunde (Model C-) skool se grondwet neergelê word.
- (c) Oortydbepaling aan onderwysers vir buitemuurse aktiwiteite, byvoorbeeld sportafrigting, word nie toegelaat nie, indien dit 'n wettige bevel van 'n bevoegde persoon is.

6.2.8 Bevindings insake juridiese bepalings wat op die onderwyser verbonde aan 'n staatsondersteunde (Model C-) skool betrekking het.

- (a) Onderwysers moet nie onkundig oor regsbepalings ten opsigte van hulle vakke en terrein wees nie.
- (b) Elke onderwyser wat 'n onderwyspos beklee moet behoorlik opgelei wees, beide wat akademiese kennis en vaardighede betref.
- (c) Die onderwyser moet soos 'n *diligens paterfamilias* optree.
- (d) Die onderwyser moet soos 'n "redelike man" optree.

- (e) Die onderwyser moet die kind en sy natuur ken.
- (f) Die onderwyser moet die gevare waaraan die kind blootgestel is ken en stappe kan doen om die kind te beskerm.

In die geval van staatsondersteunde (Model C-) skole is die skool nie deel van die departement se gesagshierargie nie en gevolglik is die skoolhoof en die bestuursliggaam die hoogste gesag op wie die onderwyser hom kan beroep. Hierdie regstatus van die hoof en bestuursliggaam vereis nou dat hul in gevalle van interne beroep, juridies korrek moet optree ten einde die vertroue van die onderwyser te behou en onnodige hofsake te voorkom. Die skoolhoof en bestuursliggaam behoort dus die belang van die onderwyser deeglik in ag te neem, die saak volledig te ondersoek en alle relevante aspekte van nuuts af te oorweeg, billik regverdig en onpartydig op te tree en relevante prosedures na te kom.

6.3 Gevolgtrekking.

Uit hoofstuk twee kan afgelei word dat die ontwikkeling van Model C-skole tot 'n groot mate onvermydelik deur die geskiedenis veroorsaak is. Daar is wetlike voorsiening vir sodanige skole gemaak wat die voortbestaan en uitbreiding daarvan in die toekoms feitlik seker maak. Die regsposisie van onderwysers in Model C-skole het sodanig verander dat besondere aandag daaraan en kennis daarvan noodsaaklik geword het. Dit is dus essensieel dat die juridiese komponent sistematies en pertinent in die onderwysregkomponent van onderwysersopleiding onderrig word aangesien dit op hierdie stadium ver te kort skiet.

6.4 Aanbevelings.

Die volgende aanbevelings word gemaak op grond van die voorafgaande bevindings:

- Regsbronne behoort 'n belangrike deel van onderwysreg as vakkomponent van onderwysersopleiding te vorm.
- Dit is in belang van die onderwys, die onderwyser, die onderwysprofessie, kinders, ouers en die land as geheel dat onderwysers verbonde aan staats-ondersteunde (Model C-) skole, vertrouwd moet wees met alle juridiese bepalings wat op die onderwys en die onderwysprofessie betrekking het. Aangesien daar 'n groot verskeidenheid relevante reëlings bestaan, is dit essensieel dat genoemde bepalings ook naas dié van die gewone openbare skool sistematies en pertinent in die onderwysregkomponent van onderwysersopleiding onderrig word. Dit sal onderwysers in staat stel om vertrouwd te raak met juridiese reëlings en 'n aanvoeling vir juridiese aangeleenthede te ontwikkel sodat sodanige aangeleenthede korrek gehanteer kan word.
- Deur die omskakeling van sowat 95% van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, se gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole, het 'n nuwe vennoot naamlik die bestuursliggaam die onderwysbedeling betree. Die suksesvolle hantering van die nuwe onderwysbedeling en in besonder dan ook die belange van onderwyspersoneel en ander vennote, sal in 'n wedersydse vertrouwe en

samewerking tussen die verskillende vennote hanteer moet word om kwaliteitsonderwys en 'n gelukkige onderwyserkorps te verseker.

- Die studie wat onderneem is, sal waarskynlik segwaarde hê vir alle vorme van huidige sowel as toekomstige staatsondersteunde skole.
- Relevante juridiese aangeleenthede vir Model C-skole behoort sover moontlik op 'n sistematiese wyse bestudeer te word ook onder andere deur onderwysersverenigings. Dit sal ook daartoe bydra dat onderwysers 'n aanvoeling vir die reg ontwikkel en dat die ter sake bevindings behoorlik gedissemineer word.
- Met die omskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde (Model C-) skole behoort, deur middel van indiensopleiding deur onderwysowerhede, bestuursliggame en skoolbesture, aandag gegee te word aan die juridiese grondslag van die onderwysstelsel en juridiese reëlins ten opsigte van die verskillende onderwysvennote in dié skole. Inligting op hierdie terrein moet vir die onderwyser en ander taalmatig toeganklik wees.
- Juridiese aspekte van leerlingveiligheid, toesig oor leerlinge, buitemuurse aktiwiteite en leerlingvervoer is uiters belangrik en behoort meer aandag te geniet in die aanvanklike en indiensopleiding van onderwysers.

- Die herroeping van artikel 100 (1)(c) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet No. 70 van 1988), wat betrekking het op die verrigting van ander werk deur onderwysers in diens by staatsondersteunde (Model C-) skole, behoort oorweeg te word, aangesien hierdie artikel onbillik en diskriminerend teenoor die onderwysprofessie is.
- Die onaantasbare arbitrêre magsrol van die owerheid mag nie in die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys, 1993 (Wet No. 146 van 1993) en die konstitusie van die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys in 'n nuwe arbeidsverhoudingsbedeling in die onderwys voortgesit word nie.
- Die beoogde Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys sal uitdrukking gee aan belangrike sake soos effektiewe onderhandeling en bedinging met die werkgewer oor, onder andere, salarisse en diensvoorwaardeaangeleenthede en moet deur onderwyspersoneel en ander belanghebbendes deeglik bestudeer word.
- 'n Duidelike terreinafbakening van die onderskeie terreine van die onderwyser, die ouers en bestuursliggame in hul vennootskapsrolle is noodsaaklik ter wille van opvoedende onderwys en moet dringend deur studie verder verfyn word.
- Inligting aangaande konsep-indiensnemingsooreenkomste, diensvoorwaardes, diensvoordele en toekomstige onderhandelingsprosedures met betrekking tot die moontlike aanstelling van 'n kandidaat in 'n nie-gesubsidieerde onderwyspos moet aan bestuursliggame bekend gemaak word.

- Bestuursliggame moet deur doelgerigte pogings ingelig word oor die besondere magte en pligte nie net van bestuursliggame nie maar ook van die onderwysers in hulle diens.

6.5 Slot.

Uit die studie wat onderneem is het belangrike verskille van die regsposisie van onderwysers verbonde aan staatsondersteunde (Model C-) skole teenoor onderwysers verbonde aan gewone openbare skole na vore gekom. In die formele onderwys is orde en harmonie noodsaaklik ter wille van doeltreffende onderwys. Die onderwyser het nie net met leerlinge te make nie, maar ook met die hoof, sy kollegas, die onderwysdepartement en sy verteenwoordigers, die ouers, die georganiseerde onderwysprofessie en ander partye wat by die onderwys belang het. Orde en harmonie in hierdie veelheid van verhouding vereis dat die onderwyser en ander belanghebbendes kennis sal neem van die nodige juridiese reëlings in hierdie verband, naamlik:

- die toewysing van funksies, take, pligte en verantwoordelikhede;
- die verlening van gesag;
- die afbakening van bevoegdheidsterreine en harmoniëring van belange; en
- die herstel van orde deur vergelding indien die regsorde versteur word.

Die besondere bepalings en oorwegings wat ten opsigte van staatsondersteunde (Model C-) skole geld en die waarskynlikheid dat sodanige skole in die toekoms 'n groter rol in onderwysvoorsiening sal speel asook dat meer bevoegdheidsaangewentel sal kan word, noodsaak besondere aandag daaraan in onderwysreg- en onderwysbestuursopleiding.

BIBLIOGRAFIE

- Administrasie: Volksraad 1990 *Goewermentskennisgewing No. 12381 van 30 Maart 1990.*
- Beckmann, J.L. 1985 *'n Triadies-hermeneutiese analise van pedagogies-verantwoorde samewerking tussen ouer, onderwyser en kind.* Ongepubliseerde D. Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Beckmann, J.L. 1989 *The duty of care of the teacher.* In Bondesio, M.J. Beckmann, J.L., Oosthuizen, I.J., Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. 1989. *The teaching profession: Legal requirements.* Pretoria: J.P. van der Walt.
- Beckmann, J.L. & Prinsloo, J.G. 1990 *Die onderwysbestuurder en die reg.* Onderwysbestuurseminaar by die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding. 11 Julie 1990. Pretoria: Onderwyskollege vir Verdere Opleiding.
- Beckmann, J.L. & Van der Bank, A.J. 1992 *Die funksies en bevoegdhede van bestuursliggame.* Pretoria: Transvaalse Onderwysersvereniging.
- Beckmann, J.L. & Prinsloo, J.G. 1993 *Interimverslag van die Regskommissie oor groeps- en menseregte: Implikasies vir die georganiseerde onderwysprofessie.* Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde. Volume 13(1), p. 44.

- Bondesio, M.J. 1983 *Is die onderwys 'n professie?* Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde. Volume 3(1), p. 26.
- Bondesio, M.J. & Berkhout, S.J. 1987 *Onderwysstelselkunde*. Pretoria: Gutenberg.
- Bondesio, M.J. Beckmann, J.L. Oosthuizen, I.J. Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. 1989 *Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie*. Pretoria: J.P. van der Walt.
- Boshoff, W.J. 1991 *Die oer se aandeel in onderwysvoorsiening met spesifieke verwysing na verhoogde oerbydraes in 'n moontlike nuwe bedeling*. Streeksaamtrek van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging. 24 Augustus 1991. Pretoria: Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging.
- Botha, P. 1990 *Die regte en verpligtinge van die onderwyser*. In Botha, P. Oosthuizen, I.J. Oosthuizen, L. & Prinsloo, J.G. 1990. *Geselekteerde temas in die Onderwysreg*. Potchefstroom: Sentrale publikasies. P.U. vir C.H.O.
- Bottery, M. 1992 *The ethics of educational management*. London: Cassell Educational Limited.
- Bray, W. 1988 *Juridiese aspekte van onderwys-, skool- en klasbestuur*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Bray, W. Van Wyk, J.G. & Oosthuizen, I.J. 1989 *Regspraak oor die onderwys*. Durban: Butterworth.

- Buckland, P. 1993 *Educational governance: Who decides?* Notes on an address given at the School in Transition Conference on Tuesday 14th September 1993.
- Cawood, J. Strydom, A.H. &
 Van Loggerenberg, N.T. 1980 *Doeltreffende Onderwys*. Goodwood: Nasou.
- Claassen, C.J. 1976 *Dictionary of legal words and phrases*. Volume 2. Durban: Butterworth.
- Coetzee, J. Chr 1975 *Onderwys in Suid-Afrika 1652 - 1960*. Tweede druk. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Coombs, P.H. 1985 *The crisis in education: The view from the eighties*. New York: Oxford University Press.
- Davies, H. 1993 *State-aided schools - The future*. Johannesburg: Education Co-ordination Service.
- Dekker, E.I. &
 Lemmer, E.M. 1993 *Critical issues in modern education*. Durban: Butterworths.
- Departement van Nasionale
 Opvoeding 1991 *Nasionale Opvoedingsbeleid: Die diensbedelingstruktuur vir opvoeders*. Verslag: NASOP 02-142(91/07) Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Departement van Nasionale
 Opvoeding 1991 *Onderwysrealiteite in Suid-Afrika*. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.

Departement van Nasionale

Opvoeding 1992 *Die diensbedelingstruktuur vir opvoeders.* Verslag:
NASOP 02-142(92/07) Pretoria: Universiteit van
Suid-Afrika.

Departement van Nasionale

Opvoeding 1992 *Onderwysvernuwingstrategie.* Pretoria:
Departement van Nasionale Opvoeding.

Departement van Onderwys

en Kultuur (Volksraad) 1990 Loodskomiteeverslag: *Die medeverantwoordelikheid
en medeseggenkap vir die ouergemeenskap in die
gewone skool.* Pretoria: Departement van Onderwys
en Kultuur (Volksraad).

Departement van Onderwys

en Kultuur (Volksraad) 1992 *Handleiding vir Staatsondersteunde (Model C-) skole.*
Pretoria: Departement van Onderwys en Kultuur
(Volksraad).

De Wet, J.C. &

Van Wyk, A.H. 1978 *Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg.*
Vierde uitgawe. Durban: Butterworth.

De Witt, J.T. 1979 *Professionele oriëntering vir die onderwysberoep.*
Durban: Butterworth.

Goodey, J.S. 1989 *Die onderwysstelsel van Engeland.* In: Dekker, E.I.
& Van Schalkwyk, O.J. (Red) 1989. *Moderne
Onderwysstelsels.* Durban: Butterworth.

Hiemstra, V.G. &

Gonin, H.L. 1986 *Dimitalige regswoordeboek.* Johannesburg: Juta.

Hosten, W.J. Edwards, A.B.

Nathan, C. & Bosman, F. 1990 *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse reg en regsleer.*
1990 Herdruk. Durban: Butterworth.

Joubert, D. 1975 *Skadevergoeding as surrogaat van prestasie.* De
Jure. Jaargang 8. nr. 1. p. 32.

Kaaplandse

Onderwysdepartement 1989 *Die Kaaplandse Onderwysdepartement, 1839 - 1989.*
Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Klopper, J.C. 1992 *Aanspreeklikheid van die staatsondersteunde skool.*
Pretoria: Transvaalse Onderwysersvereniging.

Klopper, J.C. Adjunkdirekteur: Transvaalse Onderwysersvereniging. Persoonlike
onderhoud op 3 Junie 1993.

Komitee van Onderwys-

departementshoofde 1991 *Besprekingsdokument oor 'n*
Onderwysvernuwingstrategie. Pretoria:
Komitee van Onderwysdepartementshoofde.

Kritzinger, M.S.B.

Labuschagne, F.J. &

Pienaar, P. de V. 1972 *Verklarende Afrikaanse woordeboek.* Sesde uitgawe.
Pretoria: J.L. van Schaik.

Kruger, J.H. &

Calitz, L.P. 1992 *Toesig en beheer oor leerlinge tydens opvoedkundige*
toere: 'n Juridiese perspektief. Suid-Afrikaanse
Tydskrif vir Opvoedkunde. Volume 12(2), p. 152.

- Labuschagne, J.M.T. 1975 *Noodweer ten aansien van nie-fisiese persoonlikheidsgoedere. De Jure.* Jaargang 8. nr. 1. p. 59.
- Lourens, G. 1987 *Wat sê die reg?* Johannesburg: S.A.U.K. publikasie. Stark-Films BK.
- Louw, G. Minister van Nasionale Opvoeding. Persverklaring 29 Augustus 1990.
- Mabandla, L. 1993 *The ERS: implications for governance in the future. South African Journal of Higher Education.* Volume 8(1), p. 11.
- Malherbe, E.G. 1925 *Education in South Africa.* Volume 1: 1652 - 1922 Cape Town: Juta.
- Neethling, J. Potgieter,
J.M. & Visser, P.J. 1989 *Deliktereg.* Durban: Butterworth.
- Marais, P.G. Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. Persverklaring 8 Januarie 1992.
- Oosthuizen, I.J. 1987 *Die juridiese staanplek van die onderwysbestuurder.* Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Oosthuizen, I.J. &
Bondesio, M.J. 1988 *Die reg in die onderwyspraktyk.* Pretoria: Academica.
- Oosthuizen, I.J. 1992 *Die onderwyser en die leerling.* In: Van der Westhuizen, P.C. Loots, Z.B. Mentz, P.J. Oosthuizen, I.J. & Theron, A.M.C. 1992. *Die beginneronderwyser. 'n Bestuursmatig - juridiese perspektief.* Durban: Butterworth.

- Oosthuizen, I.J. 1992 *Die onderwyser en sy werkgewer: Diensvoorwaardes.*
In: Van der Westhuizen, P.C. Loots, Z.B. Mentz, P.J.
Oosthuizen, I.J. & Theron, A.M.C. 1992. *Die
beginneronderwyser. 'n Bestuursmatig - juridiese
perspektief.* Durban: Butterworth.
- Oosthuizen, I.J. 1993 *Die in loco parentis-rol van die onderwyser.* PU vir
CHO: Departement Vergelykende Opvoedkunde en
Onderwysbestuur.
- Ornstein, A.C. &
Levine, D.U. 1989 *Foundations of education.* Fourth Edition. Boston:
Houghton Mifflin Company.
- Pain, K. 1993 *Focus on city schools: A true model for success.*
The Pretoria News. Thursday, October 14, 1993. p1.
- Pampallis, J. 1993 *School ownership in South Africa.* Education
Monitor. Vol 4. No. 1. May 1993.
- Partington, J. 1984 *Law and the new teacher.* Londen: Holt, Rhinehart
and Winston.
- Partington, J. 1990 *England and Wales.* In: Birch, I.K. & Richter, I.
(Editors) 1990. *Comparative School law.* New York:
Pergamon Press.
- Pauw, P. 1975 *Aanspreeklikheid vir suiwer vermoënskade in die
Suid-Afrikaanse reg.* De Jure. Jaargang 8. nr. 1. p.
23.
- Pitout, D.N. Smith, A.G.
Windell, J.H.J. &
Steinmann, C.F. 1993 *Teachers' handbook for education.* Revised edition.
Pretoria: J.L. van Schaik: Academica.

- Pretorius, J.T. 1977 *Medewerkende opset as 'n verweer/absolute verweer vir deliktuele aanspreeklikheid.* Ongepubliseerde Magister legum-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Prinsloo, J.G. & Beckmann, J.L. 1987 *Die onderwys en die regte en pligte van ouers, onderwysers en kinders. 'n Inleidende oriëntering.* Johannesburg: Lex Patria.
- Prinsloo, J.G. 1992 *Arbeidsverhoudinge: 'n Inleidende onriëntering vir skoolbesture.* Pretoria: Transvaalse Onderwysersvereniging.
- Prinsloo, J.G. Adjunkdirekteur: Federale Onderwysersraad. Persoonlike onderhoud op 3 Junie 1993.
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
- 1981 *Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys. Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Reader's Digest 1992 *You and your rights.* Cape Town: Reader's Digest Association South Africa (Pty) Ltd.
- Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Arbeidsverhoudinge*, 1956 (Wet No. 28 van 1956). Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Onderwysbeleid* (Volksraad), 1967 (Wet No. 39 van 1967). Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, 1983 (Wet No. 9 van 1983). Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake*, 1984 (Wet No. 76 van 1984). Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Regulasies met betrekking tot die Federale Onderwysersraad*. Goewermentskennisgewing R. 766 van 31 Oktober 1986. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad)*, 1988 (Wet No. 70 van 1988). Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wysiging van Regulasies met betrekking tot die Federale Onderwysersraad*. Goewermentskennisgewing R. 2659 van 8 Desember 1989. Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. *Wetsontwerp op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*. 1993. Pretoria: Staatsdrukker.

Sayer, J. 1989 *Facing issues in parents' responsibility for education*.
In: Wolfendale, S. (editor) 1989. *Parental involvement. Developing networks between school, home and community*. London: Cassell Educational Limited.

Scott, T.J. 1976 *Oor die aard van ons Fundamentele Deliksaksies*. De Jure Jaargang 9, nr. 2. p. 179.

Scott, T.J. 1985 *Deliktereg - 'n Besinning oor teorie, praktyk en onderrig*. De Jure Jaargang 18, nr. 1. p. 122 - 143.

Scott, W.E. 1976 *Enkele opmerkings oor Volenti non fit injuria as 'n regverdigingsgrond in die Privaatreg*. De Jure Jaargang 9. nr. 2. p. 218.

South African

Teachers' Association 1992 *Model C schools - Recent developments* Educational News Volume 102, no. 4. p. 1.

- Spackman, F. 1991 *Teachers' professional responsibilities*. London: David Fulton Publishers.
- Spier, A. 1986 *Privatisering: Syncom, Standpundokument*. September 1986, nr. 3. p. 1.
- Steyn, J.F. & Roos, C.M. 1989 *Politiek in die onderwys en die onderwyser se betrokkenheid daarby*. In: De Lange, J.P. Engelbrecht, S.W.H. & Taunyane, L.M. 1989. *Politiek en Onderwys*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Stone, H.J.S. 1972 *Struktuur en motief van die onderwysstelsel*. Elsiesrivier: Nasionale Boekdrukkery Beperk.
- Stone, H.J.S. 1985 *Die Staat: dirigent en/of vennoot?* In: *Venster op die onderwys. Ouer en onderwyser op die kruispad en Suid-Afrika*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.
- Stone, H.J.S. Superintendentgeneraal van Onderwys, Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. Persverklaring 1 Februarie 1993.
- Strike, K.A. 1991 *Is teaching a profession: How would we know*. In: Schwab, R.L. (Editor) 1991. *Research based teacher evaluation*. London: Kluwer Academic Publishers.
- Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes 1983 *Riglyne vir professionele optrede - Hoofde/onderwysers* Pretoria: Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes.

Suid-Afrikaanse

Onderwysersunie 1992 *'n Nuwe onderwysplan vir blanke onderwys. Die Unie*, Jaargang 88, nr. 8. p. 166.

Taylor, E.L.H. 1969 *The Christian Philosophy of Law, Politics and the State*. New Jersey: The Craig Press.

Theron, A.M.C. 1992 *Die skool as organisasie*. In: Van der Westhuizen, P.C. Loots, Z.B. Mentz, P.J. Oosthuizen, I.J. & Theron, A.M.C. 1992. *Die beginner onderwyser. 'n Bestuursmatig - juridiese perspektief*. Durban: Butterworth.

Transvaalse Onderwys-
departement

1986 *Handleiding vir algemene skoolorganisasie*. Pretoria: Transvaalse Onderwysdepartement.

Transvaalse Onderwysers-
vereniging

1991 *Onderwys vir die toekoms. Mondstuk*. Jaargang 20, nr. 226, p.1

Transvaalse

Onderwysersvereniging 1992 *TO-voorsitter reageer: Sport- en kultuurbeleid. Mondstuk*. Jaargang 21, nr. 235, p. 3.

Transvaalse Onderwysers-
vereniging

1992 *Skole onder staatsbeheer. Mondstuk*. Jaargang 21, nr. 237, p. 3.

Transvaalse

Onderwysersvereniging 1992 *Posisie van personeel. Model C-skole en rasionalisering. Mondstuk*. Jaargang 21, nr. 240, p.3.

Transvaalse

Onderwysersvereniging 1992 *Aanspreeklikheidsversekering vir Model C-skole.*
Mondstuk. Jaargang 21. nr. 240, p. 5.

Transvaalse Onderwysers-
vereniging

1992 *Voortydige aftrede goedkeur.* Mondstuk. Jaargang
21, nr. 242, p. 8.

Transvaalse

Onderwysersvereniging 1992 *Goedkeuring van verlof.* Mondstuk. Jaargang 21, nr.
243, p. 3.

Transvaalse Onderwysers-
vereniging

1992 *Gebeure in die onderwys fyn dopgehou.* Mondstuk.
Jaargang 21, nr. 244, p. 1.

Transvaalse

Onderwysersvereniging 1992 *Model C: Professionele terrein van die onderwyser.*
Mondstuk Jaargang 21, nr. 246, p. 5.

Transvaalse Onderwysers-
vereniging

1993 *Finansiële hulp aan ouers verhoog en suksesvolle
implementering van model C.* Mondstuk. Jaargang
22, nr. 247, p. 5.

Transvaalse

Onderwysersvereniging 1993 *T.O. onderhandel met bestuursliggame oor diens-
voorwaardes.* Mondstuk Jaargang 22, nr. 249, p. 8.

Van der Merwe, N.J. &

Olivier, P.J.J. 1989 *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg.*
Sesde uitgawe. Pretoria: J.P. van der Walt.

- Van der Westhuizen, P.C. & Oosthuizen, I.J. 1989 *Ontologiese perspektief op onderwysreg. Suid-Afrikaanse tydskrif vir Opvoedkunde*. Volume 9(4), p. 743.
- Van Loggerenberg, N.T. 1981 *Onderwyserwees is* Durban: De Jager - Haum Uitgewers.
- Van Rensburg, A.D.J. 1972 *Normatiewe voorsienbaarheid as aanspreeklikheidsbegreningsmaatstaf in die privaatreë*. Durban: Butterworth.
- Van Schalkwyk, O.J. 1989 *Van die Universele tot die Individuele*. In: Dekker, E.I. & Van Schalkwyk, O.J. (Red). 1989 *Moderne Onderwysstelsels*. Durban: Butterworth.
- Van Schalkwyk, O.J. 1990 *Ouerbetrokkenheid. 'n Handleiding vir die onderwyser*. Alkantrant: Alkanto uitgewers.
- Van Wyk, J.G. 1977 *Juridies - Pedagogiese aspekte van diensbeëindiging van onderwysers met besondere verwysing na die Transvaalse en Kaapse Onderwysdepartemente*. Ongepubliseerde Magister Educationis - verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Wyk, J.G. 1981 *Onderwysreg vir die Onderwyser*. Pretoria: Academica.
- Van Wyk, J.G. 1987 *Onderwysreg vir die Onderwyser*. Tweede uitgawe. Pretoria: Academica.
- Van Wyk, J.G. 1987 *Die juridiese vakkomponent van onderwysersopleiding in die R.S.A.* Pretoria: Sentrum vir opvoedkundige navorsing en ontwikkeling.

- Van Wyk, J.G. 1989 *Die onderwyser se professionele status en professionaliteit.* In: Bondesio, M.J. Beckmann, J.L. Oosthuizen, I.J. Prinsloo, J.G. & Van Wyk, J.G. 1989. *Juridiese toerusting vir die onderwysprofessie.* Pretoria: J.P. van der Walt.
- Van Wyk, J.G. 1992 *Regsverskille tussen openbare en staatsondersteunde (Model C-) skole.* Pretoria: Transvaalse Onderwysersvereniging.
- Van Zyl, F.J. &
Van der Vyver, J.D. 1982 *Inleiding tot die regswetenskap.* Tweede uitgawe. Durban: Butterworth.
- Vos, A.J. &
Brits, V.M. 1990 *Comparative education and national education systems.* Durban: Butterworths.
- Wiechers, M. 1984 *Administratiefreg.* Tweede uitgawe. Durban: Butterworth.

VERKLARING DEUR TAALVERSORGER

Hiermee word bevestig dat hierdie dokument in sy geheel deur my geproeflees is ten opsigte van spelfoute en volledige sinne.

ELSABÉ VAN DER RYST

Tel: (012) 206-3055 (W)

(012) 832-691 (H)